HUMANITAS
RGN • HSRC

0 2
A

001.3072068 O 23 HSRC

# rslag van die komitee vir gedifferensieerde derwys en voorligting insake 'n nasionale nderwysstelsel vir leerlinge met gestremd-ede op pre-primêre, primêre en sekondêre koolvlak met verwysing na skoolvoorligting n ander hulpdienste as geïntegreerde dienste van die onderwysstelsel vir die republiek van suid-afrika en vir suidwes-afrika: deel III

'n nasionale onderwysstelsel vir blinde leerlinge deel III, volume 4

raad vir geesteswetenskaplike navorsing

Klasnr./Class No. 001.3072068 HSRC O 23
Registernr./No. 5730/4

RGN RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

BIBLIOTEEK
LIBRARY

HSRC HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

W.P. 809 7/69

NAVORSING

ramme: RAGEN

an Rooy

Geskiedenisnavorsing
Inligting en Spesiale Dienste
Kommunikasienavorsing
Mannekragnavorsing
Navorsingsontwikkeling
Opvoedkundige Navorsing
Psigometriese Navorsing
Sosiologiese, Demografiese en Kriminologiese Navorsing
Statistiese Navorsing
Taal, Lettere en Kuns
Administrasie

## die RGN

, bevorder en koördineer navorsing op die gebied van die
dien die Regering en ander instansies van advies insake
singsbevindinge en versprei inligting betreffende die

001.3072068 HSRC D 23

RGN BIBLIOTEEK LIBRARY HSRC

4 - 5 - 1976

| STANDKODE | REGISTERNOMMER | |
|---|---|---|
| G | 023 | |

SUID-AFRIKAANSE RAAD VIR
GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

# *VERSLAG VAN DIE KOMITEE VIR GEDIFFERENSIEERDE ONDERWYS EN VOORLIGTING INSAKE 'N NASIONALE ONDERWYSSTELSEL VIR LEERLINGE MET GESTREMDHEDE OP PRE-PRIMÊRE, PRIMÊRE EN SEKONDÊRE SKOOLVLAK MET VERWYSING NA SKOOLVOORLIGTING EN ANDER HULPDIENSTE AS GEÏNTEGREERDE DIENSTE VAN DIE ONDERWYSSTELSEL VIR DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA EN VIR SUIDWES-AFRIKA: DEEL III*

## 'N NASIONALE ONDERWYSSTELSEL VIR BLINDE LEERLINGE DEEL III, VOLUME 4

INSTITUUT VIR OPVOEDKUNDIGE NAVORSING

DIREKTEUR: J.B. HAASBROEK

VISTA UNIVERSITY
LIBRARY
1992-06-16
EAST RAND C...

PRETORIA
1975

Verslag nr. **O-23**

Obtainable in English
Kopiereg voorbehou

**Prys R3,25**

ISBN 0 86965 245 1

VERSLAG VAN DIE KOMITEE VIR GEDIFFERENSIEERDE ONDERWYS EN VOOR=
LIGTING

AAN DIE VOORSITTER VAN DIE NASIONALE ONDERWYSRAAD, PRETORIA,
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Die Komitee vir Gedifferensieerde Onderwys en Voorligting lê hier=by Deel III, volume 4 van sy verslag insake 'n nasionale onderwys=stelsel vir leerlinge met gestremdhede op pre-primêre, primêre en sekondêre skoolvlak met 'n nasionale skoolvoorligtingsdiens en ander hulpdienste as geïntegreerde dienste in die onderwys=stelsel, aan die Nasionale Onderwysraad voor.

Die Komitee het verskeie kere vergader en vertrou dat die bespre=kings, gevolgtrekkings en aanbevelings wat in hierdie verslag ver=skyn, 'n bydrae gelewer het tot die doeltreffende reëling van die sake wat aan hom opgedra is.

MNR. J.B. HAASBROEK VOORSITTER

LEDE:

DR. N.J. HEYNS

MNR. F.S. ROBERTSON

MNR. E.C. SMITH

MNR. P.J. VAN DER MERWE

MNR. P.P. PEACH

MNR. P.S.N. VAN DER HOVEN

MNR. J.G.J. HORN

MNR. R.G. POST

MNR. F.P. VILJOEN

SEKRETARIËLE DIENSTE

Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing se Instituut vir Opvoedkundige Navorsing het die sekretariële dienste gelewer.

Komitee vir Gedifferensieerde Onderwys en Voorligting
Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing
PRETORIA

1 Mei 1975

## LEDE VAN DIE KOMITEE VIR GEDIFFERENSIEERDE ONDERWYS EN VOORLIGTING

| | |
|---|---|
| Mnr. J.B. Haasbroek | Direkteur, Instituut vir Opvoedkun= dige Navorsing, Raad vir Geesteswe= tenskaplike Navorsing. VOORSITTER. |
| Dr. N.J. Heyns | Hoof: Sielkundige en Voorligtings= diens, Departement van Onderwys, Kaapland. |
| Mnr. F.S. Robertson | Adjunk-direkteur, Departement van Onderwys, Kaapland. |
| Mnr. E.C. Smith | Hoofonderwysbeplanner, Natalse On= derwysdepartement. |
| Mnr. P.J. van der Merwe | Hoofinspekteur, Departement van Nasionale Opvoeding. |
| Mnr. P.P. Peach | Hoof: Prinshofskool vir Swaksiendes en Voorbereidende Skool vir Blindes, Pretoria. Departement van Nasio= nale Opvoeding. |
| Mnr. P.S.N. van der Hoven | Vise-hoof: Skool vir Blindes, Wor= cester. Departement van Nasionale Opvoeding. |
| Mnr. J.G.J. Horn | Inspekteur-sielkundige, Onderwysde= partement van die Oranje-Vrystaat. |
| Mnr. R.G. Post | Hoof: Sielkundige en Voorligtings= diens, Departement van Onderwys, Suidwes-Afrika. |
| Mnr. F.P. Viljoen | Assistent-direkteur, Transvaalse Onderwysdepartement. |

PERSONEEL VAN DIE RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

| | |
|---|---|
| Dr. A.J. van Rooy | Vise-president. |
| Mnr. J.B. Haasbroek | Direkteur, Instituut vir Opvoedkun=dige Navorsing. Hoofprojekleier. |
| Dr. C.R. Liebenberg | Assistent-direkteur, Afdeling vir Didaktiese Navorsing. |
| Dr. A.E. Strydom | Assistent-direkteur, Afdeling vir Nie-Blanke Onderwysnavorsing. |
| Dr. S.W.H. Engelbrecht | Hoof: Afdeling vir Orto-, Psigo-, Sosiopedagogiese en Skoolvoorlig=tingnavorsing. |
| Dr. H.C.A. Venter | Hoof: Onderafdeling vir Vergely=kende Onderwysnavorsing. |
| Mnr. A. Nel | Hoof: Onderafdeling vir Skoolvoor=ligtingnavorsing. |
| Mnr. F.P. Groenewald | Hoofnavorsingsbeampte. |
| Mnr. S.J. Maat | Hoofnavorsingsbeampte. |
| Mnr. M. Gouws | Hoofnavorsingsbeampte. |
| Mnr. P.G. van Z. Spies | Senior Navorsingsbeampte. |
| Mnr. S.G. Lombaard | Senior Navorsingsbeampte. |

# O P D R A G

## 1. INLEIDING

Na aanleiding van 'n besluit van die Nasionale Adviserende Onderwysraad (tans die Nasionale Onderwysraad) dat navorsing insake gedifferensieerde onderwys en voorligting onderneem moet word, is daar op 6 Augustus 1964 op 'n vergadering van die Kontakliggaam ooreengekom om 'n "verkenningskomitee" onder voorsitterskap van die Direkteur van die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing (tans die President van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing*), en bestaande uit 'n senior amptenaar van elke onderwysdepartement, in die lewe te roep, en dat die funksie van hierdie Komitee sal wees -

"(a) om die vraagstukke van gedifferensieerde onderwys en voorligting te bestudeer;

(b) om vas te stel wat reeds op hierdie terreine gedoen word;

(c) om vas te stel wat die probleme is en watter navorsing nog onderneem behoort te word voordat daar pogings aangewend word om 'n gemeenskaplike aanvaarbare plan te ontwikkel."[1]

Op 1 Oktober 1964 vergader die Komitee om 'n memorandum oor die grondslae vir 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys en voorligting te bespreek. Die Komitee besluit dat -

"(a) 'n gewysigde memorandum met vrae vir beantwoording die lede se onderskeie departemente op of voor 8 Oktober moet bereik;

(b) die departemente se antwoorde die Voorsitter op of voor 30 Oktober 1964 moet bereik;

(c) 'n konsepverslag wat die departemente se antwoorde sal saamvat, daarna opgestel en so gou moontlik onder die lede gesirkuleer word; en

---

* Vanaf 1 April 1969 het die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing geword.

1) Brief OR/M/1/3, gedateer 25.8.1964 van die Nasionale Adviserende Onderwysraad, Buro-korrespondensielêer N/Y/118/3.

(d) die volgende vergadering van die Verkenningskomitee voorlopig vir 19 November 1964 belê word."[1)]

Die tweede vergadering van die Komitee is op 26 November 1964 gehou om die verslag getitel "VERSLAG VAN DIE VERKENNINGSKOMITEE INSAKE GEDIFFERENSIEERDE ONDERWYS EN VOORLIGTING IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA EN IN SUIDWES-AFRIKA" te bespreek. Die slotopmerking in hierdie verslag (par. 4, bl. 22) gee kortliks 'n weergawe van die gevolgtrekking waartoe die Komitee geraak het, en lui soos volg:

> "Soos dit uit die voorgaande verslag blyk, is al die onderwysdepartemente nie ewe ver gevorder op die weg van gedifferensieerde onderwys nie, en die weë wat ingeslaan word, verskil in baie opsigte van mekaar. Daar is grootliks ooreenstemming met betrekking tot wat onder gedifferensieerde onderwys verstaan moet word, terwyl alle onderwysdepartemente oortuig is van die noodsaaklikheid van gedifferensieerde onderwys. Die verskille tree na vore by die werklike toepassing daarvan. Op hierdie stadium is dit nie moontlik om die probleme vir navorsing insake 'n gemeenskaplik aanvaarbare plan te identifiseer nie, aangesien die probleme sal opduik wanneer daar oor so 'n gemeenskaplike plan besin sal word. Dit kom as wenslik en noodsaaklik voor dat daar op hierdie stadium met die ontwikkeling van 'n gemeenskaplike plan onverwyld 'n begin gemaak moet word."

## 2. OPDRAG

Die Komitee het sy verslag aan die Kontakliggaam gestuur en verdere opdrag afgewag. Op 1 Julie 1965 skryf die Voorsitter van die Nasionale Adviserende Onderwysraad (tans die Nasionale Onderwysraad) 'n brief aan die Voorsitter van die Komitee waarin die opdrag van die Kontakliggaam opgeneem is en wat soos volg lui:

> "It was decided as recommended the Reconnaissance Committee should as a matter of urgency make an immediate start to evolve a system of differentiated education and a system of guidance for the Republic which would be acceptable to all education departments and to the National Advisory Education Council."[2)]

---

1) Notule van die Eerste Vergadering van die Verkenningskomitee insake Gedifferensieerde Onderwys en Voorligting, par. 5.5, bl. 2.

2) Brief 5/3/2, gedateer 6.7.1965, van die Nasionale Adviserende Onderwysraad, Buro-korrespondensielêer N/Y/118/3.

3. IMPLIKASIES VAN DIE OPDRAG

Die implikasies van die opdrag is dat oor 'n onderwysstelsel be=sin moet word -

(a) wat die doel met opvoedende onderwys as sodanig sal verwe=senlik;

(b) waarin die bekwaamheid, aanleg en belangstelling van die indiwidu sover moontlik tot ontplooiing sal kom om ook in die behoeftes van die volkshuishouding te voorsien; en

(c) waarin 'n gepaste stelsel van voorligting 'n integrerende deel van die onderwys sal wees.

4. DIE WERKPROGRAM

Kragtens die versoek van die Nasionale Adviserende Onderwysraad (tans die Nasionale Onderwysraad) dat die Nasionale Buro vir Op=voedkundige en Maatskaplike Navorsing (tans die Raad vir Geestes=wetenskaplike Navorsing) die gegewens moet versamel wat die Komi=tee benodig [1], het die Buro 'n memorandum oor 'n werkprogram ter uitvoering van die opdrag opgestel. Hierdie werkprogram is op 7 Desember 1965 aan die Komitee voorgelê vir bespreking.

Die werkprogram maak vir navorsing oor pre-primêre of voorskoolse onderwys, primêre onderwys, sekondêre onderwys en buitengewone onderwys of onderwys vir leerlinge met gestremdhede, en vir na=vorsing oor skoolvoorligting vir die genoemde onderwysvlakke voor=siening. Op grond van hierdie navorsing sal die Komitee 'n ver=slag uitbring en aanbevelings insake 'n nasionale onderwysstelsel vir die Republiek van Suid-Afrika en vir Suidwes-Afrika doen.

"Die Komitee besluit om die voorgelegde memorandum met die nodige wysigings en byvoegings as die werkprogram te aanvaar"[2] en die Komitee ".... sal na sy lasgewer gaan met 'n uiteensetting van hoe die Komitee sy opdrag sien ...."[3]

---

1) Brief OR/M/1/3, gedateer 25.9.1964, van die Nasionale Ad=viserende Onderwysraad, Buro-korrespondensielêer N/Y/118/3.

2) en 3) Notule van die Derde Vergadering van die Verkennings=komitee (7.12.1965), onderskeidelik par. 5.3.1 en 5.3.2.

## 5. VERGADERINGS VAN DIE KOMITEE INSAKE ONDERWYS VIR LEERLINGE MET GESTREMDHEDE

Die Komitee het op -

20 Junie 1974 vergader om die verslae oor 'n stelsel van gedif= ferensieerde onderwys en skoolvoorligting vir serebraal ge= stremde leerlinge en vir epileptiese leerlinge te bespreek;

28 en 29 Augustus 1974 vergader om die verslae oor 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys en skoolvoorligting vir swak= siende, blinde, dowe en swakhorende leerlinge te bespreek; en het op

17, 18 en 19 Februarie 1975 vergader om die verslae oor 'n stel= sel van gedifferensieerde onderwys en skoolvoorligting vir liggaamlik gestremde, verstandelik gestremde, pedagogies verwaarloosde (gedragsafwykende) leerlinge en swakhorende leerlinge te bespreek.

## 6. NAVORSING WAT DEUR DIE RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING ONDERNEEM IS

### 6.1 NAVORSINGSPROJEKTE

Die Instituut vir Opvoedkundige Navorsing van die Raad vir Gees= teswetenskaplike Navorsing het die werkprogram wat deur die Komitee goedgekeur is as grondslag gebruik om navorsingsprojekte van stapel te stuur om die Komitee in staat te stel om sy opdrag te kon uitvoer. Sowel die onderwysstelsels as die skoolvoorlig= tingstelsels vir leerlinge met gestremdhede op primêre en sekondêre onderwysvlak van oorsese lande, die Republiek van Suid-Afrika en van Suidwes-Afrika is nagevors. 'n Deeglike literatuurstudie van relevante publikasies is gemaak. Ook is verkenning gedoen van gegewens wat op aanvraag deur onderwysdepartemente en buite= landse instansies aan die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing verstrek is, en skole vir leerlinge met gestremdhede is deur die navorsers besoek om die onderwyssituasie vir hierdie leerlinge in die praktyk te verken en om met die personeel van die skole same= sprekings te voer. Om die nege breë navorsingsverslae en die nege Komiteeverslae oor 'n nasionale onderwysstelsel vir leerlinge met gestremdhede op pre-primêre, primêre en sekondêre onderwys= vlak met skoolvoorligting en ander hulpdienste as geïntegreerde dienste in die onderwysstelsel, te kon uitbring, is die volgende navorsingsprojekte deur die Instituut vir Opvoedkundige Navorsing onderneem:

(1) Onderwys vir serebraal gestremde leerlinge.

(2) Onderwys vir epileptiese leerlinge.

(3) Onderwys vir swaksiende leerlinge.

(4) Onderwys vir blinde leerlinge.

(5) Onderwys vir dowe leerlinge.

(6) Onderwys vir swakhorende leerlinge.

(7) Onderwys vir liggaamlik gestremde leerlinge.

(8) Onderwys vir verstandelik gestremde leerlinge.

(9) Onderwys vir pedagogies verwaarloosde (gedragsafwykende) leerlinge.

Op grond van hierdie nege navorsingsprojekte is nege verslae vir die Komitee vir bespreking op sy vergaderings opgestel.

## 6.2 PERSONEEL VAN DIE INSTITUUT VIR OPVOEDKUNDIGE NAVORSING

Die navorsing is deur 'n span van 10 navorsers onderneem:

Mnr. J.B. Haasbroek, Direkteur, Instituut vir Opvoedkundige Na= vorsing, Hoofprojekleier.

Dr. A.E. Strydom, Assistent-direkteur, toesighouer oor die na= vorsing insake die onderwys vir blinde, dowe, swakhorende en pedagogies verwaarloosde leerlinge.

Dr. S.W.H. Engelbrecht, Afdelingshoof, verantwoordelik vir die navorsing insake die onderwys vir serebraal gestremde en liggaamlik gestremde leerlinge en toesighouer oor die na= vorsing insake die onderwys vir epileptiese, verstandelik gestremde en liggaamlik gestremde leerlinge.

Dr. H.C.A. Venter : Onderwys vir swaksiende leerlinge.

Mnr. A. Nel : Onderwys vir epileptiese leerlinge en pedagogies verwaarloosde leerlinge.

Mnr. F.P. Groenewald : Onderwys vir blinde leerlinge.

Mnr. M. Gouws : Onderwys vir dowe leerlinge.

Mnr. S.J. Maat : Onderwys vir verstandelik gestremde leerlinge.

Dr. S.W.H. Engelbrecht en mnr. P.G. van Z. Spies : Onderwys vir liggaamlik gestremde leerlinge.

Mnr. S.G. Lombaard : Onderwys vir swakhorende leerlinge.

7. DIE ONDERHAWIGE VERSLAG

Soos blyk uit paragraaf 5, het die Komitee 9 verslae (volumes 1 tot 9) op sy vergaderings bespreek. Hierdie werkwyse is ge= volg om die navorsing te bespoedig en om die Nasionale Onderwys= raad so spoedig moontlik van die besluite te verwittig.

Benewens hierdie 9 verslae, wat 9 afsonderlike volumes van Deel III van die Komitee se verslag uitmaak, het die Komitee reeds op 'n vroeëre stadium twee verslae aan die Nasionale Onderwysraad voorgelê, naamlik:

(1) "VERSLAG VAN DIE KOMITEE VIR GEDIFFERENSIEERDE ONDERWYS EN VOORLIGTING INSAKE 'N NASIONALE ONDERWYSSTELSEL OP PRIMÊRE EN SEKONDÊRE SKOOLVLAK MET VERWYSING NA SKOOLVOORLIGTING AS 'N GEÏNTEGREERDE DIENS VAN DIE ONDERWYSSTELSEL VIR DIE RE= PUBLIEK VAN SUID-AFRIKA EN VIR SUIDWES-AFRIKA", Deel I, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Verslag nr. O-1. Pretoria, 1972.

(2) "VERSLAG VAN DIE KOMITEE VIR GEDIFFERENSIEERDE ONDERWYS EN VOORLIGTING INSAKE 'N NASIONALE PRE-PRIMÊRE OPVOEDINGSPRO= GRAM VIR DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA EN SUIDWES-AFRIKA", Deel II, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Verslag nr. O-2, Pretoria, 1971.

Deel III van die Komitee se verslag is getitel: "VERSLAG VAN DIE KOMITEE VIR GEDIFFERENSIEERDE ONDERWYS EN VOORLIGTING INSAKE 'N NASIONALE ONDERWYSSTELSEL VIR LEERLINGE MET GESTREMDHEDE OP PRE-PRIMÊRE, PRIMÊRE EN SEKONDÊRE SKOOLVLAK MET VERWYSING NA SKOOLVOORLIGTING EN ANDER HULPDIENSTE AS GEÏNTEGREERDE DIENSTE VAN DIE ONDERWYSSTELSEL VIR DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA EN VIR SUIDWES-AFRIKA".

Die nege volumes van die verslag is die volgende:

Volume 1: Onderwys vir serebraal gestremde leerlinge, verslag nr. O-20.

Volume 2: Onderwys vir epileptiese leerlinge, verslag nr. O-21.

Volume 3: Onderwys vir swaksiende leerlinge, verslag nr. O-22.

Volume 4: Onderwys vir blinde leerlinge, verslag nr. O-23.

Volume 5: Onderwys vir dowe leerlinge, verslag nr. O-24.

Volume 6: Onderwys vir swakhorende leerlinge, verslag nr. O-25.

Volume 7: Onderwys vir liggaamlik gestremde leerlinge, verslag nr. O-26.

Volume 8: Onderwys vir verstandelik gestremde leerlinge, ver=slag nr. O-27.

Volume 9: Onderwys vir pedagogies verwaarloosde (gedragsafwy=kende) leerlinge, verslag nr. O-28.

## 8. DANKBETUIGING

Die Komitee bedank die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing en die personeel van die Instituut vir Opvoedkundige Navorsing vir die navorsing wat onderneem is om die Komitee in staat te kon stel om sy opdrag uit te voer. Die samewerking van die plaaslike en oorsese onderwysowerhede word hoog op prys gestel. Die skoolhoofde en hulle personeel wat die navorsers tydens be=soeke aan hulle skole te woord gestaan het, se samewerking word opreg waardeer.

# I N H O U D


| HOOFSTUK | | BLADSY |
|---|---|---|
| 1 | PROBLEEMSTELLING EN METODE VAN ONDERSOEK | 1 |
| 1.1 | Inleiding | 1 |
| 1.2 | Voorkoms van blindheid | 1 |
| 1.3 | Begripsverheldering | 3 |
| 1.4 | Probleemstelling | 4 |
| 1.5 | Metode van ondersoek | 6 |
| 1.6 | Verloop van die ondersoek | 7 |
| 2 | DIE PROBLEMATIEK VAN BLIND-WEES | 9 |
| 2.1 | Inleiding | 9 |
| 2.2 | Die situasie van die blinde as vertrekpunt | 10 |
| 2.3 | Die blinde se eksplorasie van sy wêreld | 11 |
| 2.4 | Die vreemdheid van die blinde aan homself en aan 'n "siende wêreld" | 12 |
| 2.5 | Die onvryheid van die blinde en die inperking van sy moontlikheid tot selfbeskikking | 15 |
| 2.6 | Die moontlikheid van die miskenning van die volwaardigheid van die blinde persoon | 15 |
| 2.7 | Die moontlikheid tot selfverwerkliking deur die blinde persoon | 17 |
| 2.8 | Die dubieuse toekomsperspektief van die blinde | 18 |
| 2.9 | Die noodwendigheid van volgehoue intellektuele verwerking deur die blinde | 19 |
| 2.10 | Die blinde en sy verhouding tot die religieuse | 20 |
| 2.11 | Slotopmerking | 21 |

| HOOFSTUK | | BLADSY |
|---|---|---|
| 3 | ENKELE BREË RIGLYNE TEN AANSIEN VAN DIE OPVOEDING EN ONDERWYS VAN BLINDE KINDERS | 21 |
| 3.1 | Inleiding | 21 |
| 3.2 | Die noodwendigheid van gedifferensieerde onderwys | 21 |
| 3.3 | Gedifferensieerde opvoedingshandeling maar onge= differensieerde opvoeding | 22 |
| 3.4 | Gerigtheid op die lewenswerklikheid | 22 |
| 3.5 | Die eie werklikheid van die blinde as riglyn | 22 |
| 3.6 | Gerigtheid op "veraanskouliking" in die leer= situasie | 23 |
| 3.7 | Die wesenlikheid van die bevordering van die bewegingsmoontlikhede van die blinde kind | 23 |
| 3.8 | Die selfstandigheidsontplooiing van, en verant= woordelikheidsaanvaarding deur die blinde kind | 24 |
| 3.9 | Die algehele aanvaarding van die blinde kind en selfaanvaarding deur die blinde kind | 25 |
| 3.10 | Gerigtheid op die sosiale inskakeling van die blinde kind | 25 |
| 3.11 | Hulpverlening ten aansien van vryetydsbesteding | 26 |
| 3.12 | Geleenthede om hulself as skeppingsmoontlikheid te verwerklik | 27 |
| 4 | 'N BONDIGE HISTORIESE OORSIG VAN DIE TOTSTAND= KOMING EN UITBREIDING VAN ONDERWYS VIR BLINDE LEERLINGE IN DIE RSA | 28 |
| 4.1 | Die aandeel van die NG Kerk | 28 |
| 4.2 | Toelating van leerlinge | 28 |
| 4.3 | Uitbouing van die skool | 29 |
| 4.4 | Nasorgwerk | 30 |

| HOOFSTUK | | BLADSY |
|---|---|---|
| 4.5 | Uitbreiding van onderwysgeriewe | 30 |
| 5 | 'N OORSIGTELIKE BEELD VAN DIE STRUKTUUR EN WERKSAAMHEDE VAN DIE BLINDEWESE IN DIE RSA | 30 |
| 5.1 | Inleiding | 30 |
| 5.2 | Die struktuur van die blindewese | 31 |
| 5.3 | Skakeling tussen die blindewese en die onderwys | 32 |
| 6 | DIE BEHEER VAN DIE ONDERWYS VIR BLINDE LEERLINGE | 33 |
| 6.1 | Wetlike bepalinge | 33 |
| 6.2 | Die Departement van Nasionale Opvoeding | 34 |
| 6.3 | Die Instituut vir Dowes en Blindes, Worcester | 34 |
| 6.4 | Die Transoranje-Instituut vir Buitengewone Onderwys | 36 |
| 6.5 | Slotopmerking | 36 |
| 7 | KRITERIA VIR TOELATING TOT SKOLE VIR BLINDE LEERLINGE | 37 |
| 7.1 | Inleiding | 37 |
| 7.2 | Visuele vermoë as kriterium vir toelating | 37 |
| 7.3 | Die toelating van meervoudiggestremde blinde kinders | 41 |
| 7.4 | Toelatingsouderdom, die skoolgereedheid van die blinde kind en die stadium waarin blinde leer= linge toegelaat word | 42 |
| 8 | DIE OPVOEDING EN ONDERRIG VAN DOOFBLINDE KINDERS | 44 |
| 8.1 | Die situasie aan die skool vir blindes te Worcester | 44 |
| 8.2 | Die onderrig van doofblinde kinders in Engeland | 46 |

| HOOFSTUK | | BLADSY |
|---|---|---|
| 9 | DIE PRE-PRIMÊRE BLINDE KIND | 47 |
| 9.1 | Die gesitueerdheid van die jong blinde kind | 47 |
| 9.2 | Skakeling tussen skole vir blindes en ouers van voorskoolse blinde kinders in die RSA | 49 |
| 9.3 | Hulpverlening aan ouers van pre-primêre blinde kinders in enkele oorsese lande | 51 |
| 10 | RESIDENSIËLE SKOLE VIR BLINDE KINDERS | 52 |
| 10.1 | Beligting van die problematiek van residensiële skole | 52 |
| 10.2 | Die huidige situasie ten aansien van residensiële skole vir blindes in die RSA | 55 |
| 10.3 | Residensiële skole vir blindes in enkele oorsese lande | 58 |
| 11 | MEDIESE EN PARAMEDIESE DIENSTE AAN SKOLE VIR BLINDE LEERLINGE | 61 |
| 11.1 | Die huidige situasie in die RSA | 61 |
| 11.2 | Enkele aspekte van die mediese en paramediese dienste aan skole vir blindes in sekere oorsese lande | 63 |
| 12 | ONDERWYSHULPMIDDELDIENSTE AAN SKOLE VIR BLINDES | 64 |
| 12.1 | Inleiding | 64 |
| 12.2 | Die situasie aan skole vir blindes in die RSA ten aansien van onderwyshulpmiddeldienste | 64 |
| 12.3 | Aspekte ten aansien van onderwyshulpmiddeldienste vir blinde kinders in enkele oorsese lande | 67 |
| 12.4 | Slotopmerking | 69 |
| 13 | ONDERWYSPERSONEEL AAN SKOLE VIR BLINDE LEERLINGE | 69 |
| 13.1 | Onderwysersopleiding | 69 |

HOOFSTUK BLADSY

13.2 Die toekenning van onderwyspersoneel en die grootte van die klasse 71

13.3 Enkele spesifieke personeelaangeleenthede ten aansien van skole vir blindes in die RSA en Engeland 73

13.4 Onderwyspersoneel aan skole vir blindes in die RSA en hul kwalifikasies 74

14 DIE SIELKUNDIGE EN VOORLIGTINGSDIENS AAN SKOLE VIR BLINDE LEERLINGE 75

14.1 Inleiding 75

14.2 Die sielkundige en voorligtingsdiens aan skole vir blindes in die RSA 75

14.3 Enkele aspekte van die sielkundige en voorlig= tingsdienste ten behoewe van blindes in sekere oorsese lande 79

15 'N OORSIGTELIKE BEELD VAN DIE INTERNE STRUKTUUR, ORGANISASIE EN DIE LEERLINGTAL VAN SKOLE VIR BLINDE LEERLINGE 82

15.1 Inleiding 82

15.2 Vlakke van onderwys en opleidingsmoontlikhede 82

15.3 Leerlingtal en verdeling van leerlinge 84

15.4 Voorsiening vir die opvoeding en onderwys van verstandelik gestremde blinde leerlinge 87

15.5 Die opname van sowel blinde as swaksiende leerlinge in dieselfde skool 88

15.6 Skole vir blindes as ko-edukasieskole 89

16 DIE ONDERWYSPROGRAM AAN SKOLE VIR BLINDE LEERLINGE 90

16.1 Inleiding 90

16.2 Die onderwysprogram aan skole vir blindes in die RSA 90

HOOFSTUK BLADSY

16.3 Enkele aspekte van die onderwysprogram aan skole vir blindes in sommige oorsese lande 104

17 DIE VOORBEROEPS- EN BEROEPSOPLEIDING AAN SKOLE VIR BLINDES 107

17.1 Inleiding 107

17.2 Voorberoeps- en beroepsopleiding aan die Skool vir Blindes te Worcester 108

17.3 Enkele aspekte van die voorberoeps- en beroeps= opleiding van blindes in sekere oorsese lande 111

18 EKSTRAKURRIKULÊRE AKTIWITEITE AAN SKOLE VIR BLINDES 115

18.1 Inleiding 115

18.2 Die situasie aan skole vir blindes in die RSA 115

18.3 Enkele aspekte van die situasie in sekere oorsese lande 118

19 DIE OPLEIDING VAN BLINDES AAN TERSIÊRE OPLEIDINGS= INRIGTINGS 120

19.1 Inleiding 120

19.2 Die opleiding van blindes aan tersiêre opleidings= inrigtings in die RSA 120

19.3 Enkele aspekte van die opleiding van blindes aan tersiêre opleidingsinrigtings in sekere oorsese lande 123

20 DIE BEROEPSPLASING VAN BLINDE SKOOLVERLATERS, BEROEPSBEOEFENING DEUR BLINDE PERSONE EN NASORG= WERK TEN BEHOEWE VAN BLINDES 125

20.1 Inleiding 125

20.2 Die beroepsplasing van blinde skoolverlaters 125

20.3 Beroepsbeoefening deur blinde persone 130

| HOOFSTUK | | BLADSY |
|---|---|---|


| | | |
|---|---|---|
| 20.4 | Nasorgwerk ten behoewe van blinde skool= verlaters | 132 |
| 21 | MOTIVERINGS EN AANBEVELINGS | 135 |
| 21.1 | Motiverings en aanbevelings insake die beheer van die onderwys vir blinde leerlinge | 135 |
| 21.2 | Motiverings en aanbevelings insake aspekte van die toelating van leerlinge tot skole vir blindes | 138 |
| 21.3 | Motiverings en aanbevelings insake die pre-primêre blinde kind | 142 |
| 21.4 | Motiverings en aanbevelings insake die residen= siële aspek van skole vir blindes | 147 |
| 21.5 | Motiverings en aanbevelings insake mediese en paramediese dienste aan skole vir blinde leerlinge | 154 |
| 21.6 | Motiverings en aanbevelings insake onderwys= hulpmiddeldienste ten aansien van blindes | 156 |
| 21.7 | Motiverings en aanbevelings insake onderwysers= opleiding | 159 |
| 21.8 | Motiverings en aanbevelings insake personeel= toekenning | 163 |
| 21.9 | Motiverings en aanbevelings insake skoolvoor= ligtingsdienste aan skole vir blindes | 164 |
| 21.10 | Motiverings en aanbevelings insake enkele organisatoriese aspekte ten aansien van skole vir blindes | 171 |
| 21.11 | Motiverings en aanbevelings insake die struktuur van die onderwysstelsel vir blindes | 172 |
| 21.12 | Motiverings en aanbevelings insake aspekte van die onderwysprogram aan skole vir blindes | 187 |
| 21.13 | Motiverings en aanbevelings insake beroeps= opleiding aan skole vir blindes | 201 |

| HOOFSTUK | | BLADSY |
|---|---|---|
| 21.14 | Motiverings en aanbevelings insake ekstrakurrikulêre aktiwiteite aan skole vir blindes | 204 |
| 21.15 | Motiverings en aanbevelings insake beroeps= verkenning, beroepsplasing en nasorg | 210 |
| 22 | SLOTOPMERKING | 215 |
| | LITERATUURLYS | 216 |

TABELLE

| | | |
|---|---|---|
| 15.1 | VERDELING VAN LEERLINGE IN KLASSE EN AFDELINGS AAN DIE SKOOL VIR BLINDES TE WORCESTER IN 1971 | 86 |

# 1 PROBLEEMSTELLING EN METODE VAN ONDERSOEK

## 1.1 INLEIDING

Die eerste skool vir Blanke kinders aan die Kaap is in 1663 ge= stig. Met die eerste onderwysvoorsiening vir gestremde kinders is ongeveer tweehonderd jaar later 'n aanvang gemaak. In 1881 is te Worcester begin met gespesialiseerde onderwys vir dowe en blinde kinders. Vandag is die Skool vir Blindes te Worcester steeds die enigste volwaardige skool vir Blanke blinde kinders in die RSA (die Prinshofskool vir Swaksiendes en Voorbereidende Skool vir Blindes te Pretoria maak tans vir blindes tot op graad 2-vlak voorsiening). Dié verslag handel dan gevolglik ook by uitstek oor die situasie aan die Skool vir Blindes te Worcester.

Sedert die aanvangsjare van die onderwys vir blindes in die RSA, is die Skool vir Blindes uitgebou tot 'n skool wat in vele opsig= te en op vele terreine in die nood en behoeftes met betrekking tot die opvoeding en onderwys van die blinde kind voorsien. Al= hoewel daar veral in die Verenigde State van Amerika beweeg is in die rigting om blinde kinders in skole vir normaalsiendes in te skakel, is die beleid van afsonderlike skole in die RSA steeds as die mees verantwoordbare stelsel beskou en is voortgegaan om die Skool vir Blindes uit te bou. In hierdie verslag sal die moontlikheid van afsonderlike skole vir blindes dan ook nie teen die moontlikheid om blindes in skole vir normaalsiendes in te skakel, opgeweeg word nie, maar sal gepoog word om die praktyk van afsonderlike skole as sodanig te evalueer.

Die Skool vir Blindes te Worcester het hom met verloop van jare in 'n al groter mate daarop toegespits om blinde kinders so goed as moontlik voor te berei om as selfstandige persone en beroeps= beoefenaars in die siende gemeenskap en die ope arbeid in te skakel. Hierdie doelstelling is in harmonie met kontemporêre beskouinge ten aansien van die taak van skole vir blindes, asook met die begeerte van blinde persone self. Van der Burgh verwys soos volg na Zahl (1963) in hierdie verband: ".... the blind man ' .... aspires to live the full life devoid of any suggestion of dependency or pathos. No longer do the otherwise physically= able blind wish to be institutionalized ... or relegated to humuliating employments. A new note sounds for the blind to be more fully integrated into normal society, to compete in endea= vour and livelihood with the sighted'" (110, bl. 1-2).

## 1.2 VOORKOMS VAN BLINDHEID

Geen betroubare statistiek aangaande die voorkoms van blindheid

onder die Blanke bevolking van die RSA is beskikbaar nie, aangesien registrasie van blindheid nie verpligtend is nie. 'n Register vir vrywillige registrasie gehou deur die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Blindes het aan die begin van Maart 1970 3624 name van Blanke blindes bevat. Die register is egter nie volledig nie, aangesien alle gevalle van blindheid nie noodwendig geregistreer is nie. Volgens die twintigste tweejaarlikse verslag van die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Blindes wat gedurende Oktober 1970 verskyn het, is die voorkoms van blindheid onder Blanke persone in die RSA op 0,97 per 1 000 van die bevolking bereken (96, bl. 72).

Wat betref die Blanke blinde skoolbevolking in die RSA, het die blinde leerlingtal aan sowel die Prinshofskool as die Skool vir Blindes te Worcester gedurende die afgelope aantal jare redelik konstant gebly. Gedurende die jare 1963 tot 1969 het die blinde leerlingtal (blinde kleuters) aan die Prinshofskool tussen 10 en 12 gewissel. In Augustus 1971 het die blinde leerlingtal aldaar toegeneem tot 29. Hierdie vermeerdering in die getalle moet egter toegeskryf word aan 'n tydelike verlenging van die tydperk wat blinde leerlinge aan die Prinshofskool vertoef het en het blinde leerlinge tot op standerd 1-vlak ingesluit (102, bl. 63 en 65).

In 1973 was daar 'n totaal van 14 blinde leerlinge aan die Prinshofskool wat blinde kleuters, graad 1- en graad 2-leerlinge ingesluit het. Gedurende die jare 1964 tot 1971 het die getal gesigsgestremdes (blindes en swaksiendes) aan die Skool vir Blindes te Worcester van 239 tot 254 toegeneem. In 1971 was daar 131 blinde, 113 swaksiende en 10 doofblinde kinders aan die skool verbonde. Die getal swaksiende leerlinge in die primêre afdeling (substanderd A tot standerd 5) van die Skool vir Blindes alleenlik het toegeneem van 28 in 1964 tot 44 in 1971 (81, bl. 11; 75, bl. 8). Uit hierdie gegewens blyk dat die totale Blanke blinde skoolbevolking in die RSA in 1971 in die omgewing van 160 (uitsluitende doofblinde kinders) te staan gekom het, asook dat die getal blinde leerlinge sedert 1964 aan albei genoemde skole redelik konstant gebly het.

Ten slotte wil op die voorkoms van blindheid onder die skoolbevolking in Engeland gewys word. In Januarie 1971 was die voorkomssyfer van blindheid in Engeland 1,37 per 10 000 van die skoolbevolking en van swaksiendheid 2,66 per 10 000. Verder is gevind dat daar 'n afname in die voorkomssyfer van blindheid onder skoolkinders is en by wyse van ekstrapolering is beraam dat die voorkomssyfer van blindheid waarskynlik in 1980 slegs 0,9 per 10 000

van die skoolbevolking sal wees. Wat betref swaksiendheid is 'n geringe toename in die voorkomssyfer gevind. Verder is gevind dat die persentasie meervoudiggestremde blinde kinders, en in besonder die persentasie verstandelik gestremde blinde kinders, toegeneem het. Die persentasie verstandelik gestremde blinde kinders het toegeneem van 25,2 persent in 1959 tot 35,2 persent in 1970. Die totale persentasie meervoudiggestremde blinde kinders het toegeneem van 39,0 persent in 1959 tot 50,6 persent in 1970 (25, bl. 6-9).

## 1.3 BEGRIPSVERHELDERING

Die volgende begrippe dien vir die doel van hierdie ondersoek nader omskryf te word.

a. In die eerste plek word die term "gesigsgestremdes" gebruik met verwysing na alle kinders (blindes en swak=siendes) wat weens hul gesigsgebrek by wyse van spesiale onderwysmetodes en met behulp van spesiale onderwyshulp=middele onderrig word. In die RSA word hierdie kinders in afsonderlike skole vir blinde en swaksiende leerlinge opgeneem.

b. die term "braillekandidaat" word gebruik met verwysing na sodanig gesigsgestremde kinders wat in die eerste plek by wyse van brailleskrif en ander taktuele media onderrig moet word. Hierdie kinders se gesigsgestremdheid is dus van sodanige aard dat hulle nie by wyse van die visuele as medium onderrig kan word nie. Wat betref die gesigsvermoë van braillekanidate word graduele verskille aangetref en die gesigsvermoë van sommige kinders mag vir hulle in sekere situasies (byvoorbeeld ten aansien van mobiliteit) nog van waarde wees, terwyl ander totaal blind mag wees. Die terme "braillekandidaat" en "blinde leerling" sal dan in hierdie verslag sinoniem met mekaar gebruik word. Waar spesifiek verwys word na braillekandidate wat stokblind is, of wat slegs lig en donker kan onderskei, word die term "totaal blindes" gebruik.

c. Die term "swaksiende leerlinge" word gebruik met spesifieke verwysing na dié leerlinge wie se gesigsvermoë sodanig is dat hulle wel by wyse van die visuele as medium onderrig kan word, maar sodanig gesigsgestremd is dat hulle slegs deur middel van spesiale onderrigmetodes en die inskakeling van spesiale onderwyshulpmiddele in die leersituasie tereg kan kom.

d. Die term "meervoudiggestremde blinde kinders" word gebruik

met verwysing na braillekandidate wat ook andersins (liggaam= lik en/of verstandelik) gestremd is. Onder hierdie groep ressorteer dan die verstandelik gestremde blinde kinders. Met verstandelik gestremd word in die eerste plek bedoel dat hierdie kinders nie die leerinhoude kan bemeester nie wat aan blinde leerlinge wat die gewone onderwysprogram deurloop, aangebied word. In die breë gesien, word hier verwys na blinde kinders met IK onder 80. Ten aansien van hierdie kategorie blinde kinders word verder onderskei tus= sen lig tot matig verstandelik gestremde en ernstig ver= standelik gestremde kinders. Laasgenoemde groep word in die reël as "ononderrigbaar" beskou en in die breë gesien, ressorteer blinde kinders met 'n IK van minder as 50 onder hierdie groep.

e. Ondersoekers onderskei tussen "haptiese" en "taktuele waarneming". Van Weelden verwys na Révész (1955) wat noem dat haptiese waarneming met bewegende vingers en taktuele waarneming met onbeweeglike vingers geskied. Volgens Révész is haptiese waarneming in die algemeen op herkenning gerig, dit wil sê nie op die "hoe" van 'n saak nie, maar wel op die "wat". Hy onderskei ook tussen "optiese ruimte" wat visueel waargeneem word en die "haptiese ruimte" wat deur die tasgevoel waargeneem word (118, bl. 30 en 31). 'n Kommissie van ondersoek na die onderwys van gesigsgestrem= des in België (1963) noem dat die "haptiese sintuig" die geheel van waarneming veronderstel wat die blinde in staat stel om 'n globale denkbeeld van 'n voorwerp te vorm (6, bl. 38). In hierdie studie word alle waarneming deur middel van die tassintuig (tassintuiglike waarneming) met die term "taktuele waarneming" aangedui. Sodanige waarneming geskied hoofsaaklik deur met die vingers en hande te voel, maar kan ook deur middel van die gebruik van ander dele van die liggaam geskied.

## 1.4 PROBLEEMSTELLING

Uit paragraaf 3.2.2 (iv) van die Memorandum goedgekeur deur die Komitee vir Gedifferensieerde Onderwys en Voorligting wat lui dat ondersoek ingestel moet word na differensiasie ten aansien van die onderwys van onder andere blinde kinders, asook uit die versoek van die Nasionale Onderwysraad dat ondersoek ingestel moet word in verband met die "doeltreffendste opvoeding, onderwys en/of opleiding" van onder andere blinde kinders, blyk enersyds die omvattendheid van die terrein van ondersoek en andersyds dat die huidige stelsel van opvoeding en onderwys van blinde kinders in sy geheel in oënskou geneem moet word. Om hierin

te slaag, moet onder andere die volgende interafhanklike aspekte aan die orde gestel word:

As vertrekpunt moet die besondere gesitueerdheid van die blinde persoon, as blind in 'n "siende wêreld", as probleem gestel word. In 'n wêreld waarin die moontlikheid van visuele waarneming in 'n groot mate as vanselfsprekend beskou word en daar dan ook in hierdie opsig eise aan die mens gestel word, moet die blinde tereg kom. Vervolgens moet die taak van die skool dan in die lig van sodanige gesitueerdheid van die blinde persoon, in oënskou geneem word.

Afgesien van die besondere gesitueerdheid van die blinde persoon en die implikasies daarvan vir die opvoeding en onderwys van die blinde kind, is blinde kinders verder ook onderling kwalitatief ongelyk en wel ten aansien van aspekte soos intelligensie, emosionaliteit, aanleg en belangstelling. Hierdie kwalitatiewe ongelykheid van mense, onderlê die beginsel van gedifferensieerde onderwys. Dit is dan die taak van die skool vir blindes om in die skoolprogram voorsiening te maak vir genoemde ongelykheid sodat elke blinde kind tot optimale ontplooiing kan kom, en wel sonder om die gelykwaardigheid van alle kinders (ook blinde kinders) geweld aan te doen. Voorsiening vir sodanige ongelykheid sal onder andere deur gedifferensieerde aanbieding, sillabusse en kurrikula gereflekteer word.

'n Poging om blinde kinders ooreenkomstig elkeen se besondere moontlikhede tot optimale ontplooiing te lei, kan egter nie sonder kennis van die lewenswerklikheid (ook as beroepstoekoms) waarop die blinde kind voorberei word, en waar hy tot taakaanvaarding en lewensvervulling moet kom, geskied nie. Daar moet dus kennis geneem word van die beroepsmoontlikhede wat daar vir blindes be= staan en van tersiêre opleidingsrigtings wat vir blindes toe= ganklik is, sodat gedifferensieerde beroepsopleiding en gedif= ferensieerde studierigtinge in harmonie daarmee beplan kan word.

Afgesien van die kwalitatiewe ongelykheid van blinde kinders, verskil gesigsgestremdes ook wat betref hul oorblywende gesigs= vermoë, en moet daar onderskei word tussen swaksiende leerlinge wat by wyse van visuele metodes onderrig ontvang, en braillekan= didate wat onder andere ook deur medium van brailleskrif onder= rig word. Hieruit spruit die probleem van die "grensgeval" en dié van die stadium waarin 'n swaksiende leerling na brailleskrif as medium van onderrig moet oorskakel. Voorts verskil die gesigs= reste van braillekandidate ook onderling en hieruit vloei die verdere probleem, te wete op welke wyse moontlike bruikbare

gesigsreste van braillekandidate benut behoort te word.

Voorbereiding op konfrontasie met die lewenswerklikheid impliseer in besonder ook die voorbereiding van die blinde op sosiale inskakeling in 'n siende gemeenskap. Veral waar blinde kinders soos in die geval van die RSA en heelwat oorsese lande in residensiële skole vir blindes saamgetrek word, is die probleem van isolement wesenlik en moet daarteen gewaak word dat juis in die wyse van voorbereiding (afsonderlike skole) nie die verdere vervreemding van die blinde opgesluit lê nie.

Ten slotte moet die taak van die skoolvoorligtingsdiens as hulpdiens aan die orde gestel word. In die lig van die eie werklikheid en die lewenswerklikheid waarop hy voorberei word, moet die blinde kind voorgelig word aangaande persoonstruktuur-, onderwys- en beroepsaangeleenthede. In besonder moet die skoolvoorligtingsdiens sodanig wees dat verseker sal word dat blinde leerlinge ooreenkomstig hul bekwaamheid, aanleg en belangstelling, asook in die lig van die beroepsmoontlikhede wat vir hulle bestaan, gedifferensieerde onderwys sal ontvang om sodoende die doel met die onderwysstelsel te help verwesenlik.

## 1.5 METODE VAN ONDERSOEK

Ten aansien van die metodes wat aangewend is om hierdie ondersoek sy verloop te laat neem, is die volgende van belang:

a. Vir sover daar 'n studie gemaak is van die opvoedings-, onderwys- en opleidingspraktyk ten aansien van blindes in enkele oorsese lande, asook van die beroepstoetrede en beroepsbeoefening van blindes in hierdie lande, is van sowel vraelyste gerig aan skole vir blindes en aan ander instansies wat hul vir die welsyn van blindes beywer, as van literatuurstudie gebruik gemaak. Waar 'n stelsel van afsonderlike skole vir blindes in die RSA van krag is en die inskakeling van blindes in skole vir normaalsiendes in hierdie studie nie as alternatief oorweeg is nie, was die verkenning veral toegespits op oorsese lande waar ooreenstemmende stelsels funksioneer. In besonder is die opvoedings-, onderwys- en opleidingspraktyk in Engeland deeglik verken, daar die goeie werk wat in hierdie verband in dié land verrig word, algemeen bekend is en die aanspraak gemaak word dat 'n hoër persentasie van die blinde bevolking in hierdie land tot die ope arbeid toetree as wat in enige ander land die geval is (64, bl. 12).

b. Wat betref die situasie in die RSA is informasie op verskil=

lende wyses bekom. In die eerste plek is gedurende 1971 verkenningsbesoeke aan die Skool vir Blindes te Worcester en die Prinshofskool te Pretoria gebring. Tydens hierdie besoeke is onderhoude met personeel (hoofde, vise-hoofde, onderwyspersoneel, koshuispersoneel, onderwysersielkundiges en mediese en paramediese personeel), asook met ouers van blinde kinders gevoer, terwyl klasbesoek ook gedoen is. In die tweede plek is van 'n omvattende vraelys gebruik gemaak wat veral ook heelwat "ope vrae" ingesluit het en wat hoofsaaklik deur die hoof of 'n vise-hoof van die betrokke skool voltooi is. Tensy anders vermeld, het die feitelike gegewens wat verstrek word betrekking op die situasie aan die skole soos gedurende die jaar 1971. Waar die beroepsplasing van blindes en die beroepsmoontlikhede wat daar vir blindes bestaan, ook in die ondersoek aangesny is, is verder ook onderhoude gevoer met beroepsplasingsbeamptes van die Departement van Arbeid en met 'n beampte van die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Blindes. Vervolgens is ook met 'n blinde oud-leerling van die Skool vir Blindes wat tans 'n senior posisie in die samelewing beklee, 'n onderhoud gevoer. Ten slotte is van literatuurstudie gebruik gemaak.

c. Waar die situasie hier te lande asook in enkele oorsese lande by wyse van voorafgenoemde metodes toegelig is en van die beskouinge en menings van deskundiges en ander persone ten aansien van verskillende aspekte van die opvoeding, onderwys en opleiding van blindes kennis geneem is, is die gegewens noukeurig ontleed en gepoog om by wyse van 'n wetenskaplik verantwoorde evaluering en interpretasie daarvan, tot sinvolle aanbevelings te kom.

d. Ten slotte moet ter oriëntering van die leser daarop gewys word dat waar in die verloop van die verslag moontlik nie spesifiek na die bron van informasie verwys word nie, sodanige informasie bekom is by wyse van vraelyste gerig aan skole vir blindes en aan ander instansies wat hul vir die welsyn van blindes beywer, asook by wyse van persoonlike onderhoude wat met personeellede aan skole vir blindes en ander belanghebbende persone gevoer is.

## 1.6 VERLOOP VAN DIE ONDERSOEK

In hoofstuk 2 is die problematiek van blind-te-wees in 'n wêreld waarin die visuele oorheers, aan die orde gestel waarin kenmerkende aspekte van die gesitueerdheid van die blinde as blind tussen siendes uitgelig is. In die lig hiervan is in hoofstuk 3 gepoog om enkele breë riglyne ten aansien van die opvoeding en

onderwys van blinde kinders te formuleer.

In hoofstuk 4 is 'n kort historiese oorsig van die totstandkoming en uitbreiding van onderwysgeriewe vir blindes gegee teen die agtergrond waarvan tot groter begrip van die huidige toedrag van sake gekom kan word.

Hoofstuk 5 is gewy aan 'n oorsigtelike beeld van die struktuur en werksaamhede van die blindewese in die RSA (die verskillende instansies wat hulle vir die wel en wee van blindes beywer). In besonder is gewys op die plek van die Skool vir Blindes te Wor=cester in hierdie struktuur asook op die samewerking tussen hierdie skool en ander instansies wat hul vir die welsyn van blindes beywer.

Hierop volg in hoofstuk 6 'n bespreking van die beheer en die bestuur van onderwyssake ten aansien van blindes. In besonder is gewys op die adviserende en besturende taak van die kerklike beheerliggame en die beherende taak van die Departement van Nasionale Opvoeding.

In hoofstuk 7 is die kriteria vir toelating tot skole vir blindes aan die orde gestel en in besonder gewys op gesigsvermoë, intellektuele bekwaamheid en ouderdom as kriteria asook op die problematiek van die grensgeval wat betref gesigsvermoë.

In hoofstuk 8 is 'n oorsig van die opvoeding en onderrig van doofblinde kinders gegee, terwyl die problematiek van die voor=skoolse blinde kind en voorsiening wat betref opvoeding en onder=wys in hierdie verband in hoofstuk 9 in oënskou geneem is.

Die residensiële aspek van skole vir blindes en die implikasies daarvan is in hoofstuk 10 onder bespreking, waarna die noodwen=digheid van mediese en paramediese dienste aan skole vir blindes in hoofstuk 11 aan die beurt kom.

In hoofstuk 12 is onderwyshulpmiddeldienste aan skole vir blindes bespreek. In hierdie verband is gewys op die voorsiening van literatuur in braille en voorgelees op band en op ander onder=wyshulpmiddele by wyse waarvan die werklikheid "veraanskoulik" kan word.

Onderwyspersoneel aan skole vir blindes is in hoofstuk 13 aangesny en in besonder is na onderwysersopleiding en die toekenning van onderwyspersoneel verwys.

Hoofstuk 14 is gewy aan die taak van die skoolvoorligtingsdiens as 'n diens om die doel met die onderwysstelsel te help verwesen= lik. Aspekte wat bespreek is, is die toepaslike inskakeling van evalueringsmedia en voorligting ten aansien van persoonstruktuur, onderwys- en beroepsaangeleenthede.

As aanloop tot 'n bespreking van die onderwysprogram aan skole vir blindes, is in hoofstuk 15 'n uiteensetting van die interne struktuur (vlakke van onderwys, studie- en opleidingsrigtings) en van die leerlingtal aan skole vir blindes gegee. Wat betref die onderwysprogram as sodanig wat in hoofstuk 16 bespreek is, is aangeleenthede soos aanbieding, groepering van leerlinge, sillabusse, kurrikula en bevordering in oënskou geneem met besondere verwysing na differensiasie in hierdie verband. Daarna volg in hoofstuk 17 'n bespreking van die voorberoeps- en beroepsopleidingsprogram aan skole vir blindes wat in besonder betrekking het op blinde leerlinge wat nie tersiêre opleiding gaan deurloop nie en direk tot die arbeidsmark sal toetree.

Waar aan blinde kinders (veral aan dié in residensiële skole vir blindes) leiding en onderrig ten aansien van onder andere vryetydsbesteding, sosiale inskakeling in 'n siende gemeenskap, die verrigting van alledaagse noodsaaklike take en mobiliteit gegee moet word om hul inskakeling in die gemeenskap te verge= maklik, is hulpverlening in hierdie verband in hoofstuk 18 (ekstra-kurrikulêre bedrywighede) bespreek.

Hoofstuk 19 is gewy aan 'n bespreking van tersiêre opleidingsrig= tings wat vir blindes toeganklik is asook aan hulpverlening ten behoewe van blinde studente.

Waar eventuele gesitueerdheid in die lewenswerklikheid (en in besonder die beroepstoekoms) waarop blinde leerlinge voorberei word, noodwendig in ag geneem moet word, is in hoofstuk 20 afge= sluit met 'n bespreking van die beroepsplasing van blinde skool= verlaters, beroepsbeoefening deur blinde persone en nasorgwerk ten behoewe van blindes.

In hoofstuk 21 volg dan verantwoorde aanbevelings aan die hand van toepaslike motiveringe.

## 2 DIE PROBLEMATIEK VAN BLIND-WEES

### 2.1 INLEIDING

Aansienlike verskille in visuele vermoë van gesigsgestremdes word aangetref. Afgesien van totaal blinde persone en persone wat

slegs tussen lig en donker kan onderskei en hul noodwendig op nie-visuele wyse moet oriënteer, is daar gesigsgestremde persone van wie die visuele vermoë sodanig is dat hulle hul in 'n meerdere of mindere mate visueel kan oriënteer maar hulle ook nie-visueel moet oriënteer. Die spesifieke situasie waarin sodanige persone hul bevind en die aard van hul gesigsgestremdheid, sal dus bepaal in watter mate hulle hul visueel sal kan oriënteer, en of hulle op nie-visuele oriëntering aangewys is. In die bespreking van die problematiek van die blinde persoon, sal van die gesitueerdheid van die totaal blinde (dit wil sê die ekstreme geval) uitgegaan word. Die gesitueerdheid van ander gesigsgestremdes sal in 'n meer of mindere mate na dié van die totaal blinde persoon neig, en wel in die mate waarin hulle op nie-visuele oriëntering aangewys is.

## 2.2 DIE SITUASIE VAN DIE BLINDE AS VERTREKPUNT

Tydens die verkenning van die problematiek van blind-wees sal van die veronderstelling uitgegaan word dat die blinde persoon inderdaad mens in sy menslikheid is en nie "iets" met bepaalde eienskappe nie. Daar sal gepoog word om die problematiek van blind-wees te verken in die lig van die blinde se gesitueerdheid in 'n wêreld van siendes, en van sy dialoog wat hy met dié wêreld voer. Die blinde is blind in die wêreld, dit wil sê hy is blind te midde van nie-blindes (siendes). Daar word ook steeds van hom geëis om hom soos 'n siende te gedra. Die onmagtigheid om aan hierdie eis te voldoen, maak hom eers werklik tot "ab-nor-male".

Die blinde is blind. Hy het hierdie blindheid nie, maar hy is die blindheid. Menslike bestaanswyse is onherleibaar tot iets anders as mens-in-die-wêreld. Die in-die-wêreld-wees van die mens is egter nie 'n geïsoleerde bestaanswyse nie en die mens bevestig sy bestaanswyse in 'n steeds wisselende veld van wedersydse betrekkinge tot die dinge, tot homself, tot ander mense en tot God (118, bl. 20-21, 36-37). 'n Bespreking van die problematiek van die blinde in 'n wêreld van siendes sal noodwendig 'n inbreuk maak op die "volkomenheid" van die werklikheid aangesien aan die hand van 'n skematisering besin moet word. Die skematisering is 'n poging om 'n greep op die werklikheid van die blinde te kry en in die bespreking van elke aspek sal sy verhouding met die dinge, met ander en met homself, dit wil sê die blinde as blind-in-die-wêreld, steeds deurweef en in onderlinge samehang voorkom. Enkele aspekte van die gesitueerdheid van die blinde as blind in 'n siende wêreld sal nou aan die orde gestel word.

## 2.3 DIE BLINDE SE EKSPLORASIE VAN SY WÊRELD

Die moontlikheid van die eksplorasie van wêreld deur middel van die visuele, is die blinde persoon ontneem en hy is hoofsaaklik op sy tassintuig en gehoor aangewys om tot kennis van sy omringende wêreld te kom. In die eerste plek is daar sekere basiese ver= skille tussen visuele en taktuele waarneming. Sowel die oog as die oor is sintuie wat oor 'n afstand kan verken. Die tassintuig daarenteen kan nie en dit impliseer dat die persoon wat op sy tassintuig aangewys is, hom moet verplaas en na die dinge moet gaan en hom deur aanraking moontlik aan gevaar moet blootstel. Sekere dinge kan egter nie deur middel van die taktuele verken word nie, byvoorbeeld vuur, 'n masjien in werking en 'n voël in vlug. Om vorm te verken, moet die blinde die voorwerp langs alle kante betas. In teenstelling met die oog wat gelyktydig en globaal waarneem, verken die hand slegs fragmentaries. 'n Denk= beeld van die geheel volg vir die blinde dus uit die kennis van die verhouding tussen die dele (6, bl. 36).

In sekere opsigte is daar egter ook ooreenstemminge tussen waar= neming deur middel van die visuele en die taktuele. Klein voor= werpe soos byvoorbeeld 'n asbakkie en 'n appel kan goedskiks deur enige van die twee sintuie waargeneem word. Voorwerpe wat weens hul afmetinge of onbereikbaarheid nie deur middel van die taktuele waargeneem kan word nie, kan wel aan die hand van getroue en vertroude verkleinde modelle verken word. Sekere ruimtelike gegewens soos byvoorbeeld afstand en rigting kan wel nie taktueel verken word nie, maar is soms wel vir die blinde kenbaar as ge= volg van die geluid wat voortgebring word, byvoorbeeld deur 'n voël in vlug, 'n motor wat naderkom en 'n persoon wat roep. Soms kom sekere optiese kenmerke van voorwerpe met tasbare kenmerke ooreen en kan die blinde dus 'n denkbeeld daarvan vorm. Die begrip "skitterend" korreleer byvoorbeeld met die begrip "ge= poleer". Ook het sekere "visuele begrippe" danksy bepaalde affektiewe of ander assosiasies soms vir die blinde betekenis. Vir 'n persoon wat kan sien, is rooi byvoorbeeld 'n "warm" en blou 'n "koue" kleur (6, bl. 38-39).

Afgesien van verkenning deur te tas met die hand, vind taswaar= neming met die voet ook plaas. Die aard van die oppervlakte waaroor hy loop, stel die blinde in staat om tot kennis van sekere aspekte van die omgewing te kom. In die laaste plek wil na die kinestetiese sintuig verwys word. Die kinestetiese sintuig maak dit vir die blinde moontlik om van die aanwesigheid van byvoorbeeld huise en mure bewus te word sonder om daaraan te raak.

Ondersoeke het aangetoon dat die kinestetiese sintuig aan sowel die gehoorsintuig as taswaarneminge toe te skryf is. 'n Geoefende en aandagtige luisteraar kan klankgolwe wat van nabyliggende hindernisse teruggekaats word, opvang en hulle aan die hand daarvan lokaliseer. Wat betref taswaarneminge, kan temperatuurveranderinge, byvoorbeeld by 'n kruising van strate tussen geboue, deur die blinde op die gelaat waargeneem word (6, bl. 40).

Waar enkele aspekte van die wyse waarop die blinde sy wêreld verken, bespreek is, sal enkele implikasies van sodanige wyse van eksplorasie nou toegelig word. Waar dit by uitstek die visueelwaarneembare is wat die mens uitnooi om na die dinge te gaan en kennis te maak - wat hom in staat stel om sy wêreld te verken en 'n greep op die werklikheid te kry - het die blinde persoon dan ook 'n besondere agterstand in hierdie verband. Om te luister impliseer 'n afwagtende, selfs afgetrokke houding. Op sy beurt impliseer taktuele waarneming dat sekere psigologiese versperringe oorwin moet word. Om te tas beteken nie slegs dat aan iets geraak word nie, maar ook dat die persoon (die blinde) aangeraak word. Om te tas beteken dat die persoon hom moet oor-gee aan die onbekende - hom kwesbaar moet blootstel aan dit wat hy ondersoek sodat sodanige oorgawe selfs vir hom gevaar mag inhou (89, bl. 135; 118, bl. 234-235). Voorwerpe in 'n uitgestrekte gesigsveld openbaar hul spontaan aan die persoon wat sien, sonder dat hy hom vermoei of aan enige gevaar blootstel. Die gebruik van die tassintuig vereis inisiatief asook die verplasing van die persoon om kragtens die denkende bewussyn betekenis te gee aan alles wat hom omring, terwyl onoorkomelike hindernisse die weg kan versper. As 'n siende kind hom seergemaak het, kan hy op die gevaar gewys word en hy kan dit vermy. Die blinde behou die vrees dat hy weer teen iets kan vasloop en homself beseer en gevolglik mag sy bereidheid om sy wêreld te eksploreer, kwyn.

## 2.4 DIE VREEMDHEID VAN DIE BLINDE AAN HOMSELF EN AAN 'N "SIENDE WÊRELD"

'n Volgende kenmerk wat eie aan die gesitueerdheid van die blinde is, is sy vreemdheid aan homself en aan 'n "siende wêreld." Die blinde is op 'n besondere wyse anders as die siende. In 'n wêreld waarin die visuele oorheers, kan hy nie sien nie. Die blinde is nie so seer gestrem omdat hy blind is nie, maar wel omdat hy blind is te midde van siendes en dat juis die siendes die maatstawwe waaraan voldoen moet word, stel. Rowland (1972) verwys na die woorde van Carroll wat aanvoer dat wanneer 'n persoon blind word, hy in 'n sekere sin sterf (58, bl. 5).

Die onvermoë van die blinde om aan sekere eise wat aan hom gestel word, te voldoen, rig hom op homself en die beperkinge van sy liggaam. Hy is blind omdat sy liggaam blind is. Hy is egter ook danksy sy liggaam, en 'n ontkenning van die liggaam vervreem die mens van homself. Van die oomblik dat die siende persoon hom= self in die spieël herken, trag hy om sy identiteit as't ware langs visuele weg te bevestig. Die blinde persoon weet nie hoe hy lyk nie en dra dus mindere kennis van die eie liggaamlike identiteit as die siende. Die minder ken van die liggaamlikheid versterk die verobjektivering van die liggaam en die blinde voel homself bekyk deur die siende. Hy moet hom ook laat bekyk, want dit is die siende wat vir hom vertel hoe hy lyk (89, bl. 139; 118, bl. 56). Die siende kan homself ook eien in die oog van die ander en daarin kan hy byvoorbeeld goedkeuring, respek of afguns aflees. Die blinde moet wag tot aan hom gesê word wat 'n ander van hom dink, en dan kan die opregtheid daarvan steeds betwyfel word.

Bepaalde aspekte van die liggaamlikheid wat vir die siende belang= rik is, is vreemd aan die blinde. Sy houdings en bewegings moet deur ander gekorrigeer word en hy moet hom hou aan maatstawwe wat vir hom onwerklik is. Die blinde kan aan norme soos om sy hare te kam, sy naels skoon te hou en regop te sit as hy eet, nie vanuit sy ervaring inhoud gee nie, en kan die betekenis daarvan nie deur observasie vir hom lewend hou nie (kyk 118, bl. 50).

Die vreemdheid van die blinde aan die ander is egter ook kenbaar in sy verhouding met sy medemens. Die blinde dra sy blindheid as opvallende kenmerk met hom mee en hy word dikwels deur die siende in die eerste plek as verteenwoordiger van 'n vreemde groep behandel. Die voorkoms van die ander, en in besonder die gelaat as trefvlak van die ontmoeting met die ander, is vir die blinde geslote (23, bl. 33). Aangetrokkenheid as gevolg van die ander se voorkoms ('n mooi gelaat, houding of liggaamsbou) is in die geval van die blinde nie moontlik nie. Gesigspel is vreemd aan die blinde en hy kan nie die subtieler nuanses in kommunikasie van die gesig aflees nie – 'n frons, die houding van die kop, 'n trek om die mond of 'n skalkse blik in die oë.

Kennis van die geslagtelike word in 'n groot mate visueel deur die siende jeugdige opgedoen. In die normale verloop van skakeling en verkeer tussen die twee geslagte kan die tassintuig nie in voldoende mate vir die verlies aan gesig kompenseer nie en die oriëntering van die blinde ten opsigte van die geslagtelike ge= skied nie so natuurlik en vanselfsprekend soos in die geval van die siende nie. Waar dit die geval is dat die seun hom met die

manlike identifiseer en doen en is soos 'n man, en die dogter met die vroulike, is sodanige identifikasie op grond van kennis wat visueel opgedoen is vir die blinde nie moontlik nie. Die blinde kan nie sien hoe die man en die vrou teenoor mekaar optree nie; hoe die vrou aantrek en waarom sy so aantrek nie. Die blinde meisie of vrou kan haar voorkoms nie met dié van ander vrouens vergelyk nie en kan haarself nie as vrou in die oog van die man beleef nie. Die blinde seun kan sy manlikheid nie so geredelik aan dié van ander toets nie. 'n Besondere leemte wat betref die oriëntering ten opsigte van die geslagtelike wat deur die ge= situeerdheid van die blinde geïmpliseer word, is die primêr visueel-toeganklikheid van die erotiese. Van jongs af is die fisiese aantreklikheid van die vrou vir die man en die optrede teenoor mekaar in intiemer oomblikke vir die siende kind sigbaar. In rolprente maak kinders hiermee kennis en vele koerante en tyd= skrifte vertoon daagliks foto's en illustrasies waarin die skoon= heid van die vrou - as vrou vir die man - uitgebeeld word. Aan= gesien die blinde nie deur die visueel-waarneembare voorbeeld kan leer van die verinnigde betekenis van man te wees vir die vrou, en vrou te wees vir die man nie, is blindes soms heel onkundig in hierdie verband. Dit gebeur dan ook dat hierdie onkunde hom tydens die intiemer oomblikke tussen man en vrou wreek in 'n gemis aan 'n poëtiese eksplorasie deur die man (29, bl. 1-2; 112, bl. 19).

Ten slotte moet gewys word op die <u>vreemdheid van die blinde in sy verhouding met die dinge.</u> As gevolg van die ontbering van inligting wat deur visuele waarneming bekom word en wat by uit= stek gnostiese betekenis het, het die blinde in sy omgang met die dinge 'n ander relasie tot die dinge as die siende. In die omgang van die blinde met die dinge is daar 'n moment van on= sekerheid, aangesien hy dikwels nie voldoende kan waarneem nie en kan twyfel of sy waarneming korrek is. Wanneer 'n hond blaf, sal die blinde hom afvra of die dier gevaarlik is, al dan nie. Hy weet nie altyd waarom die hond blaf nie; hy weet nie of die dier gemuilband is, of deur 'n draad van hom geskei is, of vasge= ketting is nie. Die dinge blyk dus in hul verhouding tot die blinde van hul omgangskarakter beroof te wees aangesien hulle vyandig is in die sin dat hulle vir die blinde onkenbaar is; dat hulle ondiensbaar en weerbarstig is en selfs 'n regstreekse bedreiging inhou (118, bl. 23, 37-38).

Die blinde kind mag al meer van die wêreld as 'n bedreiging of gevaar bewus word en sy affektiewe belewing mag in so 'n mate oorheersend word dat hy hom nie gevoelsmatig van die dinge kan distansieer nie (kyk 35, bl. 96). Indien die blinde kind sy

moontlike afkeer van die dinge nie te bowe kan kom nie, kan dit gebeur dat hy vir homself 'n verbeeldingswêreld as werklikheid optower en dat hy na 'n fantasiewêreld ontvlug waar daar minder teenstand is om te oorwin.

## 2.5 DIE ONVRYHEID VAN DIE BLINDE EN DIE INPERKING VAN SY MOONTLIKHEID TOT SELFBESKIKKING

Die onvryheid van die blinde en die inperking van sy moontlik=hede tot selfbeskikking is inherent aan die gesitueerdheid van die blinde. Die onvryheid van die blinde word vergestalt in sy afhanklikheid van ander. Nie alleen in aangeleenthede van uiterlike versorging nie, maar in vele ander aangeleenthede wat soms die mees persoonlike sake insluit, is die blinde op hulp aangewys. Deur slegs te probeer dink aan aktiwiteite waarin visuele vermoë nie 'n rol speel nie, word gou tot die besef ge=kom van die beperkinge ten aansien van die moontlikheid tot selfbeskikking wat op die blinde gelê word. Daar sal haas geen dag verby gaan dat hy sy hulpeloosheid in hierdie verband nie besef nie. Die blinde wat inkopies wil gaan doen, sy eie geld=sake wil hanteer, 'n brief ontvang en dit wil lees of 'n bus wil haal, is op hulp van siendes aangewys.

Die siende persoon kan in veel groter mate as die blinde doen wat hy wil, waar hy wil en wanneer hy wil; met ander woorde die grense waarbinne 'n persoon moet besluite neem, is vir die siende veel ruimer gestel. Die blinde moet noodwendig ooreenkomstig die beperkinge wat sy gestremdheid hom oplê, besluit. Sy keuse=vryheid as mens word in sekere opsigte deur sy gestremdheid misken. Die beroepskeuse van die blinde word byvoorbeeld eerder deur sy gestremdheid, as deur sy belangstelling bepaal. Die onversoenbaarheid van sy keusevryheid as mens en sy keusege=bondenheid as blinde mens, is vir die blinde steeds 'n struikel=blok in sy strewe na selfbeskikking.

## 2.6 DIE MOONTLIKHEID VAN DIE MISKENNING VAN DIE VOLWAARDIGHEID VAN DIE BLINDE PERSOON

'n Volgende aspek wat eie aan die gesitueerdheid van die blinde persoon is, is die moontlikheid van die miskenning van sy vol=waardigheid as mens deur die siende. In die eerste plek moet dus 'n antwoord gevind word op die vraag of die blinde wel vol=waardig mens is. Volwaardigheid kan verbind word met die moontlik=heid van die mens om 'n sekere prestasie te kan lewer, byvoorbeeld 'n arbeidsprestasie. Die beperkinge wat op die blinde gelê is wat betref beroepsbeoefening, is welbekend en volgens sodanige

beskouing kan wel getwyfel word oor die volwaardigheid van die blinde. Die volwaardigheid van die mens word soms egter ook met sy moontlikheid om sy eie brood te verdien, in verband ge=bring. Sodanige beskouing impliseer dat die vraagteken van onvolwaardigheid oor blindes en oor alle persone wat nie ekono=mies selfstandig is nie, bly hang (118, bl. 87–88).

Die mens moet egter slegs in die lig van homself as moontlik=heid, as volwaardig gesien word. Vir alle mense, ook vir die siende, is grense gestel waarbuite hy onvolwaardig is. Hierdie grense is vir elke mens anders gestel en is oor die algemeen vir die siende wel ruimer getrek as vir die blinde persoon. Die blinde persoon wat sy beperkthede aanvaar en daarmee die beperkinge van blind-wees erken, sal binne dié grense wel volwaardig kan wees. Die blinde word onvolwaardig wanneer hy trag om hierdie grense te oorskry en "soos 'n siende te handel" (118, bl. 90–91). Dit kan dus gestel word dat die moontlikheid van die miskenning van die volwaardigheid van die blinde persoon in die eise van 'n siende wêreld en die gesindheid van siende persone geleë is.

Die ganse samelewing is gebaseer op die vanselfsprekende aan=vaarding dat 'n persoon kan sien. Die blinde kan nie sien nie, en leer van jongs af deur bittere ondervinding dat sekere dinge nie vir hom beskore is nie en dat hy nie kan doen wat siendes kan doen nie. In 'n wêreld waarin die visuele oorheers, kan die blinde aan vele eise wat gestel word, nie voldoen nie. Namate die blinde kind ouer word, kom hy al meer tot die besef dat hy anders, gewoonlik minder as ander is. Sy besondere afhanklikheid van die hulp van siendes in soveel alledaagse aktiwiteite beleef die blinde dan ook as 'n agterstand en 'n "minderwees" (kyk 10, bl. 154).

Die blinde kan die miskenning van sy volwaardigheid egter ook in die gesindheid van siende persone jeens hom beleef. Menslike bestaanswyse word steeds in verhouding tot ander – die medemens – voltrek. Die wêreld is dit wat met die ander gedeel word. Die blinde is slegs minder as die siende as die siende hom verhinder om medemens te wees. As die siende die reg van die blinde er=ken om medemens te wees, word hy as volwaardige mens erken, dit wil sê as medekonstitueerder van wêreld (89, bl. 140; 23, bl. 36). Dit kan dan gestel word dat algehele aanvaarding van die blinde deur die siende onder andere sou impliseer dat die siende van die geselskap van die blinde hou en dat hy sy teen=woordigheid verlang (kyk 57, bl. 18).

Met die blykbare "onvermoë" van sommige siendes tot algehele

aanvaarding van die blinde, maak die blinde egter reeds van jongs af kennis. Dit gebeur dat ouers hul blinde kind oorbeskerm of verwerp en daardeur blyke gee dat hulle hom as moontlikheid nie erken nie. Wanneer daar kuiergaste is, word die blinde kind soms nie vorentoe geroep om te kom groet nie en word sy bestaan as geliefde kind van sy ouers sodoende ontken. Later in sy lewe kom die blinde met mense in aanraking wat vele wanbegrippe en vooroordele ten opsigte van blindes koester, hulle as verteen=woordigers van 'n ander tipologie beskou en dienooreenkomstig bevooroordeeld benader (118, bl. 20). Dit gebeur byvoorbeeld dat 'n siende persoon 'n ander siende die naam van sy blinde metgesel sal vra sonder om die blinde direk aan te spreek, of dat 'n kelner aan die siende persoon sal vra wat sy blinde metgesel wil eet of drink. Teenoor die blinde persoon word dus nie slegs opgetree in ooreenstemming met die beperkinge wat die blindheid op hom lê nie, maar ook asof hy nie kan hoor, kan verstaan, of vir hom=self kan besluit nie. Sy menswaardigheid as medemens word ontken en sy andersheid verabsoluteer.

Die blinde beleef sy onvolwaardigheid dus in die eise van 'n siende wêreld en die gesindheid en optrede van siende persone. Die miskenning van die volwaardigheid van die blinde persoon as mens strem hom in die verwerking van sy gestremdheid en in die konstituering van 'n positiewe selfbeeld as aangeleentheid van persoonswording en latere verwerwing van volwassenheid.

## 2.7 DIE MOONTLIKHEID TOT SELFVERWERKLIKING DEUR DIE BLINDE PERSOON

Die blinde is volwaardig mens. Binne die moontlikheidsgrense wat vir hom getrek is, is hy moontlikheid en kan hy homself as moontlikheid verwerklik. Hy besef dat hy blind is. Die feit dat hy kennis dra van sy eie gesitueerdheid stel hom in staat om homself daarvan te distansieer en hom te weerhou van ondergang in sy blindheid (118, bl. 84). Om daarin te slaag, moet die blinde homself as blind aanvaar. Slegs deur aanvaarding kan hy tot selfverwerkliking kom. Daar is egter baie struikelblokke op sy pad na selfaanvaarding en selfverwerkliking.

Verskillende terreine van selfverwerkliking wat vir die blinde toeganklik sou wees as hy kon sien, is vanweë sy blindheid vir hom gesluit. 'n Blinde persoon mag byvoorbeeld oor die moontlik=hede beskik om die noukeurigste presisiewerk met sy hande te verrig en daarby ook besonder intelligent wees, maar sonder visuele vermoë is 'n beroep as sjirurg egter vir hom uitgesluit. 'n Blinde mag besondere aanleg vir die beoefening van sekere

sportsoorte hê, dog sonder visuele vermoë kan hy nie 'n bal vang of slaan nie. Die fisiese beperktheid van die blinde belemmer sy keusevryheid ten aansien van selfverwerklikingsmoontlikhede en laat hom so dikwels magteloos en verydel.

Die mens verwerklik sy moontlikhede in die wêreld van die dinge. Die onkenbaarheid en ondiensbaarheid (die weerbarstigheid) van die dinge in die werklikheid waarmee die blinde in dialoog moet tree, maak hom meer bewus van die eie liggaamlikheid. Die gestremdheid word op homself teruggewerp, hy is meer in homself gekeer en in 'n mindere mate as die siende op die wêreld van die dinge gerig. Dit alles beteken dat hy minder 'n aanwesigheid van homself beleef, dat hy minder betrokke met die werklikheid is en dat hy homself as moontlikheid minder verwerklik (118, bl. 55-56).

Selfverwerkliking impliseer ook om outentiek aan jou menswees gestalte te gee, om self wêreld te interpreteer en self wêreld te maak, deur 'n persoonlike stempel op die eie wyse van bestaan af te druk. Die blinde is in 'n besondere mate op die siende aangewys om sy wêreld vir hom te verduidelik en te verklaar en om te doen en te dink soos aan hom voorgehou word. Die gesitueerd=heid van die blinde impliseer dus sekere beperkinge op die moontlikheid van selfstandige stellinginname; impliseer 'n sekere mate van noodwendige konformiteit. Blinde kinders is soms opvallend in hul enersheid en hul naïewe navolging. Die mens as skepsel is egter ook as skepper gebore en hunker daarna om uitdrukking aan die uniekheid van die eie bestaan te gee. Elke lewensuiting werk bevrydend en stel die mens in staat om hom van homself te distansieer (112, bl. 27-28). Vir die blinde is verskillende wyses en terreine van kreatiewe selfverwerkliking egter gedeeltelik of geheel ontoeganklik.

Volkome bevryding van die blindheid is slegs moontlik as die blinde blind wil wees, aldus Van Weelden. Dat aanvaarding van die blindheid en selfverwerkliking vir die blinde egter moontlik is, is 'n ervaringsfeit (118, bl. 56). Selfverwerkliking word egter bemoeilik deur die blinde se gebondenheid as gevolg van die blindheid.

## 2.8 DIE DUBIEUSE TOEKOMSPERSPEKTIEF VAN DIE BLINDE

Die mens is toekomstigheid - gerigtheid op die toekoms is wesenlik aan menslike bestaan. Die blinde daarenteen beleef 'n onsekere toekomsverwagting, aangesien sy liggaamlike gestremd=heid sy toekomsperspektief verduister (89, bl. 140-141). Die

blinde kind word in 'n toenemende mate bewus van die negatiewe gesindheid van siendes teenoor blindheid en van die praktiese probleme wat blind-wees in 'n siende wêreld impliseer. 'n Toe=nemende gevoel van onsekerheid oor die toekoms vat dan ook by hom pos. Hierdie onsekerheid beleef hy veral aangaande sy beroepstoekoms, sy aanvaarding deur sy toekomstige kollegas en sy suksesvolle sosiale inskakeling in 'n siende gemeenskap. Hy voel ook onseker oor die moontlikheid van 'n huwelik en 'n gelukkige gesinslewe (42, bl. 179-180). In laasgenoemde verband is die moontlikheid van die oordraging van blindheid deur oor=erwing ten aansien van 'n nageslag en die morele implikasies daarby betrokke, vir sommige blinde persone 'n verdere bron van kommer.

Die beperkte beroepsmoontlikhede wat daar vir blindes bestaan, kan in besonder die meer intelligente blinde persoon nadelig tref. Slegs enkele professionele en semi-professionele beroepe is vir blindes toeganklik en dit is soms problematies om hierdie blinde persone ooreenkomstig hul moontlikhede in beroepe in te skakel. Dit het dan ook geblyk dat die intensionaliteit van die blinde leerlinge geleidelik verswak na gelang beroepe in ooreen=stemming met sy aspirasies en belangstelling nie vir hom toe=ganklik blyk te wees nie. Daarenteen is daar hernude gerigtheid by die blinde kind en dikwels 'n verbetering in sy skolastiese prestasies sodra die moontlikheid van 'n gekose beroep as hy eventueel die skool verlaat, bevestig word.

Die blinde wil ook self iemand wees en self iemand word. Daar bestaan dan ook by die meeste blinde persone 'n hunkering om 'n beroep in die ope arbeidsmark te vind en vol te staan. Deur te werk, diensbaar en finansieel onafhanklik te wees, kan die blinde sy moontlikheid tot 'n sinvolle en vrugbare inskakeling in 'n siende gemeenskap verwerklik. Die verheldering van die sin en betekenis van die lewe hou vir baie blinde persone noue verband met sy suksesvolle inskakeling in die siende gemeenskap.

## 2.9 DIE NOODWENDIGHEID VAN VOLGEHOUE INTELLEKTUELE VERWERKING DEUR DIE BLINDE

Die gesitueerdheid van die blinde impliseer dat daar by hom in 'n groter mate as in die geval van die siende, sprake is van die noodwendigheid van volgehoue intellektuele verwerking en inspanning om in 'n wêreld waarin die visuele oorheers, tereg te kom. Die blinde kan nie met 'n oogopslag kennis neem van die feitelike gegewens aan die hand waarvan hy hom kan oriënteer en sy weg kan vind nie. Die blinde kan nie gryp met die blik en in die

lig daarvan sy wêreld deurgrond nie. Inligting met die meeste gnostiese betekenis, naamlik dié wat deur visuele waarneming bekom word, is nie vir die blinde toeganklik nie (118, bl. 23). Waar dit wat visueel waargeneem word "van-self-spreek", moet die blinde deur te tas en te luister die dinge met hom "laat spreek".

Verkenning deur te tas impliseer fragmentariese verkenning. Deur interpretasie van die dele moet 'n denkbeeld van die geheel gevorm word. Verkenning deur te tas, impliseer ook dat na die dinge gegaan moet word, met ander woorde liggaamlike verplasing. Liggaamlike verplasing verg van die blinde intellektuele in=spanning (kyk 2.3 en 2.5). Verder is sommige dinge in die werk=likheid taktueel onkenbaar, byvoorbeeld rigting, afstand, wolke, kleur, gesigsuitdrukkinge en visueel-toeganklike skoonheid. Die blinde moet aan die hand van verduidelikinge 'n eie denkbeeld vorm en dit impliseer intellektuele inspanning. Die deurgronding van sy wêreld deur die blinde impliseer in 'n besondere mate 'n voortdurende gerigtheid op dit wat vir hom gnostiese betekenis mag hê.

Aangesien dit vir die blinde nie moontlik is om kennis op te doen deur summier visueel waar te neem nie, is hy in 'n besondere mate daarop aangewys om te memoriseer. Die relatief ontoeganklik=heid van die werklikheid vir die blinde impliseer dat sy moontlik=heid tot selfbeskikking in 'n besondere mate met 'n goeie geheue verband hou. Die blinde persoon moet byvoorbeeld onthou waar hy sy hoed neergesit het, om sy hare te kam en waar die stoele in 'n vertrek geplaas is (kyk 6, bl. 25-26). Alledaagse aktiwiteite wat die siende persoon verrig sonder om eers een keer aan die implikasies daarvan te dink, verg van die blinde noukeurige beplanning - die meeste besluite is vir die blinde gewigtige besluite. Hier kan gedink word aan aktiwiteite soos om 'n bus te haal, inkopies te gaan doen en 'n vergadering by te woon. Wat vir die siende ontspanning is, is dikwels vir die blinde inspan=ning. Die blinde word inderdaad tot voortdurende verwerking gedwing en sodanige intellektuele aktiwiteit het 'n sekere mate van vermoeidheid tot gevolg.

## 2.10 DIE BLINDE EN SY VERHOUDING TOT DIE RELIGIEUSE

Vir die blinde is dieselfde verhouding tot God moontlik as vir die siende, en hy kan ook die vervulling en vernuwing beleef wat die "nabyheid" van God moontlik maak. Blindheid kan egter wel 'n versperring op die weg na God wees wanneer die mens die eie leed verabsoluteer en God tot verantwoording roep (118, bl. 57). Die vraag na die waarom van die blindheid bly dan

onbeantwoord en dit kan daartoe lei dat die blinde in sy verhouding tot God worstel om sy eksistensie te aanvaar en steeds voor die vraag na die sin van sy leed te staan kom (89, bl. 41). Wanneer die blinde egter glo dat God inhoud en sin aan sy lewe gee, verander sy gesindheid ten opsigte van die blindheid en kan hy sy blindheid as opdrag aanvaar. In die lig van die heils=verbond kan die blinde tot aanvaarding en verwerking van sy gestremdheid kom.

## 2.11 SLOTOPMERKING

Samevattend kan dit gestel word dat die blinde ten aansien van die dinge, ten aansien van homself en ten aansien van ander in 'n verhouding leef wat kwalitatief anders is as die verhouding van die siende ten opsigte van sý leefwêreld. In die lig van wat essensieel kenmerkend van die besondere gesitueerdheid van die blinde is, moet die opvoeding en onderwys van die blinde kind dan ook beplan word.

# 3 ENKELE BREË RIGLYNE TEN AANSIEN VAN DIE OPVOEDING EN ONDERWYS VAN BLINDE KINDERS

## 3.1 INLEIDING

In die lig van die besondere gesitueerdheid van die blinde per=soon is gepoog om enkele riglyne ten aansien van die opvoeding en onderwys van blinde kinders te formuleer. Hierdie riglyne kan nie as onafhanklik van mekaar beskou word nie en uit die bespreking sal die interafhanklikheid daarvan dan ook blyk.

## 3.2 DIE NOODWENDIGHEID VAN GEDIFFERENSIEERDE ONDERWYS

Die kwalitatiewe ongelykheid van mense word geopenbaar in ver=skille ten aansien van aangeleenthede soos onder andere verstande=like vermoëns, emosionaliteit, aanleg en belangstelling. Wat betref gesigsgestremde kinders manifesteer 'n verdere ongelykheid sigself in die feit dat hierdie kinders ten aansien van gesigs=vermoë anders is as normaalsiende kinders wat dan 'n besondere gesitueerdheid impliseer. Vir hierdie ongelykheid moet sodanig voorsiening gemaak word dat elke kind tot sy maksimale ontplooi=ing sal kan kom. Die wyse waarop daar in 'n opvoedings- en onderwysprogram vir sodanige ongelykheid voorsiening gemaak moet word, is deur middel van gedifferensieerde onderwys wat onder andere gedifferensieerde studie- en beroepsopleidingsrigtings, asook gedifferensieerde aanbieding, kurrikula en sillabusse im=pliseer.

## 3.3 GEDIFFERENSIEERDE OPVOEDINGSHANDELING MAAR ONGEDIFFERENSIEERDE OPVOEDING

Menslike bestaan is 'n met waardes gemoeide bestaan. Hierdie waardes en hul gepaardgaande norme kan vir die een mens nie anders as vir die ander mens wees nie. Daarom sal daar ongedifferensieerde opvoeding wees wat wel gedifferensieerde opvoedingshandeling vereis weens die kwalitatiewe ongelykheid van mense (53, bl. 123–124).

## 3.4 GERIGTHEID OP DIE LEWENSWERKLIKHEID (kyk 2.3 en 2.4)

Alhoewel blind, sal die kind in 'n wêreld waarin die visuele oorheers, tot selfverwerkliking moet kom. Reeds van sy eerste skooljare af moet die blinde kind met die werklikheid gekonfronteer word en werklikheidsbelewing deur die blinde kind moet een van die belangrikste doelstellinge van die skool vir blindes (in besonder die residensiële skool vir blindes) wees. Heslinga (1964) skryf soos volg: "Men moet de blinde internaatspupil zoveel mogelijk de maatskappelijk realiteit laten ervaren en hem dus niet te veel 'interneren'" (27, bl. 39). Gerigtheid op die lewenswerklikheid impliseer eerstehandse kennismaking met die dinge in die werklikheid. Die blinde kind moet dus nie slegs van die dinge vertel word nie, maar self daarmee omgaan en deur middel van sy sintuie tot eie kennisname gebring word.

## 3.5 DIE EIE WERKLIKHEID VAN DIE BLINDE AS RIGLYN

Die feit dat die kind blind is in 'n wêreld waarin die visuele oorheers, impliseer dat die blinde met 'n eiesoortige werklikheid gekonfronteer word. Die blinde kind moet dan ook gehelp word om nie die eie werklikheid af te wys en hom geheel te laat bepaal deur die werklikheid van die opvoeder nie. Indien dit sou gebeur, sou dit beteken dat hy sy "blindheid" ontken. Van Weelden (1961) waarsku dan ook teen 'n opvoedingspraktyk, waarin oorbeklemtoon word dat die blinde kind hom soos 'n siende moet gedra, as hy hom soos volg uitlaat: "De tragiek is dat bij de opvoeding van het blinde kind zo de nadruk komt te liggen op de aanpassing aan zienden gedrag, dat deze aanpassing daardoor tot doel der opvoeding wordt." En verder: "En deze werkelijkheid leert ons als ervaringsfeit, dat een groot aantal blinden zich verzetten tegen een gereduceerde vorm van bestaan en naar een volwaardige wijze van omgaan met zichzelf zoeken" (118, bl. 216). Die blinde kind mag nie onder die indruk gebring word dat hy hom moet uitlewer om opgevoed te word nie.

Die feit dat die kind blind is in 'n wêreld waarin veral ook ten aansien van die visuele sekere eise aan die mens gestel word, impliseer verder ook dat daar vir die blinde kind sekere grense getrek is waarbuite eise wat aan hom gestel word, daartoe kan lei dat sy menswaardigheid geweld aangedoen word (kyk 2.6). Hierdie grense moet sowel in die pedagogiese en didaktiese be=moeienis wat met hom gemaak word as in die toekomsbeeld wat aan hom voorgehou word, eerbiedig word. Om te ontplooi verg pers=pektief (kyk 2.8). Dit is dan die taak van die onderwyser (voor=ligter) om 'n getroue beeld van die toekoms (insluitende die probleemsituasies waarmee hy gekonfronteer gaan word) aan die blinde kind voor te hou aan die hand waarvan hyself (die kind) toekoms kan ontwerp.

## 3.6 GERIGTHEID OP "VERAANSKOULIKING" IN DIE LEERSITUASIE

Waar die normaalsiende kind veral ook by wyse van visuele ver=kenning tot werklikheidsbelewing en suiwere begripsvorming kan kom, moet die blinde kind veral deur te tas en te luister met sy wêreld vertroud raak (kyk 2.3). Afgesien van na die dinge geneem te word, moet die werklikheid met behulp van die inskake=ling van onderwyshulpmiddele wat vir die sensoriese toerusting van die kind toeganklik is, in die klaskamer "veraanskoulik" word (42, bl. 174). Onderwyshulpmiddele moet dus gebruik word wat die leerinhoud (snit van die werklikheid) teenwoordig en toegank=lik stel en waardeur leerlinge tot oorspronklike en lewensnabye ervaring kan kom, sodat nie slegs die kind in staat gestel word om makliker 'n greep op die werklikheid te verkry nie, maar ook dat die onderwyser se onderrig aan die hand daarvan doeltreffender kan verloop. Daar sal egter teen gewaak moet word om leerlinge nie te lank of aanhoudend by hulpmiddele as tasbare en hanteer=bare objekte betrokke te hou nie, aangesien hulle juis veronder=stel is om deur abstrahering 'n meer blywende greep op die werk=likheid te verkry (56, bl. 5-7, 29-33).

## 3.7 DIE WESENLIKHEID VAN DIE BEVORDERING VAN DIE BEWEGINGS-MOONTLIKHEDE VAN DIE BLINDE KIND

Die bewegingsmoontlikheid (mobiliteit) van die kind stel hom in die geleentheid om sy fisiese ontwikkeling te verseker, sy wêreld te verken en te verruim, sy beleweniswêreld uit te brei en sodoende sy harmonieuse ontplooiing te verseker (kyk 9.1.3). Van Rijnbach (1964) noem dat die kind nie "meer kan wees" as wat hy beleef het nie en hy verwys na die volgende woorde van Kwant: ".... alle woorden en uitdrukkingen, die de ruimte en ruimtelijke verhoudingen tot uitdrukking brengen; zij zijn slechts verstaan=

baar vanuit de wijze waarop de mens in de ruimte existeert .... van een horizon kan slechts hij spreken, wiens gezichtsveld in het onbepaalde verloopt" (116, bl. 43).

Die bewegingsmoontlikhede van die blinde kind, en daarmee ook sy belewingsgeleenthede, is ingeperk. Sy omringende wêreld nooi die blinde kind in 'n mindere mate as in die geval van normaal=siende kinders tot kennismaking, aangesien visuele verkenning ontbreek. Om te luister impliseer afwagting en onbeweeglikheid. Om te tas veronderstel dat noodwendig na die dinge gegaan moet word wat 'n element van gevaar vir die blinde kind inhou en tot gevolg kan hê dat die kind in homself keer en nie meer verlang om met die dinge kennis te maak nie (kyk 2.3). Die blinde kind moet dus gehelp word om hom aan die eie liggaam te oriën=teer, om in relasie te tree met die ruimte en dit te orden. Sodoende sal hy geborgenheid beleef en die ruimte nie as be=dreiging ervaar nie. Hoe meer volkome die ruimtelike oriëntasie van die blinde kind, hoe veiliger sal hy hom in die beweging=situasie ag en hoe doelgerigter sal hy in sy bewegings wees (36, bl. 102, kyk 46, bl. 123-124).

## 3.8 DIE SELFSTANDIGHEIDSONTPLOOIING VAN, EN VERANTWOORDELIK=HEIDSAANVAARDING DEUR DIE BLINDE KIND

Verantwoordelikheid en selfstandigheid is onderskeibare wesen=likhede van volwassenheid. Die grondwoord van die begrip "verantwoord-elikheid" is die antwoord wat elke mens op sy aangesprokenheid van buite en van Bo moet gee - die gehoorsaam=heid wat aan die norm van behoorlikheid betoon moet word. Die begrip selfstandigheid kan met die gedagte <u>self staan</u> verhelder word - dus self 'n eie staanplek verower. Sodanige selfstelling=name kan ook gekwalifiseer word as 'n innerlike onafhanklikheid van ander (53, bl. 130).

Nou is dit so dat die gesitueerdheid van die blinde 'n besondere mate van onvryheid impliseer en die inperking van sy moontlik=hede tot selfbeskikking word in sy afhanklikheid van ander verge=stalt (kyk 2.5). Om die selfstandigheidsontplooiing van die blinde kind te bevorder en verantwoordelikheidsaanvaarding by hom te bevestig, moet begin word deur hulpverlening aan blinde kinders ten aansien van die verrigting van die mees elementêre take. Deur volgehoue positiewe beklemtoning van die mate van uiterlike onafhanklikheid wat hy wel kan bereik, kan die kind onderskraag word in die verheffing van sy selfbeeld en verwer=wing van innerlike onafhanklikheid waarmee blyke gegee word van selfstandige taakaanvaarding en taakvervulling.

## 3.9 DIE ALGEHELE AANVAARDING VAN DIE BLINDE KIND EN SELFAANVAARDING DEUR DIE BLINDE KIND (kyk 2.6)

Algehele aanvaarding van die kind (ook as blinde kind) deur die opvoeder en die daaruit voortspruitende vergestalting van 'n vertrouensverhouding tussen opvoeder en kind, is essensieel indien die blinde kind tot verwerking van sy gestremdheid en selfaanvaarding gehelp wil word. Algehele aanvaarding impliseer dat die kind as moontlikheid erken word, dit wil sê dat die kind nie voortdurend op sy beperkthede as tekortkominge gewys word nie en dat bejammering, oorbeskerming en verwerping verdring word deur 'n positiewe gerigtheid op die ontplooiingsmoontlikhede van die kind. Verder impliseer algehele aanvaarding dat die kind ook as blinde kind aanvaar word wat beteken dat hy binne die grense wat vir hom as blinde gestel is, as volwaardige mens erken word en steeds geliefde kind bly. Die verwagtinge wat van hom gekoester word, sal dus getemper word deur begrip van sy besondere gesitueerdheid.

By wyse van sy aanvaarding deur die opvoeder as kind en die erkenning van hom as moontlikheid, kan die blinde kind gehelp word tot verkryging van insig in sy eie gesitueerdheid en daardeur tot selfaanvaarding kom wat impliseer dat verantwoording vir eie bestaan aanvaar word. Selfaanvaarding impliseer dus nie 'n afwysing van die gestremdheid nie, maar wel dat die kind die blindheid as deel van hom aanvaar - dat hy die gestremdheid in der waarheid transendeer en poog om sy moontlikhede in harmonie met die lewenswerklikheid, te verwerklik (118, bl. 95 en 210). Ten slotte moet beklemtoon word dat die heilsverbond as hoeksteen vir volkome aanvaarding en verwerking van die gestremdheid van die grootste belang is (kyk 2.10). In hierdie verband verwys De Vries (1964) na die volgende uitspraak van 'n blinde persoon: "Deze aanvaarding is slechts mogelijk als we het leven zien, niet als een spel van een grillige noodlot, maar als een opdracht die wij ontvangen uit Godshand" (15, bl. 69). God word dan nie tot verantwoording geroep nie, maar verantwoording word vir eie bestaan aanvaar.

## 3.10 GERIGTHEID OP DIE SOSIALE INSKAKELING VAN DIE BLINDE KIND

Konfrontasie met die werklikheid en werklikheidsbelewing deur die blinde kind (kyk 3.4) impliseer in besonder ook dat blinde kinders geleentheid tot sosiale inskakeling met normaalsiende persone gebied moet word. Dit is nie genoeg dat blinde kinders vertel word van hoe hulle in die geselskap van siendes behoort op te tree en watter eise aan hulle gestel gaan word nie. Hulle

moet ook saam doen, saam werk en saam speel, saam beleef (kyk 10.1.4.g.). De Vries (1964) verwys in hierdie verband na die volgende woorde van 'n blinde dame aangaande 'n skool vir blindes en haar eie toetrede tot die gemeenskap: "Daar was het onze wereld; waarin ik mij volledig thuisvoelde, nu kwam ik in een wereld, die niet de mijne was, die mij wel accepteerde, maar dan toch zo, dat ik het gevoel had er buiten te staan" (15, bl. 61). Doelgerigte pogings tot sosiale inskakeling moet deur die ouers en die skool beplan word en kan tydens spel en ander vryetydsaktiwiteite, deelname aan kulturele bedrywighede, naweekuitstappies en vakansiebedrywighede, maar ook tydens meer formele skoolse aktiwiteite geskied. In besonder moet daarteen gewaak word dat blinde kinders nie in die geselskap van siendes hul eie eksklusiewe groepies vorm nie, aangesien daar van sosiale verkeer tussen blinde en siende kind dan weinig tereg sal kom.

Vervolgens moet op die oriëntering van die blinde kind ten aansien van die geslagtelike as faset van sosiale inskakeling gewys word (kyk 2.4). Waar kennis en begrip van geslagsaangeleenthede by siendes aanvanklik hoofsaaklik visueel verwerf word, impliseer die gesitueerdheid van die blinde kind in hierdie opsig 'n besondere agterstand en ontstellende onkunde in hierdie verband is by blinde kinders en selfs ook by getroude blinde persone gevind (29, bl. 2-3). Van der Zwan (1964) skryf soos volg: "Extra begrip en informatie hebben vooral de 11 à 12 jarigen nodig, terwijl in de puberteit en post-puberteit een eerlijke benadering en volkomen openhartige behandeling van alle voorkomende onderwerpen gewenst is" (112, bl. 32). In besonder moet gepoog word om, afgesien van die verskaffing van inligting, die regte gesindheid ten aansien van die geslagtelike by die kind te bevestig wat onder andere 'n verantwoordbare voorlewing deur ouers en personeel van die verhouding tussen die geslagte vereis.

## 3.11 HULPVERLENING TEN AANSIEN VAN VRYETYDSBESTEDING

Vrye tyd is die tyd wat 'n mens deurbring met aktiwiteite van eie keuse en vir eie genoegdoening. Die noodwendigheid van besondere intellektuele inspanning (kyk 2.9) deur die blinde kind en die vermoeienis wat dit meebring, beklemtoon die aktualiteit van vryetydsaktiwiteite as ontspanningsaangeleentheid vir hierdie kind. Die genoemde beperkinge ten aansien van die moontlikheid tot vrye beweging (kyk 2.3), tot selfverwerkliking (kyk 2.7) en tot selfbepaling (kyk 2.5) wat deur die besondere gesitueerdheid van die blinde geïmpliseer word, beperk uit die aard van die saak ook sy deelname aan vryetydsaktiwiteite

en die moontlikheid om saam met ander kinders in groepaktiwiteite betrek te word. Dit is dus nodig om veral wat betref die jonger blinde kinders, hul vryetydsbesteding te help beplan en moet die volgende aspekte onder andere by sodanige beplanning in gedagte gehou word:

a. Die keuse van die kind ten aansien van die wyse waarop hy sy vrye tyd wil bestee, moet gerespekteer word.

b. Vryetydsaktiwiteite wat die kind na skoolverlating kan voortsit, sal die blinde kind besonder goed te stade kom.

c. Vryetydsaktiwiteite wat blindes saam met siendes kan beoefen, sal hul sosiale inskakeling bevorder.

d. Vryetydsaktiwiteite wat blinde kinders saam met hulle ouers kan beoefen, kan baie beteken ter verstewiging, uitbouing en verinnerliking van die ouer-kind-verhouding.

e. Vryetydsaktiwiteite kan onder andere ook so gekies word dat die fisiese ontwikkeling en mobiliteit van die blinde kind deur die beoefening daarvan bevorder word.

f. Vryetydsaktiwiteite kan ook in besonder so beplan word dat aan blinde kinders die geleentheid gegee word om hul skeppingsmoontlikhede te verwerklik (kyk 3.12).

## 3.12 GELEENTHEDE OM HULSELF AS SKEPPINGSMOONTLIKHEID TE VERWERKLIK

Die mens as skepsel is ook as skepper gebore. Selfverwerkli= king impliseer dat die mens outentiek aan sy menswees gestalte gee, dat hy sy "moontlikhede word". Van der Zwan (1964) skryf soos volg: "Expressie is de noodzakelijke levensuiting van een kreatief mens ..... Elke levensuiting, elke expressie werkt bevrijdend ...... je komt dan ineens los-van-je-zelf te staan, je kunt afstand nemen van jezelf doordat je je bevrijd voelt van ongewenste en soms gevaarlijke spanningen" (112, bl. 27-28).

Die mens verwerklik hom onder andere in die wêreld van die dinge as moontlikheid. Die gesitueerdheid van die blinde im= pliseer dat hy in 'n mindere mate as die siende by die dinge kan wees wat tot gevolg kan hê dat sy gestremdheid op homself teruggewerp en hy in homself gekeer word. Dit beteken dat hy minder werklikheidsbetrokke is en homself as moontlikheid minder verwerklik. Ook is die blinde kind in 'n besondere mate op die siende aangewys om die omringende wêreld vir hom te verduidelik en te verklaar wat beperkinge plaas op die moontlikheid van selfstandige stellingname. Verder is sekere terreine waarop die mens hom as skeppende moontlikheid verwerklik vir die blinde

ontoeganklik (kyk 2.7).

Daar bestaan egter nie soseer skeppende terreine nie, maar wel skeppende mense. Op verskillende wyses kan 'n beroep dus op die soms sluimerende skeppingsmoontlikhede van die blinde kind gedoen word. Die taal is die belangrikste skeppingsmedium en vir die kind om taal skeppend (outentiek) te gebruik, moet die taal opgebou word vanuit die belewingswerklikheid (kyk 3.4). Die blinde kind moet egter ook die geleentheid gebied word om sy skeppingsmoontlikhede te verwerklik deur die beoefening van ander aktiwiteite wat hul in 'n besondere mate tot skeppende deelname leen (byvoorbeeld uitvoerende en beeldende kunsvorme en handwerk as skeppingsmedia).

# 4 'N BONDIGE HISTORIESE OORSIG VAN DIE TOTSTANDKOMING EN UITBREIDING VAN ONDERWYS VIR BLINDE LEERLINGE IN DIE RSA

## 4.1 DIE AANDEEL VAN DIE NG KERK

Die NG Kerk het die inisiatief geneem wat betref die opvoeding en onderwys van veral die Afrikaanssprekende gestremde en in besonder ook van Afrikaanssprekende blinde kinders, in die RSA. Barmhartigheidsoorweginge, asook die feit dat Afrikaanse ouers verplig was om hul dowe kinders na 'n Rooms-Katolieke skool in Kaapstad te stuur, was die stukrag agter die stigting in 1881 van die destydse Doofstommen- en Blinden-Instituut te Worcester (8, bl. 25 en 37). Die oorwegende rede waarom daar dus vir blinde kinders 'n afsonderlike skool gestig is, was omdat daar vir hierdie kinders geen heenkome was nie en dit (veral in daardie stadium) ondenkbaar was om blinde kinders in skole vir normaalsiende kinders op te neem. Die NG Kerk het vir die afgelope byna honderd jaar medeseggenskap oor die Skool vir Blindes te Worcester behou.

Die geskiedenis van die Skool vir Blindes te Worcester getuig van die harmonieuse en produktiewe samewerking tussen staat en kerk. Alhoewel daar ook meningsverskille was, is dit steeds in 'n goeie gees besleg, het staat en kerk mekaar se terrein gerespekteer en is elkeen se bydrae tot die uitbouing en bestendiging van die onderwys vir blinde leerlinge gewaardeer.

## 4.2 TOELATING VAN LEERLINGE

Die toelating van verstandelik gestremde blinde kinders was sedert die vroegste jare van die bestaan van die Skool vir Blindes 'n brandende probleem. Die beleid was om slegs blinde

kinders wat werklik vordering getoon het, op skool te hou (9, bl. 335). Die feit dat ernstig verstandelik gestremde blinde kinders egter geen ander heenkome gehad het nie, het die skool steeds genoop om weens barmhartigheidsoorweginge hierdie kinders op skool toe te laat.

Die kwessie van die toelating van swaksiende kinders wat nie as blind kwalifiseer nie, dit wil sê dié kinders wat wel by wyse van die visuele as medium onderrig kon ontvang, maar ook nie in die gewone onderwys tereg kon kom nie, het ook gou reeds 'n probleem geblyk te wees: Moes hierdie leerlinge aan die Skool vir Blindes toegelaat word en, indien wel, moes hulle deur medium van braille, of deur middel van visuele metodes onderrig word (9, bl. 320 en 329). Die oplossing van hierdie probleem het lank gesloer. Eers in 1963 is die Prinshofskool vir Swak= siendes (en Voorbereidende Skool vir Blindes) te Pretoria ge= stig en so onlangs as 1964 is met 'n afsonderlike primêre afde= ling vir swaksiende leerlinge te Worcester begin (75, bl. 17). Selfs so onlangs as 1973 is swaksiende en blinde leerlinge in standerds 7 tot 10 aan die Skool vir Blindes te Worcester gesamentlik onderrig.

## 4.3 UITBOUING VAN DIE SKOOL

Reeds sedert die bestaansjare van die Skool vir Blindes is ge= trag om tred te hou met die jongste ontwikkeling op die gebied van onderwys vir blinde leerlinge. Personeellede is byvoor= beeld vir navorsing en studie na oorsese lande gestuur ten einde te probeer verseker dat tred gehou word met nuwe ont= wikkelinge. Sedert die aanvangsjare is dan ook gedifferensieer tussen verskillende kategorieë blinde leerlinge. Daar is aanvanklik gedifferensieer tussen leerlinge wat op arbeids= verrigting in beskutte werkswinkels aangewys is en dié wat direk na skool tot die ope arbeidsmark sou toetree. In 1944 is die eerste leerlinge vir die Senior Sertifikaateksamen ingeskryf en het ook meer blinde leerlinge vir universiteitsopleiding en toetrede tot professionele beroepe begin aspireer (8, bl. 188-191). Die doel met die opname van blinde kinders te Worcester was nooit bloot ter wille van liefdadigheid en versorging nie, maar veral ook gerig op die steungewing tot bereiking van vol= waardige volwassenheid. Daarom is steeds getrag om soveel blinde leerlinge as moontlik vir toetrede tot die ope arbeid voor te berei. Daar is dan ook gewaak teen 'n verwatering van die leerstofinhoud en die moontlikheid van "minderwaardige onderwys" vir blinde leerlinge. Teen 1943 het blinde oud-leerlinge reeds beroepe as fisioterapeute, boere, telefoniste(s),

klavierstemmers, sakemanne, musiekonderwysers(esse) en orreliste (s) beklee (8, bl. 306-308; 102, bl. 21).

## 4.4 NASORGWERK

Aangesien van die oud-leerlinge van die Skool vir Blindes aan=vanklik probleme ondervind het om 'n heenkome in beskutte werks=winkels te vind, asook om hulle in die siende gemeenskap te oriënteer en 'n goeie bestaan te maak en hulle daarby aanvank=lik weinig hulp van ander instansies in dié verband ontvang het, het die Skool vir Blindes dit as sy plig beskou om oud-leerlinge met beroepsplasing te help, met die gevolg dat die skool voortdurend midde in die problematiek van nasorgwerk gestaan het. Alhoewel nasorgwerk by wyse van hulpverlening deur ander instansies aansienlik uitgebrei het, is nasorgwerk nog steeds 'n faset van die aktiwiteite aan die Skool vir Blindes te Worcester.

## 4.5 UITBREIDING VAN ONDERWYSGERIEWE

Pogings om onderwysgeriewe vir blinde kinders na meer skole uit te brei, dateer van ongeveer 1956 af toe nie-amptelik met die private onderrig van blinde kleuters in Pretoria 'n begin gemaak is (102, bl. 60). Sodanige pogings het egter nooit werklik op dreef gekom nie en in 1971 was dit, afgesien van die Skool vir Blindes te Worcester, slegs die Prinshofskool wat ook vir blinde kinders voorsiening gemaak het en wel net tot op graad 2-vlak.

Die rede waarom onderwys vir blindes hoofsaaklik aan die Skool vir Blindes te Worcester gesentraliseer gebly het, moet toege=skryf word aan die feit dat die getal blinde leerlinge nooit sodanig toegeneem het dat daar regverdiging vir 'n volwaardige tweede skool vir Blanke blinde kinders was nie.

## 5 'N OORSIGTELIKE BEELD VAN DIE STRUKTUUR EN WERKSAAMHEDE VAN DIE BLINDEWESE IN DIE RSA

## 5.1 INLEIDING

Die opvoeding en onderwys van die blinde kind moet nie as geïsoleerde eenheid, buite die algemene werksaamhede van instansies wat hul vir die welsyn van blindes beywer (die blindewese) gesien word nie. Op verskillende vlakke en terreine is daar noodwendig raakpunte wat betref die taak van skole vir blindes en die werksaamhede van genoemde instansies. Hier word dan kortliks gewys op die struktuur van die blindewese

in die RSA en op sommige van laasgenoemde se werksaamhede.

## 5.2 DIE STRUKTUUR VAN DIE BLINDEWESE

Die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Blindes (SANRB) is 'n koördinerende liggaam van die verskillende instansies wat hul vir die welsyn van blindes beywer en tans is daar 33 liggame wat by die SANRB geaffilieer is. Hierdie liggame sluit onder andere die volgende in, naamlik:

a. Skole vir Blanke, Bantoe-, Kleurling- en Indiërleerlinge.

b. Verenigings vir burgerlike blinde persone wat hul beywer vir die algemene welsyn van blinde persone, vir die sosiale verkeer en vermaak van blindes en wat in baie gevalle 'n werkswinkel vir blindes in stand hou.

c. Die Suid-Afrikaanse Blindewerkersorganisasie (SABWO) wat hoofsaaklik bestaan uit blinde persone as lede en wat hulle veral ook beywer vir die opname van blindes in die ope arbeid.

d. Die Suid-Afrikaanse Gidshondvereniging vir Blindes te Benmore, Transvaal.

e. Die Suid-Afrikaanse Biblioteek vir Blindes te Grahamstad.

f. Bandhulp vir Blindes te Durban (96, bl. 3 en 163).

Wat betref die samestelling van die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Blindes (SANRB), is daar verskeie komitees en afdelings wat funksioneer. Hierdie komitees en afdelings is die volgende, naamlik:

a. Die Buro vir die Voorkoming van Blindheid;

b. die Komitee vir Lektuur, Onderwys en Navorsing;

c. die Openbare Skakelkantoor en Insamelingskantoor;

d. die Komitee vir Rehabilitasie en Werkverskaffing;

e. die Komitee vir Geld- en Algemene sake;

f. die Tussentydse Komitee vir Bantoesake;

g. die Komitee vir Swaksiendes;

h. die Komitee vir Meervoudiggestremde Blinde en Swak=siende Persone;

i. die Regsadvies- en Grondwetsubkomitee;

j. die Dagbestuur;

k. die Afdeling vir Kleurlingblindes; en

l. die Afdeling vir Indiërblindes (96, bl. 4-5).

## 5.3 SKAKELING TUSSEN DIE BLINDEWESE EN DIE ONDERWYS

Op verskillende vlakke en terreine bestaan daar raakpunte wat betref die taak van skole vir blindes en die werksaamhede van instansies en ander liggame wat hul vir die welvaart van blindes beywer. Hierdie skakeling kan soos volg saamgevat word:

a. Sowel die Skool vir Blindes te Worcester as die Prinshofskool is geaffilieer by die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Blindes (SANRB) en 'n verteenwoordiger van die Departement van Nasionale Opvoeding dien in die Uitvoerende Komitee van die SANRB. Sommige van die personeellede van hierdie skole is ook aktief betrokke by die werksaamhede van die SANRB. Die hoof van die Skool vir Blindes is byvoorbeeld voorsitter van die SANRB en die hoof van die Prinshofskool is onder andere voorsitter van die Spesiale Komitee vir Swaksiendes.

b. Die verskillende instansies wat hulle beywer vir die welsyn van blindes (in besonder die Suid-Afrikaanse Blindewerkersorganisasie) verleen waardevolle hulp wat betref die opsporing van jong blinde kinders en die bekendstelling met skole vir blindes.

c. Sowel die SANRB as die SABWO verleen finansiële ondersteuning aan blinde leerlinge en studente.

d. 'n Verskeidenheid van hulpmiddels wat blinde persone (kinders en volwassenes) in hul daaglikse lewe asook op skool en in hul werk nodig het, word deur die Sentrale Depot wat onder die Komitee vir Lektuur, Onderwys en Navorsing van die SANRB ressorteer, beskikbaar gestel.

e. Samewerking tussen die verskillende instansies wat literatuur in braille en op band produseer, vind plaas deur middel van verteenwoordiging in die Sentrale Koördinerende Raad vir die Voorsiening van Lektuur aan Gesigsgestremdes (SKR), onder voorsitterskap van 'n amptenaar van die Departement van Nasionale Opvoeding. Die Skool vir Blindes te Worcester en die Prinshofskool te Pretoria ressorteer ook onder hierdie instansies.

f. Afgesien van die diens wat die Skool vir Blindes self lewer, is die Departement van Arbeid, die SANRB en die SABWO behulpsaam met beroepsverkenning en die beroepsplasing van blinde skoolverlaters.

g. Ten slotte moet daar verwys word na nasorgdienste ten behoewe van die blinde skoolverlater. Op hierdie gebied vind daar in 'n mindere of meerdere mate samewerking plaas tussen die Skool vir Blindes te Worcester en die meeste instansies wat hulle vir die welsyn van die blinde persoon beywer.

Skole vir blinde kinders moet dus in sekere opsigte as 'n integrerende deel van die struktuur van die blindewese in die Republiek van Suid-Afrika gesien word. By die verdere be= spreking van sekere aspekte van die onderwys vir blinde kinders, sal telkens na hierdie verbondenheid verwys word.

## 6 DIE BEHEER VAN DIE ONDERWYS VIR BLINDE LEERLINGE

### 6.1 WETLIKE BEPALINGE

Kragtens die Wet op Onderwysdienste (Wet no. 41 van 1967) is die kwalifisering van die kategorieë gestremde leerlinge tot agt uitgebrei, naamlik dowes, hardhorendes, blindes, swaksiendes, epileptici, serebraal verlamdes, liggaamlik gestremdes en ".... kinders wat ly aan 'n gebrek wat deur die Minister, in oorleg met die Administrateurs, aangewys word as gestremde kinders vir wie kragtens hierdie Wet voorsiening gemaak moet word" (102, bl. 17). Daar word verder na hierdie kinders verwys as kinders onder die ouderdom van 18 (behalwe in die geval van 'n kind bedoel in artikel 37)* en wat sodanig gestremd is dat hulle nie in die gewone onderwys tereg sal kan kom nie, maar dat hulle nogtans "opvoedbaar" is en sal baat by onderwys van 'n gespesialiseerde aard (97, bl. 33).

Met die proklamering van bogenoemde Wet is die onderwys vir gestremde leerlinge losgemaak van beroepsonderwys wat onder andere in tegniese en handelskole aangebied word en het buitengewone onderwys in besonder die verantwoordelikheid van die destydse Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap en daarna van die huidige Departement van Nasionale Opvoeding geword. Hierdie verandering het positiewe implikasies vir die onderwys van ge= stremde leerlinge gehad, aangesien dit noodwendig nouer skakeling tussen skole en die verantwoordelike departement moontlik ge= maak het. Afgesien van gestremde kinders in die algemeen, is die besondere noodgesitueerdheid van die blinde kind en die eiesoortige behoeftes van skole vir blinde leerlinge, duideliker in die blikpunt gestel.

---

*Artikel 37 het betrekking op die toelating van vrywillige leerlinge op versoek van die ouer

## 6.2 DIE DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING

Die Skool vir Blindes te Worcester en die Prinshofskool te Pretoria is staatsondersteunde skole en word gesubsidieer deur die Departement van Nasionale Opvoeding. Die bepalings en regulasies wat onder Wet no. 41 van 1967 uitgevaardig is, word deur hierdie Departement uitgevoer. Besluite van die betrokke kerklike beheerliggame moet dan ook in die laaste instansie deur hierdie Departement goedgekeur word. Die dienste wat deur die skool in al sy afdelings gelewer word, word soos volg gesubsidieer:

| | |
|---|---|
| Onderwyshulpmiddele en skoolmateriaal | – 100 persent |
| Salarisse (Blanke personeel) | – 100 persent |
| Salarisse (Nie-Blanke personeel) | – 75 persent |
| Uitrusting | – 90 persent |
| Oprigting van geboue | – 90 persent |
| Ander goedgekeurde uitgawes | – 75 persent |

Die balans van alle uitgawes word verkry uit fondse waarvoor die kerklike beheerliggame self verantwoordelik is. Ook wat betref die finansiële verpligtinge van die leerlinge, dra die Departement tot 'n maksimum van R180 per leerling per jaar by, met inagneming van die inkomste van die betrokke gesin. In die geheel gesien, kos dit die Staat ongeveer R1 500 (het betrekking op 1972) om 'n blinde leerling vir een jaar op skool te hou. Die onderwys van blindes is onderhewig aan inspeksie deur die Departement, en so ook die finansiële administrasie wat gekontroleer word deur ouditeure wat deur die kerklike beheerliggame aangestel en deur die Departement goedgekeur word (102, bl. 22; kyk 106, bl. 2).

## 6.3 DIE INSTITUUT VIR DOWES EN BLINDES, WORCESTER

Die Instituut word beheer deur die Sinodale Bestuur van die NG Kerk van Kaapland (hierna genoem die Bestuur). Die same= stelling van hierdie Instituut is drieledig en bestaan uit die Skool vir Blindes, die Skool vir Dowes en die Werkswinkel en Tehuise vir Blindes te Worcester. Die Bestuur bestaan uit sewe lede van wie 5 gekose verteenwoordigers van die Kaaplandse Sinode is en die ander 2 benoemde verteenwoordigers van die Staat. Die skoolhoofde van die Skool vir Blindes en die Skool vir Dowes het ook sitting in die Bestuur. Die beleid van die Bestuur was steeds om verteenwoordiging so kontinu as moontlik te hou en daarin is deur die jare in 'n groot mate geslaag. Sodanige kontinuïteit het tot gevolg gehad dat hierdie persone werklik met die uitbouing van die Skool vir Blindes kon meelewe

en die vinger op die pols kon hou (81, bl. 3; 102, bl. 20-21).

Streng gesproke, is die taak van die kerklike beheerliggaam hoofsaaklik adviserend van aard. Die Bestuur het egter 'n verskeidenheid van take, waaronder ook selfopgelegde take, as sy verantwoordelikheid aanvaar. Hieronder ressorteer die insameling van fondse wat nodig is vir sy aandeel in die uitbreiding en onderhoud van sekere dienste aan die skool. Die Bestuur ag dit soms nodig om ook uitgawes te magtig en dienste te onderhou waarvoor departementele goedkeuring nie verkry is of kon word nie, sodat die finale verdeling van die finansiële verantwoordelikheid nie noodwendig in ooreenstemming met die amptelike subsidie-grondslag is nie. In die boekjaar van 1968 tot 1969 het die aandeel van die Departement in dié opsig 80,8 persent bedra en dié van die Bestuur 19,2 persent (102, bl. 22).

Alhoewel die Staat verreweg die grootste finansiële bydrae tot die instandhouding en uitbreiding van skole vir blindes lewer, moet die besondere waarde van die finansiële bydraes deur die kerklike beheerliggaam nie genegeer word nie. Die feit dat finansiële hulp vir uitbreiding, addisionele personeel en ander opvoedings- en onderwysdienste moontlik deur die kerklike beheerliggaam bewillig kan word, gee die hoof van sodanige skole gewis meer geleentheid tot die uitoefening van persoonlike inisiatief om knelpunte uit te skakel. Die bydrae deur die kerklike beheerliggaam impliseer dus nie alleen 'n bykomende bron van finansiële hulp nie, maar ook 'n bron van morele ondersteuning en dit het bygedra tot die verwerkliking van 'n gesindheid by die hoof en personeel om steeds ontvanklik te bly vir en gerig te wees op nuwe ontwikkelingsmoontlikhede in diens van die blinde kind.

Die noue verbondenheid van die Kerk met die Skool vir Blindes te Worcester het deur die loop van jare 'n vormende bydrae gelewer tot die vestiging van 'n eie skoolse karakter aan laasgenoemde inrigting. Hierdie verbondenheid het gewis bygedra tot die skepping van 'n klimaat van wellewendheid en Christelike geborgenheid wat by die opvoeding van die gestremde kind (en in besonder vir die verwerking van sy gestremdheid deur die kind) so onontbeerlik is. Tussen die skole vir blindes en die breë publiek bestaan daar ook 'n besondere verbondenheid as gevolg van die finansiële bydraes wat die publiek deur middel van die Kerk aan hierdie skole skenk.

## 6.4 DIE TRANSORANJE-INSTITUUT VIR BUITENGEWONE ONDERWYS

Die Prinshofskool vir Swaksiendes en Voorbereidende Skool vir Blindes te Pretoria ressorteer onder die trusteeskap van die Transoranje-Instituut vir Buitengewone Onderwys wat deur die drie Afrikaanse susterkerke beheer en bestuur word. Die Instituut bestaan uit verskillende komitees. Onmiddellik onder=geskik aan die hoofbestuur is daar die Dagbestuur wat alle sake wat nie finansiële implikasies het nie, behartig en in besonder aan beleidsaangeleenthede aandag skenk. Alle finan=siële aangeleenthede word na die finansiële komitee verwys. Ondergeskik aan die genoemde komitees funksioneer die verskillende "skoolkomitees" waaronder ook die Prinshofkomitee wat direk met dié betrokke skool se bedrywighede te doen het (51, bl. 1-2).

## 6.5 SLOTOPMERKINGS

As gevolg van die finansiële hulp deur die kerklike beheer=liggame verskaf, geniet die Skool vir Blindes te Worcester en die Prinshofskool te Pretoria 'n groter mate van outonomie as skole wat nie so begunstig is nie. Hierdie mate van outonomie, asook die feit dat buitengewone onderwys onder die Departement van Nasionale Opvoeding ressorteer (terwyl gewone onderwys onder die onderskeie provinsiale administrasies ressorteer), kan tot gevolg hê dat skole vir blindes buite die hoofstroom van ontwikkeling op die gebied van die opvoeding en onderwys bly en in 'n mate van isolasie hul eie rigting bepaal.

In Engeland en Wallis waar 'n groot aantal skole vir blindes deur vrywillige liggame bestuur en beheer word en dus in vergelyking met gewone onderwys 'n groot mate van outonomie geniet, is gevind dat doeltreffende skakeling met ander skole en onderwysont=wikkeling nie gemaak word nie. 'n Komitee van Ondersoek na die Onderwys van Gesigsgestremdes in Engeland (Vernonkomitee, 1972) het dan ook gewys op die noodsaaklikheid van 'n nasionale, gekoördineerde plan ten aansien van die onderwys vir gesigs=gestremde kinders in Engeland, maar het ook die noodsaaklikheid van volgehoue samewerking met vrywillige organisasies beklemtoon. In hierdie verband het die komitee hom soos volg uitgelaat: "It is important that the experience acquired should continue to be used and that the active goodwill and practical support of the voluntary organisations should be preserved" (25, bl. 59).

In die RSA bestaan daar ten opsigte van skole vir gestremdes in die besonder egter wel die koördinerende krag van die Departe=ment van Nasionale Opvoeding. Verder bestaan daar ook onderwys=

liggame met adviserende, beplannings- en koördinerende funksies op nasionale vlak wat sorg dra dat die buitengewone onderwys nie van die gewone onderwys vervreemd raak nie.

# 7 KRITERIA VIR TOELATING TOT SKOLE VIR BLINDE LEERLINGE

## 7.1 INLEIDING

Wat betref die toelating van kinders tot skole vir blindes word vier aspekte bespreek, naamlik die visuele vermoë van die kind as kriterium vir toelating, die toelating van meervoudigge= stremde en in besonder van verstandelik gestremde kinders, die ouderdom van die kind en die skoolgereedheid van die voorskoolse blinde kind.

## 7.2 VISUELE VERMOË AS KRITERIUM VIR TOELATING

### 7.2.1 Die situasie aan skole vir blindes in die RSA

Die kriterium vir toelating tot skole vir blinde leerlinge wat deur die Komitee van Ondersoek na die Uitbreiding van Onderwys= geriewe vir Blanke Blindes in Suid-Afrika en Suidwes-Afrika (1970) aanbeveel is en in 1971 deur die Minister van Nasionale Opvoeding goedgekeur is, lui soos volg:

"(1) Die uitdrukking 'Blinde kinders' in Bylae I van die Wet op Onderwysdienste, 1967 (Wet No. 41 van 1967), soos gewysig, beteken kinders wat -

óf (i) nie lig kan waarneem nie, d.w.s. nie lig van donker kan onderskei nie; of wat geen voorwerpe kan onderskei of herken nie, maar tog ligpersepsie het;

óf (ii) voorwerpe alleen as skadubeelde of buitelyne óf in beweging óf stilstaande kan waarneem;

óf (iii) tot op 'n afstand van een meter vanaf die oog vingers kan tel, of wat volgens die Snellentoets 'n gesigskerpte van 1/60 het;

óf (iv) tot op 'n afstand van drie meter vingers kan tel, of volgens die Snellentoets 'n gesigskerpte van 2/60 tot 3/60 het;

óf (v) 'n gesigskerpte van 4/60 tot 6/60 volgens die Snellentoets het (snellen: 6 meters). Laasgenoemde toets moet aangevul en gekoördineer word met 'n nabygesigtoets. In die geval van kinders met 'n

gesigskerpte van ongeveer 6/60 Snellen (bevestig deur 'n nabygesigtoets) moet daar anomalieë van die oë teenwoordig wees, asook tekens van progressiewe toestande waarvan die prognose sodanig is dat die gesigskerpte uiteindelik, maar nie veel later as die ouderdom van 18 jaar nie, aanmerklik sal afneem.

(2) Die kinders moet opvoedbaar wees.

(3) Die kinders se hoofprobleem is blindheid en nie een van die ander gestremdhede wat in Bylae I van die Wet ge= noem word nie" (99a, bl. 26).

Wat betref die numeriese kriterium word wel deeglik besef dat veral met betrekking tot grensgevalle die syfer slegs 'n voorlopige aanduiding is van waar 'n betrokke leerling geplaas moet word. Dit is dan ook die grensgevalle, dit wil sê dié leer= linge van wie die visuele vermoë beskou kan word as die grens tussen swaksiendheid en blindheid in die lig van die opgaaf wat die leersituasie aan hom stel wat die meeste probleme ten aan= sien van toelating oplewer. In die huidige kriterium word 'n gesigskerpte van 6/60 Snellen as die benaderde grens tussen blindheid en swaksiendheid met die oog op toelating tot 'n skool vir blindes, gestel. Daar is veral drie faktore wat die on= sekerheid oor die toepasbaarheid van 'n numeriese kriterium ten grondslag lê. In die eerste plek bestaan die moontlikheid van 'n foutiewe evaluering deur die oftalmoloog. Tweedens gebruik gesigsgestremde kinders hul gesigsreste soms heel verskillend. Die werklik intensioneelgerigte kind, dit wil sê die kind wat sy uiterste doen om die opgaaf wat aan hom gestel is, te be= meester en hom met volhardende ywer aan sy werk wy, sal sy gesigsreste doeltreffender gebruik. In die derde plek word die evaluering van visuele vermoë bemoeilik deur die onseker= heid ten aansien van die bepaling van progressiwiteit van die oogkondisie.

Die bepalende faktor by oorplasing van 'n kind na 'n afdeling vir blindes aan 'n skool vir gesigsgestremdes is of die kind wel in staat is om deur middel van sy gesig die skoolwerk te bemeester, en of sy gesig sodanig verswak het dat van die taktuele in plaas van die visuele as medium van onderrig ge= bruik gemaak moet word. 'n Belangrike aspek in die aanvaarde kriterium is die beklemtoning van die gebruik van 'n nabygesig= toets by die evaluering van die visuele vermoë van kinders wat as grensgevalle beskou kan word. Dit kan gesien word as 'n poging om die optimale gebruikmaking van sy gesigsreste deur die

kind in die leersituasie in ag te neem en is 'n klemverskuiwing van die oogkondisie as sodanig na die gesigsgestremde kind in sy problematiese gesitueerdheid.

Gegewens aangaande die huislike agtergrond en familiegeskiede=nis van leerlinge word ingewin, aangesien dit vir die oftalmoloog van waarde is in sy poging om 'n prognose te maak. Verder het onderwysers 'n belangrike taak om te vervul wat betref die eva=luering van die visuele vermoë van grensgevalle en kinders met progressiewe oogkondisies, aangesien hulle aktuele inligting kan verskaf aangaande die wyse waarop die kind sy gesig in die leersituasie gebruik. Indien daar enigsins twyfel bestaan oor waar 'n kind geplaas moet word, word hy in die afdeling vir swaksiendes geplaas waar dan finaal beslis kan word of dit 'n korrekte plasing is al dan nie. Hierdie prosedure dui op 'n gerigtheid op die leerling en sy moontlikhede en nie slegs op sy gesigsgestremdheid as sodanig nie. Soms gebeur dit dat grensgevalle veral ook op grond van agteruitgang in hul skool=werk na die afdeling vir blindes oorgeplaas word, waar hulle dan deur middel van die inskakeling van braille as medium van onderrig vinniger kan vorder. Beide ouers en kind word geken in die besluit om 'n kind na braille as medium van onderrig te laat oorskakel en dit gebeur slegs by hoë uitsondering dat braillekandidate na 'n afdeling vir swaksiendes teruggeplaas word.

### 7.2.2 Aspekte van die benadering van enkele oorsese instansies ten aansien van die evaluering van visuele vermoë

Wat betref die benadering ten aansien van die evaluering van die visuele vermoë van gesigsgestremdes en van die hantering van grensgevalle in sekere oorsese lande, moet veral op die volgende gewys word:

a. Die Royal National Institute for the Blind (RNIB) maak 'n onderskeid tussen die beskrywing van blindheid enersyds by kinders by wie dit gaan om die moontlikheid om onderwys by wyse van visuele metodes te ontvang, en andersyds by volwassenes by wie die moontlikheid om werk deur gebruik=making van gesigsvermoë te verrig, deurslaggewend is. Hierdie onderskeid wat gemaak word, impliseer dat leerlinge wat byvoorbeeld in die leersituasie as "blind" beskou word, nie noodwendig altyd ten opsigte van die moontlikheid om 'n sekere beroep te beoefen as "blind" beskou sal word nie (66, bl. 1). In hierdie verband moet ook gewys word op die onderskeid wat die American Foundation for the Blind (Verenigde State van Amerika) maak wat betref die maat=stawwe met betrekking tot blindheid wanneer bepaal moet word -

1. of 'n kind deur medium van braille onderrig moet word;

2. of 'n gesigsgestremde volwassene finansiële hulp moet ontvang, en

3. of 'n gesigsgestremde persoon 'n sekere beroep sal kan beoefen (1, bl. 2).

Die onderskeid wat tussen 1 en 2 gemaak word, impliseer dat die eise wat in 'n sekere beroepsituasie aan die visuele vermoë van die beroepsbeoefenaar gestel word, in so 'n mate van die eise wat in die leersituasie aan die visuele vermoë van die leer=ling gestel word, kan verskil dat verskillende maatstawwe ten aansien van die kwalifisering van "blindheid" neergelê moes word. Van hierdie onderskeiding sal beslis in die onderwys, en in besonder met betrekking tot die onderrig van grensgevalle, kennis geneem moet word.

b. Die Vernonkomitee in Engeland (1972) het onder andere aandag gegee aan die moontlikheid dat die onbuigsame skeiding tussen braillekandidate en swaksiendes, veral wat betref die grensgevalle, uitgeskakel kan word, deur leerlinge wat as grensgevalle beskou kan word by wyse van sowel die taktuele as die visuele medium te onderrig. Getuienis in hierdie verband deur die St Vincent's School for Blind and Partially Sighted te Liverpool, waar blinde en swaksiende leerlinge enersyds onder agtjarige en andersyds van veertienjarige ouderdom af gesamentlik in hierdie klaskamers onderrig word, lui soos volg:

"(i) It is difficult to assess the educational efficacy of children's vision when they are young, except in an educational environment. In consequence, many children are wrongly placed: of a group of 13 children under the age of 8 admitted between 1966 and 1969, in at least 6 cases the initial recommen=dation for education as partially sighted or as educationally blind proved incorrect. Children wrongly placed in a school catering for the partially sighted or blind only, may be left to struggle with an inappropriate medium beyond the stage of readiness to read; or they may be faced with the emotional upheaval of a change of school.

(ii) The line of demarcation between the educationally blind and the partially sighted is becoming blurred, especially in the middle ranges of vision, i.e. 3/60–6/60. With the increasing efficiency of visual aids and lighting, and with the general improvement

of print and lay-out in school books, it is possible for a child with low visual acuity to use sighted methods in one situation, e.g. mathematics, while making better progress with tactile methods in another, e.g. continuous reading. This situation is easier to cope with in a school where both methods are available.

(iii) Some pupils with low vision manage quite well to pursue their studies by visual methods at close range but, when required later to work at arm's length, need to rely on tactile methods. This can be prepared for in a school where both teachers and equipment are readily available for the supplementary training" (25, bl. 46).

In hierdie verband kan ook na 'n departementele verslag deur die senior inspekteur vir spesiale onderwys in Denemarke verwys word waarin "blinde leerlinge" gekwalifiseer word as sowel stokblinde kinders as kinders van wie die gesig so swak is dat hulle hoof=saaklik deur medium van braille onderrig word (48, bl. 11). Laasgenoemde groep "blinde leerlinge" word dus ook deur middel van visuele metodes onderrig en dui op 'n verband met die praktyk aan die St Vincent's School for Blind and Partially Sighted in Engeland.

## 7.3 DIE TOELATING VAN MEERVOUDIGGESTREMDE BLINDE KINDERS

### 7.3.1 Die situasie in die RSA

Dit is die beleid van sowel die Skool vir Blindes te Worcester as die Prinshofskool te Pretoria om slegs blinde kinders toe te laat wat sal baat by die opvoedings- en onderwysprogram van hierdie skole. Aangesien dit 'n besondere problematiese aange=leentheid is om by eerste toelating te probeer vasstel in watter mate 'n jong blinde kind verstandelik gestremd is en of sy moontlike agterstand nie aan 'n opvoedingstekort of pedago=giese verwaarlosing toe te skryf is nie, word hierdie kinders vir 'n evalueringsperiode in 'n voorbereidende klas opgeneem. Tog bly dit moeilik om sommige blinde kinders weg te wys, aan=gesien daar dikwels vir hulle geen ander heenkome is nie. In 1971 was daar dan ook blinde kinders aan die Skool vir Blindes te Worcester verbonde wat kwalik onderrigbaar was. In 1970 het die Komitee van Ondersoek na die Uitbreiding van Onderwysgeriewe aanbeveel dat die Bestuur (kerklike beheerliggaam) van die Skool vir Blindes te Worcester versoek word om verantwoordelik=heid te aanvaar vir die stigting van 'n afsonderlike inrigting vir "erg geestesvertraagde blinde kinders". Genoemde Komitee

onderskei tussen enersyds dié groep kinders wat in spesiale klasse tereg kom as kinders met IK tussen 50 en 80, en andersyds dié kinders wat nie baat by die onderwys vind nie en hoofsaaklik op versorging aangewys is as kinders met "IK rondom 50 en laer" (102, bl. 39 en 105).

### 7.3.2 Die toelatingspraktyk ten aansien van meervoudiggestremde blinde leerlinge in enkele oorsese lande

In Engeland, België en Nederland is dit die neiging om in afsonderlike skole of inrigtings voorsiening te maak vir meervoudiggestremde blinde kinders wat nie by die onderwysprogram van gewone skole vir blindes sal baat nie. In Engeland bestaan daar byvoorbeeld afsonderlike kleuterskole, primêre skole en sekondêre skole vir meervoudiggestremde (waaronder veral verstandelik gestremde) blinde kinders. Blinde kinders wat sodanig meervoudiggestremd is dat hulle selfs nie aan hierdie skole tereg kan kom nie, word in afsonderlike inrigtings opgeneem en versorg. Aan 'n skool vir blindes in België word wel ook verstandelik gestremde blinde kinders opgeneem. Hierdie kinders word egter reeds in die primêre skool in 'n afsonderlike prakties gerigte kursusgroep geplaas waarin hulle tereg kan kom. Peach (1966) verwys in hierdie verband na 'n verklaring wat reeds in 1951 op 'n konferensie in die Verenigde State van Amerika aangaande die opname van verstandelik gestremde blinde kinders in gewone skole vir blindes gemaak is: ".... (they) not only absorb undue energy from caretakers and teachers but also exert a deteriorating influence on the rest: hence, they should not be received into a school for the blind" (49, bl. 71).

## 7.4 TOELATINGSOUDERDOM, DIE SKOOLGEREEDHEID VAN DIE BLINDE KIND EN DIE STADIUM WAARIN BLINDE LEERLINGE TOEGELAAT WORD

### 7.4.1 Die situasie in die RSA

a. Blinde kinders word oor die algemeen so vroeg as die jaar waarin hulle vyf word tot die Skool vir Blindes en die Prinshofskool toegelaat, maar mag ook op vroeër ouderdom opgeneem word. Vir die baie jong kind is warme ouerliefde, liefdevolle versorging en 'n daaruitvoortspruitende belewing van veiligheid en geborgenheid van primêre belang. Daar die opname van blinde kinders in skole in die meeste gevalle impliseer dat die kinders in koshuise gehuisves moet word, word dit in die lig hier=

van nie as wenslik beskou om blinde kinders op 'n vroeër leeftyd as vyf jaar tot 'n skool vir blindes toe te laat nie.

b. Dit word egter as onontbeerlik beskou om blinde kinders eers in 'n voorbereidende klas op te neem voordat met meer formele graad 1- of substanderd A-werk begin word. Dit gebeur byvoorbeeld dat blinde kinders van vyf- of sesjarige ouderdom nog nie vaste toiletgebruike het nie, nie kan speel nie, bang is om te beweeg, fisies nie goed ontwikkel is nie, nie tafelmaniere het nie, gebrekkige spraak het en sodanig in hulself gekeer is dat hulle beswaarlik tot kommunikasie in staat is. Die feit dat daar wel blinde kinders met sodanige ontplooiingsagterstand toegelaat word, beklemtoon die noodsaaklikheid van hulpverlening aan ouers insake die opvoeding en onderrig van hul voorskoolse blinde kinders. Die tydperk in die voorbereidende klas dien dan as 'n voorbereidende en evalueringsperiode waartydens gepoog word om verstandelik gestremde blinde kinders te identifiseer, aan kinders met 'n ontplooiingsagterstand aandag te gee en blinde kinders vir meer formele onderrig voor te berei.

c. Leerlinge wat later in hul skoolloopbaan tot 'n afdeling vir blindes toegelaat word, word te enige tyd van die jaar opgeneem. Alhoewel toelating gedurende die jaar ontwrigting vir kind en die skool meebring, word dit as noodsaaklik beskou om so gou as moontlik met die onderrig van braille te begin en sodoende die leerling te help om sy noodwendige agterstand te verhaal. Die ontwrigting is veral aktueel as daar nie aanvanklik vir hierdie leerlinge, veral met betrekking tot die onderrig van braille, afsonderlik voorsiening gemaak kan word nie. Volgens Van der Burgh (1973) se ondersoek waarin 347 Blanke blinde persone in Transvaal betrek is, het dit geblyk dat 16,4 persent van hierdie persone op die ouderdom 1 tot 9 jaar, en 18,2 persent op die ouderdom 10 tot 19 jaar blind geword het (110, bl. 9). Hiervolgens blyk die probleem van die oorplasing van 'n leerling na 'n afdeling of skool vir blindes, wel 'n wesenlike een te wees.

### 7.4.2 Toelatingsouderdom soos van toepassing in enkele skole vir blindes in oorsese lande

Van vier skole vir blinde leerlinge in België en Nederland,

maak twee voorsiening vir blinde kinders van driejarige ouder=
dom en twee vir kinders van sesjarige ouderdom. Aan drie van hierdie skole is daar 'n georganiseerde diens verbonde waardeur met ouers van blinde kinders van voorskoolse ouderdom geskakel word en waartydens ook hulp ten aansien van die opvoeding en onderrig van hul kinders verleen word.

In Engeland en Wallis word blinde kinders onder vyfjarige ouder=
dom oor die algemeen nie tot skole vir blindes toegelaat nie. In Januarie 1971 was daar slegs 5 blinde kinders onder vyfjarige ouderdom in spesiale skole vir gesigsgestremdes. Daar is egter wel 6 kleuterskole wat vir die versorging, onderrig en die evaluering van die skoolgereedheid en intellektuele moontlikhede van voorskoolse blinde kinders voorsiening maak. Hierdie kleuterskole is egter in hul hulpverleningsprogram besonder ge=
rig op die noodgesitueerdheid van die meervoudig gestremde blinde kind en in 1971 was daar aan hierdie skole 90 blinde kinders wie se ouderdomme gewissel het tussen 3 en 9 jaar (25, bl. 28).

## 8 DIE OPVOEDING EN ONDERRIG VAN DOOFBLINDE KINDERS

### 8.1 DIE SITUASIE AAN DIE SKOOL VIR BLINDES TE WORCESTER

#### 8.1.1 Toelating tot die Afdeling vir Doofblindes

Doofblinde kinders word van vierjarige ouderdom af tot hierdie afdeling wat aan die Skool vir Blindes verbonde is, toegelaat. Een van die redes waarom doofblinde kinders op jonger leeftyd as blinde kinders (vierjarige ouderdom teenoor vyfjarige ouder=
dom) toegelaat word, is omdat eersgenoemde kinders veral van ongeveer twee- tot negejarige ouderdom ontvanklik vir die verwerwing van spraak is. Die aangeleentheid van vroeë op=
sporing en van gespesialiseerde hulp aan ouers ten aansien van die opvoeding en onderrig van hul doofblinde kinders, is dan ook van besondere belang.

Die kriteria vir toelating is nie presies omskryf nie en kan ook nie op onbuigsame wyse toegepas word nie. In breë trekke kan dit gestel word dat kinders wat betref beide gehoor en ge=
sig sodanig gestremd is dat spesiale onderrigmetodes noodsaaklik is, tot die Afdeling vir Doofblindes toegelaat word. 'n Aantal van die kinders in die Afdeling vir Doofblindes is egter nie slegs tweevoudig gestremd nie, maar wel meervoudig. Veral verstandelike gestremdheid by hierdie kinders blyk 'n wesenlike probleem te wees. Alhoewel dit wenslik is om nie doofblinde

kinders op te neem, wat na 'n periode van evaluering aan die skool as ononderrigbaar bestempel kan word nie, is daar vir heelwat van hierdie kinders geen ander heenkome nie en word hulle wel toegelaat.

### 8.1.2 Leerlingtal en personeelaangeleenthede

In 1971 was daar 10 doofblinde kinders verbonde aan die Afdeling vir Doofblindes aan die Skool vir Blindes te Worcester. Van hierdie tien leerlinge is twee in koshuise saam met blinde leerlinge uitgeplaas. Hierdie twee kinders het nog oor voldoende gesigsreste beskik om selfstandig rond te beweeg en kon met ander kinders kommunikeer. Die personeel aan genoemde Afdeling het bestaan uit vier onderwysers(esse), vier hulpdames, 'n senior huismoeder en 'n huismoeder, waarvan die poste van die huis=moeder en die een hulpdame finansieel deur die Bestuur (kerk=like beheerliggaam) gedra is. Die personeelsituasie kan kwantitatief as bevredigend beskou word, maar die noodsaaklik=heid van gunstige personeelvoorsiening word steeds deur die onontbeerlikheid van absolute indiwiduele onderrig en voort=durende versorging en hulpverlening benadruk. Probleme word egter veral ondervind om geskikte persone vir die poste van hulpdames te bekom. Vir sover dit akademiese kwalifikasies betref, het al die hulpdames in 1971 selfs nie oor 'n standerd agt-sertifikaat beskik nie.

Tans word geen onderwysersopleidingskursus spesifiek in die opvoeding en onderwys van doofblinde kinders in die RSA aange=bied nie. Opleiding geskied hoofsaaklik in diens. Oorsese studiebesoeke (veral aan die Perkins School for the Blind, Watertown, Massachusetts in die VSA) deur personeellede word soms deur middel van finansiële steun deur die Bestuur van die Skool vir Blindes moontlik gemaak. Verder word leerkragte aan=gemoedig om spesialiseringskursusse in die onderwys van dowe kinders te deurloop, veral omdat hierdie kursusse onderrig in spraakterapeutiese metodes insluit. Die beperkthede en ge=situeerdheid van die doofblinde kind is egter nie die "somtotaal" van die beperkthede en gesitueerdheid van 'n blinde en 'n dowe kind nie, en daarby impliseer doofblindheid heelwat addisionele opvoedings- en onderrigprobleme.

### 8.1.3 Die werksaamhede in die Afdeling vir Doofblindes

In hierdie Afdeling word nie onbuigsame voorskrifte in verband met die inhoud van skoolaktiwiteite neergelê nie. Elke kind word ooreenkomstig sy besondere moontlikhede opgevoed en onderrig

en die program is hoofsaaklik daarop gerig om die kind te help om 'n mate van selfstandigheid, mobiliteit en die vermoë om met ander te kommunikeer, te verwerf. Die onderrig in spraak geskied hoofsaaklik deur middel van die vibrasiemetode, waar= volgens die hande van die leerling op die gesig en keel van die leerkrag geplaas word, en omgekeerd. Indien leerlinge nog 'n sekere mate van gehoor en gesig het, word alles gedoen om ook hierdie sintuie te gebruik om kommunikasie en vordering te bewerkstellig.

Afgesien van hul versorgingstaak, is dit ook die taak van die hulpdames om opvolgingswerk in verband met die werksaamhede waarmee die onderwysers in daardie stadium besig is, te doen. Twee van die hulpdames is in die oggend aan diens en die ander twee in die middae. Een van die twee wat in die oggend aan diens is, is vir nagdiens verantwoordelik, slaap by die kinders in hul slaaplokaal en staan hulle by. Dit is verder die plig van die hulpdames om bystand te verleen met die op= voedings- en onderrigtaak in die eetsaal en ook om die kinders in die middae te help met balspele en tydens spel op klouterrame en swaaie. Bevordering van die fisiese ontwikkeling en mobili= teit van die doofblinde kinders, asook onderrig in groepspel, neem 'n belangrike plek in die Afdeling se werksaamhede in.

Wat betref mediese en paramediese dienste gaan die doofblinde kinders saam met die blindes na die oogkliniek vir gereelde ondersoeke en is die dienste van die verpleegsuster en fisio= terapeut wat aan die skool verbonde is, ook tot hul beskikking.

Indien doofblinde kinders sodanige vordering toon dat hulle in die Vakafdeling opgeneem kan word, word hulle daarheen uitge= plaas. Wat betref skolastiese vordering, bring enkele doof= blinde kinders dit so ver dat hulle van die leergange in die primêre skool kan volg en een leerling het reeds die Junior Sertifikaat verwerf. Doofblinde kinders is egter byna sonder uitsondering op beskutte arbeid aangewys indien hulle wel 'n kursus in die Vakafdeling voltooi.

## 8.2 DIE ONDERRIG VAN DOOFBLINDE KINDERS IN ENGELAND

Te Condover Hall, Condover in Engeland word blinde kinders met meervoudige gestremdhede saamgetrek. Aan hierdie skool is ook 'n afsonderlike afdeling waar doofblinde kinders gehuisves en onderrig word. In 1971 was daar 15 doofblinde kinders aan hierdie skool verbonde. Slegs onderrigbare (educable) kinders word toegelaat. Hulle word op vyfjarige ouderdom toegelaat en

bly daar tot ongeveer sewentienjarige ouderdom. 'n Kort periode van evaluering aan die skool self word as noodsaaklik beskou, voordat finaal besluit word of 'n betrokke kind toegelaat moet word.

Die hoof van die eenheid het in die opvoeding en onderwys van doofblinde kinders gespesialiseer. Die personeelvoorsiening is sodanig dat absolute indiwiduele onderrig moontlik is. Sommige van die personeel besoek ook doofblinde kinders van voorskoolse ouderdom aan huis en adviseer ook hul ouers insake pedagogiese en didaktiese aangeleenthede. Die dienste van 'n ortopediese spesialis en 'n fisioterapeut is tot die beskikking van die kinders aan hierdie skool (63, bl. 3-4).

# 9 DIE PRE-PRIMÊRE BLINDE KIND

## 9.1 DIE GESITUEERDHEID VAN DIE JONG BLINDE KIND

### 9.1.1 Stremminge ten aansien van sy ontplooiing

Vergelykende studies het getoon dat die jong blinde kind oor die algemeen stadiger tot 'n begrip van die werklikheid kom, taal stadiger bemeester en motories asook op sosiale vlak stadiger ontplooi as die normaalsiende kind. Verder is bevind dat jong blinde kinders swakker presteer as siendes in 'n aantal vaardighede wat nie vereis dat van visuele vermoë gebruik gemaak hoef te word nie, insluitende die taktuele waarneming van vorm, en swak differensieer wat betref die identifisering van huishoudelike voorwerpe (25, bl. 22).

Die totaal blinde kind is beroof van visuele waarneming wat beweging gedurende die eerste maande aanmoedig. Hierdie vertraging in mobiliteit het 'n stremmende uitwerking op die oriënterende handelinge en die taal van die blindgebore kind. Hy mag byvoorbeeld 'n hond hoor blaf, maar voordat hy die hond nie vasgehou en gestreel het, asook vertel is dat dit 'n hond is, kan hy nie 'n sinvolle verband tussen die benaming en die objek lê nie. Daar bestaan dus 'n wesenlike gevaar dat die blinde kind nie tot toereikende begrip van dit wat hom in 'n gegewe situasie voordoen, sal kom nie en 'n skewe beeld van die werklikheid sal vorm.

### 9.1.2 Stremminge in die ouer-kind-verhouding

Gesigsgestremdheid by 'n jong blinde kind het dikwels onsekerheid en angs by die ouers tot gevolg. Sommige ouers verkeer onder

die wanindruk dat blindheid hul kind noodwendig alle geluk ont=neem en vereenselwig hulle in so 'n mate met hierdie "ongelukkig=heid" dat 'n klimaat van die grootste swaarmoedigheid in die gesinsituasie geskep word. Vanweë die feit dat toereikende gesigs=vermoë 'n belangrike rol speel in die verstewiging van die moeder-kind-verhouding, moet die moeder van die blinde kind wyses van kommunikasie met haar kind bedink waarin visuele vermoë nie 'n rol speel nie. Die blinde baba en jong kind kan nie die vergunnende, liefdevolle, vermanende of ernstige gelaat van sy moeder sien nie, en interaksie tussen moeder en kind word ernstig hierdeur gekortwiek.

### 9.1.3 Die opvoedingstaak van die ouers van pre-primêre blinde kinders

Ouers van blinde kinders moet bewus gemaak word van die moontlik=hede van 'n ryk en vol lewe ook vir hul kinders en dit is essensieel dat hulle tot die besef gebring word van wat gedoen kan word om dit te bewerkstellig.

Dit is die taak van die moeder om haar blinde kind op sy omringen=de wêreld te rig en dit vir hom te verklaar. Sy moet byvoorbeeld aan hom geleentheid bied om 'n verskeidenheid voorwerpe te han=teer en hierdie voorwerpe aan hom beskryf. Die daaglikse akti=witeite van die moeder, waaronder skoonmaak, afstof, kook en inkopies doen en waaraan ook hy 'n aandeel kan hê, is die fonda=ment waarop 'n blinde kind se ontplooiing gebou kan word. Die algemene ontplooiing van die blinde kind kan bevorder word deur hom aan te moedig om aktief en selfstandig te wees, hom in die geleentheid te stel om effektiewe gebruik van ander sintuie as die visuele te maak en indien hy as geliefde kind aanvaar word, geborgenheid in die huiskring beleef en die gesinslede die be=sondere situasie waarin hy verkeer, begryp (47, bl. 140; 25, bl. 23-24).

### 9.1.4 Slotopmerkinge

Uit bogenoemde blyk dat ouers kennis moet hê van en begrip moet toon vir die besondere noodgesitueerdheid van hul jong blinde kind indien hulle hom die geleentheid wil bied om sy moontlik=hede optimaal te verwerklik. Vervolgens word op enkele aanvul=lende, positiewe uitvloeisels van deskundige hulpverlening aan ouers van blinde kinders gewys.

a. In die lig van moontlike onsekerheid, angs en mismoedig=heid by ouers van blinde kinders, het ouers nood aan

morele onderskraging. Deur deskundige hulpverlening aangaande die opvoeding en onderrig van hul blinde kind, asook by wyse van die verskaffing van inligting ten aansien van sy persoonsmoontlikhede en -beperkthede, toekomstige onderwysgeleenthede en beroepsmoontlikhede, word ouers tot die besef gebring dat hulle nie alleen staan in hul pogings ten behoewe van hul blinde kind nie en word hulle gehelp om die gestremdheid van hul kind te aanvaar en te verwerk tot beswil van die kind.

b. Deskundige hulpverlening is egter ook van besondere waarde ter oriëntering van die kind met die oog op sy opname in 'n residensiële skool vir blindes. Deeglike oriëntering dien as 'n "brug" tussen die vertroude en intieme wêreld van sy ouerhuis en die groter onbekende wêreld van die skool en koshuis. Deur die jong blinde kind te help om homself as moontlikheid te ontdek, asook om sy gestremdheid sinvol te verwerk, word hy sodanig gevorm dat wanneer hy tot die skool toetree hy nie sy "blindheid" beskou as "iets" wat slegs meegevoel ontlok en toegewings vereis nie.

c. Die skeiding tussen 'n ouer en sy blinde kind van vyf of ses jaar is in sigself reeds 'n ontwrigtende belewenis. Indien die blinde kindjie nie begrypend daarop voorberei is nie, sal hy die verwydering as brutaal beleef en mag dit 'n trauma tot gevolg hê waarvan die psigies-geestelike letsel blywend kan wees. Kinders wat geleidelik voorbe= rei word op gebeurtenisse wat hulle intiem raak en geken word in die beplanning van dit wat vir hulle voorlê, kan op grond van vertroue gelei word tot 'n verwerking van dit wat vir hulle voorlê, al sou hulle aanvanklik vermoed dat die omwenteling hul geborgenheid mag bedreig.

d. Ten besluite moet daarop gewys word dat dit 'n besondere problematiese aangeleentheid is om die blinde kleuter as moontlikheid te evalueer en te leer ken, aangesien die blinde kind hom nie so geredelik as die siende kind kenbaar kan maak nie. Deur pedagogies-verantwoorde hulpverlening tydens die vroeë kinderjare kan die blinde kind ooreenkomstig sy moontlikhede ontplooi en sal die latere evaluering van veral die intelligensie by toe= lating tot 'n skool, aansienlik vergemaklik word.

## 9.2 SKAKELING TUSSEN SKOLE VIR BLINDES EN OUERS VAN VOORSKOOLSE BLINDE KINDERS IN DIE RSA

### 9.2.1 Bekendstelling van skole vir blinde leerlinge

Deur literatuur beskikbaar te stel, word die ouers van blinde

kinders bekendgestel met die werksaamhede van skole vir blindes en wel by wyse van onder andere 'n kwartaallikse nuusbrief, die jaarverslae van die skole en brosjures wat 'n beeld van die aktiwiteite aan die skole gee. Voorts word die skool ook deur die Kerk, kerklike instansies, oogkundiges en oftalmoloë bekend=gestel. Die onderwysgeriewe wat deur die skole aangebied word, word ook deur die personeel en besoekers aan die skole bekend gemaak (ongeveer 1 000 besoekers besoek die Skool vir Blindes per jaar). Voorts word konserttoere deur hierdie skole onder=neem, is 'n plaatopname van die skoolkoor van die Skool vir Blindes vir verspreiding aangebied en word filmopnames aangaande skoolse aktiwiteite vir vertoning beskikbaar gestel.

### 9.2.2 Die opsporing en identifisering van jong blinde kinders

Die opsporing en identifisering van jong blinde kinders en toelating op 'n vroeë ouderdom tot 'n skool vir blindes, is nie meer so 'n netelige saak as 'n aantal jare gelede nie. Al=hoewel daar nie 'n nasionale opsporing- en identifiseringsprogram ten aansien van gesigsgestremde kinders bestaan nie, is ouers oor die algemeen bewus van die onderwysgeriewe vir gesigsge=stremde kinders en word hierdie kinders wel in sodanige skole opgeneem. Ten aansien van die volgende drie aspekte word egter wel probleme ondervind:

a. Dit gebeur soms dat ouers nie hul kinders op vyfjarige ouderdom vir toelating na die skool bring nie, maar eers as hulle reeds sewe of agt jaar oud is. Hierdie kinders moet dan by die voorbereidende klas ingeskakel word en kan beswaarlik hul agterstand verhaal.

b. Beplanning met die oog op uitbreiding van onderwysgeriewe word in 'n mate gekortwiek indien nie vroegtydig kennis geneem kan word van die verwagte toelatingsyfer nie.

c. Hulpverlening en voorligting aan ouers van voorskoolse blinde kinders kan nie geskied indien daar nie van hierdie kinders kennis gedra word nie.

### 9.2.3 Hulpverlening en voorligting aan ouers ten opsigte van die opvoeding en onderrig van hul pre-primêre blinde kind(ers)

Alhoewel daar geen amptelike program van hulpverlening aan ouers van pre-primêre blinde kinders aangaande die opvoeding

en onderrig van hierdie kinders bestaan nie, poog sowel die Skool vir Blindes as die Prinshofskool om, waar moontlik, hulp te verleen. Ouers word byvoorbeeld genooi om saam met hul blinde kind die skool te besoek en tydens hierdie besoeke word hulle dan van advies bedien. Die skoolhoofde korrespondeer ook met sommige ouers en stuur advies en inligting ten antwoord op spesifieke probleme wat ondervind word. Verder word literatuur ten aansien van die opvoeding en onderrig van jong blinde kinders tot beskikking van ouers gestel.

Hulpverlening aan ouers geskied dus hoofsaaklik op 'n nie-georganiseerde wyse en moet deur hoofde en personeel as bykomstig= heid by hul gewone daaglikse pligte en werksaamhede behartig word. Ook is dit nie altyd moontlik om vas te stel of probleme wat ouers ondervind het, te bowe gekom is nie. Tydens ver= kenningsbesoeke aan albei skole is die hulpbehoewendheid van ouers van pre-primêre blinde kinders deur personeel beklemtoon en is voorts genoem dat ouers tydens onderwyser-ouer-konferensies hul onkunde bekla en veral meld dat hulle soveel meer vir hul blinde kinders sou kon doen indien hulle 'n beter begrip van die opvoedingsnood van die blinde kind gehad het.

## 9.3 HULPVERLENING AAN OUERS VAN PRE-PRIMÊRE BLINDE KINDERS IN ENKELE OORSESE LANDE

a. In Engeland word daar deur middel van die werksaamhede van gesondheidsbeamptes, maatskaplike werksters en onderwysers skakeling met ouers van pre-primêre blinde kinders bewerkstellig. Hierdie persone besoek die ouers aan huis en adviseer hulle aangaande die fisiese ont= wikkeling, opvoeding en onderrig van hul blinde kinders. Verder hou die Royal National Institute for the Blind (RNIB) 'n "ouereenheid" instand waar ouers en hul blinde kinders van twee- tot driejarige ouderdom vir 'n aantal dae gehuisves word en voorligting ontvang. Vervolgens word vir blinde kinders, en in besonder vir meervoudiggestremde blinde kinders, van driejarige ouderdom af in 6 Sunshine Home-kleuterskole van die RNIB voorsiening gemaak. Die hooftaak van hierdie kleuter= skole is die evaluering van blinde kleuters met die oog op eventuele toelating tot 'n spesiale skool vir blindes en die versorging en onderrig van blinde kinders wat nog nie gereed is vir toelating tot 'n primêre skool vir blindes nie. Enkele gesigsgestremde kleuters besoek ook gewone kleuterskole wat vir normaalsiende dagskoliere voorsiening maak. Ten spyte van hierdie voorligtings-,

versorgings- en onderrigdienste aan blinde kleuters in Engeland, was sommige ouers ten tye van die betrokke opname nogtans van mening dat daar nie genoeg in hierdie verband gedoen is nie (25, bl. 24-25; 68, bl. 1-2).

b. Skakeling met ouers van pre-primêre kinders word deur verskeie skole en instansies in België, Nederland, Denemarke en die Verenigde State van Amerika bewerkstellig. Sodanige skakeling word onderneem onder andere deur maatskaplike werksters en/of onderwysers wat die ouers aan huis besoek, asook deur personeel van die ouerklinieke wat aan skole verbonde is en wat deur ouers en hul kinders besoek word. Hierdie skakeling is onder andere gerig op die identifisering van gesigsgestremde kinders, die oriëntering van blinde kinders met die oog op toelating tot 'n skool en die voorligting aan ouers aangaande die opvoeding en onderrig van hul blinde kinders.

## 10 RESIDENSIËLE SKOLE VIR BLINDE KINDERS

### 10.1 BELIGTING VAN DIE PROBLEMATIEK VAN RESIDENSIËLE SKOLE

#### 10.1.1 Inleiding

Die koshuis as opvoedingsmilieu word deur die onderwysowerhede daargestel en is as sodanig geen natuurlike of primêre op=voedingsmilieu nie. By 'n besinning oor die pedagogiese verant=woordbaarheid en opvoedingstaak van die residensiële skool, moet daar dan na die gesinsituasie as primêre of oorspronklike opvoedingsituasie teruggegaan word.

#### 10.1.2 Die gesinsituasie

Die gesinsituasie is 'n besondere wyse van saamwees van mense. Dit is die medebelewende saamwees van besondere mense in 'n ruimte van vertroue en intimiteit. Bonekamp (1962) haal Perquin soos volg aan: "..... het kind heeft een vaste ruimte nodig die de zijne is en die het als de zijne ervaart, waarin het zichzelf zijn kan en zich vrij en zorgeloos bewegen, waar het vragen kan stellen en steeds antwoord krijgt, waar liefdevolle en zorgende instelling zich in concrete en tastbare gegewens uiten, van waaruit aansluiting gezocht kan worden met de gemeen=schap" (12, bl. 131). In die gesinsituasie is spontane en verinnigde omgang tussen ouers en kind, waar die ken-, ver=trouens- en gesagsverhouding verwerklik en opvoeding dus vol=trek kan word.

10.1.3 Enkele basiese verskille tussen die gesin- en koshuis= situasie

a. Die koshuis as opvoedingsmilieu toon 'n gemis aan die vanselfsprekendheid, vertroudheid en intimiteit van die gesin. Derhalwe is die gesinsituasie onvervangbaar. Hoe liefdevol en deskundig die plaasvervangende "ouer" ook al is, kan hy nooit ten volle vir die gemis aan ouerlike koestering vergoed nie (12, bl. 256; 34, bl. 86).

b. Die situasie dat 'n sekere plaasvervangende "ouer" na die welsyn van 'n sekere kind omsien, moet in 'n mate as toevallig en verbygaande beskou word, aangesien die verhouding tussen hulle nie gegroei het uit 'n oorspronk= like selfverkose lotsverbondenheid nie.

c. By die huis het die kind 'n geheel persoonlike en op hom alleen gerigte moederfiguur. In die koshuis is daar 'n huismoeder wat vir 'n groep kinders opvoedingsverant= woordelikheid dra, nie omdat hulle hâár kinders is nie, maar wel aan haar toevertrou is.

d. In die koshuissituasie is daar weinig sprake van werklike besit in die sin van "vanselfgegroeide" eenheid. Die bed, die kas, die stoel, ensovoorts was eers iemand anders s'n en word later ook weer 'n ander s'n. In die ouerhuis beleef die kind dat hy "behoort" en ook die huislike ruimte as syne (34, bl. 91-93).

10.1.4 Riglyne met betrekking tot die koshuis as opvoedingsmilieu

As die kind (veral op jeugdige ouderdom) vanuit sy ouerhuis waar hy steeds geborgenheid beleef en homself as moontlikheid begin verwerklik het, oorgeplaas word na 'n onbekende en lewens= vreemde werklikheid, sal hy hom onveilig voel en hunker na sy tuiste waar hy geborgenheid beleef het. Van Weelden (1961) skryf soos volg oor die kind wat uit die gesinsituasie ver= wyder word: "Het kind, dat uit het gezin word weggehaald en in een instituut word gebracht, verliest zijn 'Heimat'. In de Heimat, in het gezin ontstaat een nietintentionele houding, hier groeit de blijheid: het zich geborgen weten" (118, bl. 164). Daar is dan ook sekere kardinale voorvereistes waaraan voldoen moet word indien die opvoedingstaak in die koshuis tot sy reg moet kom. Die volgende voorvereistes verg vermelding:

a. Waar die kind na 'n koshuis oorgeplaas word, moet erkenning daaraan gegee word dat alhoewel die koshuisouers "ouers"-vir-die-kind moet wees, die kind steeds kind-

van-'n-ouer bly (kyk 34, bl. 89). Sodanige benadering impliseer dat die personeel steeds sal poog om die vertrouensband tussen kind en ouers heg te hou deur die kinders vanuit die koshuis positief op hul ouers en ouerhuise te rig. Die oplossing vir moontlike pedagogies-onverantwoordbare optrede deur die ouers, lê dan ook in die eerste plek nie in die verwydering tussen ouers en kind nie, maar wel in die hulp van die ouers om korrek op te tree. 'n Gebrek aan kontinuïteit in opvoedingshandeling tussen skool (koshuis) en ouerhuis sal die opvoeding van die blinde kind ernstig belemmer.

b. Die kind moet die gesag van die koshuisouers aanvaar. Slegs dan sal die kind die beperkinge van sy "vryheid" as vryheid tot verantwoordelikheid, wat opvoeding noodwendig impliseer, aanvaar. Gesagsaanvaarding gaan met betoning van wedersydse respek en liefde gepaard en daarom is dit noodsaaklik dat die kind as persoon erken en eerbiedig moet word.

c. Om te kan opvoed, impliseer kennis van die opvoedeling (kind in opvoeding). Die koshuisouer mag nooit veralgemeen nie en gedifferensieerde opvoedingshandeling - nie gedifferensieerde opvoeding nie - kan slegs geskied indien persoonlike kennis van elke indiwiduele kind gedra word. Daarom dat die koshuisouers kennis moet dra van die huislike agtergrond, moontlikhede en beperkthede van elke indiwiduele kind, asook van die problematiek van 'n blinde kind te wees.

d. Opvoeding deur identifikasie beteken om norme by die kind lewend te maak. Die "voorbeeld" van die identifikasiefiguur en navolging dienooreenkomstig impliseer die voorleef van waardes en norme deur die opvoeder en die nalewing daarvan deur die kind. Opvoeding deur identifikasie dra daartoe by dat opvoeding nie in 'n inskerping van uiterlike dissipline ontaard en van gewetensvorming niks tereg kom nie (34, bl. 95-96). Sowel die "vader" as die "moeder" as identifikasiefiguur vir die koshuisleerling het dan ook 'n besondere rol om te vervul (kyk 88, bl. 118-119).

e. Aangesien die plaasvervangende "ouer" nie werklik ouer-van-die-kind is nie, kan dit gebeur dat die verwagting wat deur die plaasvervangende "ouer" van die kind gekoester word, die algehele aanvaarding van die kind sal verdring. Ook in die koshuissituasie moet verwagting

deur liefde en begrip getemper word.

f. Indien opvoeding in die koshuis tot sy reg moet kom, moet 'n pedagogiese situasie, soos in die gesinsituasie (kyk 10.1.2.), moontlik wees. Dit is slegs moontlik indien persoonlike skakeling en ontmoeting met elke kind moontlik gemaak kan word wat vereis dat koshuisouers of opvoeders vir 'n redelik klein groepie kinders opvoedingsverantwoordelikheid moet aanvaar.

g. In 'n koshuis vir blinde kinders moet steeds gewaak word teen die wesenlike gevaar van isolement. Koshuisakti=witeite moet veral ook beplan word met die oog op die suksesvolle oriëntasie en inskakeling van die blinde in 'n gemeenskap van siendes. Isolasie kan daartoe lei dat die kind vervreem word van dit waarop hy voorberei word.

## 10.2 DIE HUIDIGE SITUASIE TEN AANSIEN VAN RESIDENSIËLE SKOLE VIR BLINDES IN DIE RSA

### 10.2.1 Die aantal residensiële leerlinge en die groepering van leerlinge

In Augustus 1971 was ongeveer 236 van die 254 blinde en swak=siende leerlinge van die Skool vir Blindes te Worcester in die koshuis gehuisves. Daar was dus slegs 18 (7,1%) dagskoliere van dié wie die meerderheid se ouers in Worcester woonagtig was. Die skool volg reeds jare lank 'n beleid van dosentralisasie van koshuise ten einde kleiner huisgroepe en 'n groter mate van huislikheid en persoonlike skakeling met die kinders te ver=seker. Ongeveer 20 tot 30 leerlinge word dus in elke koshuis gehuisves (seuns en meisies afsonderlik). Afgesien van die feit dat kinders binne dieselfde ouderdomsverspreiding saam=gegroepeer word, word daarop ag geslaan om kinders op min of meer dieselfde wordingsniveau, dit wil sê kinders wat naastenby dieselfde mate van selfstandigheid, mobiliteit en intellek=tuele ontplooiing verwerf het, saam te groepeer. Swaksiende leerlinge in standerds 7 tot 10, in die Hulp- en Aanpassings=klasse en dié in die Beroeps- en Vakafdeling (kyk 15.2.1), word saam met blinde leerlinge (braillekandidate) in dieselfde koshuise gehuisves.

Aan die Prinshofskool het 18 persent van die blinde leerlinge gedurende die jare 1966 tot 1969 die skool as dagskoliere byge=woon. Die koshuis waarin blinde leerlinge gehuisves word, is die Kleinkindereenheid waarin daar vir leerlinge tot onge=veer graad 2-vlak akkommodasie verskaf word. In 1970 is 32

kinders (18 seuns en 14 meisies) in hierdie koshuis gehuisves. Alhoewel hierdie kinders volgens geslag gegroepeer is, was daar nie 'n verdeling tussen swaksiende en blinde kinders nie (102, bl. 72).

Die Komitee van Ondersoek na die Uitbreiding van Onderwysgeriewe vir Blanke Blindes in Suid-Afrika en Suidwes-Afrika (1970) het op verskillende nadele van die saamgroepering van blinde en swaksiende kinders in dieselfde koshuis gewys. Onder andere is genoem dat die blinde kind te afhanklik word van hulp van die kant van sy swaksiende maats, asook dat die betrokke koshuis= personeel ten aansien van hul opvoedingstaak beswaarlik aan sowel blinde as swaksiende kinders reg kan laat geskied. Dié komitee het egter ook op voordele van die saamgroepering van blinde en swaksiende kinders in dieselfde koshuis gewys. Die blinde kleuter in besonder vereis heelwat hulpverlening in die koshuis en swaksiende maats kan dan in baie opsigte hulp ver= skaf. Dit is ook genoem dat die samesyn van blindes en swak= siendes belangrike voordele ten aansien van inskakeling in die gemeenskap vir die blinde kind inhou, aangesien hy leer om met persone wat kan "sien", saam te leef (102, bl. 72).

### 10.2.2 Koshuispersoneel

Die beleid ten aansien van die daarstelling van klein koshuis= eenhede impliseer ruim personeelvoorsiening. Aan die Skool vir Blindes te Worcester word gepoog om in elke koshuis 'n senior huismoeder en twee huismoeders aan te stel. Dit is die beleid van die skool om, indien moontlik, egpare as koshuisouers aan te stel. Enkele koshuise beskik egter nie oor 'n koshuisvader nie. Die Bestuur (kerklike beheerliggaam) van die Skool vir Blindes finansier etlike huismoederposte. Aan die Prinshofskool is 'n huismoederpersoneel van drie vir die Kleinkindereenheid verantwoordelik.

Om geskikte huismoederpersoneel te vind, blyk 'n probleem te wees en persone wat nie oor 'n Senior Sertifikaat beskik nie, moet soms aangestel word. Die neerlegging van spesifieke opleidings= vereistes word nie as wenslik beskou nie, aangesien die probleem van bekombare huismoederpersoneel daardeur verder vergroot sal word en dit soms wel gebeur dat persone sonder noemenswaardige opleiding of ervaring die pos van huismoeder uitstekend vul. Indiensopleiding van huismoederpersoneel geskied aan sowel die Skool vir Blindes as die Prinshofskool en sommige van die huismoeders aan laasgenoemde skool het ook die kursus in Kinderversorging wat deur die Witwatersrandse Kollege vir Ge= vorderde Tegniese Onderwys aangebied word, suksesvol deurloop.

Die deurloping van hierdie kursus dra daartoe by om huismoeders beter te laat inskakel by die werksaamhede van die skool as opvoedings- en onderwysinrigting, veral omdat hul opvoedings= taak sterker beklemtoon word en hulle nie meer as lekepersoneel bestempel kan word nie. Daar moet egter op gewys word dat alhoewel hierdie kursus huismoeders gewis beter vir hul taak voorberei, hierdie kursus op die opvoeding en versorging van siende kinders gerig is en die spesifieke noodsituasie van die blinde kind nie aangeraak word nie.

### 10.2.3 Die taak van die koshuispersoneel

Die taak van die koshuispersoneel is nie slegs 'n versorgings= taak nie, maar ook 'n opvoedings- en onderrigtaak. Baie aktiwiteite wat die siende kind veral by wyse van nabootsing bemeester, moet doelbewus aan die blinde kind geleer word. Daar word dan ook ruim van diensdoende onderwyspersoneel in die koshuise gebruik gemaak. 'n Belangrike aspek van die taak van die koshuispersoneel is om die blinde kind voor te berei vir 'n selfstandige en selfversorgende bestaanswyse in 'n wêreld van siendes. In die lig van die besondere aard van die gestremdheid van die kind word dan ook gewaak teen die neiging tot oorbe= skerming. Spanwerk en dialoog tussen onderwys- en koshuis= personeel en die voortsetting van die opvoedingstaak in die koshuise word aan beide die Skool vir Blindes en die Prinshof= skool as baie belangrik beskou.

Uit die verkenning van die twee skole het geblyk dat daar wel 'n intieme verhouding tussen die koshuis- en onderwyspersoneel en die kinders bestaan en wel in so 'n mate dat van die kinders met hul mees persoonlike probleme na die personeel om hulp gaan. Wat betref hierdie leerlinge en genoemde personeel is daar dus inderdaad van 'n pedagogiese ontmoeting tussen opvoeder en opvoedeling sprake.

### 10.2.4 Skakeling tussen leerlinge en hul ouerhuise

Van dié blinde leerlinge wat op 10 Februarie 1970 aan die Skool vir Blindes te Worcester verbonde was, was 71 uit die Kaap= provinsie, 48 uit Transvaal, 13 uit die Oranje-Vrystaat, 5 uit Natal, 2 uit Suidwes-Afrika en 4 uit Mosambiek afkomstig (102, bl. 24). Alhoewel sommige leerlinge gedurende kort vakansies na hul ouerhuise gaan, gaan heelwat leerlinge slegs gedurende die langer winter- en somervakansies huis toe. Gedurende die kort vakansies word 'n vakansieprogram gereël of konserttoere onder= neem. Aan die Prinshofskool was 12 van die 16 braillekandidate wat op 1 Maart 1970 op skool was, residentskoliere. Van hierdie

12 het 6 elke naweek na hul ouerhuise gegaan, 3 elke tweede naweek en 3 een keer per maand of minder gereeld (102, bl. 64).

Uit bogenoemde blyk dat leerlinge aan die Skool vir Blindes te Worcester relatief selde by hul ouers aan huis gaan kuier. Sommige kinders is slegs tydens die twee lang vakansies by hul ouers aan huis. Waar kinders so selde by hul ouers aan huis kom, is die gevaar van gevoelsmatige verwydering wesenlik.

### 10.2.5 Skakeling tussen die skool en die ouers

Daar word op verskillende wyses deur die Skool vir Blindes en die Prinshofskool gepoog om skakeling met die ouers van leer= linge te bewerkstellig. Wat betref direkte skakeling tussen die skool en die ouers is die situasie aan die Prinshofskool bevredigend, aangesien die ouerhuise van die meerderheid van die kinders nie besonder ver van die skool geleë is nie, met die gevolg dat personeel en ouers maklik met mekaar in aanraking kan kom. Aan die Skool vir Blindes te Worcester is die situasie nie so gunstig nie, aangesien daar heelwat minder geleentheid vir die hoof en personeel is om ouers persoonlik te ontmoet. Skakeling geskied egter wel by wyse van onder andere jaarlikse ouerkonferensies, ouer-personeel-vergaderings wat twee keer per jaar belê en waarby hoofsaaklik ouers in die onmiddellike om= gewing van die skool betrek word, asook besoeke van die ouers aan die skool. Die groot afstande wat heelwat van die ouerhuise van die Skool vir Blindes te Worcester verwyderd is, lê skakeling egter wel aan bande en met sommige ouers vind weinig of geen persoonlike skakeling plaas nie.

## 10.3 RESIDENSIËLE SKOLE VIR BLINDES IN ENKELE OORSESE LANDE

### 10.3.1 Residensiële en dagskoliere

Die persentasie dagskoliere (van die totale leerlingtal) in ses residensiële skole vir gesigsgestremdes in België, Neder= land, Duitsland en Italië het in 1972 gewissel van 9,5 tot 34,0 persent. In Januarie 1971 was slegs 3 persent van die blinde leerlinge in Engeland en Wallis dagskoliere (25, bl. 6 en 34).

### 10.3.2 Die saamgroepering van blinde en swaksiende leerlinge

Vier skole in België en Nederland wat inligting verstrek het, maak vir sowel blinde as swaksiende leerlinge voorsiening. Van die veertien residensiële skole vir blinde leerlinge in Engeland en Wallis, maak slegs twee vir sowel blinde as swak=

siende leerlinge voorsiening (25, bl. 34).

Wat betref die saamgroepering van blinde en swaksiende leerlinge is in getuienis voor die Komitee van Ondersoek na die Onderwys van Gesigsgestremdes (1972) in Engeland op sowel voor- as nadele gewys. Met betrekking tot die nadele, is onder andere genoem dat die blinde kind as gevolg van hulpverlening deur die swaksiende kind, nie voldoende selfstandigheid sal verower nie, asook dat die totaal blinde kind as gevolg van saamgroepering verder geïsoleer kan word, aangesien braillekandidate wat nog oor 'n mate van gesig beskik, geneig is om met swaksiende kinders in plaas van die totaal blinde kinders te speel. Met betrekking tot die voordele is genoem dat die braillekandidaat in die ge= selskap van swaksiende kinders aangemoedig word om soveel as moontlik van sy gesigsreste gebruik te maak, asook dat die saamgroepering van blinde en swaksiende leerlinge in dieselfde skool en koshuise 'n wyere verspreiding van skole vir gesigs= gestremdes moontlik maak en dus meer blinde leerlinge in staat stel om die skool as dagskoliere by te woon (25, bl. 34 en 47).

10.3.3 Die koshuispersoneel en hul taak

In vier skole vir gesigsgestremdes in België en Nederland wat inligting verstrek het, word vir die aanstelling van "opvoedende" personeel in die koshuise voorsiening gemaak. Hierdie personeel is spesiaal vir die behartiging van die opvoedingstaak in die koshuis opgelei en hul taak sluit onder andere die volgende in: Hulp aan leerlinge ten aansien van persoonlike versorging, oriëntasie en mobiliteit en die bemeestering van huishoudelike vaardighede. Voorts is hulle ook verantwoordelik vir besieling en leiding ten aansien van deelname aan vryetydsbesteding, "sistematiese selfstandigheidsonderrig" en die inskakeling van toepaslike evalueringsmedia ten opsigte van die algemene vor= dering van leerlinge in die koshuis. Aan die Koninklijk Instituut Spermali, voor Blinden en Slechtzienden te Brugge (België) is tien "opvoeders(sters)" vir die opvoeding en onderrig van 128 leerlinge in die koshuise verantwoordelik. Sommige skole beskik dan ook oor 'n voorgeskrewe opvoedings- en onderrig= program aan die hand waarvan die koshuisaktiwiteite beplan word.

Aangesien so 'n hoë persentasie van die gesigsgestremde kinders in Engeland en Wallis (97%) in koshuise inwoon, is daar sowel onderwysers as opgeleide kindersorgpersoneel (childcare staff) wat vir die opvoeding- en onderrig- asook die versorgingstaak in die koshuise verantwoordelik is. Hierdie kindersorgpersoneel bestaan uit huismoeders, matrones, assistent-matrones, huis= vaders en residentkindersorgbeamptes. Aan die Condover Hall School (Shropshire) wat vir meervoudiggestremde blinde kinders

voorsiening maak, het die Royal National Institute for the Blind 'n opleidingsbeampte aangestel wat oor die Advanced Certificate in the Residential Care of Children and Young People beskik en wie verantwoordelik is vir die indiensopleiding van alle huis=moeders en assistent-huismoeders aan die skool (25, bl. 99). Aan die Tapton Mount School (Sheffield) word gepoog om veral vir die kleutergroepie 'n rustige, intieme en huislike atmosfeer te skep. Hulle woon saam met 'n personeellid, sy vrou en twee assistente in 'n afsonderlike gebou en tydens maaltye sit aan elke tafel ongeveer 6 kinders met 'n personeellid om na hulle om te sien (19).

10.3.4 Skakeling tussen blinde kinders en hul ouers, asook tussen die skool en die ouers

In sowel kleuterskole as ander residensiële skole vir blindes in Engeland word groot waarde geheg aan noue skakeling tussen ouers en kinders. Getuienis voor die Vernonkomitee (1972) in Engeland het laat blyk dat ongeveer 75 myl die maksimum afstand is wat 'n skool van die kind se ouerhuis verwyder kan wees om gereelde en voldoende skakeling moontlik te maak (25, bl. 34). Leerlinge word aangemoedig om elke naweek hul ouerhuise te be=soek. Aan sommige skole vir blindes in Engeland word van die dienste van onderwyspersoneel asook maatskaplike werksters ge=bruik gemaak om skakeling tussen die skool en die ouers van voorskoolse sowel as skoolgaande blinde kinders te bewerkstellig en voorligting ten aansien van die opvoeding en onderrig van hul kinders aan die ouers te verskaf (kyk 9.3).

Aan vier skole vir blindes in België en Nederland wat inligting verskaf het, is gesamentlik 78,7 persent van die leerlinge in koshuise gehuisves. Die probleem van gereelde en persoonlike skakeling is in hierdie lande egter nie so groot as in die RSA nie, aangesien die skole nie sulke groot afstande van die ouerhuise geleë is nie. Alle leerlinge van die Koninklijk Instituut voor Blinde en Gezichtszwakke Jongens ('n skool vir seuns) te Brussel (België) gaan byvoorbeeld elke naweek na hul ouerhuise. Hulle vertrek in die reël ongeveer vieruur Vrydag=middag en is Maandagoggend om nege-uur terug by die skool. Verder bestaan aan verskeie van hierdie skole 'n "sosiale diens" en maatskaplike werksters besoek die ouers aan huis en adviseer hulle aangaande die opvoeding en onderrig van hul kinders. Ook ouer-personeel-vergaderings word gehou en 'n hoë persentasie van die ouers is gewoonlik teenwoordig.

## 11 MEDIESE EN PARAMEDIESE DIENSTE AAN SKOLE VIR BLINDE LEERLINGE

### 11.1 DIE HUIDIGE SITUASIE IN DIE RSA

#### 11.1.1 Oftalmologiese dienste

Aan sowel die Skool vir Blindes te Worcester as die Prinshof=skool te Pretoria is 'n oftalmoloog op 'n deeltydse basis werk=saam en in beide gevalle finansier die Departement van Nasionale Opvoeding hierdie poste. Gedurende een dag per week word 'n sekere tyd deur die oftalmoloog aan die skool deurgebring, waartydens leerlinge deur die personeel vir oogondersoeke na hom verwys word. Braillekandidate word ook by hierdie oogklinieke betrek en die moontlikheid word ondersoek om hul visuele vermoë by wyse van sekere behandeling, operasies en die inskakeling van optiese hulpmiddels te verbeter. In besonder word leerlinge met progressiewe oogkondisies by die weeklikse ondersoeke be=trek. Die oftalmoloog het dan ook 'n besondere verantwoordelik=heid wat betref die aanbeveling of 'n kind na die afdeling vir blindes oorgeplaas behoort te word al dan nie (kyk 7.2.1). Die reëling dat 'n oftalmoloog vir 'n sekere tydperk elke week tot die beskikking van die skool is, stel hom in die geleentheid om hom ten opsigte van die skool as opvoedings- en onderwysinrig=ting te oriënteer, om die didaktiese implikasies van die oog=kondisies van gesigsgestremde kinders te besef en dit in sy aanbeveling ten aansien van plasing van leerlinge in ag te neem, asook om kontinuïteit aan sy werksaamhede te verleen. Verder maak sommige van die personeel van die Departement Oogheelkunde aan die Universiteit van Kaapstad, vergesel van studente, elke 14 dae van die oogkliniek aan die Skool vir Blindes se fasili=teite gebruik om 'n aantal kinders te ondersoek, gedagtes met die oftalmoloog verbonde aan die skool te wissel, samesprekings met personeel van die skool te hou, aanbevelings in verband met aangewese behandeling te doen en in die algemeen oogheelkundige navorsing te behartig (102, bl 49).

#### 11.1.2 Die skoolverpleegster

Aan albei skole hou 'n heeltydse gekwalifiseerde skoolverpleegster toesig oor die algemene gesondheid van die kinders. Die voor=geskrewe taak van die skoolverpleegster is onder andere om noodhulp toe te dien, ligte beserings en sekere siektetoestande te behandel, te besluit wanneer 'n geneesheer ingeroep moet word, na-operatiewe tuisverpleging te behartig asook om afsprake met geneeshere, tandartse, oftalmoloë en ander spesialiste te reël en die kinders daarheen te vergesel (102, bl. 49).

### 11.1.3 Optometriese dienste

Optometriese dienste wat gelewer word, is daarop gerig om gesigsgestremde kinders te help om beter gebruik van hul gesigsreste te maak en veral swaksiende leerlinge, dit wil sê leerlinge wat in die klaskamersituasie op hul gesigsvermoë aangewys is, word hierby ingeskakel. Aan die Prinshofskool word hierdie diens deur studente in optometrie aan die Witwatersrandse Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys in Johannesburg as deel van hul opleiding gelewer. Studente van dié Kollege besoek die Prinshofskool een oggend per week onder begeleiding van 'n dosent. Indien leerlinge van die Skool vir Blindes optometriese dienste nodig het, word hulle deur die skoolverpleegster na spesialiste in Kaapstad vergesel.

Braillekandidate word in 'n sekere mate ook by optometriese dienste betrek. Alhoewel hierdie kinders deur medium van die taktuele onderrig word, mag dit wees dat hul gesigsreste vir hulle nog van waarde kan wees, byvoorbeeld wat betref sekere aspekte van hul skoolwerk, mobiliteit en oriëntasie (kyk 18.2.1). Dit is daarom dat daar steeds daaraan aandag gegee moet word dat ook braillekandidate die beste gebruik sal maak van die visuele vermoë waaroor hulle nog beskik.

### 11.1.4 Fisioterapie en arbeidsterapie

Aan die Skool vir Blindes te Worcester is in 1969 'n pos van fisioterapeut daargestel, veral vanweë die feit dat 'n ruim aantal blinde leerlinge met liggaamlike gebreke, postuurprobleme, spastiese toestande en 'n mate van serebrale verlamming hulle aan dié skool bevind (102, bl. 49). Die fisioterapeut aan die Skool vir Blindes beskik oor 'n universiteitsgraad en 'n onderwysersdiploma. Die taak van die fisioterapeut is egter nie slegs fisioterapeutiese behandeling van bogenoemde leerlinge wat dit spesifiek nodig het nie, maar ook die bevordering van vrye, natuurlike beweging by die groter aantal leerlinge wat daarby kan baat.

Leerlinge van die Prinshofskool wat fisioterapeutiese behandeling nodig het, word volgens behoefte by sodanige diens aan 'n nabygeleë skool vir serebraal verlamde kinders ingeskakel. Aan die Prinshofskool word ook vir arbeidsterapie voorsiening gemaak. Enkele leerlinge ondervind probleme ten opsigte van spierkontrole en hand-oog-koördinasie en 'n deeltydse arbeidsterapeut van die H.F. Verwoerdhospitaal lewer hierdie diens aan leerlinge by die skool (102, bl. 71).

### 11.1.5 Spraakterapie

Gedurende 1971 was daar aan die Prinshofskool 'n hele aantal leer= linge wat spraakterapie ontvang het. Kinders leer nie slegs deur middel van die gehoor om te praat nie, maar onder andere ook met behulp van hul gesig. Gesigsuitdrukkinge, tongstand en lipvorming word deur die kind gesien en deur hom herhaal. So= danige hulp met die aanleer van spraak is nie vir die blinde kind moontlik nie. Spraakterapie aan die Prinshofskool word op 'n deeltydse basis deur finalejaarstudente van die Universiteit van Pretoria aangebied (102, bl. 71). Aan die Skool vir Blindes te Worcester word van die personeel van die Afdeling vir Doof= blindes wat in spraakterapeutiese metodes onderlê is, soms by spraakterapie aan blinde leerlinge betrek. Dit het ook reeds gebeur dat 'n spraakterapeut wat te Worcester woonagtig was, by hierdie diens aan leerlinge ingeskakel is terwyl die Bestuur die koste verbonde aan die diens gedra het.

## 11.2 ENKELE ASPEKTE VAN DIE MEDIESE EN PARAMEDIESE DIENSTE AAN SKOLE VIR BLINDES IN SEKERE OORSESE LANDE

Mediese en paramediese dienste aan kleuterskole en skole vir blindes in Engeland word ooreenkomstig 'n nasionale gesondheids= diens (National Health Service) voorsien. Hierdie dienste sluit gereelde ondersoeke deur 'n besoekende geneesheer, 'n oftalmoloog en tandarts in, asook verpleging deur die huismoederpersoneel en periodieke besoeke deur 'n ortopediese spesialis. Spesiale optiese hulpmiddels wat deur die oftalmoloog vir gebruik aanbe= veel word, word op 'n uitleenbasis deur die Departement van Gesondheid verskaf, terwyl terapeutiese oefeninge deur die orto= pediese spesialis aanbeveel, deur 'n fisioterapeut behartig word (62, bl. 6-7; 73, bl. 5-6).

Ook in skole vir blindes in Nederland en België word mediese en paramediese dienste verskaf. In hierdie verband noem die Direk= teur van die Koninklijk Instituut voor Blinde en Gezichtszwakke Jongens te Brussel (België) dat, in die lig van die toenemende aantal meervoudiggestremde blinde kinders, die voorsiening van mediese en paramediese dienste in 'n groter mate ook op die be= hoeftes van hierdie kinders toegespits behoort te word (kyk 1.2). Hy bepleit dan ook 'n ruimer inskakeling van 'n arbeidsterapeut (ergotherapeut) en 'n "bewegingsterapeut" (kinesist).

# 12 ONDERWYSHULPMIDDELDIENSTE AAN SKOLE VIR BLINDES

## 12.1 INLEIDING

'n Verantwoorde standpunt is dat die onderwysgeleenthede wat aan die blinde kind gebied word, gelykwaardig moet wees aan dié wat tot die beskikking van sy siende eweknie gestel word. Aangesien braillekandidate glad nie of slegs in 'n geringe mate deur medium van die visuele tot kennisverowering kan kom, moet sorg gedra word dat die nodige onderwyshulpmiddele wat onderrig deur medium van die taktuele en ouditiewe moontlik maak, beskikbaar gestel word.

Om kennis vir die blinde kind toeganklik te maak, moet onder andere boeke vir hom beskikbaar wees. Die aktualiteit van die toeganklikheid van kennis deur gebruikmaking van boeke, word soos volg deur Dorner (1967) beklemtoon: "Every education, especially the acquisition of knowledge, is ....... possible - for a sighted person as well as for a blind person - by using books ..... Therefore, cultivation of the mind may be defined as 'education by means of books which leads to a further, more extensive use of books'. A person's standard of culture and education may be judged from his contact and relation to books" (17, bl. 170).

Die beskikbaarheid en gebruikmaking van onderwyshulpmiddele wat leer deur medium van die taktuele en ouditiewe moontlik maak en vergemaklik, hou direkte verband met die mate van sukses wat met die onderwys vir blindes behaal sal word (kyk 3.6).

## 12.2 DIE SITUASIE AAN SKOLE VIR BLINDES IN DIE RSA TEN AANSIEN VAN ONDERWYSHULPMIDDELDIENSTE

### 12.2.1 Bandopnamedienste

Aan die Skool vir Blindes te Worcester bestaan 'n ateljee vir die opname van literatuur wat voorgelees word op klankbaan en 'n tak van die diens is in 1969 op rekening van die Bestuur (kerklike beheerliggaam) in Kaapstad geopen. 'n Opname wat aan die Skool vir Blindes gedoen is, het laat blyk dat literatuur op band al sterker as onderwyshulpmiddel na vore tree en in sekere opsigte die plek van brailleskrif inneem.

Die produksie van literatuur op band sluit onder andere vakhandboeke, ander vakliteratuur, voorgeskrewe boeke, weeklikse nuusbriewe, artikels uit koerante, sekere Bybelboeke, kinderverhale en tydskrifartikels en verhale in. Volwasse blinde persone maak

ook van die bandopnamediens van die Skool vir Blindes gebruik, aangesien die meesterbande bewaar word en die duplikate deur die biblioteek vir algemene gebruik beskikbaar gestel word. Die bandopnamediens word deur die Departement van Nasionale Opvoeding gesubsidieer.

Om voldoende, geskikte voorlesers (in besonder wat betref vak=literatuur) te bekom, blyk soms 'n probleem te wees, veral omdat die vakterminologie eers bemeester moet word. Afgesien van deeltydse voorlesers, bestaan die permanente personeel van die bandopnamediens uit 'n hoofbandopnemer, 'n bandopnemer en twee Nie-Blanke werknemers (102, bl. 53-54).

Wat betref verdere uitbreiding aan die Skool vir Blindes, is daar reeds 'n bedrag van R250 000 deur die Departement van Nasionale Opvoeding goedgekeur vir die oprigting van 'n nuwe gebouekompleks op die nuwe terrein van die beoogde Afdeling vir Swaksiendes wat onder andere ook die brailledrukkery en band=opnamediens sal huisves (81, bl. 4). Hernude koördinasie tussen braille- en bandproduksie word ook in die vooruitsig gestel.

Bandopnames wat aan die Skool vir Blindes gemaak is, kan ook deur die Prinshofskool aangevra word. Uit die verkenningsbesoeke aan laasgenoemde skool het egter geblyk dat benodigde bandopnames nie altyd op gesette tye tot die beskikking van die Prinshofskool gestel kan word nie en dus nie altyd op 'n beplande en sinvolle wyse in die onderwysprogram aldaar geïntegreer kan word nie. Die Prinshofskool is tans in staat om leesstof van band af op 6 kasette gelyktydig te dupliseer (51, bl. 16).

### 12.2.2 Literatuur in brailleskrif

Die brailledrukkery aan die Skool vir Blindes is in die eerste plek vir die voorsiening van skoolhandboeke verantwoordelik. Afgesien van skoolhandboeke word ook die volgende gebrailleer: Algemene letterkundige werke, ontspanningslektuur, naslaanwerke (byvoorbeeld woordeboeke), boeke vir algemene daaglikse gebruik (byvoorbeeld boeke oor huishoudkunde en kindersorg), handboeke vir blinde studente, almanakke, kerkprogramme, uittreksels uit telefoongidse, eksamenvraestelle, braillebladmusiek (vir eie gebruik en vir gebruik deur blinde orreliste en musiekonderwysers) en godsdienstige lektuur (byvoorbeeld katkisasieboeke en Bybelse dagboeke). Die Afrikaanse Bybel is ook in braille beskikbaar en Die Nuwe Pionier, 'n weekblad wat in brailleskrif deur die skool uitgegee word, word ook landwyd versprei.

Die brailledrukkery word, soos in die geval van die bandopname= diens, deur die Departement van Nasionale Opvoeding gesubsidieer. In 1970 het die Blanke personeel uit 'n hoofdrukker, 'n braille= drukker, 5 brailleskrywers en 9 braille-assistente wat onder andere proeflesers insluit, bestaan (102, bl. 29, 52-53).

Die afdeling vir blindes aan die Prinshofskool is hoofsaaklik van die Skool vir Blindes vir die verskaffing van literatuur in braille afhanklik. Van die onderwyseresse skryf egter self ook kinderverhale en ander leesstof in braille oor vir gebruik deur die leerlinge.

### 12.2.3 Biblioteke

Die Skool vir Blindes te Worcester beskik oor 'n voltydse biblio= tekaris en 'n goed toegeruste biblioteek wat oor boeke in braille (gewone druk en grootdruk) asook oor boeke voorgelees op band, beskik. Afgesien van vak- en ontspanningsliteratuur vir leer= linge, beskik die biblioteek oor 'n versameling vakliteratuur aangaande die opvoeding en onderwys van die blinde kind. Hier= die literatuur word hoofsaaklik deur die personeel geraadpleeg. Literatuur geskik vir die substanderd A- tot standerd 2-leerlinge te Worcester word deur die betrokke onderwysers in hul klaskamers in die vorm van klasbiblioteke gehuisves, aange= sien daar nie so 'n uitgebreide hoeveelheid literatuur vir hier= die kinders nodig is nie. Dit het die voordeel dat benodigde literatuur nie heen en weer vervoer hoef te word nie en onmiddel= lik tot die beskikking van leerlinge gestel kan word.

Die klaskamers van die blinde leerlinge in grade 1 en 2 aan die Prinshofskool beskik ook oor klein klasbiblioteke. Soos genoem, is die Prinshofskool in 'n groot mate van die Skool vir Blindes te Worcester vir literatuur in braille afhanklik. Aan die Prinshofskool bestaan 'n permanente biblioteekkomitee wat onder andere aandag gee aan die inskakeling van biblioteekfasiliteite by die klaskameraktiwiteite, die geskikste biblioteektye en die doeltreffende funksionering van die bandopnamediens.

### 12.2.4 Addisionele onderwyshulpmiddele (kyk 3.6)

Blindheid werk beperkend en stremmend in op die werklikheids= oriëntasie van die kind en daar bestaan 'n wesenlike gevaar dat hy 'n skewe beeld van die werklikheid sal vorm. Om te probeer verseker dat die blinde kind tot sinvolle interpretasie en suiwere begripsvorming sal kom, word onder andere van werklik= heidsgetroue modelle gebruik gemaak wat deur die kind betas kan word.

Aan die Skool vir Blindes te Worcester is 'n onderwyser, 'n onder=wyseres en 'n tegnikus (afgesien van hul gewone daaglikse take) vir die vervaardiging van hulpmiddele verantwoordelik. Deur middel van die "vacuum forming"-proses word driedimensionele landkaarte en verwante onderwyshulpmiddele vervaardig (102, bl. 55), terwyl artikels vervaardig uit onder andere hout, gips en leer ook gebruik word. Te Prinshof is die ambagsonderwyser onder andere ook vir die vervaardiging van hulpmiddele verant=woordelik. Deur middel van skakeling met verskillende instansies wat hulpmiddele beskikbaar stel asook met skole vir blindes in oorsese lande, bly die Skool vir Blindes te Worcester op hoogte met nuwe verwikkelinge op hierdie gebied. Wat betref andersoortige hulpmiddele, is daar onder andere bandopnemers, radio's, reken=borde, telrame en meetinstrumente met metrieke mate in braille daarop aangebring, beskikbaar. Die toenemende gebruik van 'n verskeidenheid van hulpmiddele aan skole vir blindes vereis dan ook bekwame tegnici om hulpmiddele te vervaardig en toerusting in stand te hou.

## 12.3 ASPEKTE TEN AANSIEN VAN ONDERWYSHULPMIDDELDIENSTE VIR BLINDE KINDERS IN ENKELE OORSESE LANDE

### 12.3.1 Engeland

a. Die aangeleentheid van die beskikbaarstelling van literatuur in braille vir gebruik deur kinders in skole vir blindes in Engeland word as 'n besondere probleem beskou. Daar word onder andere gewys op die hoë koste om literatuur in braille te druk, die omvang van boeke in braille ('n klein woordeboek van 5" x $3\frac{1}{2}$" x 1"- formaat beslaan 16 volumes in braille met afmetings van 10" x 13" x 28"), die relatief min literatuur in braille in vergelyking met dié in gewone druk en die lang tydsverloop voordat sekere boeke wel in braille beskikbaar gestel kan word. Baie skole probeer om in hul tekorte te voorsien deur hulle eie literatuur in braille (afgesien van dié wat deur die Royal National Institute for the Blind verskaf word) met behulp van 'n "thermaform"- dupliseerder te produseer, terwyl ander van die hulp van persone in plaaslike gevangenisse gebruik maak wat betref die produsering van boeke in braille (25, bl. 68-69).

Die toename in die gebruik van bandopnames deur blindes, is ook in Engeland opmerklik. Oor die moontlikheid dat bandopnames die gebruik van literatuur in braille

sal vervang, het die Vernonkomitee (1972) in Engeland hom soos volg uitgelaat: "There is no doubt that children must continue to learn braille as a first priority. Talking books can never satisfactorily replace braille versions of some books, including those to which children need to make regular reference, such as dictionaries and standard textbooks. Braille will also be needed for writing ....." (25, bl. 70). Op sy beurt beklemtoon Dorner (1967) die vormende waarde van onderrig deur medium van braille as hy beweer: "But for the education of a blind child, even for the rehabilitation of a newly blind person, braille has an essential educational value. This special educational efficiency cannot be replaced by the best tape recorder" (17, bl. 179–180).

b. <u>Ouditiewe hulpmiddele</u> wat in skole vir blindes in Engeland beskikbaar is, is radio's, bandopnemers en grammofoonplate. Die Vernonkomitee (1972) wys daarop dat uit ondersoeke gedoen in die Verenigde State van Amerika deur Morris en in Engeland deur Tobin geblyk het dat blinde leerlinge wat betref Sosiale Studie, Letterkunde en Natuurwetenskap, heelwat doeltreffender leer deur gebruikmaking van "spreekboeke" as met leerstof in braille. Dié komitee beveel dan ook aan dat verdere navorsing oor die effektiwiteit van braille en "spreekboeke" as media vir die onderrig van verskillende vakke aan kinders van uiteenlopende ouderdom en intelligensie, gedoen moet word (25, bl. 70 en 105).

### 12.3.2 <u>Wes-Duitsland</u>

'n Besondere omvattende versameling boeke en ander literatuur in braille is in Wes-Duitsland beskikbaar. Daar bestaan 7 brailledrukkerye wat hoofsaaklik in die aanvraag van skole vir blindes voorsien.

Afgesien van biblioteke aan skole, is daar 6 braillebiblioteke in die land wat oor ongeveer 145 000 boekdele in braille beskik. Braillebiblioteke aan sekondêre skole het handboeke in Engels, Frans, Italiaans, Latyn, Spaans en Grieks beskikbaar. Verder word 26 brailletydskrifte vir kinders en volwassenes uitgegee. Skole vir blindes in Wes-Duitsland moet die boeke wat hulle nodig het, van brailledrukkerye koop. Alle skole ontvang egter vir hierdie doel finansiële ondersteuning van onderwys- en plaaslike owerhede (17, bl. 171–176 en 180).

## 12.4 SLOTOPMERKING

Die Skool vir Blindes te Worcester is in 'n benydenswaardige posisie om oor sy eie bandopnamediens en brailledrukkery te beskik. In vergelyking met die produksie van literatuur in braille in byvoorbeeld Wes-Duitsland, is dié in die RSA be=treklik klein. Die verskil in produksie moet uit die aard van die saak veral aan die groter aantal blinde persone in Wes-Duitsland toegeskryf word. Genoemde hoëre produksie impliseer egter dat in Wes-Duitsland, in vergelyking met die RSA, meer literatuur vir die indiwiduele blinde persoon beskikbaar is. Die agterstand van die blinde kind teenoor sy siende eweknië wat betref die beskikbaarheid van vak- en algemene literatuur is vanselfsprekend onuitwisbaar.

# 13 ONDERWYSPERSONEEL AAN SKOLE VIR BLINDE LEERLINGE

## 13.1 ONDERWYSERSOPLEIDING

### 13.1.1 Die situasie in die RSA ten aansien van onderwysers=opleiding

#### a. Opleiding aan universiteite

Slegs die Universiteit van Suid-Afrika bied 'n volwaardige spesialiseringskursus vir onderwysers van blinde kinders aan wat uitloop op die verwerwing van die Diploma in Buitengewone Onderwys (DBO). Aangesien dit 'n korrespondensiekursus is, word persone wat ver van die universiteit woonagtig is, ook in staat gestel om in te skryf. Voornemende kandidate moet oor 'n erkende onderwysersdiploma of 'n graad en 'n erkende onderwysersdiploma beskik. Hierdie kursus sluit 'n studie van die volgende aspekte in, naamlik Geskiedenis van die Onderwys; die Fisiologies-mediese Aspekte van die Gesigsgestremde Kind; Sielkundige Aspekte van die Blinde Kind; Ortodidaktiek, en Praktiese Onder=wystoets (109, bl. 143, 420-421).

Uit die inhoud van die DBO-kursus blyk dat besondere aandag aan die fisiologies-mediese aspekte van gesigsgestremdheid gegee word. Dit is ook noodsaaklik dat die onderwyser bewus sal wees van die didaktiese implikasies van die gesigsgestremdheid van elke leerling, veral waar sommige braillekandidate nog oor bruikbare gesigsreste beskik.

Wat betref die verstandelik gestremde blinde kind, die doof=blinde kind en die voorskoolse blinde kind, word in die afde=ling wat handel oor die "Sielkundige Aspekte van die Blinde Kind",

aan hierdie spesialiseringsrigtinge in die opvoeding en onder=
wys van blinde kinders aandag gegee.

Die Universiteit van Pretoria bied wel 'n spesialiseringskursus in die onderwys van swaksiende leerlinge aan, terwyl die kursusse in die onderwys van verstandelik gestremde kinders wat deur die Universiteit van Stellenbosch aangebied word, ook vir onderwysers van verstandelik gestremde blinde kinders van besondere waarde is.

Nuwe leerkragte aan die Skool vir Blindes en die Prinshofskool word aangemoedig om vir spesialiseringskursusse in die opvoeding en onderwys van blinde kinders in te skryf en die verwerwing van 'n toepaslike kwalifikasie word deur die Departement van Nasionale Opvoeding met 'n salarisverhoging erken. Die Bestuur (kerklike beheerliggaam) van die Skool vir Blindes moedig ook personeellede tot verdere studie aan deur hul studiekoste te finansier.

b. Indiensopleiding

Indiensopleiding van onderwysers aan skole vir blindes in die RSA is indrukwekkend. Sodanige indiensopleiding omvat onder andere 'n kursus in braille-onderrig, begeleiding deur ervare onderwysers, personeelsamesprekings aangaande probleme wat onder= vind word, praatjies deur ervare onderwyspersoneel tydens per= soneelbyeenkomste, bywoning van en deelname aan gereelde onderwyserskonferensies en ondersoeke en navorsing aangaande praktiese onderwysaangeleenthede deur personeellede. In besonder gee die indiensopleidingsaktiwiteite aan hierdie skole aan die personeel die geleentheid tot die uitoefening van persoonlike inisiatief en deelname aan die uitbouing van die opvoeding en onderwys van blinde kinders.

c. Studie in oorsese lande

Die relatief groot aantal personeellede aan sowel die Skool vir Blindes te Worcester as die Prinshofskool te Pretoria wat oor= sese studie of studiereise onderneem het, is opvallend. Die Departement van Nasionale Opvoeding ken elke jaar enkele beurse vir oorsese studie toe. Dit is egter in besonder die kerklike beheerliggame wat oorsese studie vir personeellede finansieel moontlik maak en die Departement staan dan die nodige studie= verlof toe. In 1970 was daar agt personeellede aan die Skool vir Blindes verbonde wat reeds amptelik studiereise en navorsing in die buiteland onderneem het. Aangesien die Skool vir Blindes die enigste volwaardige skool vir Blanke blinde kinders in die RSA is, is daar 'n wesenlike gevaar van isolasie en stagnasie

wat betref die opvoedings- en onderwysprogram. Daarom is die finansiële bydrae van veral die Bestuur van hierdie skool in 'n poging om noue skakeling met instansies verantwoordelik vir die opvoeding en onderwys van blindes in die buiteland te be= werkstellig, des te meer aktueel.

### 13.1.2 Die opleiding van onderwysers vir skole vir blinde leerlinge in Engeland

Die Department of Education and Science vereis spesifieke kwalifikasies van onderwysers aan skole vir blindes. In omsend= brief 10 van 1971 van hierdie departement word hierdie vereiste soos volg gestel:

"The Secretary of State requires teachers of blind .... children (except those engaged solely in teaching crafts, domestic or trade subjects, ...) to have additional qualifications as indicated below. Those teaching at special schools must have the basic qualifications required for teachers in primary schools and must obtain one of the additional qualifications within three years of taking up a post.

Teachers in Schools for the Blind must either:

(a) obtain the School Teachers' Diploma of the College of Teachers of the Blind (obtained by studying while teaching in a special school) or

(b) successfully complete the one-year course of training for teachers of the visually handicapped at Birmingham University (full-time study)" (25, bl. 92).

Die eksamen ten aansien van die Diploma genoem in (a) hierbo is gebaseer op die praktiese ondervinding wat 'n onderwyser gedurende sy eerste twee jaar aan 'n skool vir blindes opgedoen het. Die Universiteit van Birmingham vereis dat ten minste twee jaar onderwyservaring aan skole vir siende leerlinge opgedoen word. Die kursus wat deur hierdie universiteit aangebied word, omvat onder andere praktiese onderwys aan blinde kinders, studie van "opvoedkundige en ontwikkelingspsigologie" en onderrig in ge= spesialiseerde metodes van onderwys. Die kursus vereis ook uitgebreide besoeke aan spesiale skole vir verskillende tipologieë gestremdes (25, bl. 93).

## 13.2 DIE TOEKENNING VAN ONDERWYSPERSONEEL EN DIE GROOTTE VAN DIE KLASSE

### 13.2.1 Die situasie in die RSA

Personeeltoekenning deur die Departement van Nasionale Opvoeding aan skole vir blindes in die RSA geskied hoofsaaklik op grond van die leerlingtal. In die breë gesien, is die onderwyser-leerling-kwota 1 tot 10, terwyl vir elke 75 leerlinge 'n musiek=onderwyser toegeken word. Afgesien van die personeelvoorsiening deur die Departement van Nasionale Opvoeding is die Skool vir Blindes te Worcester in dié gelukkige posisie dat die Bestuur (kerklike beheerliggaam) sekere poste bewillig en finansieel dra indien sodanige pos as noodsaaklik geag word.

In 1971 was daar aan die Skool vir Blindes gemiddeld 8 leerlinge per klasgroep in die primêre afdeling, terwyl daar gemiddeld 9 tot 10 leerlinge per klasgroep in die sekondêre afdeling was. Die voorbereidende klas en substanderd A met 'n totaal van 11 kinders is in dieselfde klasgroep onderrig. Sestien leerlinge (blindes en swaksiendes) wat "remediërende onderwys" ontvang het, was in twee klasgroepe (Aanpassingsklasse) saamgetrek, ter=wyl 28 verstandelik gestremde kinders (blindes en swaksiendes) in drie hulpklasse onderrig is. Aan die Prinshofskool was daar in 1973 7 leerlinge in die voorbereidende klas asook 7 leerlinge in 'n tweede klasgroep wat uit sowel graad 1- as graad 2-leer=linge bestaan het (kyk 15.3.1 a en b ).

Die verbetering deur die jare van die personeelsituasie aan die Skool vir Blindes dui daarop dat met behulp van die verantwoorde=like departemente veel vermag is. Gedurende die afgelope 10 jaar het die personeel aansienlik uitgebrei ten spyte van die feit dat daar nie 'n besondere vermeerdering in die leerlingtal was nie (kyk 1.2). Die feit dat sekere klasgroepe noodgedwonge saamgegroepeer is, asook die feit dat die Bestuur van die Skool vir Blindes sekere poste (ook onderwysposte) finansieel dra, dui egter daarop dat steeds probleme ten aansien van voldoende onderwyspersoneel ondervind word.

### 13.2.2 Die situasie in enkele oorsese lande

Ten aansien van die personeeltoekenning en grootte van die klasse in skole vir blindes in Engeland en die Europese vasteland kan op die volgende gewys word: In spesiale skole vir blindes in Engeland was daar in 1972 gemiddeld ongeveer 6 blinde leerlinge in elke klas (25, bl. 96). Aan die skool vir blindes te Rome (Scuola Statale di metodo 'A Romangnoli' per gli Educatori dei Ciechi) was daar in 1972 gemiddeld ongeveer 10 blinde leerlinge in elke klas. Aan die Koninklijk Instituut Spermali, voor

Blinde en Slechtziende Meisjes en Jongens te Brugge (België) was die voorgeskrewe onderwyser-leerling-kwota in 1972 1 tot 10. In die praktyk was daar egter minder as 10 blinde leerlinge per onderwyser.

## 13.3 ENKELE SPESIFIEKE PERSONEELAANGELEENTHEDE TEN AANSIEN VAN SKOLE VIR BLINDES IN DIE RSA EN ENGELAND

a. Die onderwyspersoneel aan skole vir blindes in die RSA is hoofsaaklik afkomstig uit skole vir gewone onderwys of ander skole vir buitengewone onderwys, alhoewel kandidate wat pas hul opleiding voltooi het, ook aangestel word. Alhoewel geskikte personeel nie altyd bekombaar is nie, is probleme in hierdie verband nie onoorkomelik nie. In besonder is onderwysers wat in remediërende onderwys gespesialiseer het en onderwysers wat kennis dra van die noodgesitueerdheid van die verstandelik gestremde kind nie altyd bekombaar nie.

b. In die reël moet 'n onderwyser in die primêre afdeling van 'n skool vir blindes in die RSA oor 'n onderwysersdiploma beskik, terwyl sy kollega in 'n sekondêre afdeling oor 'n graad plus 'n onderwysersdiploma moet beskik. Alhoewel die deurloping van 'n spesialiseringskursus in die onderwys van blindes opsioneel is, word dit sterk aanbeveel en word verkies dat met sodanige kursus 'n aanvang gemaak sal word nadat die leerkrag reeds 'n jaar of twee aan 'n skool vir gesigsgestremdes verbonde was. Vorige onderwyservaring (ook in skole vir normaalsiendes) en sekere persoonskwaliteite word besonder hoog aangeslaan. In besonder word geesdrif by 'n persoon vir die opvoedings- en onderwystaak met betrekking tot blinde kinders in ag geneem, aangesien kandidate wat hul taak nie as 'n roeping beskou nie, selde suksesvolle onderwysers is.

c. Wat betref die verwisseling en ervaring van personeel, het geblyk dat 58 persent van die personeel van die Skool vir Blindes in 1970 te Worcester reeds 6 jaar of langer aan 'n skool vir buitengewone onderwys verbonde was. Verder het 84 persent van die personeel in 1970 reeds 6 jaar of langer in die onderwyspraktyk (gewone en buitengewone onderwys) gestaan (102, bl. 32).

Wat betref die situasie in Engeland het gegewens ten aansien van die verwisseling van onderwysers aan skole vir blindes op 'n stabiele personeelsituasie gedui. In 1969 was 55 persent van die onderwysers aan hierdie skole reeds 6 jaar of langer aan die skole verbonde waar hulle in daardie stadium onderwys gegee het (25, bl. 96). Die skynbare stabiliteit ten aansien van perso= neelwisseling aan hierdie skole, gee blyke daarvan dat 'n groot aantal van die personeel hul onderwystaak as loopbaan en roeping beskou, werklik toegewyd in diens van die opvoeding en onderwys van die blinde kind staan en dat die keuring van kandidate in 'n groot mate suksesvol is.

## 13.4 ONDERWYSPERSONEEL AAN SKOLE VIR BLINDES IN DIE RSA EN HUL KWALIFIKASIES

In 1970 was daar 52 onderwyspersoneellede aan die Skool vir Blindes verbonde. Hierby is beherende personeel, onderwysersiel= kundiges, musiekonderwysers(esse) en onderwyspersoneel in die Afdeling vir Blindes, Afdeling vir Swaksiendes, Afdeling vir Doofblindes en die Vak- en Beroepsafdeling ingesluit. Wat be= tref spesialiseringskwalifikasies het 6 personeellede oor die Diploma in Buitengewone Onderwys (Universiteit van Suid-Afrika) beskik; 19 personeellede het die kursus in die opvoeding en onderwys van blindes wat aanvanklik deur die Skool vir Blindes self aangebied is, deurloop; 2 personeellede het die "Perkins Diploma" in die onderwys van blindes of doofblindes wat deur die Perkins School for the Blind, Watertown, Massachusetts in die VSA aangebied word, verwerf; terwyl 10 personeellede oor ander spesialiseringskwalifikasies beskik het (byvoorbeeld die Diploma vir Onderwysers van Spesiale Klasse wat deur die Univer= siteit van Stellenbosch aangebied word,en opleiding in handwerk vir blindes) (102, bl. 31). Aangesien heelwat van die personeel oor meer as een spesialiseringskwalifikasie beskik, is die totaal van bogenoemde personeellede nie 'n aanduiding van die getal personeellede wat oor spesialiseringskwalifikasies beskik nie. Die personeel van die afdeling vir blindes aan die Prinshofskool het in 1973 uit twee onderwyseresse bestaan van wie een oor die Diploma in Buitengewone Onderwys beskik het.

Die feit dat slegs 6 personeellede aan die Skool vir Blindes te Worcester oor die Diploma in Buitengewone Onderwys beskik het, moet onder andere daaraan toegeskryf word dat sommige leerkragte (19) die eertydse interne kursus wat deur die skool self aange= bied is, deurloop het; ander (2) in die buiteland opleiding ontvang het; sommige reeds soveel jare onderwyservaring het, dat verdere opleiding nie as nodig geag word nie (kyk 13.3 c ) en ander nog besig is om die kursus te deurloop.

## 14 DIE SIELKUNDIGE EN VOORLIGTINGSDIENS AAN SKOLE VIR BLINDE LEERLINGE

### 14.1 INLEIDING

Die aard en wese van 'n doeltreffende skoolvoorligtingsdiens (genoem Sielkundige en Voorligtingsdiens aan skole vir gesigs= gestremdes in die RSA) is prinsipieel dieselfde as dié aan skole vir normaalsiende kinders, aangesien dieselfde doelstellings nagestreef word, en wat primêr daarop gerig is om die doel met die onderwysprogram te help verwesenlik. Die doel met voor= ligting as 'n diens binne 'n stelsel van onderwys is dan om 'n hulpdiens te wees waardeur leerlinge ten aansien van onderwys- en beroepsaangeleenthede in die lig van hul persoonstruktuur, voorgelig sal word sodat hul ooreenkomstig hul bekwaamheid, aanleg en belangstelling en die mannekragbehoeftes van die land, gedifferensieerde onderwys kan ontvang om sodoende die doel met die onderwysstelsel te kan verwesenlik. Waar verskille tussen die stelsel vir siendes en dié vir gesigsgestremdes hul wel sal manifesteer, is in die benaderingswyse ten aansien van hulp= verlening, aangesien die besondere gesitueerdheid en nood van die blinde kind waaronder ook sy moontlikhede en beperkthede gesien in die lig van die lewenswerklikheid waarop hy voorberei word, in ag geneem moet word.

### 14.2 DIE SIELKUNDIGE EN VOORLIGTINGSDIENS AAN SKOLE VIR BLINDES IN DIE RSA

#### 14.2.1 Die toekenning van onderwysersielkundiges en hul kwalifikasies

Toekenning van onderwysersielkundiges aan skole deur die Depar= tement van Nasionale Opvoeding geskied onafhanklik van dié van die onderwyspersoneel en wel soos volg:

Tot en met 109 leerlinge is elk van die onderskeie skole vir gesigsgestremdes op een onderwysersielkundige geregtig en sodra die leerlingtal 110 bereik, word 'n tweede pos toegestaan. In 1971 was daar drie poste vir onderwysersielkundiges aan die Skool vir Blindes te Worcester. 'n Derde pos is aan hierdie skool toegeken by wyse van afsonderlike toekenning op grond van die getalle in óf die Afdeling vir Blindes, óf die Afdeling vir Swaksiendes en hierdie 3 persone was vir voorligting aan 131 blinde, 113 swaksiende en 10 doofblinde kinders verantwoordelik. Aan die Prinshofskool was daar in 1972 twee onderwysersielkundiges verbonde wat vir voorligting aan 229 swaksiende en 21 blinde leerlinge verantwoordelik was (52, bl. 4-5).

Uit die vereistes wat deur die Departement van Nasionale Opvoeding vir aanstelling as onderwysersielkundige gestel word, blyk dat besondere klem op onderlegdheid in Sielkunde gelê word. Indien 'n manlike kandidaat oor 'n M.A.-graad en 'n vroulike kandidaat oor 'n honneursgraad in Sielkunde beskik, word selfs 'n onderwysersdiploma nie as vereiste gestel nie (125, bl. 104). In hierdie verband kan dan ook na aanbevelings insake die opleiding van skoolvoorligters deur die Komitee vir Gedifferensieerde Onderwys en Voorligting insake 'n Nasionale Onderwysstelsel op Primêre en Sekondêre Skoolvlak (1970) verwys word. Dié komitee het beklemtoon dat die skoolvoorligter as opvoedkundige opgelei en voorberei moet word om deur raadgewende, pedodiagnostiserende, pedoterapeutiese en voorkomende optrede die doel met die opvoeding, naamlik die heenleiding van die nie-volwassene na volwaardige volwassenheid, na te streef (53, bl. 206).

### 14.2.2 'n Beeld van die omvang van die taak van die Sielkundige en Voorligtingsdiens

Die omvang van die taak van die Sielkundige en Voorligtingsdiens van die Skool vir Blindes is indrukwekkend: Pedodiagnostisering word gedoen en indiwiduele hulpverlening ten aansien van persoonstruktuurprobleme word verskaf; indiwiduele remediërende onderrig word gegee en spelterapie word toegepas; voorligting ten aansien van vak-, studierigting- en beroepskeuse word aangebied, en volledige persoonsbeelde van leerlinge word saamgestel. Onderwysersielkundiges gee ook deeltydse klasonderrig en tree adviserend op teenoor die skoolhoof, onderwys- en koshuispersoneel wanneer dit in belang van die leerling verlang word. In besonder beïndruk die pogings om 'n beeld van die "totale" kind te konstitueer (persoonsbeeld) en dit geskied deur middel van die inskakeling van evalueringsmedia, persoonlike onderhoude en die byhou van veelvuldige persoonlike inligting aangaande die kind (102, bl. 48; 84, bl. 42).

Ook aan die Prinshofskool bestaan 'n omvattende Sielkundige en Voorligtingsdiens. Aangesien hierdie skool slegs vir blinde leerlinge tot op graad 2-vlak voorsiening maak, is die diens hoofsaaklik op hulpverlening aan die swaksiende kind gerig. Onderwysersielkundiges is verantwoordelik vir psigologiese en skolastiese diagnostisering en waar omstandighede dit vereis, word 'n volledige persoonsbeeld saamgestel. Hulle word ook betrek wanneer probleme met leerlinge in die koshuise ondervind word, byvoorbeeld met leerlinge wat hulle nie ten aansien van die koshuislewe kan oriënteer nie (102, bl. 70, 71, 78, 79).

14.2.3 Die funksionering van die Sielkundige en Voorligtings=diens

In die voorafgaande afdeling is gewys op die omvang van die Sielkundige en Voorligtingsdiens aan die Skool vir Blindes en die Prinshofskool. Die wyse waarop hierdie diens, in besonder aan die Skool vir Blindes funksioneer, wil nou aan die orde gestel word.

a. Aan die Skool vir Blindes bestaan nie spesifieke voorligtingsperiodes nie. Leerlinge word hoofsaaklik in indiwiduele verband by 'n voorligtingsprogram betrek. Die voorligtingsituasie as pedagogiese situasie kom dan ook in 'n groot mate tereg.

b. Afgesien van die werksaamhede van onderwysersielkundiges, word onderwys- en koshuispersoneel aan die Skool vir Blindes ook by die voorligtingstaak betrek. Dit is onder andere die taak van hierdie personeellede om, indien dit nodig blyk, leerlinge na onderwysersiel=kundiges te verwys, persoonlike inligting aangaande leerlinge te verstrek en met voorligting aangaande doeltreffende studiemetodes behulpsaam te wees.

c. Daar word dan ook in besonder gepoog om deur middel van samesprekings skakeling te bewerkstellig tussen belanghebbende personeel ten aansien van die hulp=verlenende en adviserende funksies wat vervul moet word.

d. Die voorkomende aspek van voorligting, dit wil sê pogings om te verhoed dat 'n aanvanklike probleem of uitval op die terrein van veral onderwys- en persoon=struktuuraangeleenthede sigself as permanente probleem manifesteer, kom in 'n besondere mate tereg. Die suk=ses wat in hierdie verband behaal word, kan onder andere toegeskryf word aan die feit dat onderwysersiel=kundiges in die geleentheid is om elke leerling min=stens een keer per jaar op 'n persoonlike grondslag te ontmoet; onderwys- en koshuispersoneel gerig is op die hulpverlenende en verwysende taak wat hulle moet ver=vul; doeltreffende skakeling tussen onderwysersiel=kundiges, onderwyspersoneel en koshuispersoneel ten aansien van voorligtingsaangeleenthede bestaan en die personeel in die algemeen besonder nou met die blinde kinders saamlewe en hulle intiem leer ken.

e. Wat betref die doeltreffende implementering van gedifferensieerde onderwys is dit die taak van onder=wysersielkundiges om te adviseer en hulp te verleen ten

aansien van onder andere die volgende aangeleenthede: Die oorplasing van leerlinge vanuit die voorbereidende klas na die aanvangsklas in die primêre afdeling; oorplasing van blinde kinders vanaf die Prinshofskool na die Skool vir Blindes; die opname van leerlinge met 'n skolastiese agterstand of ander leerprobleme in 'n aanpassingsklas; die uitplasing van verstandelik gestremde leerlinge na hulpklasse; die oorplasing van leerlinge vanuit veral hulpklas 3 na die Vakafdeling met die oog op opleiding in 'n handvaardigheidsrigting; kursuskeuse en verbandhoudende vakkeuses in die sekondêre afdeling en die oorplasing van leerlinge vanuit die sekondêre afdeling na die Beroepsafdeling vir spesifieke beroepsopleiding as voorbereiding vir toetrede tot die ope arbeid (kyk 15.2.1).

f. Verder is dit die taak van een van die onderwysersiel=kundiges om ondersoek in te stel na beroepsmoontlikhede vir blinde skoolverlaters. Elke plasing van 'n blinde skoolverlater is 'n persoonlike en indiwiduele plasing. As gevolg van die beperkte beroepsmoontlikhede vir blindes (kyk 20.3.1 a ) is dit egter nie altyd moont=lik om 'n beroep ooreenkomstig die belangstelling en moontlikhede van die leerling aan te beveel nie, met die gevolg dat die onderwysersielkundige hom dus noodwendig moet beperk tot die beroepe wat wel vir blindes toeganklik is.

g. Alhoewel verskillende evalueringsmedia aan die skool beskikbaar is en gebruik word, is daar min wat werklik met vertroue ingeskakel kan word, aangesien heelwat van hierdie media nie vir blindes aangepas is nie, ander nie in hul aangepaste vorm gestandaardiseer is nie en sommige nie op gestandaardiseerde wyse afgeneem kan word nie. Gegewens wat deur middel van die inskakeling van evalueringsmedia verkry is, word dan ook met die grootste omsigtigheid deur onderwysersiel=kundiges bejeën en nie summier as 'n getroue aanduiding van die moontlikhede van blinde kinders aanvaar nie. Die Komitee van Ondersoek na die Uitbreiding van Onderwysgeriewe vir Blanke Blindes in Suid-Afrika en Suidwes-Afrika (1970) het dan ook gewys op die tekort=kominge van evalueringsmedia ten aansien van gesigsge=stremdes (102, bl. 81).

Volgens die notule van 'n vergadering gehou op 11 Augustus 1971 waarop die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN), die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Blindes en die Departement van Arbeid verteenwoordig was, is die RGN versoek om evalueringsmedia vir gebruik met betrekking tot gesigsgestremdes te ontwerp. Daar is besluit dat aanvanklik voortgegaan sal word met die aanpassing van die Nuwe Suid-Afrikaanse Indiwiduele Skaal (NSAIS) ten aansien van swaksiendes vir gebruik deur sowel die Departement van Arbeid as skole vir swaksiendes. Daar sal gepoog word om die toets op so 'n wyse aan te pas dat dit waar enigsins moontlik, ook met betrekking tot blindes gebruik kan word. Voorts sal aandag daaraan gegee word om 'n aanlegtoets en 'n persoonlikheidstoets vir gebruik ten opsigte van gesigs=gestremdes daar te stel (55, bl. 7-8).

h. In die lig van die uiteensetting van die Sielkundige en Voorligtingsdiens aan veral die Skool vir Blindes te Worcester, kan gekonstateer word dat met inagneming van die beperkinge wat die meeste personeelvoorsieningskale noodwendig meebring en ten spyte van die gebrek aan werklik doeltreffende evalueringsmedia, tesame met die besondere eise wat bemoeienis met blinde kinders aan onderwysersielkundiges stel en die probleme wat geskep word as gevolg van die beperkte en beperkende beroepsmoontlikhede vir blindes, die diens doeltreffend funksioneer. Sowel leerlinge in primêre as sekondêre skole word by die diens betrek en weens die organisa=toriese en fisiese eenheid van die primêre en sekondêre afdelings aan die Skool vir Blindes word kontinuïteit ten aansien van die voorligtingsprogram bevorder en kan doeltreffende hulpverlening met betrekking tot vak- en kursuskeuse aan leerlinge by voltooiing van hul loopbaan aan die primêre skool gegee word.

## 14.3 ENKELE ASPEKTE VAN DIE SIELKUNDIGE EN VOORLIGTINGSDIENSTE TEN BEHOEWE VAN BLINDES IN SEKERE OORSESE LANDE

### 14.3.1 Dienste wat aangebied word

Volgens die Vernonkomitee (1972) wat ondersoek ingestel het na die onderwys van gesigsgestremdes in Engeland, is die oorgrote meerderheid van onderwysers van gesigsgestremdes van mening dat die voorkoms van affektiewe onewewigtigheid onder hierdie kinders hoog is. Die rede hiervoor word onder andere toegeskryf aan oorbeskerming of verwerping deur die ouers, aan belewing van vrees en onsekerheid deur die kind as sy gesig met

verloop van tyd verswak, asook aan die moontlikheid dat affek= tiewe onewewigtigheid in 'n mate noodwendig is weens die aard van die gestremdheid. In Engeland word blinde kinders met probleme ten aansien van hul persoonstruktuur oor die algemeen na kinderpsigiaters verwys. Gereelde besoeke deur kinder= psigiaters aan spesiale skole vir gesigsgestremdes vind by uitsondering plaas (25, bl. 17-18).

Aan beroepsvoorligting en beroepspotensiaalevaluering as diens word aan skole vir blindes in Engeland besondere aandag gegee. Sommige skole begin om die beroepstoekoms van leerlinge op veertien- of vyftienjarige ouderdom te oorweeg en vir hierdie doel word besprekingspanele saamgestel waarop onder andere ook beroepsplasingbeamptes verteenwoordig is. Daarbenewens bied sommige skole spesiale skoolverlaterskursusse aan. Hierdie kursusse behels onder andere die volgende: beroepsopleiding; proefonderhoude met werkgewers; die bespreking van salarisse, vakleerlingskappe en veiligheidsregulasies; besoeke aan fabrieke; voorligting ten aansien van vryetydsbesteding en sosiale in= skakeling in 'n siende gemeenskap. Verder bestaan daar twee naskoolse sentra vir beroepsvoorligting en beroepspotensiaal= evaluering in Engeland, wat hulle ten doel stel om die gaping tussen die skool en voortgesette opleiding of beroepstoetrede vir die blinde skoolverlater te help oorbrug. Nadat blinde studente vir 2 tot 6 kwartale aan hierdie sentra vertoef het, word hulle vir indiensneming of verdere gespesialiseerde op= leiding aanbeveel (25, bl. 81-82).

Verskeie skole vir blindes in België, Nederland en Italië beskik oor psigologiese en ortopedagogiese hulpverleningsprogramme en daar is dan ook voltydse psigoloë en ortopedagoë aan sommige van hierdie skole verbonde.

### 14.3.2 Evalueringsmedia vir gebruik met betrekking tot blindes

In Engeland, Duitsland en veral die Verenigde State van Amerika is reeds heelwat navorsing in verband met evalueringsmedia vir gebruik met betrekking tot blindes gedoen. Onder andere is intelligensietoetse, aanlegtoetse, media vir die evaluering van sosialisering, handvaardigheidstoetse, skolastiese prestasietoetse en persoonlikheids- en belangstellingsvraelyste ontwerp of vir blindes aangepas. Pogings om evalueringsmedia vir gebruik ten aansien van blindes daar te stel, het egter met heelwat probleme te kampe. Die aanpassing van evaluerings= media wat vir siende kinders ontwerp is, vereis dikwels 'n verandering van items, prosedure van toepassing en tyd wat toege= laat word. In besonder word probleme ondervind om sekere aspekte

van evaluering wat die blinde in vergelyking met sy siende eweknie in 'n ongunstige situasie plaas, uit te skakel. In hier=die verband kan daarop gewys word dat die blinde kind in sekere toetssituasies in 'n groter mate op sy geheue aangewys is as die siende kind; dat dit meer tyd verg om items in braille te lees as items in gewone druk; dat dit problematies is om die evaluering van byvoorbeeld die intellektuele moontlikhede van die blinde kind van sy taktuele onderskeidingsvermoë en handvaardigheid los te maak; dat die blinde kind in sekere toetssituasies be=sondere oriëntasie- en ordeningsprobleme ondervind, asook dat sommige items van evalueringsmedia visuele vermoë of "visuele geheue" by die toetsling veronderstel (4, bl. 53-68; 13, bl. 80-85; 45, bl. 86-92).

Daar moet egter op gewys word dat heelwat aspekte wat by so=danige evaluering as diskriminerend ten opsigte van die blinde kind beskou word, hom (die blinde) noodwendig ook in die lewens-cum beroepsituasie, in 'n ongunstige situasie gaan plaas. Die evaluering van die blinde kind is nie 'n doel in sigself nie, maar in besonder 'n poging om 'n beeld van hom as moontlikheid te kry en in die lig daarvan sy inskakelingsmoontlikhede in die lewens- en beroepsituasie te probeer bepaal. Genoemde aspekte wat probleme by die daarstelling van evalueringsmedia lewer, kan dus in werklikheid slegs as diskriminerend teen die blinde beskou word indien die eise wat in hierdie opsig aan hom gestel word, as onredelik beskou kan word in die lig van wat van hom as blinde in 'n "wêreld van siendes" verwag word of gaan word.

Ten spyte van probleme wat met die daarstelling van evaluerings=media vir gebruik ten aansien van blinde kinders ondervind word, is bestaande evalueringsmedia wel van waarde wat betref pogings om die moontlikhede en beperkthede van blinde kinders te bepaal en onderlinge indiwiduele verskille uit te wys. Op die bevraag=tekening van die waarde van evalueringsmedia vir gebruik ten aansien van blinde kinders, het Herbert Garbe (1967), Direkteur van die Niedersachsiche Landesblindenanstalt te Hannover (Wes-Duitsland), soos volg geantwoord: "Our tests enable us to rate the development of a blind or partially sighted child correctly by giving us precise knowledge on the special difficulties that blind people have to overcome in special tasks; as well as knowledge of the fields in which the blind may compete, or even excel, the sighted. This certainly will help us to succeed in our endeavor for social and vocational rehabilitation of the blind and of the partially sighted" (20, bl. 51-52).

## 15. 'N OORSIGTELIKE BEELD VAN DIE INTERNE STRUKTUUR, ORGANISASIE EN DIE LEERLINGTAL VAN SKOLE VIR BLINDE LEERLINGE

### 15.1 INLEIDING

Die doel met hierdie hoofstuk is om 'n oorsigtelike beeld van die skoolstelsel vir blinde leerlinge te gee. Aspekte wat aan=gesny sal word, is die verskillende vlakke van onderwys en die beroepsopleidingsrigtings wat aangebied word. Verder sal 'n uiteensetting van die leerlingtal en van die verdeling van leer=linge in klasgroepe en opleidingseenhede gegee word. Ten slotte sal die opname van verstandelik gestremde blinde kinders, van blinde en swaksiende leerlinge en van seuns en meisies bespreek word.

### 15.2 VLAKKE VAN ONDERWYS EN OPLEIDINGSMOONTLIKHEDE

#### 15.2.1 Die situasie in die RSA

Aan sowel die Skool vir Blindes te Worcester as die Prinshof=skool te Pretoria word blinde leerlinge op vyfjarige ouderdom tot 'n voorbereidende klas toegelaat. Vanuit die voorbereidende klas word leerlinge na die aanvangsklas van die primêre skool oorgeplaas. Na voltooiing van graad 2 word blinde leerlinge aan die Prinshofskool na die Skool vir Blindes oorgeplaas. Aan die Skool vir Blindes word ook vir doofblinde kinders in die Afdeling vir Doofblindes voorsiening gemaak.

Leerlinge wat gedurende hul primêre skooljare blyke gee van sodanige verstandelike gestremdheid dat dit duidelik is dat hul nie die nodige vordering in die gewone klasse sal kan maak nie, word na een van drie Hulpklasse oorgeplaas. In die Hulpklasse word in die onderrigprogram op praktiesgerigte leerinhoud en handvaardigheid klem gelê.

Leerlinge in die Hulpklasse, asook leerlinge wat nie tot standerd 8 in die sekondêre afdeling kan vorder nie, word in die reël na die Vakafdeling oorgeplaas. In die Vakafdeling word leer=linge in 'n spesifieke handwerkrigting opgelei wat in die reël 'n voorbereiding is vir toelating tot 'n beskutte werkswinkel vir blindes.

Leerlinge wat minstens tot standerd 8 in die sekondêre afdeling gevorder het, kan na die Beroepsafdeling oorgeplaas word waar hulle 'n kursus in telefoonskakelbordwerk of klavierstem en

-herstelwerk kan deurloop as voorbereiding vir toetrede tot die ope arbeid. In die Beroepsafdeling word ook na-skoolse opleiding aangebied waarvoor die besit van die Nasionale Senior Sertifi= kaat 'n vereiste is. Die Sekretariële Kursus berei leerlinge vir 'n beroep in 'n handelsrigting voor. Verder word gevorderde musiekopleiding aan leerlinge aangebied wat die Nasionale Senior Sertifikaat met Musiek as vak geslaag het en hul studies in musiek aan 'n universiteit wil voortsit.

Die blinde leerlinge aan die Skool vir Blindes kan dus in drie kategorieë verdeel word, naamlik:

a. Leerlinge wat nie, of beswaarlik, die primêre afdeling suksesvol kan deurloop en by wyse van opleiding in 'n handwerkrigting vir opname in beskutte werkswinkels voorberei word.

b. Leerlinge wat wel tot op 'n sekere vlak in die sekondêre afdeling kan vorder- selfs standerd 10 suksesvol kan deurloop maar nie in voortgesette tersiêre opleiding belangstel nie - en direk na beroepsopleiding aan die skool tot die ope arbeid toetree.

c. Leerlinge wat die sekondêre afdeling suksesvol deurloop en voortgesette tersiêre opleiding gaan ontvang.

Uit hierdie oorsig blyk duidelik die komprehensiewe inslag van die Skool vir Blindes. 'n Komprehensiewe skool stel egter besondere hoë eise wat betref personeelvoorsiening, fisiese uitrusting en finansiële steun wat in ag geneem moet word in die wyse waarop hulp deur die ondersteunende instansies aan sodanige skool verleen word.

Die differensiasie wat deur voorafgenoemde verskillende studie= en opleidingsrigtings geïmpliseer word, dui op 'n daadwerklike poging om die indiwiduele verskille tussen blinde leerlinge in die onderwys- en opleidingsprogram in ag te neem. Die ver= skillende onderwys- en opleidingsmoontlikhede maak ook 'n soepele stelsel van plasing moontlik en dra daartoe by dat blinde leerlinge sonder ernstige ontwrigting van een na die ander oorgeplaas kan word.

### 15.2.2 Die situasie in enkele oorsese lande

#### a. Engeland en Wallis

Ten aansien van die onderwys van blinde kinders in Engeland en Wallis, bestaan daar 'n stelsel van differensiasie by wyse van die

oprigting van verskillende skooltipes. Daar word dan ook in afsonderlike kleuter-, primêre en sekondêre skole vir die onderwysbehoeftes van blindes voorsiening gemaak. Verder bestaan daar afsonderlike sekondêre skole wat blinde leerlinge òf vir beroepsopleiding, òf vir toetrede tot ander tersiêre opleidingsinrigtings voorberei. Vir meervoudiggestremde blinde kinders word ook in afsonderlike skole voorsiening gemaak.

Waar die opvoeding en onderwys van blindes in die RSA hoofsaaklik aan een inrigting gesentraliseer is, word daar in Engeland 'n beleid van desentralisasie gevolg. Die verskil in benadering moet hoofsaaklik in die verskil in die aantal blinde kinders in die RSA en in Engeland gesoek word (kyk 15.3.2).

b. <u>België, Nederland en Italië</u>

Aan vyf van die ses skole vir blindes in bogenoemde drie lande waaroor inligting bekom is, word ook (soos in die geval van die Skool vir Blindes te Worcester) vir verskillende vlakke van onderwys, studierigtings en beroepsopleidingrigtings aan dieselfde skool voorsiening gemaak. Veral die Koninklijk Instituut Spermali te Brugge (België) en Bartiméus, Christelijk Instituut voor Blinden en Slechtzienden te Zeist (Nederland) toon in hierdie opsig besondere ooreenkomste met die Skool vir Blindes te Worcester.

## 15.3 LEERLINGTAL EN VERDELING VAN LEERLINGE

### 15.3.1 <u>Die situasie in die RSA</u>

a. Sedert 1964 wissel die leerlingtal aan die <u>Skool vir Blindes</u> tussen ongeveer 240 en 260. Hierdie syfer het <u>op alle</u> leerlinge in die skool betrekking, dit wil sê sowel blinde as swaksiende leerlinge in die Skoolafdeling, Vakafdeling en Beroepsafdeling. Aangesien die Skool vir Blindes te Worcester die enigste skool in die RSA is wat vir die onderwys van Blanke blinde kinders bo graad 2- of substanderd B-vlak voorsiening maak, dui genoemde gegewens daarop dat daar hier te lande nie 'n noemenswaardige vermeerdering in die getal blinde kinders gedurende die afgelope paar jaar was nie (kyk 1.2). In 1971 was die leerlingtal 254 wat uit 131 blinde, 113 swaksiende en 10 doofblinde leerlinge bestaan het. Vyftig swaksiende leerlinge (dit wil sê leerlinge in substanderd A tot standerd 6) is in lokale op 'n afsonderlike terrein onderrig. Swaksiendes in ander standerds en afdelings is saam met blindes onderrig.

Met uitsluiting van genoemde 50 swaksiende en 10 doof=blinde kinders word die verdeling van leerlinge in klasse en afdelings aan die Skool vir Blindes, soos van toe=passing op 1971, in tabel 15.1 uiteengesit.

Uit tabel 15.1 blyk dat die grootte van die klasse in die skoolafdeling gewissel het tussen 5 en ongeveer 12 leerlinge per klasgroep, terwyl die leerlingtal (blindes en swaksiendes) per opleidingsgroep in die Vak- en Beroepsafdeling tussen 1 en 11 gewissel het. Die leer=lingtal aan die skool, asook die grootte van die klas- en opleidingsgroepe dui op die noodsaaklikheid van sen=tralisasie indien daar enigsins 'n volwaardige onderwys- en opleidingsprogram aangebied wil word.

Wat betref die verspreiding van blinde leerlinge volgens huistaal aan die Skool vir Blindes in 1970, was 125 (87,4%) leerlinge uit 'n totaal van 143 Afrikaanssprekend. In sommige standerds was daar geen Engelssprekendes nie (102, bl. 24).

b. In 1973 was daar slegs 14 leerlinge in die afdeling vir blindes aan die Prinshofskool van wie 7 in die voorbe=reidende klas was, terwyl 7 graad 1- en graad 2- leer=linge gesamentlik onderrig is. Ook aan die Prinshofskool was die Afrikaanssprekendes in die meerderheid. So by=voorbeeld was 22 (75,9%) van die 29 blinde leerlinge wat in 1971 aan die skool verbonde was, Afrikaanssprekend.

### 15.3.2 Die situasie in enkele oorsese lande

In Engeland en Wallis was daar in Januarie 1971 ongeveer 1 207 blinde kinders op skool. In 1972 is gerapporteer dat daar, afgesien van 6 kleuterskole, 14 residensiële skole was wat onder andere vir blinde kinders voorsiening gemaak het (25, bl. 6 en 34). Uit gegewens ten aansien van 5 skole vir gesigsgestremdes in België, Nederland en Italië wat bekombaar was, het ten aan=sien van blindes geblyk dat die leerlingtal van hierdie skole tussen 83 en 175 gewissel het.

TABEL 15.1

VERDELING VAN LEERLINGE IN KLASSE EN AFDELINGS AAN DIE SKOOL VIR BLINDES TE WORCESTER IN 1971

| Tipe leerlinge | Pre-primêre en primêre afdeling | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Voorbereidende Klas* | Subst. A | Subst. B | St. 1 | St. 2 | St. 3 | St. 4 | St. 5 | Aanpassingsklasse** | | Hulpklasse | | | Tot |
| | | | | | | | | | Junior | Senior | 1 | 2 | 3 | |
| Blinde leerlinge | 2 | 9 | 7 | 5 | 6 | 10 | 8 | 9 | 7 | 6 | 3 | 3 | 2 | 7 |
| Swaksiende leerlinge | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 2 | 8 | 5 | 7 | 2 |
| TOTAAL | 2 | 9 | 7 | 5 | 6 | 10 | 8 | 9 | 8 | 8 | 11 | 8 | 9 | 10 |

| Tipe leerlinge | Sekondêre afdeling | | | | | Vakafdeling | | | Beroepsafdeling | | | | | Gr tot |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | St. 6 | St. 7*** | St. 8 | St. 9 | St. 10 | Rotang-vlegwerk | Matras-makery | Weef- en Breiwerk | Telefonie | Klavierstemwerk | Sekretariële kursus | Musiekopleiding | Totaal | |
| Blinde leerlinge | 8 | 8 | 17 | 4 | 2 | 3 | 1 | 3 | 1 | 7 | - | - | 54 | 13 |
| Swaksiende leerlinge | - | 11 | 6 | 4 | 6 | 3 | 1 | 2 | 1 | 4 | 1 | 1 | 40 | 6 |
| TOTAAL | 8 | 19 | 23 | 8 | 8 | 6 | 2 | 5 | 2 | 11 | 1 | 1 | 94 | 19 |

* Die leerlinge in die voorbereidende klas en substanderd A was in een klasgroep saamgegroepeer.

** In die Aanpassingsklasse word onder andere vir remediërende onderrig voorsiening gemaak.

*** Sowel standerd 7 as standerd 8 was in twee klasgroepe verdeel.

In sowel België as Engeland, is daar aanduidinge dat die getal blinde kinders nie beduidend vermeerder nie (kyk 1.2). Volgens die getuienis van Suster Juliana van die Koninklijk Instituut Spermali te Brugge (België), dui gegewens daarop dat daar 'n afname in blindheid in België is. Die Vernonkomitee (1972) in Engeland laat hom soos volg oor die onderhawige aangeleentheid uit: "In the special schools for the blind, there had been striking changes in the numbers and disabilities of their pupils. As a result of peri-natal care, numbers of children blind from birth have fallen considerably during this century" (25, bl. 3).

## 15.4 VOORSIENING VIR DIE OPVOEDING EN ONDERWYS VAN VERSTANDELIK GESTREMDE BLINDE LEERLINGE

a. Soos daarop gewys, word verstandelik gestremde blinde leerlinge wat nie in die gewone klasse aan die Skool vir Blindes te Worcester tereg kan kom nie, in Hulpklasse opgeneem vanwaar hulle na die Vakafdeling oorgeplaas word (kyk 15.2.1). Sommige van hierdie leerlinge is sodanig verstandelik gestremd dat hulle as kwalik onderrigbaar bestempel kan word. Verder is ook sommige van die blinde leerlinge wat vir remediërende onderrig na Aanpassingsklasse oorgeplaas word, in 'n meer of mindere mate verstandelik gestremd. In 1971 was 28 (21,4%) van die 131 blinde leerlinge aan die Skool vir Blindes in die Aanpassingsklasse, Hulpklasse en Vak=afdeling. Verder was 29 swaksiende kinders in bogenoemde klasse en afdeling. Ook in die afdeling vir blindes aan die Prinshofskool word verstandelik gestremde blinde leerlinge opgeneem.

b. Soos daarop gewys, word in Engeland in afsonderlike skole vir meervoudiggestremde (ook verstandelik gestremde) blinde kinders voorsiening gemaak (kyk 15.2.2). Die meerderheid van die skole vir blindes op die Europese vasteland waaroor inligting bekom is, maak nie vir ernstig meervoudiggestremde blinde kinders voorsiening nie. In Nederland bestaan daar byvoorbeeld 'n afsonder=like "Instituut" vir meervoudiggestremde blinde kinders. Aan die Koninklijk Instituut Spermali te Brugge word verstandelik gestremde blinde leerlinge wel toegelaat, maar hulle word reeds in die primêre skool in 'n afsonder=like praktiesgerigte kursusgroep geplaas.

c. Volgens gegewens verstrek deur die Vernonkomitee (1972) in Engeland, het die persentasie ernstig verstandelik gestremde blinde kinders (ononderrigbare kinders) in dié

land van 25,2 persent in 1959 tot 35,2 persent in 1970 toegeneem, terwyl die meervoudiggestremde blinde kinders (ander as verstandelik gestremdes) van 16,8 persent in 1959 tot 23,8 in 1970 toegeneem het (25, bl. 9). Dié komitee berig verder soos volg: "In the past a sub=stantial proportion of blind children in schools were otherwise normal. Now an increasing proportion are blind as a result of conditions producing other handi=caps (from some of which children used to die); and in these cases blindness may be allied to physical defects and/or mental handicap" (25, bl. 3-4). Ook Broeder Danneels (1972), Direkteur van die Koninklijk Instituut voor Blinde en Gezichtszwakke Jongens te Brussel (België) rapporteer dat meervoudiggestremdheid onder blinde kinders in België toeneem.

Wat betref verstandelik gestremde normaalsiende kinders is 'n verbandhoudende tendens te bespeur. In 'n ondersoek wat deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing onderneem is, word verwys na 'n bevinding van Levinson (1965) dat die geledere van verstandelik gestremde kinders gedurig aangroei as gevolg van laer kindersterf=tes en 'n hoër lewensverwagting (87, bl. 5). Die probleem van die meervoudiggestremde blinde kind en in besonder die verstandelik gestremde blinde kind, sal dus in die toekoms waarskynlik al sterker op die voorgrond tree.

## 15.5 DIE OPNAME VAN SOWEL BLINDE AS SWAKSIENDE LEERLINGE IN DIESELFDE SKOOL

a. Die Skool vir Blindes te Worcester maak vir sowel blinde as swaksiende leerlinge voorsiening. Soos daarop ge=wys, word 50 swaksiende leerlinge van substanderd A tot standerd 6 in klaskamers op 'n afsonderlike terrein onder=rig. Van standerd 7 tot standerd 10, asook in die Aanpassingsklasse, Hulpklasse, die Vakafdeling en die Beroepsafdeling word blinde en swaksiende leerlinge ge=samentlik onderrig (kyk tabel 15.1). Die oprigting van 'n volledige toegeruste afsonderlike afdeling vir swak=siende leerlinge aan die Skool vir Blindes is egter reeds 'n geruime tyd gelede deur die Departement van Nasionale Opvoeding goedgekeur.

Wat betref die situasie aan die Prinshofskool is die afdeling vir blindes (voorbereidende klas, graad 1 en graad 2) verbonde aan die skool vir swaksiendes.

b. In Engeland en Wallis was daar in 1972 12 residensiële skole (afgesien van 6 kleuterskole) wat slegs vir blinde leerlinge voorsiening gemaak het, terwyl slegs 2 residensiële skole sowel blinde as swaksiende leerlinge gehuisves het (25, bl. 34). Verder het al vyf skole in België, Nederland en Italië waaroor inligting bekom is, vir sowel blinde as swaksiende leerlinge voorsiening gemaak.

c. Verskeie argumente word aangevoer ten gunste van skole wat vir sowel blinde as swaksiende leerlinge voorsiening maak (hiermee word nie bedoel dat blinde en swaksiende leerlinge noodwendig in dieselfde klasgroepe saamge= groepeer moet word nie), of as alternatief, van die daarstelling van afsonderlike skole vir blindes en swak= siendes wat op dieselfde kampus geleë is. Onder andere word genoem dat dit 'n wyer verspreiding van skole vir gesigsgestremdes moontlik sal maak en skole gevolglik nader aan die ouerhuise van leerlinge geleë sal wees wat daartoe sal lei dat meer leerlinge die skole as dag= skoliere sal kan bywoon. Voorts word ook genoem dat dit in 'n mate die duplisering van dienste en fasiliteite (mediese en paramediese dienste, bandopnamediens, swembad, ensovoorts) sal uitskakel. Die voorwaarde word egter ge= stel dat steeds besondere aandag aan die voorsiening van gespesialiseerde dienste aan elke groep gegee sal word (byvoorbeeld mobiliteitsonderrig, hulpverlening ten aansien van sosiale inskakeling in die gemeenskap, voor= siening van literatuur in braille en beroepsopleiding) (25, bl. 46-48; kyk ook 7.2.2 b ).

## 15.6 SKOLE VIR BLINDES AS KO-EDUKASIESKOLE

a. Sowel die Skool vir Blindes as die Prinshofskool maak vir sowel seuns as meisies voorsiening. In 1970 was 85 (59,4%) van die 143 blinde leerlinge aan die Skool vir Blindes seuns (102, bl. 24). Aan die Prinshofskool was daar in 1971 29 blinde leerlinge van wie 18 (62,1%) seuns was.

b. Met die uitsondering van twee skole, is al die ander skole vir blindes in Engeland (12) vir sowel seuns as meisies toeganklik (25, bl. 48). Van vyf skole vir blindes op die Europese vasteland waaroor inligting bekom is, is 2 skole in België enkelgeslagskole. Wat betref die verdeling tussen seuns en meisies, was daar in 1972 aan die Konink= lijk Instituut Spermali (Brugge) 80 (65,5%) seuns en 68 (34,5%) meisies en aan die Bartiméus Instituut te Zeist

49 (59,0%) seuns en 34 (41,0%) meisies.

c. Dit word oor die algemeen aanvaar dat ko-edukasie die enigste werklike verantwoordbare wyse van groepering van leerlinge is. Waar 'n sinvolle en positiewe oriëntering ten opsigte van die geslagtelike vir die blinde kind 'n problematiese aangeleentheid is, word die twee geslagte juis in ko-edukasieskole met mekaar in voeling gehou en leer hulle mekaar ken. 'n Hoof van 'n skool vir blindes in Engeland het hom soos volg in hierdie verband uitgelaat: "It is little use claiming that pupils are being prepared to take their place in the sighted world if they are denied the opportunity of meeting with and talking to people of the opposite sex during their formative years" (25, bl. 48). Ten slotte word na die volgende woorde van Viljoen (1968) verwys: "Beide seun en meisie is deel van hierdie totale werklikheid waarin die mens homself en die ander slegs in medemenslike betrokkenheid, dus in medemenslike bestaan kan ken. Omdat medemenslike bestaan dus ook 'n saam-bestaan met die ander geslagtige impliseer, behoort daar geen sprake van afsonderlike onderwys en opvoeding vir seuns en meisies te wees nie" (124, bl. 119).

## 16 DIE ONDERWYSPROGRAM AAN SKOLE VIR BLINDE LEERLINGE

### 16.1 INLEIDING

Waar die interne struktuur, organisasie en leerlingtal van skole vir blindes in die vorige hoofstuk aan die orde gestel is, sal die onderwysprogram as sodanig in die onderhawige hoofstuk bespreek word. Aspekte wat onder andere aangesny sal word, is groepering van leerlinge, aanbieding van leerinhoude, sillabusse, kurrikula, eksaminering en bevordering van leerlinge. Die situasie aan skole vir blindes in die RSA sal eerste in oënskou geneem word, waarna enkele aspekte van die situasie in skole vir blindes in sekere oorsese lande onder bespreking sal kom.

### 16.2 DIE ONDERWYSPROGRAM AAN SKOLE VIR BLINDES IN DIE RSA

#### 16.2.1 Die pre-primêre onderwysprogram

Sowel die Skool vir Blindes te Worcester as die Prinshofskool te Pretoria laat blinde leerlinge van ongeveer vyfjarige ouderdom af tot 'n voorbereidende klas toe waar hulle as heterogene groep spesifiek wat betref kognitiewe en affektiewe ontplooiing, asook selfstandigheidsontplooiing vir toetrede tot meer formele

onderrig voorberei word. Dit gebeur egter soms wel dat blinde kinders hulle eers op ses-, sewe- en selfs agtjarige ouderdom vir toelating aanmeld. In 1973 was daar 7 blinde leerlinge in die voorbereidende klas aan die Prinshofskool. Aan die Skool vir Blindes was daar in 1971 gesamentlik 11 leerlinge in die voorbereidende klas en substanderd A terwyl hierdie leerlinge ook in dieselfde klasgroep saamgegroepeer was. Die kinders in die voorbereidende klas is 'n besondere heterogene groep wat betref intellektuele bekwaamheid en stadium van ontplooiing. Gevolglik vereis hierdie kinders indiwiduele aandag met betrekking tot hul opvoeding en onderwys. Die saamgroepering van leerlinge in die voorbereidende klas met leerlinge in substanderd A of graad 1 skep dan ook besondere probleme en bemoeilik doeltreffende onderrig.

Die tydperk wat blinde kinders in die voorbereidende klas deurbring, dien in besonder ook as evalueringstydperk en word daar gepoog om vas te stel in watter mate 'n ontplooiingsagterstand aan pedagogiese verwaarlosing, gebrekkige opvoedingskennis van die ouers of verstandelike gestremdheid toegeskryf kan word. Die voorbereidende klas maak oorplasing op 'n indiwiduele grondslag moontlik. Die stadium waarin 'n leerling na graad 1 of substanderd A oorgeplaas word, word deur die vordering van elke indiwiduele leerling bepaal.

Aspekte wat in hul onderrigprogram ingesluit word, is onder andere getalsbegrippe, godsdiensonderrig, mondelinge werk, sang en musiek, elementêre handwerk en die elementêre beginsels van brailleskrif. Die buitemuurse program van hierdie blinde kinders is veral op die bevordering van hul werklikheidsoriëntasie, sosialisering en mobiliteit toegespits (102, bl. 68-69).

### 16.2.2 Die primêre onderwysprogram

#### a. Inleiding

Soos daarop gewys, word aan die Prinshofskool slegs tot op graad 2- vlak vir blinde leerlinge voorsiening gemaak, waarna hul na die Skool vir Blindes oorgeplaas word. Afgesien van die bespreking van die onderwysprogram in graad 1 en graad 2, handel hierdie afdeling dan ook by uitstek oor die situasie aan die Skool vir Blindes.

#### b. Groepering van leerlinge

Die grootte van die verskillende klasgroepe in die primêre afdeling (substanderd A tot standerd 5) aan die Skool vir Blindes te

Worcester het in 1971 gewissel tussen 5 en 11 blinde leerlinge per klasgroep. Die enkele Engelssprekende blinde kinders in die verskillende standerds is saam met Afrikaanssprekendes in die= selfde klasgroep onderrig (kyk 15.3.1 a). Afgesien van die groepering van blinde en swaksiende leerlinge in afsonderlike klasgroepe en die uitplasing van leerlinge na Aanpassings- en Hulpklasse (kyk 16.2.2 f en g), word daar in die gewone primêre standerds geen verdere differensiasie by wyse van die groepering van leerlinge in dieselfde standerd in verskillende klasgroepe, toegepas nie. Die noodsaaklikheid van sodanige verdere differ= ensiasie word ook nie werklik nodig geag nie, aangesien genoemde uitplasing die heterogeniteit van die blinde kinders in dieselfde standerd ten aansien van intellektuele vermoë en skolastiese be= kwaamheid reeds in 'n mate verminder het en die grootte van die verskillende klasgroepe sodanig is dat indiwidualisering in die onderwys in 'n groot mate moontlik is.

Aan die Prinshofskool is 7 graad 1- en graad 2-leerlinge in 1973 gesamentlik in dieselfde klasgroep onderrig. Waar die moontlikheid nie aan hierdie skool bestaan om blinde leerlinge na 'n Aanpassings- of Hulpklas oor te plaas nie, word soms besondere probleme as gevolg van die heterogeniteit ten aansien van die intelligensie van leerlinge in dieselfde standerd ondervind. Die saamgroepering van graad 1- en graad 2- leerlinge verhoog die heterogeniteit van die klasgroep verder.

c. Kurrikula en sillabusse

Afgesien van die onderrig van brailleskrif en tikskrif, stem die kurrikula wat in die verskillende standerds van die primêre afdelings van die betrokke twee skole aangebied word, ooreen met dié wat aan normaalsiende primêre skool-leerlinge gebied word. Tik word van standerd 4 af as vak en skryfmedium aangebied, en van standerd 5 af as 'n volwaardige eksamenvak. Die onderrig van braille as skryf- en leesmedium begin reeds in substanderd A (graad 1) en tot en met standerd 5 word spesifieke braille-onderrig gegee.

Die vakke aan die Prinshofskool word "..... aangebied in ooreen= stemming met die voorskrifte en leerplanne van die Transvaalse Onderwysdepartement. Indien wenslik word sekere aanpassings gemaak" (102, bl. 69). Aan die Skool vir Blindes word sillabusse wat deur die Kaapse Onderwysdepartement (Departement van Open= bare Onderwys, Kaap die Goeie Hoop) voorgeskryf word, in die primêre afdeling gevolg. Differensiasie ten aansien van hier= die leerinhoude wat aan blinde primêre skool-leerlinge aan onderskeidelik die Prinshofskool en die Skool vir Blindes aange=

bied word, geskied hoofsaaklik deur middel van aanpassings ten aansien van leerinhoude wat deur die hoof en personeel van hier= die twee skole aanbeveel word. Wysiginge van sillabusse is onderhewig aan goedkeuring deur die Departement van Nasionale Opvoeding.

d. Enkele aanbiedingsaangeleenthede

1. Aan die primêre afdelings vir blinde leerlinge van sowel die Skool vir Blindes as die Prinshofskool, funksioneer hoofsaaklik 'n stelsel van klasonderrig. Die standpunt word gehuldig dat die kleiner blinde kinders aan 'n spesifieke onderwyser toevertrou moet word wat hulle goed kan leer ken. Die klein blinde kind beleef geborgenheid in die bekende klassituasie en in teenwoordigheid van 'n besondere onderwyser as vertroueling. In die senior primêre standerds (standerds 3, 4 en 5) word, wat betref sekere vakke, egter soms wel vakonderrig gegee, aangesien dit noodsaaklik is dat 'n vakspesialis sekere vakke doseer.

2. Sowel die Skool vir Blindes as die Prinshofskool gee amptelike moedertaalonderrig aan kinders afkomstig uit onderskeidelik Afrikaanssprekende en Engelssprekende huisgesinne. As gevolg van die klein aantal Engelssprekende blinde leerlinge (kyk 15.3.1 a) is dit egter nie moontlik om afsonderlike klasse vir die taalgroepe in te stel nie. In sommige klasse is selfs geen Engelssprekende leerlinge nie. 'n Stelsel van dubbelmediumonderrig word dus gevolg.

3. In die vak Omgewingsleer word leerinhoude van vakke soos Algemene Wetenskap, Geskiedenis en Aardrykskunde gekombineer. Die doel met hierdie vak is onder andere om kleiner blinde kinders eers met hul onmiddellike en later met die verderliggende omgewing bekend te stel en vertroud te maak. Vergesel van hul klasonderwyseres besoek die kinders verskillende instansies en sentra vir openbare dienste. Hierdie verkenningsbesoeke dien terselfdertyd as oriënterings- en beweeglikheidsonderrig vir die kinders.

4. In die primêre afdelings aan albei skole word baie aandag aan handwerk bestee. Die jong blinde kind is dikwels nog baie lomp met sy hande en soms is die hande nie sterk ontwikkel nie. Waar die blinde kind in 'n besondere mate van die tassintuig afhanklik is en braille as skryf- en leesmedium gebruik, is een van die belangrike doelstellinge met handwerk om die blinde kind te leer om sy hande te gebruik en in besonder om hom te help om fyner tasonderskeidinge te kan maak.

5. Alle blinde leerlinge in die primêre afdelings van albei die skole word vir enkele periodes per week by gesament=like sang betrek. Leerlinge word ook in die geleentheid gestel om onderrig in musiek te ontvang, onder andere in klavierspel en die bespeling van die blokfluit. Verder word kore afgerig en slagorkeste saamgestel.

6. Die onderrig van braille as lees- en skryfmedium begin reeds in substanderd A (graad 1) en alle onderwysers aan die Skool vir Blindes is dan ook verplig om die kursus in braille wat deur die skool self aangebied word, te deurloop. Sodra 'n leerling as braillekandidaat toe=gelaat word en nog oor 'n mate van gesig beskik, beklem=toon die onderwyser by die leerling dat hy hom op sy tassintuig as medium van onderrig moet rig en dat hy nie moet probeer om brailleskrif met sy oë te ontsyfer nie. In hierdie verband noem Vaughan (1966) dat daar steeds leerlinge sal wees wat met die kop teenaan die boek, sal probeer om brailleskrif met die oë te lees. Die toe=passing van strafmaatreëls deur byvoorbeeld die leerling se oë toe te bind, keur hy as pedagogies onverantwoord=baar af (120, bl. 118).

7. Tydens die verkenningsbesoeke aan die Skool vir Blindes en die Prinshofskool het geblyk dat onderwysers daarin slaag om die onderrig in 'n besondere mate te indiwi=dualiseer; om die betrokkenheid van die blinde kind by die klaskameraktiwiteite te verseker en sy mate van geïsoleerdheid te deurbreek; om beskikbare onderwyshulp=middele op 'n verantwoorde wyse in te skakel, en om die selfstandigheidsontplooiing van die jong blinde leerling voorop te stel.

e. Eksaminering en bevordering

'n Mate van differensiasie word wel tydens eksaminering in die primêre afdelings toegepas deurdat eksamenvraestelle volgens 'n stygende graad van moeilikheid opgestel word en swakker kan=didate direk met die beantwoording van die makliker vrae kan begin. Afgesien van die prestasie van 'n leerling in die ek=samen wat aan die einde van die vierde kwartaal afgelê word, word sy prestasies in klastoetse en eksamens gedurende die jaar, sy ouderdom en die stadium van die jaar waarop hy tot die skool toegelaat is, sy moontlike afwesigheid as gevolg van siekte en 'n volledige persoonsbeeld van die leerling vir die doel van be=vordering in aanmerking geneem. Daar is dus in 'n besondere mate sprake van differensiasie ook wat betref bevordering, aan=

gesien bevordering nie bloot op 'n eksamenpunt berus nie.

f. Aanpassingsklasse

In 1971 het 7 blinde leerlinge en een swaksiende leerling aan die Skool vir Blindes hul in die Junior Aanpassingsklas bevind waarin vir leerlinge op ongeveer die standerd 1- tot standerd 3- vlak voorsiening gemaak word. In die Senior Aanpassingsklas waarin leerlinge op ongeveer standerd 4- tot standerd 6- vlak opgeneem word, was in daardie stadium 6 blinde en 2 swaksiende leerlinge.

In werklikheid het drie kategorieë blinde en swaksiende leerlinge hul in die Aanpassingsklasse bevind, naamlik -

1. Leerlinge wat hul skolastiese agterstand sal verhaal en na die gewone klasse teruggeplaas sal word.

2. Leerlinge wat in die Aanpassingsklasse bly, ooreenkomstig hul besondere moontlikhede vorder (aan die hand van 'n verwerking van sillabusse van die primêre skool) en later van hierdie klasse na die Vakafdeling oorgeplaas word.

3. Leerlinge wat sodanig verstandelik gestremd is dat hulle na 'n evalueringstydperk in die Aanpassingsklasse, na 'n Hulpklas oorgeplaas word.

Wat betref die onderrigtaak in die Aanpassingsklasse, is daar leerlinge wat spesiale onderrig in braille ontvang, leerlinge wat remediërende onderrig ten aansien van sekere vakke ontvang (in besonder ten opsigte van die twee amptelike tale en Reken= kunde) en leerlinge wat 'n verwerking van sillabusse van die primêre skool volg.

Die meriete van die Aanpassingsklasse lê onder andere daarin dat dit as evalueringstydperk dien. Waar daar onsekerheid mag bestaan of sekere leerlinge verdere akademiese onderwys suksesvol sal kan deurloop en of hulle noodwendig op spesifieke handvaardig= heidsopleiding in die Vakafdeling aangewys is, word hierdie leerlinge in die geleentheid gestel om hulself as moontlikheid in die Aanpassingsklasse kenbaar te maak. Leerlinge wat nie in die primêre standerds skolasties kan tred hou nie, word dus nie summier tot Hulpklasse en handvaardigheidsopleiding gepredisponeer nie. Verder word leerlinge wat wel nog baat vind by die aan= bieding van die voorgeskrewe leerinhoude (of 'n verwerking daar= van) maar nie die volwaardige primêre onderwysprogram suksesvol kan deurloop nie, in die Aanpassingsklasse in die geleentheid gestel om ooreenkomstig hul besondere moontlikhede te vorder.

Uit bogenoemde blyk dan die diverse aard van die onderrigtaak in die Aanpassingsklasse, asook die heterogeniteit ten aansien van die leerlinge wat hulle in dié klasse bevind. Alhoewel indiwidualisering in die onderrig as gevolg van die klein aantal leerlinge in hierdie klasse in 'n groot mate moontlik is, skep genoemde diversiteit en heterogeniteit wel besondere probleme.

g. Hulpklasse

In 1971 is 28 verstandelik gestremde blinde en swaksiende kinders wat nie uit die gewone primêre onderwysprogram voordeel kon trek nie, in drie Hulpklasse aan die Skool vir Blindes onderrig. Sommige van hierdie kinders is sodanig verstandelik gestremd dat hulle kwalik as onderrigbaar beskou kan word. Die onderrigprogram wat in die Hulpklasse aangebied word, word deur die betrokke onderwysers in oorleg met die verantwoordelike vise-hoof beplan. Die leerinhoude is besonder prakties-gerig en sluit taalonderrig, braille-onderrig, elementêre rekene en handwerk in.

Die reeks van drie Hulpklasse moet as 'n afsonderlike stroom, met eiesoortige leerinhoud spesifiek vir verstandelik gestremde blinde kinders, gesien word. Blinde leerlinge word op ongeveer sestienjarige ouderdom van òf Hulpklas 2, òf Hulpklas 3 na die Vakafdeling oorgeplaas waar hulle op toetrede tot beskutte werkswinkels voorberei word.

16.2.3 Die sekondêre onderwysprogram

a. Groepering van leerlinge

Blinde en swaksiende leerlinge aan die Skool vir Blindes te Worcester word in onderskeidelik standerds 7 tot 10 in dieselfde klasgroepe saamgegroepeer. Die oprigting van 'n afsonderlike afdeling vir swaksiende leerlinge is egter reeds deur die Departement van Nasionale Opvoeding goedgekeur en sal binne afsienbare tyd in gebruik geneem word. Die aantal leerlinge per klasgroep in die sekondêre afdeling het tussen 8 en 12 gewissel. Afgesien van die onderverdeling van hierdie klasgroepe tydens die aanbieding van keusevakke, word in sommige klasse intraklasgroepering toegepas.

b. Kurrikulêre aangeleenthede

1. Standerd 6 word as 'n verkenningsjaar beskou en blinde leerlinge in hierdie standerd word in die geleentheid gestel om met 'n verskeidenheid vakke kennis te maak. In die sekondêre afdeling word 'n besonder wendbare benadering ten aansien van die aanbieding van keusevakke

gevolg in 'n poging om selfs indiwiduele leerlinge in staat te stel om vakke te neem wat hulle vir 'n spesifieke naskoolse studierigting nodig het. In die lig van hierdie benadering en van die keusevakke wat wel in die verskil= lende standerds in die sekondêre afdeling aangebied word (Rekenkunde, Wiskunde, Natuur- en Skeikunde, Aardrykskunde, Fisiologie, Musiek, Handel, Handelsreg, Duits, Tik en Ge= skiedenis), kan wel deeglik van die aanbieding van gedifferensieerde kurrikula gepraat word.

2. Dié leerlinge wat probleme ondervind om Wiskunde te be= meester, neem in standerd 6 Rekenkunde. Die Rekenkunde= sillabus is intern opgestel en die leerinhoud is daarop gerig om hierdie leerlinge sodanig syferkundig te onder= lê dat hulle sal kan voldoen aan die eise waarmee hulle in hierdie verband in die wêreld van die volwassene ge= konfronteer sal word.

3. Tik is tot op standerd 8-vlak 'n verpligte eksamenvak. Hierdie vak vereis egter 'n besondere mate van handvaar= digheid, noukeurigheid en taalkundigheid en al die leer= linge kan nie altyd aan die vereistes in hierdie verband voldoen nie. Gevolglik ondervind onderwysers besondere probleme om hiérdie kinders die standaard wat in die verskillende standerds in Tik vereis word, te laat bereik.

4. Sekondêre skool-leerlinge maak in 'n al groter mate van gewone tikskrif gebruik, en 'n probleem wat wel opduik, is dat sommige leerlinge nie in 'n voldoende mate met brailleskrif op hoogte bly nie. In besonder verswak die spelling van sommige leerlinge. Ook noodsaak veranderinge in skryfwyses voortdurende aanpassings ten aansien van braille (byvoorbeeld die nuwe notasies in Wiskunde en Natuur- en Skeikunde as gevolg van metrisering) en blinde leerlinge in die sekondêre afdeling moet hierin onderrig word. Vir sodanige addisionele onderrig in braille moet dus tyd ingeruim word.

## c. Sillabusse

Die Skool vir Blindes bied sillabusse aan wat deur die Departe= ment van Nasionale Opvoeding voorgeskryf of goedgekeur is en hierdie sillabusse is basies dieselfde of soortgelyk aan dié wat aan skole vir normaalsiende leerlinge aangebied word. Waar nodig, word sekere aanpassinge of wysiginge ten aansien van leerinhoud in die lig van die moontlikhede en beperkthede van die blinde kind gedoen. Daar word egter gewaak teen blote verwatering van leerinhoud en enige verandering moet deur die Departement

van Nasionale Opvoeding goedgekeur word. In die lig van hier= die aanpassinge en wysiginge kan wel in 'n sekere mate van ge= differensieerde sillabusse vir blindes gepraat word.

d. Enkele aanbiedingsaangeleenthede

1. Om verskeie redes is die tempo van skolastiese vordering van die blinde leerling stadiger as dié van die normaal= siende. In hierdie verband kan genoem word dat die leestempo in braille stadiger is as dié met die blote oog; naslaanwerk deur gebruikmaking van literatuur in braille heelwat tyd in beslag neem en selfstandige studie as gevolg daarvan gekortwiek word en voorts dat die aanbieding van sekere leerinhoude aan die blinde kind besonder baie tyd verg aangesien die onderwys in indiwi= duele verband moet geskied. Dit gebeur dan ook dat onderwysers van die Skool vir Blindes probleme ondervind om die leerinhoude volledig aan te bied en soms genood= saak is om in 'n sekere mate 'n eksamengerigte benadering te volg in 'n poging om te verseker dat die leerlinge die eksamen met vrymoedigheid sal kan aandurf.

2. Ten spyte van die feit dat die leerlinge in die verskil= lende standerds van die sekondêre afdeling (veral dié leerlinge in standerds 9 en 10) as gevolg van die oor= plasing van leerlinge na die Vak- en Beroepsafdeling, redelike homogene groepe is vir sover dit skolastiese bekwaamheid betref, vind daar nogtans binne klasverband met betrekking tot die aanbieding van leerinhoude 'n sekere mate van differensiasie plaas. Sodanige differensiasie geskied by wyse van indiwiduele aandag aan leerlinge, intraklasgroepering, die wisseling van die tempo van vor= dering van verskillende groepe leerlinge, die uitskakeling van moeiliker gedeeltes van die leerinhoud vir swakker kandidate en die aanmoediging van braillekandidate om, ten opsigte van die vak Wiskunde, bruikbare gesigsreste waaroor hul nog mag beskik, te gebruik (kyk 7.2.2 b).

3. As gevolg van die feit dat dit heelwat tyd neem om 'n handboek te brailleer, word wel probleme ondervind om nuwe handboeke binne 'n redelike tyd beskikbaar te stel. Onderwysers is dus soms genoodsaak om leerlinge die leerinhoude in braille te laat afneem, 'n aangeleentheid wat besonder tydrowend is.

e. Eksaminering

Die opstel van eksamenvraestelle aan die Skool vir Blindes vir

die eindeksamens in standerds 6, 7 8 en 9, asook die nasien van die antwoordstelle, geskied intern. Die eksamenvraestelle en die nagesiene antwoordstelle word egter deur die Departement van Nasionale Opvoeding gemodereer. Wat betref die standerd 10-eindeksamen (Nasionale Senior Sertifikaateksamen), geskied die eksaminering in dié vakke waarvan die leerinhoud sekere aan=passings ondergaan het, intern met eksterne moderering deur die Departement van Nasionale Opvoeding. Eksaminering in die ander vakke geskied geheel en al ekstern.

Ten aansien van die aflê van eksamens is sekere toegewings vir blinde leerlinge gemaak. Hierdie toegewings is onder andere dat die opsiener die eksamenvraestel voor die aanvang van die eksamen aan die leerlinge kan voorlees; dat addisionele tyd vir die aflê van die eksamen toegestaan kan word, asook dat blinde leerlinge van sekere alternatiewe wyses om hul antwoorde te verstrek, gebruik kan maak ('n voorgeskrewe skets mag by=voorbeeld beskrywe word in plaas daarvan om dit te teken).

'n Besondere probleem wat tydens eksaminering ondervind word, is dat indien die leerling die vraag in brailleskrif verkeerd lees, die foutiewe interpretasie van die vraag noodwendig in sy antwoord gereflekteer word. Die eksamen is dus nie slegs 'n toets van die onderlegdheid van die leerling in die verskillende vak=inhoude nie, maar ook van sy vermoë om brailleskrif te lees. Genoemde toegewings is dan ook daarop gerig om sekere beperkinge wat blindheid by die aflegging van 'n eksamen op die blinde kind lê, in ag te neem.

In die lig van die praktyk van interne eksaminering en eksterne moderering en van genoemde toegewings tydens die aflegging van eksamens, kan dit dus gestel word dat daar wel in 'n mate van gedifferensieerde eksaminering gepraat kan word.

f. <u>Bevordering van leerlinge</u>

Die bevordering van blinde leerlinge vanuit standerds 6, 7, 8 en 9 aan die Skool vir Blindes geskied intern, maar moet deur die Departement van Nasionale Opvoeding bekragtig word. Die aanvanklike interne bevordering het besondere meriete, aange=sien die personeel die kinders persoonlik ken ('n groot aantal van die blinde leerlinge is vir hul hele skoolloopbaan aan die Skool vir Blindes verbonde) en die bevordering dus teen die agtergrond van sodanige persoonlike kennis van die moontlikhede en beperkthede van elke kind geskied (kyk 16.2.2 e). Die be=slissing oor watter standerd 10-leerlinge aan die vereistes vir die verwerwing van die Nasionale Senior Sertifikaat (met of

sonder matrikulasievrystelling) voldoen, word egter geheel en al ekstern behartig.

Die matriekresultate van die Skool vir Blindes vergelyk besonder goed met dié van skole vir normaalsiende leerlinge. Van die 166 kandidate wat in die 27 jaar van 1944 tot 1970 vir die Nasionale Senior Sertifikaat ingeskryf het, het 74 (44,6%) in die eerste klas geslaag, 87 (52,4%) in die tweede klas en 5 (3,0%) nadat hereksamens geskryf moes word (102, bl. 40). Hierdie toedrag van sake kan onder andere moontlik aan van die volgende redes toegeskryf word: Die doeltreffendheid van die stelsel van differensiasie by wyse van die uitplasing van sommige leerlinge na die Vak- en Beroepsafdeling, waardeur verseker word dat leerlinge wat vir die standerd 10-eksamen inskryf, wel aan die vereistes wat gestel word, kan voldoen; die klein klas=groepe wat 'n besondere mate van indiwiduele aandag aan leer=linge moontlik maak, en die noodwendigheid van 'n sekere mate van eksamengerigtheid in die didaktiese situasie waarop gewys is.

g. Sertifikaatuitreiking aan blinde leerlinge

Op aanvraag reik die Departement van Nasionale Opvoeding aan blinde leerlinge wat die skool verlaat en aan die betrokke ver=eistes voldoen het, die Nasionale Standerd 6 Sertifikaat, die Nasionale Standerd 7 Sertifikaat, die Nasionale Junior Sertifi=kaat en die Nasionale Intermediêre Sertifikaat uit. Leerlinge wat die Standerd 10-eindeksamen met goeie gevolg afgelê het, verwerf die Nasionale Senior Sertifikaat, met of sonder matri=kulasievrystelling. Aan leerlinge wat slegs sekere vakke in 'n betrokke standerd geslaag het, word 'n gesertifiseerde verklaring deur die skool uitgereik waarop die vakke waarin die leerling geslaag het, aangedui word.

h. Voortsettingsklasse aan die Skool vir Blindes

Afgesien van die gewone sekondêre onderwysprogram, word aan die Skool vir Blindes ook vir voortsettingsklasse voorsiening ge=maak. Leerlinge in die Vak- en Beroepsafdeling, leerlinge wat van skole vir swaksiendes of normaalsiendes na die sekondêre afdeling van die Skool vir Blindes oorgeplaas word, asook jeug=dige en volwasse blinde persone van wie sommige reeds hul skoolloopbaan voltooi het voordat hulle blind geword het en vir die een of ander vorm van beroepsopleiding na die Skool vir Blindes en die Werkswinkels vir Blindes kom, word by voortsettings=klasse ingeskakel. Aan hierdie persone word in die skoolaf=deling onderrig aangebied ten opsigte van onder andere die twee amptelike tale, brailleskrif, tik, rekenkunde, mobiliteit, en oriën=

tasie, asook ten opsigte van die bemeestering van alledaagse take (102, bl. 48).

Uit die aard van die saak word van die blinde persone wat by die voortsettingsklasse ingeskakel word op verskillende tye van die jaar opgeneem en is hulle 'n besonder heterogene groep wat betref hul ouderdom en hul onderlegdheid in dit waarin hul onderrig word. Ook word heelwat probleme ondervind om tyd vir hierdie voortsettingsklasse in te ruim en om onderwysers daarvoor beskik= baar te stel.

i. Slotopmerking

Uit hierdie oorsig blyk dat besondere pogings deur die Skool vir Blindes aangewend is om die eiesoortige probleme waarmee die onderwys vir blindes gekonfronteer word, die hoof te bied. Ten aansien van verskillende aspekte van die onderwysprogram word daar gedifferensieer. Hierdie wyses van differensiasie het op sowel blinde leerlinge onderling as op blinde leerlinge in teenstelling met normaalsiende leerlinge betrekking. Deur middel van 'n wendbare benadering is reeds ver gevorder op die pad om binne die grense waar die blinde volwaardig mens kan wees en in die lig van die eise van 'n "siende wêreld", die onderwys= program vir blindes doeltreffend uit te bou.

16.2.4 Aspekte van die nuut aangekondigde stelsel van gedifferensieerde onderwys

a. Inleiding

Sedert die Minister van Nasionale Opvoeding in 1971 in sy beleids= aankondiging aangaande 'n nasionale stelsel van gedifferensieerde onderwys sekere riglyne uitgestippel het, het die Gemeenskaplike Matrikulasieraad (GMR) hersiene matrikulasievereistes aange= kondig en het die Departement van Nasionale Opvoeding 'n Departe= mentele Handleiding insake die toepassing van 'n Nasionale Stel= sel van Gedifferensieerde Onderwys wat op die buitengewone onderwys betrekking het, opgestel. Enkele aspekte van genoemde stelsel van gedifferensieerde onderwys is die volgende:

b. Indeling in vier skoolfases

Onderwys sal in vier skoolfases aangebied word, naamlik:

1. Die junior primêre skoolfase (substanderds, te wete grade 1 en 2 en standerd 1);

2. die senior primêre skoolfase (standerds 2, 3 en 4);

3. die junior sekondêre skoolfase (standerds 5, 6 en 7) en

4. die senior sekondêre skoolfase (standerds 8, 9 en 10).

Bogenoemde verdeling in 4 skoolfases impliseer dat standerd 5 nou die aanvangsklas van die sekondêre afdeling is. Nouer aansluiting tussen standerds 5 en 6 (ten aansien van vakkeuse, periodetoekenning en standaard van werk) en wedersydse oorlegpleging tussen standerd 5- en standerd 6-leerlinge is dus noodsaaklik. Aangesien daar ook nou groter klem op standerd 5 as oriënterings- en verkenningsjaar val, neem beroepsvoorligting gedurende hierdie jaar in belangrikheid toe. Waar die primêre en sekondêre afdelings aan die Skool vir Blindes fisies en organisatories 'n eenheid is, sal genoemde veranderinge en klemverskuiwinge wel geredeliker kan geskied as aan skole waar dit nie die geval is nie.

c. Die senior sekondêre skoolfase

Differensiasie in die senior sekondêre skoolfase geskied by wyse van 'n keuse tussen studierigtings, vakkeuse in 'n studierigting, en 'n keuse tussen vakke wat op 2 vlakke aangebied word (hoër- of standaardgraad). Die volgende studierigtings word in hierdie skoolfase aangebied:

1. 'n Tegniese studierigting;

2. 'n handelstudierigting;

3. 'n landboustudierigting;

4. 'n natuurwetenskaplike studierigting;

5. 'n geesteswetenskaplike studierigting;

6. 'n kunsstudierigting (met inbegrip van musiek, drama, ballet en beeldende kuns);

7. huishoudkundestudierigting;

8. 'n algemene studierigting, en

9. 'n praktiese studierigting (het betrekking op leerlinge wat nie voldoende voordeel uit die gewone onderwysprogram kan trek nie).

Die kurrikulum wat deur 'n besondere leerling op die senior sekondêre vlak aangebied word, kwalifiseer as 'n gespesialiseerde studierigting indien 'n voorgeskrewe aantal van die vakke (in die reël twee vakke) wat deur die leerling aangebied word, wel direk met 'n betrokke studierigting verband hou (105, bl. 19 en 20).

d. Matrikulasievrystellingsvereistes

Die hersiene matrikulasievrystellingsvereistes wat deur die GMR vrygestel is, vereis onder andere dat minstens drie vakke (insluitende een van die amptelike tale) op die hoër vlak ge= slaag moet word en dit word ook nie van 'n leerling verwag om noodwendig òf Wiskunde, òf 'n derde taal in matriek aan te bied nie. Die voorwaarde word egter gestel dat die sertifikate van dié leerlinge wat Musiek of Musikologie of Kuns as een van die vereiste drie vakke op die hoër vlak aanbied, sodanig geëndoseer word dat hulle slegs tot sekere studierigtings aan 'n universiteit toegelaat sal word, naamlik B. Mus., B.A. (Musiek) of B.A. (Skone Kunste) (33, bl. 1–3). Hierdie gewysigde matrikulasie= vrystellingsvereistes impliseer dat dié blinde leerlinge wat in die vak Musiek besonder goed presteer maar probleme ondervind om vakke soos Duits, Wiskunde en Natuur- en Skeikunde te be= meester, nou wel matrikulasievrystelling kan verwerf en in musiek aan 'n universiteit kan gaan spesialiseer.

e. Die praktiese beroepsgerigte studiekursus

Soos daarop gewys, het die praktiese beroepsgerigte studiekursus betrekking op leerlinge wat nie voldoende voordeel uit die gewone onderwysprogram kan trek nie. Dié kursus loop parallel met standerds 6 en 7 van die junior sekondêre skoolfase en standerd 8 van die senior sekondêre skoolfase, met die moontlik= heid vir leerlinge om selfs tot 'n standerd 9- of standerd 10-vlak in hierdie eiesoortige kursus te kan vorder. In die genoemde handleiding van die Departement van Nasionale Opvoeding word die volgende kurrikulum ten aansien van die praktiese beroepsgerigte studiekursus uiteengesit:

1. Nie-eksamenvakke

   Godsdiensonderrig

   Liggaamlike Opvoeding

   Skoolmusiek

2. Eksamenvakke

   Afrikaans/Engels (Eerste Taal)

   Engels/Afrikaans (Tweede Taal)

   Geskiedenis-Aardrykskunde

   Praktiese Wiskunde

   Algemene Wetenskap

Praktiese rigting (3 of 4 vakke).

Die volgende vyf rigtings word in die praktiese beroepsgerigte kursus aangebied, naamlik 'n handels-, huishoudkundige, tegniese, landboukundige en algemene rigting (99b, bl. 9-12).

f. Slotopmerking

Die aangekondigde nasionale stelsel van gedifferensieerde onder=wys is 'n besondere poging om te verseker dat die kwalitatiewe ongelykheid van kinders (onder andere ten aansien van verstande=like vermoëns, emosionaliteit, aanleg en belangstelling) in die onderwys in ag geneem sal word, asook dat onderwys in harmonie met die mannekragbehoeftes van die land sal geskied. Wat betref die uitbouing van die onderwys van blinde kinders is dit van belang dat getrou gebly sal word aan die beginsels wat hierdie stelsel onderlê. Dit is egter nie moontlik om die onderwys=stelsel vir normaalsiende kinders net so op blinde kinders van toepassing te maak nie. Gedifferensieerde onderwys ten aansien van blinde kinders moet, afgesien van die onderlinge indiwiduele verskille tussen blinde kinders, veral ook in die lig van die besondere lewenswerklikheid (ook as beroepswerklikheid) van die blinde beplan word.

## 16.3 ENKELE ASPEKTE VAN DIE ONDERWYSPROGRAM AAN SKOLE VIR BLINDES IN SOMMIGE OORSESE LANDE

### 16.3.1 Enkele aanbiedingsaangeleenthede

a. Dit is die praktyk aan verskillende skole vir blindes in oorsese lande om braillekandidate met bruikbare gesigs=reste in die geleentheid te stel om hul gesig in die leersituasie te gebruik. 'n Beroepsplasingbeampte van die RNIB beklemtoon die feit dat alhoewel die gebruikmaking van hul gesig deur braillekandidate in die didaktiese situasie in die geval van sommige leerlinge nie van veel waarde mag wees nie en selfs probleme mag skep, mag hulle gesigsreste byvoorbeeld in 'n beroepsituasie en ten aansien van persoonlike mobiliteit vir dié persone van besondere waarde wees. Die Vernonkomitee (1972) wys byvoorbeeld daarop dat in sommige skole vir blindes in Engeland nie veel gedoen word om braillekandidate te leer skryf nie, behalwe dat kinders geleer word om hul name te teken en vervolg: "Many children may have sufficient vision to write and they should be encouraged to write if at all possible" (25, bl. 66). Daar word egter ook gewaarsku teen die praktyk om die jong braillekandidaat (grensgeval) gelyktydig in brailleskrif en gewone skrif

te onderlê. Vaughan (1966) verwys soos volg na die verslag Blind Children, Degree of Vision, Mode of Reading, wat in 1961 in die VSA uitgegee is:
"Many educators contend that teaching both print and braille to children in the primary grades before they have mastered one skill tends to bring about confusion and academic retardation" (120, bl. 113).

b. Verbandhoudend met voorafgaande bespreking is die saam=groepering van braillekandidate en swaksiendes in die=selfde klaskamer. (Hierdie praktyk het in besonder op grensgevalle betrekking, dit wil sê braillekandidate met bruikbare gesigsreste.) Die saamgroepering van hierdie twee kategorieë leerlinge stel die leerlinge in die geleentheid om in een leersituasie van hul gesig gebruik te maak, terwyl hulle in 'n ander van braille gebruik kan maak. Ook aktiveer die alternatiewe gebruikmaing van visuele en taktuele metodes van aanbieding die braille=kandidaat om steeds te "probeer om te sien" (kyk 18.2.4). Sodanige benadering impliseer dat die braillekandidaat (grensgeval) nie tot 'n spesifieke medium (die gebruik van braille) gepredisponeer word nie, maar dat die medium van onderrig ooreenkomstig die moontlikhede (gesigsvermoë) van die leerling aangewend word.

c. Aan sekere skole vir blindes in Engeland, Nederland en Italië bestaan daar die praktyk om geselekteerde blinde leerlinge vir die aanbieding van sekere kursusse by klasse vir normaalsiende leerlinge aan naburige skole in te skakel. Twee redes hiervoor word aangevoer. In die eerste plek word dit genoodsaak omdat sekere kursusse nie aan skole vir blindes aangebied word nie. Tweedens stel sodanige inskakeling die blinde leerlinge in die geleent=heid om saam met die siende kinders te verkeer en te werk en sodoende hul latere sosiale oriëntering as studente en beroepsbeoefenaars in hierdie verband te vergemaklik.

16.3.2 Kurrikula en sillabusse

In skole vir blindes in België, Nederland, Italië en die Verenigde State van Amerika word spesifiek gepoog om die leerinhoud van die verskillende vakke wat aangebied word, nie drasties te laat afwyk van dié wat in skole vir normaalsiende leerlinge aangebied word nie. Hier=deur word gepoog om te verseker dat blinde skoolverlaters wel sal kan voldoen aan die eise wat aan tersiêre onder=wysinrigtings asook in die beroepswêreld gestel word.

16.3.3 Eksaminering en sertifikaatuitreiking

a. In België vind die eksaminering ten aansien van leer=linge aan skole vir blindes hoofsaaklik intern plaas. Die eksamenvraestelle word egter wel deur die onderwys=owerhede gemodereer en die sertifikate wat deur dié skole toegeken word, word dan ook as gelykwaardig beskou aan sertifikate wat deur normaalsiende kinders verwerf word.

b. Aan nie-akademiese sekondêre skole in Engeland is, wat betref die interne CSE- eksamen (Certificate of Secon=dary Education), die vergunning verleen om die eksamen=vraestelle te baseer op sillabusse wat spesifiek saamge=stel is om aan 'n besondere skool se vereistes te voldoen in die lig van wat dié skool met die kinders wil bereik. Sekere sekondêre skole vir blindes in Engeland skyn egter onwillig te wees om van hierdie vergunning gebruik te maak. Hierdie onwilligheid spruit blykbaar uit die vermoede dat potensiële werkgewers asook ander belang=hebbende persone van mening sal wees dat spesiale ver=gunning gemaak is ten aansien van die standaard van werk wat van blindes verwag word. In hierdie verband laat die Vernonkomitee (1972) hom soos volg uit: "These fears are mistaken, since external moderators ensure that standards are high" (25, bl. 79). Dié komitee beveel dan ook aan dat die voordele van hierdie eksamenstelsel ern=stig deur skole met die oog op implementering, oorweeg moet word.

Aan twee akademiese sekondêre skole (Grammar Schools) vir blindes in Engeland kan leerlinge die General Certificate of Education (GCE) verwerf. Hierdie sertifikaat kan op een van drie vlakke verwerf word, naamlik gewone vlak (O- level), gevorderde vlak (A- level) en universiteits=toelatingsvlak (Entrance and Scholarship Papers). Blinde leerlinge wat van plan is om hul studies aan 'n univer=siteit voort te sit, vertoef in die reël vir 'n addisio=nele studiejaar op skool (62, bl. 2; 13, bl. 82). Met die toestemming van die eksamenrade word aan blinde kinders meer tyd as aan normaalsiendes toegelaat vir die aflegging van die eksamens en blindes mag ook sekere alternatiewe metodes gebruik om hul antwoorde te verstrek (25, bl. 79).

16.3.4 Die onderwysprogram vir meervoudiggestremde blinde kinders

a. In Engeland word meervoudiggestremde blinde kinders (waaronder verstandelik gestremde blinde kinders) in afsonderlike skole saamgetrek (kyk 7.3.2 en 15.4). Aan die Rushton Hall School te Kettering wat vir junior meervoudiggestremde blinde kinders (sewe- tot twaalfjariges) voorsiening maak, word 'n algemeen vormende onderwysprogram aangebied en die kurrikulum omvat handwerk (pottebakkery, houtwerk en rottangwerk), musiek, braille-onderrig, liggaamlike opvoeding (gimnasiumaktiwiteite en swem) en mobiliteitsonderrig. Die sosiale oriëntering van die leerlinge word sterk beklemtoon en daar word gepoog om hulle, sover as wat dit moontlik is, vir 'n selfstandige bestaanswyse voor te berei (70, bl. 1-5).

Van hierdie skool word leerlinge na die Condover Hall School te Shrewsbury vir senior meervoudiggestremde blinde kinders (twaalf- tot sewentienjariges) oorgeplaas. Die kurrikulum aan hierdie skool is ook in die eerste plek prakties gerig. Ten tye van skoolverlating word dié leerlinge wat oor die moontlikhede beskik om tot 'n beroep in die ope arbeid toe te tree, na sentra vir beroepsvoorligting en beroepspotensiaalevaluering oorge= plaas (kyk 17.3.3). Ander word in beskutte werkswinkels opge= neem, terwyl dié kinders wat nie tot beroepsbeoefening in staat is nie, in inrigtings opgeneem word waar hulle by uitstek ver= sorg word (63, bl. 1-4).

b. Ten slotte moet op die volgende resolusie gewys word wat in Augustus 1967 tydens die Vierde Vyfjaarlikse Konferensie van die International Council of Educators of Blind Youth (ICEBY) aanvaar is: "In view of the increasing numbers of multiple handicapped blind children, the ICEBY urgently calls to the attention of all governments the special needs of these children and requests their assistance in meeting these needs by the support of facilities for them" (44, bl. 276).

## 17 DIE VOORBEROEPS- EN BEROEPSOPLEIDING AAN SKOLE VIR BLINDES

### 17.1 INLEIDING

Afgesien van die onderwysprogram op primêre en sekondêre skool= vlak aan die Skool vir Blindes, word ten aansien van verskillende kategorieë blinde kinders vir voorberoeps- en beroepsopleiding voorsiening gemaak. In die eerste plek word blinde leerlinge wat op opname in beskutte werkswinkels aangewys is, in die Vakafdeling in 'n handvaardigheidsrigting opgelei. Ten tweede

word leerlinge wat wel standerd 8 kan slaag en aspireer om die ope arbeidsmark te betree, in telefoonskakelbordwerk of klavierstem- en klavierherstelwerk opgelei. Derdens kan leerlinge wat wel die Nasionale Senior Sertifikaat verwerf het, die Sekretariële Kursus of voortgesette Musiekopleidingskursus wat deur die skool aangebied word, deurloop. Soos in die geval van die RSA word bogenoemde opleiding in verskeie oorsese lande aan skole vir blindes self aangebied. In Engeland word soortgelyke opleiding egter aan naskoolse opleidingsinrigtings aangebied.

## 17.2 VOORBEROEPS- EN BEROEPSOPLEIDING AAN DIE SKOOL VIR BLINDES TE WORCESTER

### 17.2.1 Die Vakafdeling

Blinde leerlinge wat nie die primêre afdeling suksesvol kan deurloop nie, asook dié wat nie tot standerd 8 in die sekondêre afdeling kan vorder nie, word op ongeveer sestienjarige ouderdom vanuit Hulpklasse, asook uit standerds 6 en 7 na die Vakafdeling oorgeplaas (kyk 16.2.2 g). Daar word sorg gedra dat elke leerling ooreenkomstig sy besondere moontlikhede skolasties optimaal gevorder het, voordat hy na die Vakafdeling oorgeplaas word. Die oorplasing van leerlinge geskied dus op indiwiduele grondslag.

In die Vakafdeling word leerlinge in matrasmakery, rottangwerk, masjienoperateurswerk en brei- en weefwerk opgelei en dié opleiding duur 2 tot 3 jaar. In die reël word blinde leerlinge van die Vakafdeling na beskutte werkswinkels vir blindes oorgeplaas. Van die oud-leerlinge wat die Skool vir Blindes gedurende die jare 1960 tot 1970 verlaat het, is 32,4 persent in sodanige werkswinkels opgeneem (102, bl. 57).

### 17.2.2 Die Beroepsafdeling

In die Beroepsafdeling word leerlinge opgelei en voorberei vir toetrede tot 'n beroep in die ope arbeid, of vir voortgesette opleiding op tersiêre onderwysvlak.

a. In Augustus 1971 was 'n blinde instrukteur vir die opleiding van twee kandidate in telefonie verantwoordelik, terwyl 'n voltydse en 'n deeltydse instrukteur die opleiding van 11 kandidate in klavierstem- en klavierherstelwerk behartig het. In 'n poging om te verseker dat hulle sal kan voldoen aan die eise wat in 'n betrekking in die ope arbeid aan hulle gestel gaan word, word verskillende

aspekte by die toelating van kandidate tot hierdie kursusse in oorweging geneem. Onder andere word vereis dat voornemende kandidate oor die Nasionale Junior Sertifikaat (standerd 8) moet beskik.

b. Sedert 1970 bied die Skool vir Blindes 'n eenjarige Sekretariële Kursus aan gesigsgestremde meisies wat oor die Nasionale Senior Sertifikaat beskik en hulle word opgelei vir die verrigting van sekretariële werk in die ope arbeid. In hierdie stadium bestaan daar nog twyfel of 'n braillekandidaat, en in besonder 'n totaal blinde persoon, wel aan die eise wat in hierdie beroep gestel word, sal kan voldoen. Die moontlikheid daartoe sal egter aansienlik verbeter indien werkgewers bereid sou wees om te verseker dat die werkopdragte van blinde werknemers noue verband sal hou met die opleiding wat hulle ontvang het en met die ondervinding wat hulle reeds opgedoen het.

c. Die Skool vir Blindes bied ook voortgesette musiekoplei= ding (as voorberoepsopleiding) aan kandidate wat die Senior Sertifikaat met Musiek as vak verwerf het en wat opleiding op tersiêre onderwysvlak en 'n loopbaan in musiek beoog. Verder word die moontlikheid tans onder= soek om, in ooreenstemming met die praktyk in sekere oorsese lande (onder andere Engeland), blinde programmeer= ders in medewerking met een of meer maatskappye wat elektroniese rekenaars verskaf, op te lei (102, bl. 42-43).

### 17.2.3 Slotopmerkings

Ten aansien van die voorberoeps- en beroepsopleiding aan die Skool vir Blindes moet verder op die volgende gewys word:

a. Sowel die toelating van leerlinge tot hierdie opleidings= kursusse as die uitplasing van leerlinge, gee blyke van 'n pedagogiese verantwoorde prosedure. Leerlinge oor wie daar twyfel mag bestaan of hulle wel sal kan voldoen aan die eise wat in 'n sekere beroep aan hulle gestel gaan word, word in die geleent= heid gestel om tydens 'n evalueringsperiode by wyse van voor= lopige toelating te toon waartoe hulle in staat is. Die ont= plooiingsmoontlikhede van leerlinge word dus nie misken nie.

Wat betref die uitplasing van kandidate wat 'n sekere kursus suksesvol deurloop het, word sorg gedra dat hulle, afgesien van die voldoening aan die vakkundige eise van hul toekomstige beroep, wel gereed is om as selfstandige persone in 'n siende

gemeenskap en tussen volwasse beroepsbeoefenaars tereg te kom. Met hierdie doel voor oë word leerlinge wat beroepsopleiding deurloop (indien nodig), steeds by mobiliteitsonderrig (kyk 18.2.1), voortsettingsklasse (kyk 16.2.3 h) en die afrondings=kursus (kyk 18.2.2) ingeskakel.

b. Uit die wyse waarop blinde leerlinge vir sekere beroeps=opleidingskursusse gekeur word, asook uit die inhoud van die kursusse, blyk dat die Skool vir Blindes in besonder daarop gesteld is dat blinde oud-leerlinge wat tot die ope arbeidsmark toetree, wel hul taak doeltreffend sal kan verrig en selfs met normaalsiende werknemers sal kan kompeteer. 'n Belangrike rede vir hierdie gesteldheid is dat die moontlike vooroordeel van die werkgewer teenoor blindes veral deur flinke en bekwame blinde werknemers verminder en selfs uitgeskakel kan word, waar=deur die weg vir die plasing van nog blinde persone in soort=gelyke betrekkinge gebaan word en die beroepsmoontlikhede vir blindes uitgebrei kan word. Daar sal egter steeds gewaak moet word teen die moontlike oorbevraging van die blinde wat, indien dit sou gebeur, sy volwaardigheid as mens geweld sal aandoen.

c. Alhoewel sekere kwalifikasies in die Opvoedkunde nie as voorvereiste vir aanstelling as instrukteur in die Vak- of Beroepsafdeling gestel word nie, is sodanige kwalifikasies 'n sterk aanbeveling en word die opvoedingstaak tydens beroeps=opleiding besonder sterk by die personeel beklemtoon.

d. Die Skool vir Blindes poog steeds om die band tussen enersyds die opleiding aan die skool en andersyds die taak wat die blinde as beroepsbeoefenaar in die ope arbeid en in beskutte werkswinkels moet gaan verrig, heg te hou. Die skake=ling met oud-leerlinge van die skool wat in 'n beroep staan, die samewerking ten aansien van opleiding en produksie tussen die Vakafdeling en die Werkswinkels vir Blindes te Worcester, die kennisname van die veranderde eise waaraan blinde telefoniste moet voldoen en van die nuwe tendense op die gebied van klavier=stem- en klavierherstelwerk deur blindes, asook die pogings om blinde programmeerders op te lei, is die uitvloeisel van sodanige gerigtheid.

e. Die feit dat voorberoeps- en beroepsopleiding aan die skool self aangebied word, verseker kontinuïteit ten aansien van die oorgang van die formele onderwys na sodanige opleiding en dien dié opleiding voorts as oriënteringstydperk wat die oorgang van die beskermende opvoedingsmilieu van die skool na opleiding aan tersiêre opleidingsinrigtings of die beoefening van 'n beroep vir die blinde skoolverlater vergemaklik.

f. Uit die oorsig van die beroepsopleiding aan die Skool vir

Blindes blyk die <u>beperkte beroepsmoontlikhede</u> wat daar vir blin= des bestaan. Die beroepsmoontlikhede van blinde leerlinge wat na voltooiing van standerd 8, 9 of 10 na die Beroepsafdeling oorgeplaas word en aspireer om direk na skoolverlating tot 'n beroep in die ope arbeid toe te tree, blyk in besonder beperk te wees, aangesien hierdie leerlinge noodwendig in telefonie, klavierstem- en klavierherstelwerk of die verrigting van sekre= tariële werk opgelei moet word.

## 17.3 ENKELE ASPEKTE VAN DIE VOORBEROEPS- EN BEROEPSOPLEIDING VAN BLINDES IN SEKERE OORSESE LANDE

### 17.3.1 Inleiding

Wat betref die voorberoeps- en beroepsopleiding van blindes in sekere oorsese lande sal gepoog word om 'n vergelyking te tref tussen die praktyk in hierdie verband in hierdie lande en dié hier te lande.

### 17.3.2 Aard van die opleiding

Die voorberoeps- en beroepsopleiding van blindes in Engeland, België en Nederland laat blyk dat ten aansien van die <u>aard</u> van die opleiding daar 'n besondere ooreenstemming is met die praktyk hier te lande. In breë trekke word soortgelyke beroeps= opleiding vir blindes in al hierdie lande aangebied. Wat be= tref die opleiding van gesigsgestremdes as bakkers is slegs swaksiende leerlinge aan 'n skool in België in hierdie beroep opgelei en dit wil voorkom asof 'n sekere mate van gesig onont= beerlik is vir die beoefening van hierdie beroep.

### 17.3.3 Sentra vir beroepsvoorligting en beroepspotensiaal= evaluering

In Engeland word spesifieke beroepsopleiding in die reël nie aan skole vir blindes aangebied nie maar wel aan naskoolse beroepsopleidingsinrigtings. Sommige blinde skoolverlaters word in naskoolse sentra vir beroepsvoorligting en beroeps= potensiaalevaluering (Hethersett Centre te Reigate in Surrey en die Queen Alexandra College te Harborne, Birmingham) opgeneem waar onder andere steeds aandag gegee word aan die sosiale oriëntering van die studente, aan mobiliteitsonderrig en aan voortgesette algemene onderwys. Die tydperk wat blinde skool= verlaters aan hierdie sentra vertoef, dien dan ook as <u>oriën= teringstydperk</u> voordat studente tot volwaardige <u>beroepsopleiding</u> aan naskoolse beroepsopleidingsinrigtings of tot selfstandige

beroepsbeoefening toetree (25, bl. 81).

Studente aan hierdie sentra word as deel van hul voorbereiding vir toetrede tot 'n beroep in die ope arbeid, vir sekere tyd=perke as werknemer in 'n fabriek, winkel of kantoor tussen sien=de werknemers ingeskakel. Sodanige tydelike indienstreding bied aan die student die geleentheid tot selfstandigheidsbe=oefening, sosiale oriëntering en selfevaluering in werklike werksomstandighede (25, bl. 85; 65, bl. 10-12).

Aan die Skool vir Blindes te Worcester doen blinde leerlinge in die Vakafdeling wel ondervinding op van die werksomstandighede in 'n werkswinkel vir blindes, en kry leerlingtelefoniste wel die geleentheid om die skakelbord van die skool te beman. Daar bestaan egter nie werklik georganiseerde skakeling tussen die skool en werkgewende instansies in 'n poging om die blinde leerling se latere sosiale en beroepsoriëntering in 'n siende gemeenskap te vergemaklik en hulle eerstehandse kennis te laat opdoen van die wye spektrum implikasies van blind te wees tussen siendes, veral in die beroepsituasie nie.

17.3.4 Beroepsopleiding aan skole vir blindes

Aan drie skole vir blindes in België, een in Nederland en een in Duitsland waaroor inligting bekom is, vind beroepsopleiding (soos in die geval van die Skool vir Blindes te Worcester), aan die skole self plaas. Die drie skole in België in besonder volg 'n stelsel van differensiasie in twee strome in die sekondêre afdeling. Die een stroom ("beroepsafdeling") behels 'n meer prakties gerigte kursus en leerlinge word in handvaardigheids=beroepe opgelei (onder andere as vlegters, masjienoperateurs en bakkers). Leerlinge in die ander stroom ("handels-" of "tegniese afdeling") word onder andere in telefonie, snelskrif- en band=masjientikwerk, sekretariële werk en klavierstemwerk opgelei, of vir toetrede tot tersiêre opleidingsinrigtings voorberei.

17.3.5 Opleiding as masjienoperateurs

In die lig van die feit dat blinde skoolverlaters in die Staats=opleidingsentrum te Letchworth (Engeland) vir opleiding as masjienoperateurs (ligte metaalwerk) opgeneem word en later tot die ope arbeid toetree (25, bl. 87), asook dat 16,7 persent van die blinde skoolverlaters van die Bartiméus Instituut te Zeist (Nederland) as metaalwerkers tot die ope arbeid toetree, wil dit voorkom asof 'n groter persentasie van sodanig opgeleide blinde persone in hierdie lande tot die ope arbeidsmark toetree as wat

dit die geval is met blinde persone wat as masjienoperateurs aan die Skool vir Blindes te Worcester opgelei word (kyk 20.3.1 a).

Hierdie toedrag van sake kan in die eerste plek moontlik toege= skryf word aan die goedkoop Bantoe- en Kleurlingarbeid wat in die RSA beskikbaar is en wat dit vir Blanke masjienoperateurs moeilik maak om op hierdie vlak van beroepsbeoefening om 'n betrekking mee te ding. In die tweede plek kan hierdie toedrag van sake moontlik toegeskryf word aan die feit dat verstandelik meer begaafde blinde kinders in Engeland as masjienoperateurs opgelei word in teenstelling met die Skool vir Blindes te Worcester waar in die reël blinde leerlinge wat verstandelik gestremd is, na die Vakafdeling oorgeplaas word.

17.3.6 Die kombinering van beroepsopleidingskursusse

Van leerlinge wat aan die Skool vir Blindes (RSA) in telefonie opgelei word, word onder andere ook verwag om bedrewendheid in tikskrif en bandmasjientikwerk te verwerf. Verder is die oplei= ding in telefonie 'n vereiste vir kandidate wat die Sekretariële Kursus deurloop. Ook aan die Koninklijk Instituut voor Blinde en Gezichtszwakke Jongens te Brussel (België) word die oplei= ding van leerlinge in telefonie en bandmasjientikwerk in een kursus gekombineer. Weens die beperkte beroepsmoontlikhede wat daar vir blindes bestaan, kan sodanige kombinering van beroeps= opleidingskursusse gesien word as 'n poging om blindes sodanig op te lei dat hulle ten spyte van sekere beperkthede wel diensbaar in 'n beroep in die ope arbeid ingeskakel kan word.

17.3.7 Sekretariële werk as beroep vir blindes

Aan die Skool vir Blindes te Worcester bestaan daar nog twyfel of 'n braillekandidaat, en in besonder 'n totaal blinde persoon, tot die tevredenheid van die werkgewer in 'n betrekking wat sekretariële werk vereis, ingeskakel kan word. In 1971 was daar dan ook slegs een swaksiende meisie wat die Sekretariële Kursus deurloop het (kyk tabel 15.1). Kursusse vir blindes in snel= skrif- en bandmasjientikwerk ("blind shorthand and audio-typing"; "steno-dactilo") word wel in verskeie lande aangebied (Engeland, België, Nederland en Duitsland). Aan een skool in België word ook seuns in bandmasjientikwerk opgelei. Uit die verkreë gege= wens blyk egter nie of totaal blinde braillekandidate wel suk= sesvol in 'n betrekking wat sekretariële werk vereis, ingeskakel kan word nie.

17.3.8 Algemene onderwys as integrerende deel van die beroepsopleidingsprogram

'n Belangrike verskil in benadering ten aansien van die beroeps=opleidingsprogram blyk enersyds uit die praktyk aan die Skool vir Blindes te Worcester, en andersyds uit dié aan die Koninklijk Instituut voor Blinde en Gezichtszwakke Jongens te Brussel en die Koninklijk Instituut Spermali te Brugge. Aan albei laasge=noemde skole word in die sekondêre afdeling 'n vyfjarige kursus in òf 'n tegniese, òf 'n beroepsafdeling aangebied. Aan die skool te Brussel word blinde seuns reeds na hul sesde skooljaar (standerd 4) na een van hierdie twee afdelings oorgeplaas. In hierdie afdelings word dadelik met beroepsgerigte onderwys (handelsrigting en musiekopleiding) en ook met beroepsopleiding (vlegters en bakkers) 'n begin gemaak, terwyl algemene onderwys steeds 'n integrerende deel van die kursusse vorm.

Aan die Skool vir Blindes te Worcester word leerlinge na vol=tooiing van hul skoolse opleiding na die Vak- of Beroepsafdeling oorgeplaas. Leerlinge in hierdie afdelings word egter wel na gelang elkeen se behoefte aan voortgesette algemene onderwys, steeds by voortsettingsklasse in byvoorbeeld die amptelike tale, rekene, brailleonderrig en tik ingeskakel (kyk 16.2.3 h).

Aan sommige van die naskoolse beroepsopleidingsinrigtings vir blindes in Engeland vorm 'n algemene onderwysprogram veral ge=durende die eerste twee jaar, 'n deel van die kursus wat aangebied word. Afgesien van die aandag wat aan mobiliteitsonderrig en die sosiale oriëntering van blinde studente bestee word, word die onderrig van Braille, Liggaamlike Opvoeding, Engels en Rekenkunde in hierdie program aangebied (25, bl. 87).

17.3.9 Beroepsopleiding van verstandelik gestremde blinde kinders

Soos daarop gewys, word in Engeland en Nederland in afsonderlike skole vir meervoudiggestremde blinde kinders voorsiening gemaak (kyk 15.4). Ook sekere skole vir blindes in België maak nie vir ernstig verstandelik gestremde kinders voorsiening nie. Hierdie kinders word oor die algemeen by wyse van handvaardigheidsop=leiding voorberei vir opname in beskutte werkswinkels of word later in inrigtings wat primêr op die versorging van hierdie persone toegespits is, opgeneem. Aan die Koninklijk Instituut voor Blinde en Gezichtszwakke Jongens te Brussel word blinde kinders met 'n IK van minder as ongeveer 70 nie toegelaat nie. Nieteenstaande hierdie feit, word daar nogtans vir leerlinge wat verstandelik "benede niveau" is, in 'n afsonderlike groep in die

"beroepsafdeling" (met betrekking tot handvaardigheidsopleiding) voorsiening gemaak. Ongeveer 12 persent van die gesigsgestremde skoolverlaters aan hierdie skool word in beskutte werkswinkels opgeneem. Daarenteen is, soos daarop gewys, ongeveer 32 per=sent van die oud-leerlinge van die Skool vir Blindes te Worces=ter in beskutte werkswinkels opgeneem (kyk 17.2.1).

## 18 EKSTRAKURRIKULÊRE AKTIWITEITE AAN SKOLE VIR BLINDES

### 18.1 INLEIDING

Afgesien van die meer formele opvoedings-, onderwys-, oplei=dings- en voorligtingsprogram aan skole vir blindes, het hierdie skole ook in verskillende ander opsigte 'n besondere verantwoor=delikheid. Die moontlikheid vir die normaalsiende kind om by wyse van byna terloopse hulpverlening en in vele opsigte asof "vanself" te leer om te beweeg, hom in die ruimte te oriënteer, sy skeppende moontlikhede te verwerklik, alleen en saam met maats te speel en aan ontspanningsaktiwiteite deel te neem, asook om hom ten opsigte van die geslagtelike te oriënteer, word in 'n groot mate werklikheid deur die feit dat hy kan sien. Ernstige beperkinge in hierdie verband is egter inherent aan die gesitueerdheid van die blinde kind en dit is onontbeerlik dat hy doelgerig ten opsigte van voorafgenoemde aangeleenthede gehelp word.

### 18.2 DIE SITUASIE AAN SKOLE VIR BLINDES IN DIE RSA

#### 18.2.1 Onderrig in "oriëntasie en mobiliteit"

Deur te tas en te luister kan die blinde die ruimte eksploreer en hom aan die hand van kenmerkende aspekte daarvan oriënteer. Deeglike oriëntasie impliseer dat die persoon in relasie tree met die "ruimte" en dit orden. Wat betref die blinde persoon, is dit egter essensieel dat sy "motoriese ruimte" (die ruimte waarin hy beweeg) hom akoestiese en taktuele oriënterings=moontlikhede sal bied. Mobiliteit impliseer beweeglikheid. Om doeltreffend te kan beweeg, vereis onder andere koördinasie, balans en oriëntasie. Hoe suksesvoller die oriëntasie van die blinde persoon, hoe akkurater en meer doelgerig is sy bewegings. Indien die blinde persoon nie met voldoende selfvertroue kan beweeg en hom in 'n vreemde omgewing kan oriënteer nie, sal sy suksesvolle inskakeling in 'n siende gemeenskap ernstig gestrem word (36, bl. 102; 46, bl. 123-124).

Alhoewel daar aan die Skool vir Blindes en die Prinshofskool nie 'n formele onderrigprogram in "oriëntasie en mobiliteit"

bestaan nie, word heelwat in hierdie verband gedoen. Reeds in die primêre skool word leerlinge op die gebruik van die witkierie gewys. Aanvanklik word leerlinge gehelp om met die uitleg van die skoolterrein vertroud te raak en later word leerlinge aange= moedig om ook buite die skoolterrein te beweeg. In die laer primêre standerds word onderrig in "oriëntasie en mobiliteit" veral met die aanbieding van die vak Omgewingsleer gekorreleer en groepe leerlinge bring (soms ook te voet) besoeke aan ver= skillende openbare instansies (byvoorbeeld poskantoor, brand= weerstasie) en ander plekke van belang. Ook word tydens die aanbieding van Liggaamlike Opvoeding aandag aan die "oriëntasie en mobiliteit" van leerlinge gegee. Tans word daar deur die Skool vir Blindes beplan om die onderrig van "oriëntasie en mobiliteit" op 'n meer beplande grondslag te plaas en om twee onderwyseresse wat onlangs sodanige opleidingskursusse in Amerika en Engeland deurloop het, in beheer van die beoogde onderrigprogram te plaas.

### 18.2.2 Die Afrondingskursus

Senior leerlinge aan die Skool vir Blindes word op 'n vrywillige basis by 'n afrondingskursus wat aangebied word, betrek. Hierdie kursus word as 'n ekstrakurrikulêre aktiwiteit in die middae aangebied en 'n deeltydse onderwyseres van wie die pos finansieel deur die Bestuur gedra word, is vir die kursus verantwoordelik. Die doel met die kursus is om blinde leerlinge voor te berei vir die eise wat in die alledaagse lewe in 'n siende gemeenskap aan hulle gestel gaan word. Aspekte wat in hierdie kursus aan= gesny word, is die noodsaaklikheid van persoonlike netheid, korrekte optrede in verskillende situasies, die aankoop van artikels vir alledaagse gebruik en die verrigting van huishoude= like take. Tans word die moontlikheid oorweeg om in hierdie kursus ook aan geslagsvoorligting aandag te gee. Tot in hierdie stadium word, afgesien van inligting ten aansien van geslags= aangeleenthede wat tydens die aanbieding van die vak Fisiologie verskaf word, voorligting slegs per geleentheid deur onderwyser= sielkundiges, onderwys- en koshuispersoneel in hierdie verband gegee.

### 18.2.3 Vryetydsbesteding en die sosiale inskakeling van blinde leerlinge

Die Skool vir Blindes te Worcester bied aan blinde leerlinge die geleentheid om aan 'n verskeidenheid ontspanningsaktiwiteite en ander kulturele bedrywighede deel te neem. In die reël staan sodanige georganiseerde bedrywighede onder beheer van 'n bestuur

wat deur die betrokke lede uit eie geledere gekies word. Dit gebeur ook dat leerlinge self nuwe aktiwiteite inisieer.

Sowel die Skool vir Blindes as die Prinshofskool beskik oor 'n eie swembad. Verder neem blinde leerlinge aan die Skool vir Blindes aan stoei, judo en roei (seuns), en gimnastiek en euritmiek (meisies) deel. Ook word verskeie jaarlikse uitstappies vir leerlinge gereël. Onlangs is 'n bergklim- en stapklub op inisiatief van die leerlinge aan die Skool vir Blindes gestig. Gereelde jaarlikse koshuisfunksies word gereël waarheen normaalsiende maats ook genooi word.

Aan die Skool vir Blindes word ook verskillende ander kulturele groepaktiwiteite aangebied. Die lede van sommige klubs en verenigings wat so tot stand kom, werk aktief saam met dié aan skole vir normaalsiende leerlinge en ding ook teen hulle mee. In hierdie verband kan gewys word op volkspelesaamtrekke wat bygewoon word, interdebatte teen ander skole en musiekaanbiedinge aan die Skool vir Blindes waarheen maats van ander skole ook uitgenooi word (102, bl. 44-45; 84, bl. 46).

Daar word verder gepoog om leerlinge in die geleentheid te stel om hul skeppende moontlikhede te verwerklik. Handwerk word (afgesien van 'n formele kurrikulêre aktiwiteit te wees) as opsionele ekstrakurrikulêre aktiwiteit aangebied, onderrig in die bespeling van musiekinstrumente kan deurloop word en tans word beoog om kunsklasse (onder andere modelleerwerk) aan die Skool vir Blindes aan te bied (11, bl. 13; kyk 3.12).

Die besondere mate van georganiseerdheid van die ontspanningsaktiwiteite waaraan blinde leerlinge deelneem, is opmerklik. Dit is egter ook die geval dat deskundige hulpverlening in vele opsigte onontbeerlik is om blinde leerlinge tot sinvolle deelname en meerdere betrokkenheid te lei. 'n Belangrike oogmerk van die Skool vir Blindes met die deelname van blindes aan ontspanningsaktiwiteite en kulturele bedrywighede is om die sosiale inskakeling van blinde leerlinge in die siende gemeenskap te bevorder. Die sosiale skakeling wat met siende leerlinge bewerkstellig word, vind oorwegend in groepsverband plaas, geskied in meer formele situasies, is nie werklik kontinu van aard nie en word selde deur die blinde kind geïnisieer. Die uitsondering in hierdie verband is waar blinde leerlinge gedurende naweke by siende maats aan huis gaan kuier.

18.2.4 Gesigstimuleringsklasse (Kyk klasse)

Die feit dat braillekandidate veral in die klaskamersituasie sodanig op die taktuele as verkennings- en onderrigmedium gerig word, het dikwels tot gevolg dat leerlinge wat nog oor bruikbare gesigsreste beskik, al minder probeer om te sien en dus nie meer hul gesigsreste benut nie. Aan die Skool vir Blindes te Wor= cester is dan ook gesigstimuleringsklasse ingestel waarmee beoog word om ook braillekandidate te help om hul benutbare gesig te "oefen" en steeds in situasies (veral buite die klaskamer) waar dit vir hulle van waarde kan wees (byvoorbeeld ten aansien van die onderskeiding van vorm en kleur en hul eie mobiliteit), te gebruik.

Aan die Skool vir Blindes is die mening geopper dat aangesien gesigstimuleringsklasse die braillekandidaat op gebruikmaking van sy gesig rig, die bemeestering van braille wat taktuele verkenning vereis daaronder ly en dat selfs 'n weerstand teen die gebruik van braille by die leerling opgebou kan word. As op= lossing vir hierdie probleem is gesuggereer dat gesigstimulerings= klasse wat betref braillekandidate eers 'n aanvang moet neem nadat die braillekandidaat braille as skryf- en leesmedium be= meester het.

18.3 ENKELE ASPEKTE VAN DIE SITUASIE IN SEKERE OORSESE LANDE

18.3.1 Selfstandigheidsonderrig (kyk ook 10.2.3)

Aan skole vir blindes in Engeland, België, Nederland, Duitsland en Italië neem selfstandigheidsonderrig 'n belangrike plek in. Veral drie aspekte van selfstandigheidsonderrig word sterk beklemtoon, naamlik die onderrig van blindes om alledaagse lewensnoodsaaklike take te verrig, hulpverlening ten aansien van vryetydsbesteding en mobiliteitsonderrig.

a. Alledaagse noodsaaklike take waarin blinde leerlinge onderrig word, is onder andere die voorbereiding van voedsel, naaldwerk, was en stryk, die opmaak van beddens en ander huis= houdelike take.

b. Vryetydsaktiwiteite waaraan blinde leerlinge aan sommige van die skole vir blindes in genoemde lande deelneem, is onder andere die bespeling van musiekinstrumente, swem, roei, skaak, kampering, amateur radio-operateursbedrywighede, gimnastiek, dans en spraakopleiding, asook besprekingsgroepe, debatsver= enigings en dramaklubs (62, bl. 5; 73, bl. 1 en 4). Aan die naskoolse sentrum vir beroepsvoorligting en beroepspotensiaal=

evaluering (Hethersett Centre) te Reigate in Surrey word gedurende naweke geen georganiseerde aktiwiteite aangebied nie sodat "......... each student becomes aware of the burden of leisure" en word studente sodoende aangemoedig om self hul naweekaktiwiteite te beplan (65, bl. 8).

c. Al die skole vir blinde leerlinge waaroor inligting bekom is, bied mobiliteitsonderrig aan. Die National Mobility Centre van die RNIB te Birmingham bied opleidingskursusse in die onderrig van mobiliteit aan onderwysers en ander volwassenes wat vir die mobiliteitsonderrig van blindes verantwoordelik is (67, bl. 10).

### 18.3.2 Die sosiale inskakeling van blinde leerlinge

Aan skole vir blindes in Engeland, België, Nederland en die Verenigde State van Amerika word op verskillende wyses gepoog om die suksesvolle sosiale inskakeling van blinde leerlinge in die siende gemeenskap te bewerkstellig en te bevorder. Daar word van die standpunt uitgegaan dat die sosiale inskakeling van blinde leerlinge nie aan die "toeval" oorgelaat kan word nie. So byvoorbeeld word aan blinde leerlinge die geleentheid gebied om so dikwels as moontlik hul ouerhuise te besoek, om naweke by goedgesinde huisgesinne deur te bring en om sekere kursusse aan skole vir normaalsiende leerlinge te deurloop. Verder word voorkeur gegee aan ontspanningsaktiwiteite wat saam met siendes beoefen kan word en waaraan daar ook na skoolverlating deelgeneem kan word. Heslinga en Tieman (1968) beklemtoon dat indien blinde leerlinge as 'n "blinde groep" tussen siendes behandel sou word, van sosiale inskakeling nie veel tereg sal kom nie (29, bl. 3). Lowenfeld (1967) noem dat pogings tot sosiale inskakeling nie slegs aan skole vir blindes oorgelaat moet word nie, maar dat die "filosofie van integrasie" in die ouerhuise van blinde leerlinge ingedra moet word (41, bl. 204).

### 18.3.3 Geslagsvoorligting aan blinde leerlinge (kyk 3.10)

Alhoewel verskeie skole vir blindes in België, Nederland en Engeland waaroor inligting bekom is, slegs op 'n geleentheidsgrondslag geslagsvoorligting aan blinde leerlinge gee, bied die Bartiméus Instituut te Zeist (Nederland) 'n volledige, formele geslagsvoorligtingsprogram aan.

Voorligting op 'n geleentheidsgrondslag word onder andere tydens godsdiensonderrigprogramme en 'n program van "familieopvoeding" gegee, asook deur "opvoedsters" in die koshuise. Die hoof van die Koninklijk Instituut voor Blinde en Gezichtszwakke Jongens te

Brussel rapporteer dat aangesien blinde leerlinge aan hierdie skool ongeveer 180 dae van die jaar by hul ouers aan huis deur=bring, die aanbieding van geslagsvoorligting nie as noodsaaklik beskou word nie, en dat sodanige voorligting in die eerste plek as die verantwoordelikheid van die ouers beskou word. Aan sommige skole vir blindes in Nederland word geslagsvoorligting per geleentheid deur 'n geneesheer behartig. Die wenslikheid hiervan word egter bevraagteken en Heslinga en Tieman (1968) skryf soos volg: "Moreover, many doctors admit that they often fall back into the purely biological facts as a result of which the pedagogical aspect is neglected" (29, bl. 2).

Die voorligtingsprogram wat aan die Bartiméus Instituut te Zeist aangebied word, bestaan uit geslags- en huweliksvoorligting. Getroude persone is in die reël vir die voorligting verantwoorde=lik en hulle maak veral van lewensgetroue modelle gebruik. Die geslags- en huweliksvoorligtingsprogram word as suksesvol bestem=pel en selfs ouers van blinde dagskoliere het versoek dat hul kinders ook by hierdie program ingeskakel word.

## 19 DIE OPLEIDING VAN BLINDES AAN TERSIÊRE OPLEIDINGS=INRIGTINGS

### 19.1 INLEIDING

By die bespreking van die voorberoeps- en beroepsopleiding van blindes (kyk hoofstuk 17) is 'n oorsig gegee van sodanige oplei=ding wat spesifiek aan skole vir blindes aangebied word (be=halwe in die geval van Engeland, waar soortgelyke opleiding aan naskoolse voorberoeps- en beroepsopleidingsinrigtings aangebied word). Met betrekking tot die onderhawige hoofstuk gaan dit egter oor die opleiding van blindes wat spesifiek aan tersiêre opleidingsinrigtings (insluitende kolleges en universiteite) aangebied word. In die reël is die verwerwing van 'n skooleind=sertifikaat 'n voorvereiste vir toelating tot hierdie inrigtings.

### 19.2 DIE OPLEIDING VAN BLINDES AAN TERSIÊRE OPLEIDINGS=INRIGTINGS IN DIE RSA

#### 19.2.1 Die opname van blindes in tersiêre opleidingsinrigtings

Die toetrede van blindes tot tersiêre opleidingsinrigtings het veral gedurende vroeër jare besondere probleme opgelewer. Al=hoewel blinde studente steeds voor probleme in dié verband te staan kom, is die deurbraak ten opsigte van hul opname reeds jare gelede gemaak. Meer as 50 persent van die matrikulante (blinde en swaksiende leerlinge) aan die Skool vir Blindes

te Worcester verwerf matrikulasievrystelling. Hierteenoor het 45,2 persent van die leerlinge wat die standerd 10-eindeksamen aan die einde van 1972 aan provinsiale skole in die Oranje-Vrystaat, Natal, Transvaal en die Kaapprovinsie afgelê het, matrikulasievrystelling verwerf (kyk 16.2.3 f ). Gedurende die jare 1967 tot 1970 het ongeveer 38 persent van die matrikulante van die Skool vir Blindes wat die Nasionale Senior Sertifikaat verwerf het, wel tot tersiêre opleidingsinrigtings toegetree. Ses (40,0%) van die 15 leerlinge wat in 1971 in standerd 10 was, het tot tersiêre opleidingsinrigtings toegetree en 5 van hier=die leerlinge was braillekandidate.

Samesprekinge met personeel van die Skool vir Blindes en met oorhoofse personeel van die Departement van Nasionale Opvoeding het laat blyk dat die aantal blinde studente (in die reël oud-leerlinge van die Skool vir Blindes) wat wel hul studies voltooi, as heel bevredigend beskou word. Aan die einde van 1969 en die begin van 1970 het 5 oud-leerlinge grade aan Suid-Afrikaanse universiteite behaal, terwyl 'n sesde sy studies aan die Teologiese Kweekskool te Stellenbosch voltooi het (102, bl. 57).

### 19.2.2 Studierigtings waarin blindes aan tersiêre opleidings=inrigtings studeer

Dit is essensieel dat blinde studente verder sal studeer in 'n rigting waarin vir hulle die moontlikheid van toetrede tot 'n beroep in die ope arbeid bestaan. Studierigtings waartoe blinde studente toetree, is hoofsaaklik die volgende: Teologie, regte, onderwys, fisioterapie, maatskaplike werk en musiek. Hier te lande word nie vir die opleiding van blindes as fisioterapeute voorsiening gemaak nie en hul opleiding geskied aan die Fisioterapieskool (School of Physiotherapy) van die Royal National Institute for the Blind (RNIB) in Londen. Blinde leer=linge wat aspireer om hulle in Londen as fisioterapeute te gaan bekwaam, moet matrikulasievrystelling verwerf, Engels op die hoër vlak slaag, terwyl van hulle verwag word om sowel Wiskunde as Natuur- en Skeikunde as vakke vir die Nasionale Senior Serti=fikaat aan te bied. In 1970 het 6 Suid-Afrikaanse studente aan die Fisioterapieskool in Londen studeer (96, bl. 50).

### 19.2.3 Hulpverlening aan blinde studente

a. 'n Aktuele probleem waarmee blinde studente te kampe het, is om voldoende vakliteratuur in braille en op band te bekom. Alhoewel daar nie 'n instansie is wat spesifiek op die voorsiening van literatuur aan blinde studente toegespits is nie, kom die

Skool vir Blindes te Worcester, Brailledienste te Johannesburg, Bandhulp vir Blindes te Durban en die Suid-Afrikaanse Biblioteek vir Blindes te Grahamstad blinde studente in hierdie verband te hulp. Soms gebeur dit dat 'n afvaardiging van die Skool vir Blindes die Universiteit van Stellenbosch besoek en die probleme wat blinde studente ondervind, hulp wat dosente aan blinde studente kan verleen en die vakliteratuur wat in braille gedruk en op band opgeneem moet word met die doserende personeel aan die universiteit bespreek. Die Sentrale Koördinerende Raad vir Literatuurvoorsiening aan Gesigsgestremdes (SKR) is onder die voorsitterskap van die Departement van Nasionale Opvoeding in die lewe geroep om onder andere die produksie van literatuur in braille en op band te koördineer, oorvleueling in hierdie verband te bekamp en in besonder aan die behoefte van die blinde student aan vakliteratuur aandag te skenk (kyk 5.3). Verder kan daarop gewys word dat 'n deel van die Suid-Afrikaanse Biblioteek vir Blindes te Grahamstad se taak die bibliografiese koördinering van alle leerstof vir blindes, en die samestelling van 'n nasionale katalogus waarin inrigtings en agentskappe aan=gedui word waar sekere boeke in braille verkry kan word. Die blinde student kan self ook veel doen om vakliteratuur op band te bekom. In die reël help siende studente hul blinde mede-student deur leerinhoude vir hom op band voor te lees.

'n Onderhoud wat met 'n blinde student gevoer is, het egter laat blyk dat blinde studente soms besondere probleme ondervind om selfs onontbeerlike vakhandboeke in braille of op band te bekom. In besonder skep die tydsverloop voordat studiemateriaal tot die beskikking van die blinde student gestel word, ernstige probleme. Die sukses van die blinde student aan universiteit hou in 'n groot mate direk met die beskikbaarheid van vakliteratuur in braille en op band verband. Die bestudering van enkele voorgeskrewe boeke en van die aantekeninge van die dosent, mag voldoende wees om die blinde student te laat slaag, maar sal hom beswaarlik in staat stel om 'n insigtelike greep op die vakgebied as geheel te kry. Daarom is die uitbreiding van vakliteratuur wat vir die blinde student toeganklik is, dan ook van aktuele belang.

b. <u>Finansiële steun</u> word deur verskillende instansies aan blinde studente verleen. In die eerste plek word beurse deur die Heraanpassingskomitee en Beroepsraad wat onder die Departe=ment van Nasionale Opvoeding ressorteer, aan verdienstelike blinde kandidate vir studie aan tersiêre opleidingsinrigtings in die RSA of in oorsese lande toegeken. Van die 6 Suid-Afrikaanse studente wat in 1970 aan die Fisioterapieskool van die RNIB in Londen studeer het, het 5 oor sodanige beurse beskik wat elk R7 000 bedra het (96, bl. 50 en 88). Verder verleen die

Suid-Afrikaanse Blindewerkersorganisasie (SABWO) en die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Blindes (SANRB) ook finansiële steun aan blinde studente.

## 19.3 ENKELE ASPEKTE VAN DIE OPLEIDING VAN BLINDES AAN TERSIÊRE OPLEIDINGSINRIGTINGS IN SEKERE OORSESE LANDE

### 19.3.1 Die voorbereiding van blinde leerlinge met die oog op toelating

Die voorbereiding van blinde leerlinge vir toetrede tot universiteite is veral in Engeland indrukwekkend. In die twee sekondêre skole (Chorleywood College en Worcester College for the Blind) vir blindes wat leerlinge veral vir toetrede tot universiteite voorberei, vertoef voornemende universiteitstudente in die reël vir 'n derde jaar in die "skool eindstanderd" (Sixth Form) as finale voorbereiding (Entrance and Scholarship Level) vir voortgesette studie (62, bl. 2; 73, bl. 1). In hierdie verband kan gewys word op die voortgesette musiekopleiding wat aan die Skool vir Blindes te Worcester (RSA) aan leerlinge aangebied word wat reeds die Nasionale Senior Sertifikaat met Musiek as vak verwerf het en van plan is om hul studies in musiek op universitêre vlak voort te sit (kyk 17.2.2.c ). Soos hier te lande, word die resultate met betrekking tot blinde studente wat aan universiteite studeer as heel bevredigend beskou.

Volgens 'n beroepsplasingbeampte van die RNIB is na-universitêre beroepsvoorbereiding 'n opleidingsaspek wat in Engeland al sterker op die voorgrond tree. Die RNIB neem in hierdie opsig die leiding deur te poog om blinde studente wat hul universitêre opleiding deurloop het, voor te berei vir die eise waarmee hulle in die praktiese beroepsituasie gekonfronteer gaan word.

### 19.3.2 Studierigtings waarin blindes aan tersiêre opleidingsinrigtings studeer

Daar die studierigtinge waarin blindes aan tersiêre opleidingsinrigtings studeer, noodwendig verband moet hou met die beroepsmoontlikhede wat daar vir blindes bestaan, is daar 'n besondere ooreenkoms wat betref die rigtinge waarin blindes in die RSA en in sekere oorsese lande op tersiêre onderwysvlak studeer. Studierigtinge waarin enkele blindes (braillekandidate) wel in Engeland, België of Nederland op tersiêre vlak studeer en wat nie in hierdie stadium in die RSA as studierigtinge wat beroepsmoontlikhede vir blindes inhou, bevestig is nie, is verpleging, programmering (kyk 17.2.2.c ), joernalistiek en die natuurwetenskappe.

Die informasie wat ten aansien van die toeganklikheid van hierdie studie- en beroepsrigtings vir blindes bekom is, laat egter nie blyk of 'n mate van gesig vir die beoefening van sodanige beroepe essensieel is nie en hoedanig die beperkthede van die blinde beroepsbeoefenaar in die take wat aan hom opgedra word, in ag geneem word.

### 19.3.3 Hulpverlening aan blinde studente

a. Dit wil voorkom asof die praktyk in die RSA wat betref die beskikbaarstelling van vakliteratuur nie so doeltreffend is as dié in lande soos Engeland, Wes-Duitsland en die Verenigde State van Amerika nie, aangesien daar in hierdie lande onder andere ook gepoog word om spesifiek in die behoeftes van die blinde student ten aansien van literatuur in braille en op band te voorsien. In Engeland word die voorsiening van vakliteratuur in braille en op band aan blinde studente hoofsaaklik deur die RNIB behartig wat daarop gerig is om noue skakeling met blinde studente te behou (60, bl. 2). Te Marburg in Wes-Duitsland is 'n biblioteek wat onder andere spesifiek op die behoeftes van die blinde student ten aansien van vakliteratuur toegespits is, en 50 000 volumes in braille bevat (17, bl. 172-173). In die Verenigde State van Amerika is daar 'n ongeëwenaarde korps braillekopiïste wat gereed is om vakliteratuur in braille te kopieer en wat vergoed word deur rehabilitasiesentra wat deur die staat gesubsidieer word (41, bl. 207).

b. Wat betref finansiële hulpverlening aan blinde studente, word beurse in Engeland deur plaaslike owerhede aan blindes toegeken. Verder staan die RNIB geldelike toekennings aan blinde studente toe vir die aankoop van onder andere brailletikmasjiene, tikmasjiene en bandopnemers (25, bl. 88). In die VSA dra die staat 'n sekere bedrag per jaar by ten opsigte van elke blinde student wat aan 'n kollege of universiteit studeer; genoemde bedrag word dan gebruik om hulpmiddele aan te koop (41, bl. 207).

c. Wat betref huisvesting en algemene hulpverlening aan blinde studente is daar in verskeie oorsese lande (Engeland, België en Wes-Duitsland) tehuise wat vir sodanige studente in genoemde opsig voorsiening maak. Verder word in sommige oorsese lande voorsiening gemaak vir "begeleiers", maatskaplike werkers, "adviseurs" of onderwysers om blinde studente ten aansien van studie-, sosialiserings-, vervoer- en ander probleme te hulp te kom.

## 20 DIE BEROEPSPLASING VAN BLINDE SKOOLVERLATERS, BEROEPSBEOEFENING DEUR BLINDE PERSONE EN NASORGWERK TEN BEHOEWE VAN BLINDES

### 20.1 INLEIDING

Die doel met 'n onderwysstelsel is om die kind voor te berei om eventueel as sedelik en ekonomies selfstandige persoon in die wêreld van die volwassene in te skakel, waar hy tot lewens- en selfvervulling (ook beroepsvervulling) moet kom. Die geslaagd=heid van die opvoedings-, onderwys- en opleidingsprogram moet dus onder andere steeds teen sodanige inskakeling van die skool=verlater as agtergrond deurskou word. In hierdie hoofstuk word spesifiek dan aandag gegee aan die beroepstoetrede van die blinde skoolverlater asook op hulpverlening wat in hierdie verband verskaf word.

### 20.2 DIE BEROEPSPLASING VAN BLINDE SKOOLVERLATERS

#### 20.2.1 Die situasie in die RSA

a. Instansies verantwoordelik vir beroepsplasing

Die beroepsplasing van blinde skoolverlaters in die RSA word deur die Skool vir Blindes te Worcester, die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Blindes (SANRB), die Suid-Afrikaanse Blinde=werkersorganisasie (SABWO), die Departement van Arbeid en plaas=like verenigings wat hulle vir die welsyn van blindes beywer, behartig. Heelwat blinde skoolverlaters word ook deur bemiddeling van familie en vriende in beroepe geplaas. Uit 'n ondersoek deur Van der Burgh (1973) het geblyk dat van 246 Blanke blinde persone in die Transvaal, 33,0 persent hul huidige betrekkings deur middel van die hulp van vriende en familielede bekom het. Vyftien komma drie persent is deur plaaslike verenigings vir blindes, onder andere verenigings vir burgerlike blindes gehelp om be=trekkings te bekom. Vyf en twintig komma ses persent het per=soonlik om werk aansoek gedoen, terwyl die SABWO en die SANRB vir onderskeidelik 8,4 en 4,2 persent betrekkings gevind het. Slegs 4,6 persent het by 'n indiensplasingsinstansie (byvoorbeeld die Departement van Arbeid) om 'n betrekking geregistreer. Die oorblywende 8,9 persent is op verskillende wyses gehelp om 'n betrekking te bekom, onder andere deur die Skool vir Blindes te Worcester (110, bl. 53-54).

Skoolverlaters wat direk na skoolverlating tot die arbeidsmark toetree, is in die reël reeds vir die beoefening van 'n spesifieke

beroep voorberei. Die beroepsverkenning wat gedoen word en die daaropvolgende beroepsplasing, is dan ook hoofsaaklik gerig op beroepe waarin blinde skoolverlaters opgelei is.

b. Beroepsplasing deur die Skool vir Blindes te Worcester

Alhoewel daar nie 'n formele beroepsverkenning- en beroepsplasing=program aan die Skool vir Blindes te Worcester bestaan nie, gee die skool wel aandag aan die beroepsplasing van oud-leerlinge. Afgesien van meer terloopse beroepsverkenning wat deur personeel=lede gedoen word, is een van die onderwysersielkundiges en die skakelbeampte van die skool in besonder ook met beroepsver=kennings- en beroepsplasingsaaangeleenthede gemoeid. Op grond van die intieme verhouding wat daar tussen blinde leerlinge en personeellede bestaan en die omvattende evalueringsprogram (kyk 14.2.2) aan die skool, is die skool in die geleentheid om sorg te dra dat beroepsplasing op 'n verantwoorde wyse geskied. Kennis van die moontlikhede en beperkthede van elke kind, asook van sy oogkondisie en die beroepskundige implikasies daarvan, is voor=vereistes vir verantwoorde beroepsvoorligting, -opleiding en -plasing.

c. Beroepsplasing deur ander instansies

Sowel die Departement van Arbeid as die SANRB beskik oor voltydse beroepsplasingbeamptes. Lede van die SABWO en ander vereniginge vir blindes bemoei hulle op 'n deeltydse en vrywillige basis met die beroepsplasing van blindes.

Die prosedure wat deur die Departement van Arbeid en van die ander instansies ten aansien van die beroepsplasing van blindes gevolg word, is om in die eerste plek alle relevante gegewens aangaande die kandidaat in te win. Deur middel van 'n konsoli=dering van hierdie gegewens word 'n beeld van die beroepspoten=siaal van die blinde persoon verkry en word, in die lig van die eise wat spesifieke beroepe aan die beroepsbeoefenaar stel, ge=poog om 'n verantwoorde beroepsplasing te doen.

Tussen genoemde instansies en die Skool vir Blindes te Worcester vind wel skakeling plaas en dit is deel van die taak van onder=wysersielkundiges aan die skool verbonde, om aan hierdie instan=sies inligting te verskaf aangaande blinde oud-leerlinge wat om beroepsplasing aansoek doen. Ook bestaan daar onderlinge skake=ling tussen verskillende instansies wat hulle met die beroeps=plasing van blindes bemoei. Daar bestaan egter nie 'n stelsel van oorkoepelende beplanning en koördinasie ten aansien van beroepsplasing nie en oorvleueling in hierdie verband vind wel

plaas. In besonder bemoeilik die uitgestrektheid van die land noue samewerking in hierdie verband.

Dit gebeur nie dikwels dat blinde skoolverlaters wat direk tot die ope arbeid toetree, die Skool vir Blindes verlaat sonder dat daar vir hulle spesifieke beroepsvooruitsigte bestaan nie. In die lig hiervan en vanweë die feit dat 'n redelike groot aantal blinde skoolverlaters deur bemiddeling van familielede en vriende in beroepe geplaas word, is dit duidelik dat die aantal blinde skoolverlaters wat hulle tot die SANRB, die SABWO en die Departement van Arbeid wend om 'n geskikte beroep te bekom, redelik beperk is. In besonder het geblyk dat slegs dié blinde persone wat nie spesifieke beroepsopleiding deurloop het nie en dié wat nie in die beroepe wat hulle beoefen, tereg kan kom nie, in die reël by die Departement van Arbeid om beroepsplasing aansoek doen. Hierdie departement beskik dan ook nie oor be=roepsplasingbeamptes wat spesifiek in die plasing van blindes spesialiseer nie. Indringende beroepsanalise en die daarstelling van beroepsnorme ten aansien van beroepe wat moontlik deur blindes beoefen kan word, word dan ook nie gedoen nie.

d. 'n Verantwoorde wyse van beroepsplasing

In die RSA bestaan nie wetgewing waardeur werkgewers verplig word om gestremde persone in diens te neem nie. Die benadering van veral die Skool vir Blindes is dat moontlike vooroordeel van werkgewers deur flinke en bekwame blinde beroepsbeoefenaars uit die weg geruim moet word en dat blindes nie bloot goedgun=stig in diens geneem moet word nie. Sodanige benadering hou enersyds dié voordeel in dat werkgewers steeds poog om blindes produktief in 'n betrekking in te skakel, en andersyds dat die moontlikheid van die blinde om diensbaar ingeskakel te word, nie misken word nie. Wetgewing ten aansien van werkverskaffing aan blindes hou die gevaar in dat hul indiensneming as 'n blote welsynsdiens beskou sal word. 'n Gesindheid dat blinde werknemers noodwendig maar gedra en verdra moet word, kan slegs tot ondoel=treffende beroepsinskakeling van die blinde en tot die onder=grawing van sy selfbeeld lei. Sekere aanpassinge deur die werk=gewer ten aansien van die taak wat die blinde werknemer moet verrig, sal egter steeds nodig bly. 'n Werkgewer met die nodige insig in die situasie van die blinde werknemer, beteken dan ook dikwels die verskil tussen 'n mislukte en suksesvolle plasing. Die volgende besluit van die Stadsraad van Pretoria wat in 'n Nuusbrief (1974) gepubliseer is, is 'n sprekende voorbeeld van wat met 'n positiewe benadering in hierdie verband bereik kan word: "Following on a request by the SA National Council for the Blind,

the City Council has resolved to support, in principle, the employment of blind and weak-sighted persons. They will be appointed to positions where their services may be used to advantage. The City Council already employs several blind per= sons who are rendering excellent service. In collaboration with the National Council for the Blind, a survey of positions to which persons with defective eyesight may be appointed, is at present being conducted in all Departments of the Council" (50, bl. 2). Hierdie indiensnemingbesluit is dus in die eerste plek 'n uitvloeisel van 'n gesindheid van vertroue in die diensbaarheid van die blinde en met sodanige grondslag behoort hierdie ver= wikkeling vir die inskakeling van die blinde in 'n siende gemeen= skap van blywende waarde te wees.

e. Enkele slotopmerkinge

1. Uit die genoemde ondersoek van Van der Burgh (1973) het geblyk dat van 93 Blanke blinde persone in die Transvaal wat reeds voor beroepstoetrede blind was, meer as 50 persent in minder as 'n maand na skoolverlating 'n be= trekking gevind het. 'n Verdere 18,3 persent het binne 2 maande 'n werkkring gevind, terwyl 3 en meer maande verloop het voordat die ander geplaas is (110, bl. 61-62). In die lig hiervan, asook van die toename van blinde beroepsbeoefenaars in die ope arbeid (kyk 38, bl. 37), lyk dit asof blindes nie buitengewone probleme ondervind om 'n betrekking in die ope arbeid te bekom nie.

2. Die oorheersende probleem ten aansien van die beroeps= plasing van blindes is die beperkte beroepsmoontlikhede wat 'n beroepskeuse deur die blinde en verantwoorde beroepsplasing bemoeilik. Die mens ontwerp vir homself 'n toekomsperspektief en verantwoorde beroepsplasing impliseer dat sowel die persoonsmoontlikhede as die beroepsaspirasies van die blinde by plasing in ag geneem word. In die lig hiervan kan dit gestel word dat dit in 'n sekere opsig verblydend is dat so min blinde skool= verlaters by die Departement van Arbeid om plasing aan= soek doen, aangesien dit beteken dat die oorwegende meerderheid van die skoolverlaters wel in die beroepe wat hulle op skool gekies en waarin hulle opleiding ontvang het, geplaas word en tereg kom. Tog het die beperkte beroepsmoontlikhede wat daar vir blindes bestaan, nood= wendig reeds 'n beperkende uitwerking op die keuse van beroepsopleiding wat deurloop kan word.

3. Sekere take wat skynbaar nie deur blinde werknemers verrig kan word nie, kan soms wel doeltreffend deur hulle verrig

word indien sekere hulpmiddels tot hulle beskikking gestel word, of sekere aanpassings aan masjiene en/of apparaat waarvan hulle operateurs is, aangebring word. Tans word egter wel probleme in hierdie verband onder= vind, aangesien sodanige hulpverlening nie op 'n gevestig= de grondslag geskied nie.

### 20.2.2 Enkele aspekte van die beroepsplasing van blindes in sekere oorsese lande

#### a. Engeland

In Engeland is plaaslike beroepsplasingbeamptes ("careers officers"), beroepsvoorligtingonderwysers ("careers teachers") aan skole verbonde, die Blind Persons Resettlement Officer van die Departement van Indiensneming, die Youth Employment Service, en beroepsplasingbeamptes van die Royal National Institute for the Blind (RNIB) vir beroepsverkenning en beroepsplasing ver= antwoordelik. In besonder doen die plaaslike beroepsplasing= beampte wat in die omgewing van die ouerhuis van die blinde skoolverlater werksaam is, beroepsverkenning en noue skakeling tussen hierdie beampte, die plaaslike beroepsplasingbeampte wat in die omgewing van die skool werksaam is, die skool en die kind self word sterk beklemtoon. Sodanige skakeling verseker onder andere dat beroepsvoorligting geskied in ooreenstemming met die beroepsmoontlikhede wat in die omgewing van die ouerhuis van die skoolverlater bestaan. Die Vernonkomitee (1972) in Engeland het die mening uitgespreek dat dit van groot waarde sou wees indien elke sekondêre skool vir blinde leerlinge 'n personeel= lid sou aanwys wat onder andere vir skakeling met werkgewers en instansies wat met beroepsplasing gemoeid is, verantwoordelik sou wees (25, bl. 83).

'n Belangrike faset van die taak van die RNIB is om nuwe beroeps= rigtings vir blindes te vind. Die prosedure wat deur die RNIB gevolg word, is om deur middel van verkenning en beroepsontleding te bepaal of 'n blinde aan die eise wat in 'n betrokke beroep ge= stel word, sal kan voldoen en of daar 'n aanvraag na blinde werknemers sal wees. Indien besluit sou word dat 'n beroep vir 'n blinde toeganklik is, word sodanige beroepsopleiding aangebied. Op hierdie wyse het die RNIB daarin geslaag om blinde persone onder andere as operateurs van fototkopieer- en litografiese masjiene geplaas te kry.

#### b. België en Nederland

In België en Nederland word die beroepsplasing van blinde skool=

verlaters deur skole vir blindes, streeksarbeidkantore en nasionale beroepsplasingdienste behartig. Verder verleen fami= lielede en vriende van blinde skoolverlaters ook hulp ten aan= sien van beroepsverkenning en -plasing. Soms word blinde skool= verlaters in België vir 'n evalueringstydperk in 'n beroep geplaas. Tydens hierdie tydperk van tydelike indiensneming word die kandidaat die geleentheid gebied tot sosiale oriëntering, om te toon of hy kan voldoen aan die beroepseise wat gestel word en om te besluit of hy in die betrokke beroep wil voortgaan.

Alhoewel in sowel België as Nederland wetlik vir die indiens= neming van gestremde persone deur werkgewende instansies voor= siening gemaak word, word die stelsel nie in een van die twee lande as besonder doeltreffend beskou nie. In hierdie verband berig die direkteur (1972) van die Koninklijk Instituut voor Blinde en Gezichtzswakke Jongens te Brussel soos volg: "De Belgische wetgeving verplicht de werkgevers tot opname van gehandicapten. De rijksdiensten hebben echter zelf niet het voorbeeld gegeven .... De patroon zijn nog eerder aarzelend: en zekere huiwer tegenover de gehandicapten, tekort aan sociale zin en te grote onbekendheid met de arbeidsmogelijkheden van de gehandicapten. Alles bij mekaar een kwestie die momenteel zeer actueel is in België."

## 20.3 BEROEPSBEOEFENING DEUR BLINDE PERSONE

### 20.3.1 Die situasie in die RSA

a. 'n Verwerking van gegewens soos verkry by wyse van 'n opname deur die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Blindes (1970) aangaande die beroepe wat 600 blinde persone in die ope arbeid in die RSA beoefen (96, bl. 73), het laat blyk dat blinde per= sone wat -

1. wel tersiêre opleiding deurloop het, hoofsaaklik beroepe as fisioterapeute (9,2%) en onderwysers (3,5%) beoefen;
2. minstens tot standerd 8 gevorder het en naskoolse beroepsopleiding deurloop het, hoofsaaklik beroepe as telefoniste (61,8%) en klavierstemmers (3,5%) beoefen (beroepsopleiding in sowel telefonie as klavierstem- en klavierherstelwerk word aan die Skool vir Blindes aange= bied);
3. nie noodwendig 'n vereiste skolastiese peil bereik het nie en handvaardigheidsopleiding deurloop het, hoof= saaklik in fabrieke werk (5,8%). Agt van die fabrieks= arbeiders was masjienoperateurs (dit wil sê 1,3 persent

van genoemde 600 blinde beroepsbeoefenaars.

Die feit dat genoemde 5 kategorieë blinde beroepsbeoefenaars (fisioterapeute, onderwysers, telefoniste, klavierstemmers, fabrieksarbeiders) 83,8 persent van die totale aantal Blanke blinde beroepsbeoefenaars in die ope arbeid uitmaak, beklemtoon die beperkte beroepsmoontlikhede wat daar vir blindes bestaan. Afgesien van bogenoemde beroepe, word blindes in die RSA veral ook in die volgende beroepe aangetref, naamlik: Predikant, prokureur, orrelis (musiekonderwyser), tikster en brailledrukker.

Die beperkte beroepsmoontlikhede vir blindes het dan ook tot ge= volg dat blindes nie altyd ooreenkomstig hul moontlikhede en beroepsaspirasies in 'n beroep geplaas kan word nie. Volgens die ondersoek van Van der Burgh (1973) was slegs 61,0 persent van 246 blinde respondente in die Transvaal van mening dat daar wel vir hulle 'n toekoms was in die beroep wat hulle beoefen. Die meerderheid van dié respondente wat nie vir hulself 'n toekoms gesien het in die beroep wat hulle beoefen het nie, was geskool= de werkers (telefoniste, klavierstemmers en handewerkers in beskutte werkswinkels) (110, bl. 74-76; kyk 17.2.3 f ).

b. Uit 'n nasionale opname deur die SABWO (1970) het geblyk dat van 656 ekonomies bedrywige Blanke blinde persone in die ope arbeid, 321 (48,9%) by semi-staats- en staatsorganisasies in diens was, terwyl 280 (42,7%) by privaat organisasies diens aanvaar het. Vyf en vyftig (8,5%) het oor hul eie sakeonder= nemings beskik (38, bl. 42). Hierteenoor was 30,9 persent van alle ekonomies bedrywige Blanke persone in die RSA in 1970 in diens van staats- en semi-staatsorganisasies, terwyl 69,1 per= sent in diens van privaat organisasies was (104, bl. A-31; kyk ook 110, bl. 55). Genoemde nasionale opname het verder laat blyk dat daar 236 blinde persone in beskutte werkswinkels was wat 26,5 persent van die totale aantal Blanke blinde persone in die RSA wat in daardie stadium ekonomies bedrywig was, verteenwoordig het (38, bl. 41-42; kyk 17.2.1).

c. Die ondersoek van Van der Burgh (1973) het laat blyk dat 13,1 persent (29) van 221 Blanke blinde manlike persone in die Transvaal werkloos was. Van dié 29 werklose manlike persone was slegs 8 as werkloos by die Departement van Arbeid geregistreer. Van der Burgh verwys ook na 'n ondersoek deur Strijdom (1971) waarby 294 dowe respondente betrek is en wat laat blyk het dat slegs 4,1 persent van hierdie persone werkloos was (110, bl. 67-68).

20.3.2 Die situasie in enkele oorsese lande

a. Die bewering word gemaak dat 'n groter persentasie van die blinde bevolking van Groot-Brittanje tot die ope arbeid toetree, as wat die geval in enige ander land is (64, bl. 12).

Beroepe wat deur blindes in Engeland, België en Nederland beoefen word, stem in 'n groot mate ooreen met dié wat blindes in die RSA beoefen. Van die skoolverlaters van sowel die Koninklijk Instituut voor Blinde en Gezichtszwakke Jongens te Brussel in België (20,0%) as die Bartiméus Instituut te Zeist in Nederland (25,0%) tree die grootste enkele groep as telefoniste(s) in diens. Wat betref blinde skoolverlaters van hierdie twee skole wat tot professionele beroepe toetree, het die grootste enkele groepe betrekkings as fisioterapeute aanvaar.

Beroepe wat wel deur blindes in sommige van hierdie lande beoefen word en nie in dieselfde mate as beroepe vir blindes in die RSA bevestig is nie, is dié van programmeerder, verpleegster en fotokopieer- en litografiese masjienoperateur. Dit lyk ook asof die beroepe van snelskrif- en bandmasjientikster asook maatskaplike werkster nie in dieselfde mate hier te lande as in genoemde oorsese lande deur blindes beoefen word nie. Ander beroepe wat wel in sommige van hierdie lande deur gesigsgestremdes beoefen word, maar nie deur blindes in die RSA beoefen word nie, is dié van verslaggewer, natuurwetenskaplike, huishoudkundige, bakker asook assistente in kombuise van hospitale en by die ontwikkeling van X-straalfoto's. Uit die verkreë informasie blyk egter nie of al hierdie beroepe wel ook vir die totaal blinde persoon toeganklik is nie en of dit vir die beoefenaars van sommige van hierdie beroepe wel essensieel is om nog oor 'n mate van gesig te beskik.

b. Blinde persone in die Verenigde State van Amerika tree tot 'n groter verskeidenheid beroepe toe as wat in enige ander land wat in die ondersoek betrek is, die geval is. Dit is egter opmerklik dat sommige van hierdie beroepe 'n besonder gespesialiseerde taak behels wat deur die blinde verrig moet word, byvoorbeeld telefoonbestellingsklerk, meterhersteller, elektriese-toestelversiener en outomatieseratkasherbouer (3). Hieruit kan afgelei word dat die verkenning van moontlike beroepe wat deur blindes beoefen kan word, in besonder op beroepsontleding berus en dat daarin geslaag word om beroepe sodanig te segmenteer dat blindes produktief ingeskakel kan word.

## 20.4 NASORGWERK TEN BEHOEWE VAN BLINDE SKOOLVERLATERS

### 20.4.1 Die situasie in die RSA

Nasorgwerk ten behoewe van blinde skoolverlaters en volwasse blinde persone in die RSA word op verskillende terreine gedoen om hul inskakeling in die gemeenskap te vergemaklik en verskeie instansies is daarvoor verantwoordelik. Die terreine waarop nasorgwerk ten behoewe van blindes gedoen word, is onder andere die volgende: Finansiële hulpverlening in die vorm van pen= sioene, toelaes en studiebeurse; literatuurvoorsiening in braille en op band; opname in beskutte werkswinkels, asook akkommodasie in tehuise; beroepsplasing in die ope arbeid en hulpverlening ten aansien van die verkryging van geskikte huisvesting asook vervoer na en van hul werk; rehabilitasiediens lewering en in besonder met betrekking tot mobiliteitsonderrig; die verskaffing van hulpmiddele vir gebruik in hul daaglikse lewe en werk, asook hulpverlening ten aansien van sosiale inskakeling en deelname aan kulturele bedrywighede en ontspanningsaktwiteite.

Ten aansien van nasorgwerk ten behoewe van blindes moet verder op die volgende aspekte gewys word:

a. Soos in die geval van die breë bevolking in die RSA, is daar wat betref die blinde bevolking,ook 'n neiging om te verstedelik merkbaar. Van der Burgh (1973) het bevind dat waar die ouers van slegs 27,1 persent van die 347 Blanke blinde persone in die Transvaal wat in sy ondersoek betrek is, by húl (die respondente se) geboorte in stede woonagtig was, was 80,4 persent van die respondente tydens die ondersoek in stede woonagtig. Hierdie neiging moet onder andere daaraan toegeskryf word dat meer be= roepsmoontlikhede vir blindes in stede bestaan en dat beter fasiliteite (onder andere medies, kultureel en ontspannend) aangebied word (110, bl. 14 en 16). Wat betref nasorgdienste wat aangebied word, moet dan ook van hierdie neiging kennis geneem word.

b. Die Transoranje-Instituut vir Buitengewone Onderwys te Pretoria gee tans aandag aan die moontlikheid om 'n nasorgsentrum op te rig waarin gestremde skoolverlaters opgeneem sal word. Die doel hiermee is om aanvanklike probleme wat ten aansien van geskikte huisvesting, vervoer, sosiale en beroepsoriëntasie ondervind mag word, vir die gestremde te help oorbrug (106, bl. 11).

c. Wat betref die sosiale inskakeling van blindes in 'n siende gemeenskap het Van der Burgh (1973) bevind dat van die getroude blinde persone in die Transvaal wat in sy ondersoek betrek is,

69,3 persent met 'n siende eggenoot of eggenote getroud was. Verder is bevind dat die blinde respondente meer dikwels siende vriende besoek en van siende vriende besoek ontvang, as wat dit die geval ten opsigte van blinde vriende was (110, bl. 30 en 103). Hiervolgens lyk dit asof die sosiale inskakeling van blindes in die siende gemeenskap in 'n groot mate wel teregkom.

d. Van der Burgh (1973) skryf soos volg ten aansien van die deelname van blindes aan ontspanningsaktiwiteite: "To assume that the handicap, however devastating it is, changes basic human needs (such as the normal need for recreation and social inter= action) and limits the person to mere existence, not only denies basic value assumptions but denies direct evidence from experience as well. The values of recreation, the needs it meets, are basic to all people and particularly significant to the blind person" (110, bl. 97-98).

Die werksaamhede van die National Association of Blind Bowlers (NABB) wat rolbal as ontspanningsaktiwiteit vir blindes beves= tig en uitgebou het, is dan ook meldenswaardig. Die deelname van blinde volwassenes aan 'n groepsport is 'n besonder proble= matiese aangeleentheid en die moontlikheid wat vir blindes be= werkstellig is om aan rolbal deel te neem, het 'n besondere leem= te gevul. Die Algemene Sekretaris van SABWO (1971), self 'n blinde persoon, het dan ook na die bevestiging van rolbal as 'n sportsoort waaraan blinde persone kan deelneem, verwys as "..... the most important sociological development in blind welfare over the past decade" (95, bl. 65).

Wat betref die deelname van blindes aan sportaktiwiteite het Van der Burgh bevind dat 27,1 persent van die blinde persone in sy ondersoekgroep wel aan sodanige aktiwiteite deelneem. Die twee sportsoorte waaraan die meeste van hierdie blinde persone deelneem, is rolbal (56,4%) en swem (25,5%) (110, bl. 98).

e. Slegs 36,0 persent van bogenoemde ondersoekgroep is lede van 'n sosiale klub vir blindes. 'n Waarskynlike rede waarom heelwat blinde persone nie lede van sodanige klubs is nie, is volgens Van der Burgh die feit dat hulle hul nie met 'n "tipering van blind-te-wees", wat deur die bestaan van hierdie klubs geïmpliseer word, wil vereenselwig nie (110, bl. 98 en 102; kyk 2.6).

### 20.4.2 Enkele aspekte van die situasie in enkele oorsese lande

In Engeland, België, Nederland en die Verenigde State van Amerika omvat nasorgwerk ten aansien van blindes in 'n groot mate dieselfde fasette as in die RSA. Enkele fasette van nasorgwerk waarop ge=

wys moet word, is die volgende:

a. In Engeland word in tehuise voorsiening gemaak vir die akkommodasie van blinde studente wat hul studies aan tersiêre opleidingsinrigtings voortsit (kyk 19.3.3 c ). Ten aansien van blinde persone wat tot die ope arbeid toetree, word opvolgings=werk deur beamptes gedoen wat vir die beroepsplasing van blindes verantwoordelik is en word blindes onder andere aangaande doel=treffende werkmetodes ingelig. Die Tegniese Departement van die Royal National Institute for the Blind doen ook navorsing in verband met hulpmiddels wat blinde beroepsbeoefenaars kan help om hul werk doeltreffend te verrig (69, bl. 7-9). Verder bestaan daar in Engeland tehuise waarin meervoudiggestremde blinde skool=verlaters wat nie tot die arbeidsmark kan toetree nie, versorg word (63, bl. 1-2).

b. Aan skole vir blindes in sowel België as Nederland is maatskaplike werksters(ers) verbonde wat onder andere hulp ver=leen ten aansien van enersyds sosialiserings- en beroepsprobleme wat deur blinde skoolverlaters ondervind word en andersyds met die verkryging van geskikte huisvesting. Volgens die "direkteur" van 'n skool vir blindes te Brussel ondervind oud-leerlinge van hierdie skool nie besondere probleme met latere sosiale oriën=tering in die gemeenskap nie en hy skryf dit onder andere toe aan die feit dat blinde leerlinge slegs ongeveer 185 dae van die jaar op skool is en die res by hul huisgesinne deurbring. Verder bestaan daar in hierdie lande instansies op sowel plaas=like as nasionale grondslag wat vir die herevaluering, herop=leiding, beroepsplasing en algemene hulpverlening aan blindes verantwoordelik is en wat onder andere oor die dienste van maat=skaplike werksters(ers) en ander "adviseurs" beskik. In België is 'n fonds in die lewe geroep om die koste te dek om masjiene sodanig te verander en aan te pas dat gestremdes as operateurs in diens geneem kan word.

c. In die Verenigde State van Amerika bestaan Federale Beroepsrehabilitasiesentra wat onder andere verantwoordelik is vir die voorsiening van toerusting wat blindes in hulle beroepe nodig het. Daar bestaan ook 'n omvattende navorsingsprogram aangaande die inskakeling van die blinde in 'n siende gemeenskap wat deur die Federale Beroepsrehabilitasie-administrasie geborg word (41, bl. 206-207).

## 21 MOTIVERINGS EN AANBEVELINGS

### 21.1 MOTIVERINGS EN AANBEVELINGS INSAKE DIE BEHEER VAN DIE ONDERWYS VIR BLINDE LEERLINGE

21.1.1 Kerklike beheerliggame

a. Motivering

Die geskiedenis van die onderwys vir blinde kinders in die RSA is in 'n groot mate 'n getuienis van die harmonieuse samewerking tussen Staat en Kerk. In dié verslag is telkens verwys na die bydrae van die kerklike beheerliggame (in besonder die Bestuur van die Skool vir Blindes) ten aansien van die uitbouing van die opvoeding en onderwys van blinde leerlinge. Afgesien van die feit dat finansiële bydraes deur die kerklike beheerliggame ter instandhouding en uitbreiding van onderwysgeriewe vir blinde kinders die finansiële las van die Staat in hierdie verband verlig, bied sodanige finansiële bydraes die hoof van die skool gewis meer geleentheid tot die uitoefening van persoonlike inisiatief om knelpunte in die opvoedings- en onderwysprogram uit te skakel. Genoemde finansiële bydraes impliseer dus nie alleen 'n bykomende bron van finansiële hulp nie, maar ook 'n bron van morele ondersteuning wat daartoe bydra dat die hoof en personeel steeds ontvanklik bly vir en gerig is op nuwe ontwikkelingsmoontlikhede. Voorts is daarop gewys dat die noue verbondenheid van die Kerk met die Skool vir Blindes deur die loop van jare 'n vormende bydrae gelewer het tot die vestiging van 'n eie skoolse tradisie en die skepping van 'n klimaat van wellewendheid en Christelike Geborgenheid wat by die opvoeding van die gestremde kind en in besonder vir die verwerking van sy gestremdheid deur die kind so onontbeerlik is (kyk 6.3).

b. Aanbeveling

In die lig van bogenoemde word dus aanbeveel dat die medeseggenskap van die NG Kerk deur middel van die Instituut vir Dowes en Blindes in die bestuur van die Skool vir Blindes te Worcester, en dié van die drie susterkerke deur middel van die Transoranje-Instituut vir Buitengewone Onderwys in die bestuur van die Prinshofskool vir Swaksiendes en Voorbereidende skool vir Blindes te Pretoria behoue sal bly.

21.1.2 Die Departement van Nasionale Opvoeding

a. Motivering

Met die proklamering van die Wet op Onderwysdienste (Wet no. 41 van 1967) is die onderwys vir gestremde leerlinge losgemaak van beroepsonderwys en het buitengewone onderwys in besonder die verantwoordelikheid van die huidige Departement van Nasionale Opvoeding geword. Hierdie verandering het positiewe implikasies

vir die opvoeding en onderwys van gestremde leerlinge gehad, aangesien nouer skakeling tussen skole en die verantwoordelike departement moontlik geword het en die noodgesitueerdheid van die gestremde (blinde) kind en die eiesoortige behoeftes van skole vir gestremdes (blindes) duideliker in die blikpunt gestel is.

b. Aanbeveling

In die lig van genoemde positiewe implikasies word aanbeveel dat skole vir blinde leerlinge steeds onder die Departement van Nasionale Opvoeding ingeskakel sal bly.

21.1.3 Skakeling tussen buitengewone onderwys en die gewone onderwys

a. Motivering

Weens die finansiële hulpverlening deur die kerklike beheerliggame, geniet skole vir gesigsgestremdes 'n groter mate van outonomie as skole wat nie so begunstig is nie. Ook is dan daarop gewys dat hierdie groter mate van outonomie, asook die feit dat buitengewone onderwys onder die Departement van Nasionale Opvoeding ressorteer (terwyl die gewone onderwys onder die onderskeie provinsiale administrasies ressorteer) tot gevolg kan hê dat skole vir blindes buite die hoofstroom van ontwikkeling op onderwysgebied sal staan. Alhoewel die koördinerende krag van die Departement van Nasionale Opvoeding daartoe bydra dat skole vir buitengewone onderwys nie van mekaar vervreem raak nie en alhoewel sekere onderwysliggame dit as taak het om sorg te dra dat die onderwys op nasionale vlak beplan en gekoördineer word, moet steeds daarteen gewaak word dat skole vir blindes nie ten aansien van sekere aspekte van die onderwys in 'n mate van isolasie hul eie rigting bepaal nie (kyk 6.5).

b. Aanbeveling

Daar word dus aanbeveel dat daar ten aansien van alle vlakke van die onderwys (byvoorbeeld ten aansien van oorkoepelende beheer en beplanning, onderwysadministrasie, beherende skoolpersoneel en onderwyspersoneel) steeds gepoog sal word om wyses van skakeling, enersyds tussen skole vir buitengewone onderwys onderling, en andersyds tussen die buitengewone onderwys en die gewone onderwys, uit te bou en te bevestig. Sodanige skakeling moet ten aansien van al die verskillende fasette van die onderwys bewerkstellig word (byvoorbeeld ten aansien van opsporing en identifisering van gestremde kinders, samestelling van sillabusse en kurrikula, indiensopleiding van personeel, navorsing en ontwikkeling).

## 21.2 MOTIVERINGS EN AANBEVELINGS INSAKE ASPEKTE VAN DIE TOELATING VAN LEERLINGE TOT SKOLE VIR BLINDES

### 21.2.1 Die aangeleentheid van verstandelik gestremde blinde kinders

a. Die term "verstandelik gestremde" blinde kinders

1. Motivering

Met verwysing na blinde kinders wat nie by die gewone onderwys= program baat vind nie, weinig of geen skolastiese vordering maak en selfs nie 'n kursus in die Vakafdeling van die Skool vir Blindes te Worcester suksesvol kan deurloop nie, word van ver= skillende terme gebruik gemaak. Onder andere word die terme "erg geestesvertraagde" blinde kinders en "onopvoedbaar" ter verwysing na hierdie kinders gebruik. Die term "geestes" kan egter verwarring skep, aangesien verskillende outeurs verskillen= de betekenisse aan die woord heg (onder andere word byvoorbeeld na die woord "geestes" verwys in verband met die religieuse, die moreel-etiese, asook die intensionele in menslike bestaan). Alhoewel gebrekkige verstandelike vermoë 'n stremming van die totale persoon impliseer, gaan dit hier in die eerste plek om die verstandelike moontlikhede van die kind.

Die term "opvoedbaar" dui primêr op die tuisbring van behoor= likheidsnorme en dit bly steeds 'n strydpunt of die eis van die behoorlike nie ook by kinders wat skolasties geen vordering kan maak (ononderrigbare kinders), ingang kan vind nie. Hierdie kinders kan dus ook nie as "onopvoedbaar" beskou word nie. In der waarheid gaan dit hier in die eerste plek oor die mate waarin kinders sekere kennisinhoude hul eie kan maak of sekere vaardig= hede kan bemeester, al dan nie.

2. Aanbevelings

In die lig hiervan word dus aanbeveel -

(a) dat die term "lig tot matig verstandelik gestremde blinde kinders" gebruik sal word met verwysing na kinders wat nie die gewone onderwysprogram suksesvol kan deurloop nie maar wel in spesiale klasse waar aangepaste en praktiesgerigte leerinhoude aangebied word, tereg kan kom (kinders met IK van ongeveer 50 tot 80 ), en

(b) dat die term "ernstig verstandelik gestremde blinde kinders" gebruik sal word met verwysing na kinders wat skolasties nie kan vorder nie. Hierdie kinders kan as

"ononderrigbaar" bestempel word, sal nooit 'n ekonomies onafhanklike bestaan kan voer nie en is in die eerste plek op versorging aangewys.

b. Die opname van ernstig verstandelik gestremde blinde kinders in 'n spesiale sentrum vir ernstig verstandelik gestremdes

1. Motivering

Daar is op gewys dat verstandelik gestremde blinde kinders wel tot die Skool vir Blindes te Worcester en die Prinshofskool te Pretoria toegelaat word. As gevolg van die feit dat daar dik= wels vir sommige van hierdie kinders geen ander heenkome is nie, word ook kinders wat sodanig verstandelik gestremd is dat hulle as skolasties ononderrigbaar bestempel kan word, toegelaat. Dit is ook die geval wat betref die toelating van sommige doofblinde kinders tot die Afdeling vir Doofblindes aan die Skool vir Blindes (kyk 8.1.1). Die opname van hierdie kinders in klasse en afdelings waar 'n sekere mate van skolastiese vordering en die bemeestering van sekere vaardighede van hulle verwag word, be= lemmer die doeltreffendheid van die opvoedings- en onderwyspro= gram. Voorts is gewys op getuienis en gegewens dat verstandelike gestremdheid ten aansien van blinde kinders toeneem en die problematiek met betrekking tot die opvoeding, onderrig en ver= sorging van hierdie kinders tree al sterker op die voorgrond (kyk 1.2).

In verskeie oorsese lande (en in besonder in Engeland) word in afsonderlike skole, afdelings en inrigtings vir verstandelik gestremde blinde kinders voorsiening gemaak. In Engeland word selfs blinde leerlinge wat slegs as lig tot matig verstandelik gestremd beskou kan word, ook in afsonderlike skole vir blindes opgeneem waar aangepaste leerinhoude aan hulle gebied word. Enkele van hierdie leerlinge tree selfs later tot beroepe in die ope arbeid toe. 'n Sekere skool vir blindes in Nederland laat byvoorbeeld nie leerlinge met 'n IK van minder as ongeveer 70 toe nie (kyk 7.3.2 en 17.3.9).

Daar word dus voor oë gestel dat ernstig verstandelik gestremde blinde en doofblinde kinders in 'n afsonderlike sentrum opgeneem sal word. Wat betref die oorplasing van doofblinde kinders na sodanige sentrum, sal 'n onbuigsame kriterium nie neergelê kan word nie en sal dit in die lig van die besondere moontlikhede en vordering van elke kind moet geskied. Oorplasing sal egter wel

aan die hand van sekere maatstawwe moet geskied, byvoorbeeld kinderspel, aard van kommunikasie, sosialisering en die bemeestering van sekere alledaagse vaardighede, mobiliteit en die moontlikheid van vakopleiding.

2. Aanbevelings

In die lig van die gestelde problematiek van die erstig verstandelik gestremde blinde kind word dus aanbeveel -

(a) dat ernstig verstandelik gestremde blinde kinders (skolasties ononderrigbare kinders) na 'n afsonderlike sentrum verwys sal word;

(b) dat oorplasing na genoemde sentrum sal geskied na 'n tydperk van evaluering aan 'n skool vir blindes (kyk 21.11.2) en sodra onomwonde vasgestel is dat die gebrek aan vordering van die kind nie slegs aan pedagogiese verwaarlosing of ander opvoedingstekorte toegeskryf kan word nie, maar wel aan ernstige verstandelike gestremdheid;

(c) dat hierdie sentrum te Worcester opgerig sal word waardeur die oorplasing van kinders vergemaklik sal word en die duplisering van dienste (onder andere die verskaffing van hulpmiddels, bandopnamedienste en brailledrukkery) uitgeskakel sal word;

(d) dat die opvoedings- en onderrigprogram spesifiek toegespits sal wees op dit wat vir hulle in hul leefwêreld bevatlik en betekenisvol en van praktiese waarde is (byvoorbeeld die verrigting van noodsaaklike alledaagse take, handwerk, musiek, liggaamlike opvoeding en mobiliteitsonderrig);

(e) dat oorweging geskenk sal word aan die moontlikheid om ook ononderrigbare doofblinde kinders in hierdie sentrum op te neem, en

(f) dat aan hierdie blinde en doofblinde kinders die geleentheid gebied sal word om, indien hul latere ontplooiing dit regverdig, vakopleiding (byvoorbeeld rottangwerk en breiwerk) aan die Skool vir Blindes te deurloop as voorbereiding vir moontlike toetrede tot beskutte werkswinkels vir blindes.

21.2.2 Die taak van die klasonderwyser

a. Motivering

Daar is op gewys dat die korrekte evaluering van die visuele

vermoë van veral kinders wat as grensgevalle tussen swaksiend en blind beskou kan word, asook van kinders met progressiewe oogkondisies, 'n besonder problematiese aangeleentheid is. Die onsekerheid ten aansien van die evaluering van die visuele vermoë van kinders spruit onder andere uit die feit dat kinders hul gesigsreste so verskillend gebruik (dit wil sê kinders wat numeries dieselfde visuele vermoë mag hê). Gevalle van foutiewe evaluering en gevolglike foutiewe plasing kom dan ook voor (kyk 7.2.1). Dit is dus onontbeerlik dat die doeltreffende gebruik van hul gesigsreste deur hiérdie kinders in die laaste instansie in die onderwyssituasie self geëvalueer moet word. Sodanige praktyk impliseer 'n gerigtheid op die leerling as moontlikheid en nie slegs die inagneming van sy gesigsgestremdheid as sodanig nie. Vir die klasonderwyser om sinvol by die evaluering van die visuele vermoë van leerlinge betrek te word, is dit nodig dat hy onderleg sal wees in die fisiologies-mediese aspekte van gesigsgestremdheid en op die hoogte sal wees met die didaktiese implikasies van die oogkondisie van elke kind. In die kursus wat lei tot die verwerwing van die Diploma in Buitengewone Onderwys aan die Universiteit van Suid-Afrika word dan ook besondere aandag gegee aan onder andere die medies-fisiologiese aspekte van gesigsgestremdheid.

b. Aanbeveling

Wat betref die evaluering van die visuele vermoë van gesigsgestremde kinders word dus aanbeveel dat noue samewerking en wedersydse konsultasie tussen die klasonderwyser, optometris en die oftalmoloog sal plaasvind en dat die optometris en oftalmoloog ook in die klaskamersituasie ingeskakel sal word waardeur verseker kan word dat die gebruik van sy gesig deur die kind in die onderwyssituasie by oorplasing in aanmerking geneem sal word; dat daar 'n gerigtheid op die kind as moontlikheid sal wees, en dat die oogkondisie as sodanig nie verabsoluteer word nie.

### 21.2.3 Oorplasing van leerlinge na die afdeling vir blindes op grond van agteruitgang in hul skoolwerk

a. Motivering

Daar is op gewys dat ernstige agteruitgang in die skoolwerk van die ernstig swaksiende kind soms 'n belangrike faktor kan wees by die oorplasing van die kind na 'n skool of afdeling vir blindes waar die kind deur medium van braille moontlik vinniger kan vorder. Dit is egter noodsaaklik dat indien 'n leerling

tot op 'n sekere skolastiese vlak deur middel van visuele metodes kon vorder en sy skoolwerk onder andere as gevolg van verhoogde werktempo, vermeerdering van leerinhoude en verhoging van die standaard wat vereis word, sodanig verswak dat sy vordering nie meer na wense is nie, die moontlike oorplasing van die leerling na 'n skool of afdeling vir blindes gerugsteun sal word deur bewys van die verswakking van sy gesig. Indien oorplasing sou geskied sonder dat 'n agteruitgang in die oogkondisie van die kind merkbaar is, is die rede vir oorplasing eerder die intellek=tuele onvermoë van die kind, onvoldoende ywer of ander persoon=struktuurprobleme as onvoldoende visuele vermoë. Dit sou selfs gestel kon word dat 'n te hoë skolastiese eis die kind as blind laat kwalifiseer het.

Oorplasing mag dus nie bloot op grond van didaktiese oorweginge geskied nie (beter skolastiese prestasies mag nie 'n doel in sigself wees nie). Ook die verderliggende pedagogiese, psigo=logiese, sosiale en beroepskundige implikasies moet in ag ge=neem word, dit wil sê in watter mate die oorplasing van 'n spesi=fieke leerling hom in die geleentheid sal stel om sy moontlikhede as mens te verwerklik, sy sosiale inskakeling in die gemeenskap sal bevorder en hom sal help om tot meer bevredigende beroeps=vervulling te kom.

b. Aanbeveling

In die lig van genoemde verderliggende implikasies van die oor=skakeling van 'n swaksiende leerling na braille as medium van onderwys, word aanbeveel dat ernstig gewaak sal word teen 'n prosedure waarvolgens swaksiende leerlinge in die eerste plek op grond van 'n agteruitgang in hul skoolwerk na 'n afdeling of skool vir blindes oorgeplaas word, en dat oorplasing van leerlinge gerugsteun moet word deur duidelike bewyse van 'n verswakking van gesigsvermoë.

## 21.3 MOTIVERINGS EN AANBEVELINGS INSAKE DIE PRE-PRIMÊRE BLINDE KIND

### 21.3.1 Identifisering van pre-primêre gesigsgestremde kinders

a. Motivering

Daar is gewys op die remminge ten aansien van die ontplooiing van die jong blinde kind, op die stremming in die ouer-kind-ver=houding wat as gevolg van die gestremdheid van die kind kan ontstaan, asook op die gespesialiseerde opvoedingstaak waarmee ouers van pre-primêre blinde kinders gekonfronteer word (kyk 9.1).

Voorts is gewys op die nood van hierdie ouers aan morele onder=skraging, op die noodsaaklikheid van die oriëntering van die blinde kind met die oog op opname in 'n residensiële skool vir blindes en op die probleme wat ondervind word indien blinde kinders wat vir die eerste keer tot 'n skool toegelaat word, blyke gee van 'n ernstige ontplooiingsagterstand (kyk 9.1.4). Hoe gouer met die behandeling van die oogkondisie van die kind en met voorligting aan die ouers aangaande die opvoeding en onderrig van hul jong blinde kind 'n begin gemaak kan word, hoe beter mag die prognose van die oogkondisie wees, hoe suksesvoller sal die kind sy gestremdheid kan verwerk en hoe groter is die moontlik=heid van 'n gelukkige gesinslewe. Die vroegtydige kennisname van 'n toename in die getal pre-primêre blinde kinders kan ook vir die beplanning van die uitbreiding van onderwysgeriewe van be=sondere waarde wees.

Verder is gewys op die evaluerings-, identifiserings-, voorlig=tings- en hulpverleningsprogramme ten aansien van pre-primêre blinde kinders en hul ouers wat in verskeie oorsese lande van toepassing is. Genoemde dienste word behartig deur onder andere huisbesoekers (onderwysers en/of maatskaplike werksters), ouer=klinieke wat deur ouers en hul pre-primêre blinde kinders besoek word en kleuterskole vir gesigsgestremdes (kyk 9.3).

Alhoewel ouers van blinde kinders oor die algemeen bewus is van die onderwysgeriewe wat daar vir dié kinders bestaan en wel hul kinders vir opname na die skole bring, bestaan daar nie 'n nasionale opsporings- en identifiseringsprogram ten aansien van pre-primêre gesigsgestremde kinders in die RSA nie en is daar ook nie 'n georganiseerde program van voorligting en hulpverlening aan die ouers van hierdie kinders nie. Dit gebeur dan ook dat ouers hul blinde kinders eers op ses-, sewe- of selfs agtjarige ouderdom na die skool bring en dat daar wat betref sommige van hierdie kinders, blyke van 'n ernstige ontplooiingsagterstand is (kyk 9.2 en 16.2).

Daar word dus voor oë gestel dat vroegtydige skakeling met ouers van pre-primêre blinde kinders bewerkstellig moet word en dat voorligting en hulpverlening aan hierdie ouers insake die op=voeding, onderrig en versorging van hulle kinders aangebied moet word. Indien die name en adresse van alle kinders wat vanweë hul oogkondisie moontlik nie in skole vir normaalsiende leerlinge tereg sal kan kom nie, asook dié van kinders met progressiewe en gekompliseerde oogkondisies, tesame met mediese gegewens na skole vir gesigsgestremdes verwys kan word, sal dit dan verder die taak van die skool wees om met die ouers van hierdie kinders

in verbinding te tree en hulle uit te nooi om die skool te be=soek. Tydens hierdie besoeke (wat verskeie kere kan plaasvind) sal ouers en hul gesigsgestremde kinders dan by die aktiwiteite van die klinieke verbonde aan die skole (kyk aanbeveling 21.3.2 b ), ingeskakel kan word en sal die kinders in die oogklinieke aan skole verbonde aan verdere oogondersoeke onderwerp word.

b. Aanbevelings

In die lig van genoemde voordele wat die vroegtydige opsporing en identifisering van voorskoolse gesigsgestremde kinders inhou, word aanbeveel -

1. dat oftalmoloë (en optometriste) versoek word om die name en adresse tesame met die mediese gegewens van alle pre-primêre kinders wat moontlik kandidate vir 'n skool vir gesigsgestremdes is (dit wil sê kinders wie se gesigskerpte nie korrigeerbaar is tussen die grense 6/6 en 6/18 Snellen nie), onmiddellik na aanmelding na die Departement van Nasionale Opvoeding of die SANRB deur te stuur;
2. dat die name en adresse van, asook die verslae met betrek=king tot hierdie kinders na skole vir gesigsgestremdes verwys sal word, en
3. dat die ouers deur die skole uitgenooi en aangemoedig sal word om 'n skool vir gesigsgestremdes te besoek en die ouers en hul kind sodoende by die werksaamhede van die kliniek verbonde aan die skool ingeskakel sal kan word, terwyl die kind in die skool se eie oogkliniek aan ver=dere oogondersoeke onderwerp sal word (kyk aanbeveling 21.3.2 b).

21.3.2 Hulpverlening aan ouers van pre-primêre blinde kinders

a. Motivering

In paragraaf 9.1 is onder andere daarop gewys dat ouers van pre-primêre blinde kinders met 'n gespesialiseerde opvoedings- en onderrigtaak gekonfronteer word en dat heelwat blinde kin=ders wat vir die eerste keer tot skole toegelaat word, in 'n mindere of meerdere mate blyke van 'n ontplooiingsagterstand gee. Voorts is gewys op die probleme wat die opname van hiërdie kin=ders in skole vir blindes tot gevolg het (kyk aanbeveling 21.11.2) en op die voordele wat vroegtydige voorligting en hulpverlening aan ouers van pre-primêre blinde kinders aangaande die opvoeding, onderrig en versorging van hul kinders, inhou. In die vorige paragraaf is dan ook 'n wyse aanbeveel waarop

gesigsgestremde kinders van voorskoolse ouderdom opgespoor en geïdentifiseer kan word.

Wat betref die voorligting en hulpverlening aan ouers van pre-primêre blinde kinders (asook van doofblinde kinders) moet in die eerste plek aandag geskenk word aan hul ontvangs en verblyf aan skole vir blindes. Vir hierdie doel sal klinieke aan skole ingerig moet word waar ouers en hul kinders tydens hul besoek kan inwoon. Vervolgens sal geskoolde personeel ook beskikbaar gestel moet word. Waar morele ondersteuning en advies aangaande die daaglikse versorging van die blinde kind, asook voorligting ten aansien van die affektiewe en veral kognitiewe ontplooiing van die jong blinde kind en die bevestiging van 'n verantwoorde ouer-kind-verhouding verskaf sal moet word, moet personeel aangestel word wat veral deeglike kennis dra van sowel die ontplooiing van die jong blinde kind as sy besondere gesitueerdheid. Maatskaplike werksters wat sodanig geskoold is, sal beswaarlik gevind word en daar word voorsien dat onderwyspersoneel en veral skoolvoorligters (onderwysersielkundiges) wat 'n spesialiseringskursus in die opvoeding en onderwys van blinde kinders deurloop het (byvoorbeeld die kursus wat uitloop op die verwerwing van die Diploma in Buitengewone Onderwys), dié taak die doeltreffendste sal kan verrig (kyk aanbeveling 21.7.3). Afgesien van genoemde aspekte ten aansien waarvan ouers voorgelig moet word, behoort ook aan die verstands- en fisiese evaluering van besoekende kinders aandag gegee te word. Vir hierdie doel kan senior skoolvoorligtingspersoneel (onderwysersielkundiges) en die fisioterapeut en skoolverpleegster ingeskakel word (kyk ook aanbeveling 21.3.1 a).

Ten einde kontinuïteit aan die werksaamhede te verleen, sal besondere aandag aan opvolgingswerk gegee moet word. Opvolgingswerk kan by wyse van voortgesette besoeke aan die klinieke, of by wyse van besoeke van die personeel van die klinieke aan ouerhuise, of by wyse van briefwisseling geskied. Huisbesoeke hou die voordeel in dat personeel in die geleentheid gestel word om deur waarneming van die huislike omstandighede van die gesin, insig in moontlike probleemsituasies te verkry en kan voortgesette voorligting dan in die lig daarvan geskied.

'n Volgende aspek wat aandag sal moet geniet, is die beskikbaarstelling aan ouers van literatuur aangaande die opvoeding, onderrig en versorging van hul blinde kinders. In besonder behoort 'n handleiding in Afrikaans en Engels vir gebruik deur ouers opgestel te word. Inligtingsbrosjures wat deur die Royal National Institute for the Blind in Engeland vrygestel word, kan as waardevolle riglyn dien by die opstel van so 'n handleiding.

Afgesien van dié ouers wat so ver van 'n skool vir gesigsgestremdes woonagtig is dat hulle die skool slegs per spesiale geleentheid kan besoek, en dié wat slegs by wyse van korrespondensie bereik kan word, mag dit wees dat die aantal pre-primêre blinde kinders wat in die onmiddellike omgewing van 'n skool vir gesigsgestremdes woon (byvoorbeeld 'n uur se reis van die skool af) en die skool op 'n daaglikse grondslag kan besoek, sodanig is dat die daarstelling van pre-primêre eenhede (vir kinders van ongeveer 3- tot 5-jarige ouderdom) aan hierdie skole oorweeg kan word. Die daarstelling van 'n pre-primêre eenheid veral aan die Prinshofskool met Pretoria en die Witwatersrand as voedingsarea, mag geregverdig wees. (Op grond van die aantal blinde leerlinge aan die Prinshofskool en dié aan die Skool vir Blindes wil dit lyk asof daar ongeveer tussen 10 en 14 blinde leerlinge in elke ouderdomsgroep in die RSA is) (kyk tabel 15.1). Indien dit sou blyk dat die aantal pre-primêre blinde kinders wat 'n skool vir gesigsgestremdes op 'n daaglikse grondslag kan besoek, nie 'n afsonderlike pre-primêre eenheid regverdig nie, moet oorweging geskenk word aan die moontlikheid om sowel blinde as swaksiende kinders in sodanige pre-primêre eenheid op te neem.

b. Aanbevelings

In die lig van die noodsaaklikheid van voorligting en hulpverlening aan ouers ten aansien van die opvoeding, onderrig en versorging van hul pre-primêre blinde kinders word aanbeveel -

1. dat vir die daarstelling van klinieke aan sowel die Skool vir Blindes te Worcester as die Prinshofskool te Pretoria voorsiening gemaak sal word waar ouers en hul pre-primêre blinde kinders vir 'n sekere tydperk kan vertoef ten einde ouers die geleentheid te bied om voorgelig te word aangaande die opvoeding, onderrig en versorging van hul blinde kinders (en dat indien wenslik, ook ouers en hul pre-primêre swaksiende kinders aan hierdie klinieke ontvang sal word);

2. dat aanvanklik vir een onderwyser aan elk van hierdie klinieke voorsiening gemaak sal word en dat hierdie personeellid deeglik in die teorie van die opvoeding en onderrig van die jong blinde kind onderlê sal wees en ook ervaring sal hê in die onderwys van blindes (uitbreiding na twee personeellede per kliniek moet later oorweeg word);

3. dat ook ander personeellede (byvoorbeeld die skoolvoorligter, fisioterapeut, spraakterapeut, skoolverpleegster

en oftalmoloog) by kliniekwerk betrek sal word;

4. dat die werksaamhede aan die klinieke en die taak van die verantwoordelike personeel duidelik omskryf sal word, veral ook in die lig van oorsese praktyke in hierdie verband;

5. dat besondere aandag aan opvolgingswerk gegee sal word ten einde kontinuïteit van die werksaamhede aan die kliniek te verleen en dat sodanige opvolgingswerk by wyse van onder andere besoeke aan ouerhuise, verdere besoeke deur ouers en hul kinders aan die klinieke asook deur briefwisseling kan geskied;

6. dat 'n handleiding aangaande die opvoeding, onderrig en versorging van pre-primêre blinde kinders opgestel sal word wat vir ouers as leidraad ten aansien van hul taak in dié verband kan dien, en

7. dat in die lig van 'n opname wat gedoen is ten aansien van die aantal pre-primêre blinde kinders wat skole vir gesigsgestremdes op 'n daaglikse grondslag kan bywoon, oorweging geskenk sal word aan die moontlikheid om pre-primêre eenhede aan hierdie skole daar te stel, en dat indien die genoemde aantal blinde leerlinge dit nie regverdig nie, oorweging geskenk sal word aan die moontlikheid om sowel blinde as swaksiende kinders in sodanige pre-primêre eenhede op te neem.

## 21.4 MOTIVERINGS EN AANBEVELINGS INSAKE DIE RESIDENSIËLE ASPEK VAN SKOLE VIR BLINDES

### 21.4.1 Die koshuis as tuiste

a. Motivering

Dit is beklemtoon dat die koshuis as opvoedingsmilieu deur die onderwysowerhede daargestel is en geen natuurlike of primêre opvoedingsmilieu is nie. Waar skole vir blindes in die eerste plek residensiële skole is en sommige blinde kinders selde by hul ouers aan huis kom (sommige selfs slegs 2 keer per jaar), is dit die verantwoordelikheid van die koshuispersoneel om die opvoedingstaak van die ouers in 'n groot mate oor te neem. Om hierin te kan slaag, is onder andere gewys op die onontbeerlik=heid van die vergestalting van wedersydse vertroue en intimiteit tussen koshuisouers en kinders wat spontane en verinnigde omgang moontlik maak. Voorts is gewys op die noodsaaklikheid dat elke kind as persoon geken moet word; die aktualiteit van opvoeding

by wyse van identifikasie en die rol van sowel "koshuisvader" as "koshuismoeder" as identifikasiefigure, asook op die nood= wendigheid van die konstituering van 'n pedagogiese situasie wat onder andere impliseer dat koshuisouers of opvoeders vir 'n redelike klein groepie kinders opvoedingsverantwoordelikheid moet aanvaar (kyk 10.1.2 en 10.1.4). Ook is die noodgesitueerd= heid van veral die jong blinde kind, en in die lig daarvan die gespesialiseerde opvoedings- en onderrigtaak met betrekking tot dié kind beklemtoon. Onder andere vereis mobiliteitsonderrig aan jong blinde kinders gespesialiseerde hulpverlening en is vroeë en volgehoue hulp ten aansien van taktuele eksplorasie essensieel (kyk 9.1). Daar is ook gewys op die praktyk in sekere oorsese lande om, veral wat betref jonger blinde kinders, in die koshuise 'n intieme, rustige en huislike atmosfeer te skep wat vir die vervulling van die opvoedingstaak bevorderlik is (kyk 10.3.3).

b. Aanbevelings

In die lig van die aktualiteit van die opvoedingstaak aan residensiële skole vir blinde kinders word aanbeveel -

1. dat die Skool vir Blindes voort sal gaan met die praktyk om ouerpare (van wie die man 'n personeellid van die skool is) as koshuisouers aan te stel;

2. dat ernstig gepoog sal word om in alle koshuise sowel 'n koshuisvader as koshuismoeder aan te stel;

3. dat by die beplanning van skoolaktiwiteite en die omlyning van die verpligtinge van onderwysers, die opvoedingsverantwoordelikheid van koshuisvaders daad= werklik in ag geneem sal word en dat hulle sodoende in die geleentheid gestel sal word om nie slegs insidenteel by die opvoedingstaak betrokke te wees nie, maar om waarlik plaasvervangende "vader" te kan wees;

4. dat aan die Skool vir Blindes voortgegaan sal word met die praktyk om klein koshuiseenhede daar te stel en in stand te hou;

5. dat blinde kinders aan die Prinshofskool in die lig van die gespesialiseerde opvoedings- en onderrigtaak in koshuise waar jong blinde kinders gehuisves word, in 'n afsonderlike koshuiseenheid (of gedeelte van 'n koshuis) saamgetrek sal word, en

6. dat jong blinde kinders (dit wil sê kinders in die voor= bereidende klasse, die grade of substanderds en moontlik ook dié in standerd 1) in nog kleiner koshuiseenhede

gehuisves sal word (ongeveer 12 kinders per koshuis=eenheid behoort nie oorskry te word nie) met die nodige personeelvoorsiening wat daartoe sal bydra dat die geleenthede vir pedagogiese ontmoeting bevorder sal word; dat die onderlinge samesyn van hierdie kinders verinnig sal word en dat die opvoedings- en onderrigprogram in die koshuise spesifiek op die noodgesitueerdheid van hierdie kinders gerig sal kan word.

21.4.2 Opvoedende koshuispersoneel

a. Motivering

Daar is klem gelê op die gespesialiseerde opvoedings- en onder=rigtaak wat in die koshuise vereis word. Veral is daarop gewys dat huismoederpersoneel nie alle aspekte van bogenoemde taak kan behartig nie en dat van die dienste van diensdoende onderwys=personeel in hierdie verband gebruik gemaak word (kyk 10.2.3). Van onderwysers wat reeds gedurende die dag in die onderwys=situasie gestaan het, is dit baie gevra om ook vir die opvoedings- en onderrigtaak in die koshuise verantwoordelikheid te aanvaar. Heslinga (1967) verwerp dan ook 'n praktyk wat 'n dubbele daag=likse taak van die onderwyspersoneel van skole vir blindes ver=eis (26, bl. 111-112). Voorts is gewys op die probleme wat ten aansien van die onbekombaarheid van geskikte huismoederpersoneel ondervind word, op die feit dat klein koshuiseenhede ruim per=soneelvoorsiening vereis, asook op die feit dat huismoeders wat op toepaslike wyse vir hul taak opgelei is, beter by die skool- en koshuisaktiwiteite inskakel, aangesien hulle opvoedings- en onderrigtaak sterker beklemtoon word en hulle nie meer as lekepersoneel bestempel kan word nie (kyk 10.2.2).

Wat betref die praktyk in sekere oorsese lande is daarop gewys dat spesiaal opgeleide "opvoedende" personeel in die koshuise aangestel word, wat onder andere ten aansien van die volgende aspekte van die opvoedings- en onderrigprogram hulp aan leer=linge moet verleen: Persoonlike versorging, vryetydsbesteding, oriëntasie en mobiliteit, die bemeestering van huishoudelike en ander alledaagse take en algemene selfstandigheidsonderrig. Aan 'n skool vir blindes in België is 10 "opvoeders" en "opvoed=sters" byvoorbeeld vir die opvoeding en onderrig van 128 kos=huisleerlinge in voorafgenoemde verband verantwoordelik (kyk 10.3.3).

b. Aanbevelings

In die lig van die opvoedings- en onderrigtaak van koshuisperso=

neel (in besonder huismoederpersoneel) word aanbeveel -

1. <u>dat huismoederpersoneel aangemoedig word om 'n kursus in kinderversorging te deurloop; die suksesvolle deur=loping van sodanige kursus met 'n salarisverhoging erken sal word en dat hulle ooreenkomstig die verantwoordelik=heid van hul taak besoldig sal word;</u>

2. <u>dat die indiensopleidingsprogram ten aansien van huis=moederpersoneel op 'n beplande grondslag geplaas sal word en 'n omskrewe opleidingsprogram (in samewerking met die Departement van Nasionale Opvoeding) in die lig van soortgelyke programme in oorsese lande (byvoorbeeld dié aan Bartiméus Christelijk Instituut voor Blinden en Slechtzienden te Zeist, Nederland) daargestel sal word;</u>

3. <u>dat 'n bevoegde senior personeellid met deeglike kennis van die problematiek ten aansien van die blinde residen=siële leerling, as 'n belangrike deel van sy taak die verantwoordelikheid vir die indiensopleidingsprogram van huismoederpersoneel sal aanvaar en dat evaluering by wyse van 'n mondelinge, skriftelike en praktiese eksamen sal geskied;</u>

4. <u>dat die suksesvolle deurloping van hierdie indiensoplei=dingskursus deur die Departement van Nasionale Opvoeding met 'n salarisverhoging erken sal word;</u>

5. <u>dat daar aanvanklik in al die koshuise vir juniors (dit wil sê koshuise wat leerlinge tot ongeveer negejarige ouderdom huisves) een addisionele opgeleide huismoeder (opvoedster) aangestel sal word wat spesifiek in beheer van die opvoedings- en onderrigprogram in dié koshuise sal wees;</u>

6. <u>dat skakeling tussen koshuispersoneel, onderwyspersoneel en skoolvoorligters op 'n beplande wyse sal geskied ten einde kontinuïteit in die onderrigprogram en konsekwent=heid ten aansien van opvoedingshandelinge te verseker,</u> en

7. <u>dat die salarisstruktuur van huismoeders hersien word met die oog daarop om bevoegde personeel te trek en te behou.</u>

### 21.4.3 <u>Skakeling tussen ouers en hul kinders</u>

a. <u>Motivering</u>

In paragraaf 10.1.3 en 10.1.4 is onder andere daarop gewys dat alhoewel die koshuisouers die rol van plaasvervangende "ouers"

moet vervul, die verhouding tussen koshuisouers en die kind 'n opsegbare relasie is. Die kind in die koshuis bly steeds kind van sy ouers en in die laaste instansie bly die ouers verant=woordelik vir hul kinders. Dit is dan ook die taak van koshuis=personeel om te poog om die vertrouensband tussen kind en ouer heg te hou en die kind vanuit die koshuis positief op hul ouers en ouerhuise te rig. Die ouer moet steeds erken word as onver=vreembare, eerste vennoot in die opvoeding van sy kind.

Voorts is gewys op die hoë premie wat in Engeland en ander oor=sese lande gestel word op gereelde skakeling tussen ouers en kinders wat in koshuise gehuisves word. Ouers word aangemoedig om besoeke by die betrokke skole af te lê terwyl die kinders aangeraai word om hul ouerhuise so dikwels as moontlik te besoek (selfs elke naweek). Onder andere is daarop gewys dat die mening gehuldig word dat ongeveer 75 myl die maksimum afstand is wat 'n skool van die kind se ouerhuis verwyder kan wees om gereelde en voldoende skakeling moontlik te maak (kyk 10.3.4).

In die RSA waar die skole vir blindes in die geval van heelwat kinders honderde myle van hul ouerhuise verwyder is, moet dus besondere aandag aan die bevordering van skakeling tussen ouers en kinders gegee word. Sommige blinde kinders aan die Skool vir Blindes besoek hul ouerhuise so min as twee keer per jaar (ge=durende die langer somer- en wintervakansies) (kyk 10.2.4). Sodanige langdurige verwydering en kortstondige samesyn hou die wesenlike gevaar van gevoelsmatige verwydering tussen ouers en kinders in en die pedagogiese klimaat in die ouerhuis wat onder andere deur 'n innige by-en-met-mekaar-wees gekenmerk behoort te word, kan versteur, selfs gedwonge en kunsmatig word.

Indien dit sou gebeur dat sommige of die meerderheid kinders verkies om gedurende naweke of kort vakansies by skoolaktiwiteite ingeskakel te word, terwyl hulle moontlik vir twee of drie maande nie hul ouers gesien het nie, ontstaan die vraag of in 'n voldoende mate daarin geslaag is om sodanige kinders positief op hul ouers en ouerhuise te rig en om die ouers as eerste vennote in die opvoedingstaak te erken. In die besonder is dit so dat die oplossing vir pedagogies onverantwoorde optrede deur ouers tydens naweke en vakansies wanneer hul blinde kinders by hulle aan huis is, nie in 'n fisiese en gevoelsmatige verwydering tussen ouers en kind lê nie, maar eerder in toepaslike voorlig=ting aan ouers om wel korrek op te tree. 'n Vervlakking in die ouer-kind-verhouding sal die kind steeds nadelig tref. In ge=valle waar die huislike omstandighede van die kinders sodanig is dat verdere skakeling ongewens mag wees, sal die skoolhoof,

in die lig van sy kennis van die kind en dié se huislike agtergrond en in medewerking met koshuispersoneel, klasonderwyser en skoolvoorligter moet besluit oor die wenslikheid al dan nie van skakeling.

b. <u>Aanbevelings</u>

In die lig van die betekenis van 'n hegte ouer-kind-verhouding word aanbeveel -

1. <u>dat (met inagneming van alle faktore) soveel blinde leerlinge as moontlik skole vir blindes as dagskoliere sal bywoon;</u>

2. <u>dat kinders toegelaat word om, indien enigsins moontlik, naweke en lang naweke by hulle ouers aan huis deur te bring;</u>

3. <u>dat die "huis-toe-gaan" van leerlinge gedurende kort vakansies primêr gestel sal word en dat kinders nie by skoolaktiwiteite ingeskakel sal word ten koste van 'n vakansie by die huis nie;</u>

4. <u>dat die Departement van Nasionale Opvoeding seker sal maak dat daar nie kinders is wat as gevolg van finansiële oorweginge nie gereeld na hul ouerhuise kan gaan nie, of dat gereelde besoeke aan hul ouerhuise, die ouers nie in 'n ongunstige finansiële posisie sal plaas nie (gunstiger subsidiëring van reiskoste is hier ter sprake).</u>

21.4.4 <u>Skakeling tussen die skool en ouers van skoolgaande, blinde kinders</u>

a. <u>Motivering</u>

Die personeel van die residensiële skool vir blindes moet in 'n groot mate die opvoedingstaak van die ouers oorneem. Om hierin te slaag, is onder andere genoem dat diepgaande kennis van die kind 'n vereiste is. Sodanige kennis spruit onder andere uit kennis van sy <u>huislike agtergrond</u> en van die <u>ouer-kind-verhouding.</u> Voorts is daarop gewys dat die ouer as eerste vennoot ten aansien van die opvoeding van sy blinde kind erken moet word met dié implikasie dat <u>die ouer geken moet word in die opvoeding van sy kind.</u> In die derde plek is dit van aktuele belang dat daar <u>kontinuïteit</u> ten aansien van die opvoedingshandelinge tussen die skool en die ouerhuis sal wees, wat impliseer dat ouers ingelig sal word ten opsigte van hul pedagogiese bemoeienis met hul kinders gedurende tydperke wat hulle aan huis vertoef.

Bogenoemde aspekte beklemtoon die noodsaaklikheid van skakeling tussen die skool en ouers van skoolgaande, blinde kinders (kyk 10.1.3 en 10.1.4).

In verskeie oorsese lande is skole vir blindes relatief naby die ouerhuise geleë en is dit vir ouers moontlik om die skool gereeld te besoek. Verder word skakeling ook bewerkstellig by wyse van die hou van ouer-personeel-vergaderings en skoolpersoneel wat ouers aan huis besoek (kyk 10.3.4). Alhoewel die Skool vir Blindes te Worcester poog om skakeling te bewerkstellig onder andere by wyse van ouerkonferensies, ouer-personeelvergaderings en die aanmoediging van ouers om die skool te besoek, lê die groot afstande wat heelwat van die ouerhuise van die skool verwyderd is, skakeling aan bande en met sommige ouers vind gevolglik weinig persoonlike skakeling plaas (kyk 10.2.5).

Daar word dus voor oë gestel dat skakeling tussen die Skool vir Blindes en ouers van skoolgaande, blinde kinders uitgebrei sal moet word. Aangesien persoonlike skakeling met ouers 'n problematiese aangeleentheid is as gevolg van die groot afstande wat ouerhuise van die skool verwyder is, sal selektief te werk gegaan moet word wat betref pogings om meerdere skakeling te bewerkstellig en die volgende aspekte sal onder andere in aanmerking geneem moet word:

1. Of ouers in die geleentheid is om die skool persoonlik te besoek;

2. of ouers nie reeds by ouerkonferensies of ouer-personeelvergaderings persoonlik ontmoet is, probleme met hulle bespreek is en voorligting aan hulle verskaf is nie, en

3. of probleme wat ten aansien van sekere kinders ondervind word, persoonlike skakeling noodsaak.

b. Aanbevelings

In die lig van genoemde noodsaaklikheid van nouer skakeling tussen veral die Skool vir Blindes te Worcester en die ouers, in belang van die skoolgaande blinde kind, word aanbeveel -

1. dat daadwerklike pogings deur die skool aangewend sal word om nouer skakeling met ouers te bewerkstellig;

2. dat oorweging geskenk word aan die moontlikheid om ook ouers van skoolgaande, blinde kinders aan die kliniek aan die skool verbonde. te ontvang (kyk aanbeveling 21.3.2 b );

3. <u>dat aandag geskenk sal word aan die moontlikheid om briefwisseling met ouers van leerlinge uit te brei en hulle op hoogte te hou met alle aspekte van hul kind se skool- en koshuislewe (byvoorbeeld deur beherende perso= neel, skoolvoorligters, klasonderwysers, huismoeders, die verpleegsuster en personeel verantwoordelik vir ekstrakurrikulêre bedrywighede);</u>

4. <u>dat steeds gepoog sal word om, indien enigsins moontlik, ouers aan huis te gaan besoek, en</u>

5. <u>dat aan ouers resente en toepaslike literatuur aangaande die opvoedings- en onderrigtaak van spesifiek ouers van blinde kinders, beskikbaar gestel sal word.</u>

## 21.5 MOTIVERINGS EN AANBEVELINGS INSAKE MEDIESE EN PARA= MEDIESE DIENSTE AAN SKOLE VIR BLINDE LEERLINGE

### 21.5.1 <u>Die inskakeling van braillekandidate by oftalmologiese en optometriese dienste</u>

a. <u>Motivering</u>

Alhoewel braillekandidate in die eerste plek deur medium van die taktuele onderrig word, is daarop gewys dat die gesigsreste van sommige braillekandidate vir hulle steeds van waarde mag wees en dat die gesigsreste van die kind nie negeer of onteien mag word nie. Daar is onder andere aangetoon dat die gesigsreste van braillekandidate vir hulle wel van waarde mag wees tydens die aanbieding van sekere vakke, wat betref persoonlike mobiliteit, by die beoefening van kuns (byvoorbeeld teken- en verfwerk) en in die latere beroepsituasie (kyk 16.3.1). Vaughan (1966) wys daarop dat sy gesigsres vir die braillekandidaat 'n waardevolle besitting is, eintlik 'n prestasie, en dat die kind gehelp moet word om dit te gebruik (120, bl. 116).

Waar dit egter die geval is dat die braillekandidaat in die didaktiese situasie op die taktuele as medium aangewys is en die swaksiende leerlinge op die visuele, is dit verstaanbaar dat onderwysers van braillekandidate nie in dieselfde mate as onder= wysers van swaksiendes daarop gerig is dat leerlinge van hul gesigsreste gebruik maak nie (kyk aanbeveling 21.12.3).

b. <u>Aanbeveling</u>

In die lig van die waarde wat hul gesigsreste nog vir braille=

kandidate kan hê, word aanbeveel dat by personeel aan skole vir blindes dit beklemtoon sal word om steeds daarop attent te wees om ook braillekandidate by oftalmologiese en optometriese dienste in te skakel ten einde te verseker dat hierdie kinders die beste gebruik van hul gesigsreste sal kan maak.

21.5.2 Die diens gelewer deur studente in optometrie, optometriste en oftalmoloë

a. Motivering

Die diens wat onder andere deur studente in optometrie aan die Witwatersrandse Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys as deel van hul opleiding aan die Prinshofskool gelewer word, is uit 'n oogkundige oogpunt beskou, besonder waardevol (kyk 11.1.3). Daar moet egter gewaarsku word teen die moontlikheid dat die opleidingsaspek die feit dat hulle met 'n gesigsgestremde kind te make het, mag verdring. Waar hierdie diens deur jeugdige studente gelewer word wat nie pedagogies onderleg en/of self ouers is nie, is die gevaar van pedagogiese onverantwoorde op=trede wel wesenlik. 'n Jong gesigsgestremde kind alleen in 'n vertrek saam met 'n student wat hy moontlik nie kan verstaan nie, nie (goed) kan sien nie, nie ken nie en dus beswaarlik vertroue in kan hê, sal onveilig voel veral as hy bloot as 'n "oogkondisie" beskou sou word.

b. Aanbeveling

In die lig van bogenoemde word aanbeveel dat waar gesigsgestremde kinders aan ondersoeke deur studente in optometrie, optometriste en oftalmoloë onderwerp word, daarop gelet sal word dat die kind-in-opvoeding steeds vooropgestel sal word; dat genoemde persone op die noodsaaklikheid van 'n pedagogies verantwoorde benaderingswyse ten aansien van die kind gewys sal word, en dat (indien moontlik) onderwyspersoneel veral die jonger kinders tydens ondersoeke sal vergesel.

21.5.3 Die voorsiening van mediese en paramediese dienste met betrekking tot meervoudiggestremde blinde kinders

a. Motivering

Daar is gewys op getuienis en gegewens wat op 'n toename in die getal meervoudiggestremde blinde kinders dui (kyk 1.2 en 15.4). Hierdie toedrag van sake het implikasies vir sover dit die beskikbaarstelling van mediese en paramediese dienste aan skole

vir blindes betref, aangesien die aktualiteit van onder andere ortopediese, fisioterapeutiese, arbeidsterapeutiese en spraak=terapeutiese dienste sterker op die voorgrond tree (kyk 11.2). Die Prinshofskool, geleë in Pretoria waar sodanige dienste beskikbaar is, is in 'n gunstige posisie. Te Worcester waar die Skool vir Blindes met sy Afdeling vir Doofblindes geleë is en waar die oprigting van 'n afsonderlike inrigting vir ernstig verstandelik gestremde (blinde) kinders oorweeg word, sal spe=siale voorsiening vir sodanige dienste gemaak moet word (kyk 7.3 en aanbeveling 21.2.2 b ).

b. Aanbeveling

In die lig van die toename in die getal meervoudiggestremde blinde kinders en die moontlike oprigting van 'n afsonderlike sentrum vir ernstig verstandelik gestremde (blinde) kinders te Worcester, word aanbeveel dat ondersoek ingestel word na die moontlikheid of uitgebreide, gespesialiseerde mediese en para=mediese dienste as 'n gekombineerde diens aan die Skool vir Blindes en die sentrum vir ernstig verstandelik gestremde blinde kinders (en moontlik ook die Skool vir Dowes te Worces=ter) aangebied sal kan word.

## 21.6 MOTIVERINGS EN AANBEVELINGS INSAKE ONDERWYSHULPMIDDEL=DIENSTE TEN AANSIEN VAN BLINDES

### 21.6.1 Die produsering van literatuur in braille en op band

a. Motivering

Die beskikbaarheid van literatuur in braille en op band hou direk verband met die sukses wat met die onderwys van blinde leerlinge en die opleiding van blinde studente behaal word. In hierdie verband is daarop gewys dat 'n probleem wat aan die Skool vir Blindes ondervind word, is om handboeke in braille vroeg=tydig vir gebruik aan blinde leerlinge beskikbaar te stel, aan=gesien dit heelwat tyd verg om literatuur in braille te produ=seer (kyk 12.1).

Voorts is gewys op probleme wat blinde studente aan tersiêre opleidingsinrigtings ondervind om voldoende literatuur in braille (en op band) te bekom en dat in die reël 'n redelike lang tyd=perk verloop voordat literatuur beskikbaar gestel kan word. Afgesien van instansies wat verantwoordelik is vir die beskik=baarstelling van literatuur in braille en op band aan die blinde

publiek (asook aan blinde studente), poog die Skool vir Blindes te Worcester ook om in die dringendste behoeftes van blinde studente (veral blinde studente wat aan die Universiteit van Stellenbosch studeer) in hierdie verband te voorsien (kyk 19.2.3).

Die bestudering van enkele voorgeskrewe boeke en die aantekeninge van dosente mag genoeg wees om die blinde student te laat slaag, maar sal hom beswaarlik in staat stel om 'n insigtelike greep op die vakgebied as geheel te laat kry.

Wat betref die voorsiening van literatuur in braille en op band aan blinde leerlinge en blinde studente in sekere oorsese lande, is daarop gewys dat in Engeland onder andere van die hulp van persone in plaaslike gevangenisse gebruik gemaak word om boeke in braille te produseer en dat die voorsiening van vakliteratuur in braille en op band aan blinde studente hoofsaaklik deur die Royal National Institute for the Blind behartig word wat daar=op gerig is om noue skakeling met studente te bewerkstellig; dat in Wes-Duitsland 7 brailledrukkerye bestaan wat hoofsaaklik in die aanvraag van skole vir blindes voorsien, terwyl die biblioteek te Marburg wat onder andere spesifiek op die be=hoeftes van die blinde student toegespits is, 50 000 volumes in braille bevat, en voorts dat daar in die VSA 'n ongeëwenaarde korps braillekopiïste is wat vakliteratuur in braille kopieer (kyk 19.3.3).

Alhoewel die blinde leerling en student op onderwysgeleenthede kan aanspraak maak wat gelykwaardig is aan dié wat tot die beskikking van sy siende eweknie gestel word, het blindes uit die aard van die saak 'n besondere agterstand wat betref die beskikbaarheid van literatuur en is hierdie agterstand vanself=sprekend onuitwisbaar.

b. Aanbeveling

In die lig van die agterstand wat die blinde leerling en student ten opsigte van sy siende eweknie ondervind wat betref die beskikbaarheid van literatuur en van die probleme wat veral blinde studente ondervind om voldoende literatuur vroegtydig te bekom, word aanbeveel -

1. dat die tak Kultuurbevordering van die Departement van Nasionale Opvoeding steeds simpatiek sal luister na vertoë om die produksie van literatuur in braille en op band aan die Skool vir Blindes uit te brei;

2. dat die moontlikheid ondersoek sal word dat instansies (byvoorbeeld Brailledienste en Bandhulp vir Blindes) wat literatuur in braille en op band produseer, voorkeur aan dringende aanvrae deur studente sal gee;

3. dat toereikende bandhulp aan studente voorsien word en dat die moontlikheid ondersoek word om finansiële hulp aan studente te gee waar hulle van die dienste van lesers anders as dié van die bandhulpdienste gebruik maak, en

4. dat ondersoek ingestel word na die moontlikheid om die arbeidskrag van gevangenes vir sekere aspekte van die produsering van literatuur in braille te benut.

21.6.2 Skakeling tussen die Skool vir Blindes en die Prinshof=skool

a. Motivering

Uit die ondersoek het geblyk dat die afdeling vir blindes aan die Prinshofskool in sekere opsigte van die Skool vir Blindes te Worcester afhanklik is vir die voorsiening van literatuur in braille en op band. Sonder doeltreffende skakeling in hierdie verband tussen genoemde twee skole, is dit egter nie moontlik om benodigde studiemateriaal op 'n beplande wyse in die onderwyspro=gram te integreer nie.

b. Aanbeveling

Ten aansien van die beskikbaarstelling van onderwyshulpmiddele (dit wil sê literatuur in braille en op band, asook ander didak=tiese hulpmiddele) deur die Skool vir Blindes aan die afdeling vir blindes aan die Prinshofskool word aanbeveel dat kontinue skakeling tussen genoemde skole in hierdie verband bewerkstellig sal word ten einde te verseker dat kennis geneem sal word van die behoeftes van die afdeling vir blindes aan die Prinshofskool en dat die beskikbaarstelling van onderwyshulpmiddele sodanig be=plan kan word dat dit op gesette tye in die onderwysprogram geïntegreer sal kan word.

21.6.3 Die vervaardiging van onderwyshulpmiddele

a. Motivering

Daar is gewys op die noodsaaklikheid van die inskakeling van modelle (onder andere werklikheidsgetroue modelle) in die didak=

tiese situasie wat deur die blinde kind betas kan word ten einde te probeer verseker dat hy tot sinvolle interpretasie en suiwere begripsvorming met betrekking tot leerinhoude kan kom (kyk 2.3 en 3.6). Aan sowel die Skool vir Blindes as die Prinshofskool is personeel op 'n deeltydse basis vir die vervaardiging van sodanige onderwyshulpmiddele verantwoordelik (kyk 12.2.4). Die behartiging van hierdie aktuele taak op 'n deeltydse basis het egter tot gevolg dat die inskakeling van onderwyshulpmiddele nie tot sy reg kom nie, aangesien die tyd nie altyd gevind kan word om voldoende onderwyshulpmiddele te vervaardig en om vernuwing in hierdie verband te volvoer nie. Die uitbouing en vernuwing van hulpmiddele impliseer 'n wyse van tred hou met steeds ver=anderende omstandighede en behoeftes in skoolse verband.

b. <u>Aanbeveling</u>

In die lig van die noodsaaklikheid van die inskakeling van onder=wyshulpmiddele (veral ook werklikheidsgetroue modelle) aan skole vir blindes word aanbeveel -

1. <u>dat aan die Skool vir Blindes te Worcester 'n sentrale diens ingestel moet word wat verantwoordelik sal wees vir die aankope, katalogisering en verskaffing van onderwyshulpmiddele;</u>

2. <u>dat 'n addisionele pos van tegnikus ingestel sal word en dat die bekleër daarvan in die eerste plek verantwoorde=lik sal wees vir die vervaardiging van onderwyshulp=middele wat deur die onderwyspersoneel aangevra word asook vir die uitbouing van die onderwyshulpmiddelsentrum.</u>

21.7 MOTIVERINGS EN AANBEVELINGS INSAKE ONDERWYSERSOPLEIDING

21.7.1 <u>Die beklemtoning in die onderwysersopleidingskursusse van die prinsipiële aspekte wat onderliggend aan die opvoeding en onderwys van blindes is</u>

a. <u>Motivering</u>

In hoofstuk 2 is gewys op kenmerkende aspekte van die gesitu=eerdheid van die blinde persoon in 'n wêreld waarin veral ook eise ten aansien van die visuele aan die mens gestel word. In hier=die verband is onder andere verwys na die wyse waarop die blinde sy wêreld eksploreer; op die onvryheid van die blinde en die inperking van sy moontlikhede tot selfbeskikking; op sy onsekere toekomsperspektief; op die moontlike miskenning van sy volwaar=

digheid as mens en op die feit dat hy wel volwaardig mens is binne die grense wat vir hom getrek is. Voortspruitend uit die problematiek van blind-te-wees, is in hoofstuk 3 gewys op die breë beginsels wat onderliggend aan die opvoeding en onderwys van blindes is. In hierdie verband is onder andere beklemtoon dat die opvoeding en onderwys van blinde kinders op die lewens=werklikheid gerig moet wees, maar dat die eie werklikheid van die blinde nie afgewys moet word nie. Voorts is aangedui dat die blinde kind deur volkome aanvaarding tot selfaanvaarding gehelp kan word, en dat aan die blinde kind dan geleentheid ge=bied moet word om sy skeppingsmoontlikhede te verwerklik en om sodoende outentiek aan sy menswees gestalte te kan gee.

Om waarlik reg te laat geskied aan sy opvoedings- en onderwys=taak is dit vir die onderwyser noodsaaklik dat hy vertroud sal wees met die prinsipiële aspekte wat die opvoeding en onderwys van veral ook blinde kinders onderlê. Sodoende kan die onder=wyser tot groter begrip van elke blinde kind kom aan die hand waarvan hy die kind kan steun tot 'n meer volkome verwerking van sy gestremdheid en tot latere lewensvervulling.

b. <u>Aanbeveling</u>

In die lig van bogenoemde word aanbeveel <u>dat sowel die besondere noodgesitueerdheid van die blinde in 'n wêreld waarin die visuele oorheers as die prinsipiële aspekte wat die opvoeding en onder=wys van blinde kinders onderlê, in opleidingskursusse vir onderwysers van blindes sterk beklemtoon sal word.</u>

### 21.7.2 <u>Remediërende onderwys ten aansien van blindes en die onderwys aan verstandelik gestremde blinde kinders</u>

a. <u>Motivering</u>

Onder die blinde skoolbevolking is 'n redelik groot persentasie verstandelik gestremde kinders en getuienis en gegewens dui daarop dat daar 'n toename in die voorkoms van verstandelik ge=stremdheid onder blinde kinders is (kyk 1.2 en 15.4). Voorts is daarop gewys dat heelwat kinders wat vir die eerste keer tot 'n afdeling vir blindes aan 'n skool vir gesigsgestremdes toege=laat word, blyke gee van 'n ontplooiingsagterstand (wat toege=skryf kan word aan pedagogiese verwaarlosing en/of gebrekkige opvoedingskennis van ouers)(kyk 16.2.1). Dit gebeur ook dat sommige leerlinge met 'n skolastiese agterstand en ander ernstige leerprobleme (veral ten aansien van die tale en rekenkunde) tot 'n afdeling vir blindes toegelaat word (kyk 16.2.2 f ). Soos

daarop gewys, word die onderwys van verstandelik gestremde blinde kinders en remediërende onderwys ten aansien van blinde kinders nie as 'n volwaardige spesialiseringsrigting in die opleidingskursusse vir onderwysers van blinde leerlinge aange= bied nie.

b. <u>Aanbeveling</u>

In die lig van die problematiek van die verstandelik gestremde en skolasties vertraagde blinde kind word aanbeveel <u>dat die moontlikheid ondersoek sal word om die onderwys van verstandelik gestremde blinde kinders, asook remediërende onderwys ten aansien van skolasties vertraagde blinde kinders en blinde kinders met ander ernstige leerprobleme, as spesialiseringsrigting in op= leidingskursusse vir onderwysers van blinde leerlinge uit te bou.</u>

### 21.7.3 <u>Opleiding in die opvoeding en onderrig van die pre-primêre blinde kind as spesialiseringsrigting</u>

a. <u>Motivering</u>

Daar is gewys op die noodgesitueerdheid van die pre-primêre blinde kind en die gespesialiseerde opvoedings- en onderrigtaak wat ten aansien van hierdie kinders vereis word (kyk 9.1). In hierdie verband is dan ook gewys op die noodsaaklikheid vir die daar= stelling van klinieke aan skole vir blindes, op die wenslikheid van voorligting aan ouers aangaande die opvoeding en onderrig van hul pre-primêre blinde kinders (kyk aanbeveling 21.3.2) en op die noodwendigheid van voorbereidende klasse aan skole vir blindes (kyk aanbeveling 21.11.2). Personeel wat vir genoemde fasette van die opvoedings- en onderwysprogram verantwoordelik is (of moet wees), sal veral by wyse van studie onderleg moet wees in die ontplooiingsgebeure ten aansien van die voorskoolse blinde kind en ook vertroud moet wees met sy besondere noodge= situeerdheid.

b. <u>Aanbeveling</u>

In die lig van die problematiek van die pre-primêre blinde kind word aanbeveel <u>dat ondersoek ingestel word na die moontlikheid om die opvoeding en onderrig van hierdie kinders as spesiali= seringsrigting in opleidingskursusse vir onderwysers van blinde kinders uit te bou, met besondere verwysing na ortopedagogiese werksaamhede op hierdie vlak.</u>

21.7.4 Skakeling met oorsese instansies insake die onderwys vir blindes

a. Motivering

Waar dit die geval is dat die RSA se relatief afgesonderde ligging skakeling met deskundiges op die gebied van die opvoeding en onderwys van blinde kinders in oorsese lande bemoeilik en die Skool vir Blindes as enigste volwaardige skool vir blindes in die RSA onder leiding van die Departement van Nasionale Opvoeding in 'n mate van isolasie verdere ontwikkeling en uitbreiding moet beplan, is dit van belang dat spesiale pogings aangewend sal word om kennis te neem van wat in ander lande op hierdie gebied gedoen word. In hierdie verband is dan ook gewys op geleenthede wat aan personeel van die Skool vir Blindes gebied word (deur die Departement van Nasionale Opvoeding en veral deur die Bestuur van die skool) om hul by wyse van oorsese verkennings- en studiebesoeke, op hoogte te stel met ontwikkelinge op die gebied van die opvoeding en onderwys van blindes in verskillende lande (kyk 13.1.1 c ). In verskillende oorsese lande word verskeie navorsingsprojekte in verband met belangrike aspekte van die onderwys, opleiding en beroepsbeoefening van blindes onderneem waarvan met vrug kennis geneem kan word. In hierdie verband is gewys op navorsing in Engeland en die VSA in verband met die doeltreffendheid van braille en "spreekboeke" (bandopnames van handboeke) as media vir die onderrig van blindes (kyk 12.3.1 b ).

b. Aanbeveling

In die lig van enersyds die afgeleë ligging van die RSA en andersyds die mate van isolasie van die onderwys vir blindes in die RSA as sodanig word aanbeveel dat voortgegaan sal word om by wyse van studie- en verkenningsbesoeke (asook van literatuurstudie) deur personeel op hoogte te bly met verwikkelinge (en navorsing) op die gebied van die opvoeding en onderwys van blindes in die buiteland en sodoende kontinue skakeling met die verantwoordelike instansies te bewerkstellig, en dat die moontlikheid om uitnodigings aan prominente deskundiges in die buiteland te rig om die RSA te besoek, deur die Departement van Nasionale Opvoeding en die besture van skole ondersoek sal word.

21.7.5 Spesialiseringskwalifikasies van onderwyspersoneel

a. Motivering

Uit die verskillende aspekte van die opvoedings- en onderwysprogram aan skole vir blindes wat in die onderhawige verslag

aangesny is, blyk die gespesialiseerde taak wat van onderwyspersoneel verwag word. Om hierdie taak doeltreffend te verrig, is dit noodsaaklik dat onderwysers, afgesien van hul breëre geskooldheid in die opvoeding en onderwys, onder andere ook besonder onderleg sal wees in aktuele aangeleenthede soos die problematiek van blind-te-wees, riglyne wat die opvoeding en onderwys van blindes ten grondslag lê en in gespesialiseerde onderwysmetodes wat aangewend word. Van onderwysers aan skole vir blindes in Engeland word dan ook vereis om binne drie jaar na aanstelling 'n spesialiseringskwalifikasie te verwerf (kyk 13.1.2).

b. Aanbeveling

In die lig van die gespesialiseerde taak van onderwysers aan skole vir blindes word aanbeveel dat van nuwe onderwyspersoneel vereis sal word om binne 'n sekere tydperk na aanstelling (byvoorbeeld vier jaar) aan 'n skool vir blindes 'n goedgekeurde spesialiseringskwalifikasie te verwerf.

## 21.8 MOTIVERINGS EN AANBEVELINGS INSAKE PERSONEELTOEKENNING

### 21.8.1 Motivering

Die leerlingtal per klasgroep aan die Skool vir Blindes en die Prinshofskool vergelyk goed met dié aan skole vir blindes in Engeland, Italië en België (kyk 13.2.1 en 13.2.2). Die feit dat die Bestuur (kerklike beheerliggaam) van die Skool vir Blindes poste (ook onderwysposte) bewillig en finansieel dra veral wanneer sodanige poste noodsaaklik geag word, begunstig die personeelsituasie aan dié skool. Nogtans word wel probleme ten aansien van voldoende personeel ondervind wat onder andere gereflekteer word deur die feit dat sommige klasgroepe noodgedwonge saamgegroepeer moet word; deur die saamgroepering van blinde en swaksiende kinders in die Hulpklasse (kyk 15.3.1); deur die ruime inskakeling van onderwyspersoneel by onder andere noodsaaklike ekstrakurrikulêre programme, koshuisaktiwiteite en onderwyshulpmiddeldienste, asoook deur die feit dat die Bestuur dit nodig ag om sekere poste te bewillig.

Probleme wat ten aansien van voldoende personeel ondervind word, moet enersyds toegeskryf word aan die feit dat personeeltoekenning hoofsaaklik op grond van die leerlingtal geskied en andersyds aan die komprehensiewe aard van die Skool vir Blindes. Die komprehensiewe aard van die skool word weerspieël deur die verskillende opvoedings-, onderwys- en opleidingsprogramme wat deur die skool aangebied word (kyk 15.2.1). Verder vergroot 'n

ongelyke verdeling van leerlinge in klasgroepe probleme in hier=die verband.

In die lig van bogenoemde word voor oë gestel dat (afgesien van die gebruikmaking van leerlingtal aan skole vir blindes as kriterium) personeeltoekenning veral ook in die lig van genoem=de komprehensiewe inslag van skole sal geskied. Soos daarop gewys, beskou die Bestuur (kerklike beheerliggaam) dit onder andere as sy taak om noodsaaklike dienste wat nie deur die Departement van Nasionale Opvoeding voorsien word nie, in stand te hou om sodoende die rigting vir verdere uitbreiding aan te dui. Indien die voorlopige finansiering van sekere dienste deur kerklike beheerliggame die noodsaaklikheid van hierdie dienste bevestig het en die verskaffing daarvan nie meer as eksperimen=teel of voorlopig beskou kan word nie, is dit die verantwoorde=likheid van die Departement van Nasionale Opvoeding om die in=standhouding van dié dienste oor te neem.

21.8.2 Aanbevelings

Op grond van probleme wat in verband met voldoende personeel ondervind word (en hoofsaaklik aan die komprehensiewe aard van die Skool vir Blindes te Worcester toegeskryf kan word), asook vanweë die feit dat kerklike beheerliggame verskeie poste aan skole (in besonder aan die Skool vir Blindes) finansieel dra, word aanbeveel -

a. dat die wyse van personeeltoekenning sodanig gewysig sal word dat, afgesien van die blinde leerlingtal, veral ook die verskeidenheid opvoedings-, onderwys- en op=leidingsdienste wat aan hierdie skole aangebied word by die toekenning van personeel in ag geneem sal word, en

b. dat die Departement van Nasionale Opvoeding daartoe be=reid moet wees om die instandhouding van dienste oor te neem wat deur kerklike beheerliggame gedra word en nie meer as eksperimenteel of voorlopig van aard beskou kan word nie.

21.9 MOTIVERINGS EN AANBEVELINGS INSAKE SKOOLVOORLIGTINGS=DIENSTE AAN SKOLE VIR BLINDES

21.9.1 Die terme "skoolvoorligtingsdiens" en "skoolvoorligter"

a. Motivering

Die doel met 'n skoolvoorligtingstelsel (tans genoem Sielkundige

en Voorligtingsdiens) in 'n stelsel van onderwys is om 'n op=voedingshulpdiens te wees, wat deur gespesialiseerde persone gelewer word, wat daarop gerig is om 'n verantwoordbare georiën=teerdheid van alle jeugdiges te bewerkstellig. Met hierdie doel voor oë is dit dan die taak van genoemde gespesialiseerde per=sone om raadgewing en hulpverlening ten aansien van persoonstruk=tuurprobleme, die onderwys as sodanig en beroepskeuse-aangeleent=hede aan die jeugdiges te verskaf.

Die etimologiese ontleding van die term "voorligting" deur die Vaktaalburo lui soos volg:

"(a) feite, gegewens of wetenswaardighede omtrent sake (kon=kreet of abstrak) of persone (laasgenoemde in maatskaplike sin) wat gewoonlik saam met raadgewing, op of sonder aanvraag, ver=strek word as leiding by moontlike of voorgenome handeling (insluitende denke), (b) die verskaffing of verstrekking van die feite, gegewens of wetenswaardighede soos in (a) hierbo genoem" (53, bl. 193).

Om aan die term "voorligting" die betekenis van hulpverlening, steungewing, raadgewing en leiding (deur die opvoeder aan die jeugdige) toe te skryf, is dus geheel en al geregverdig. Voorts bepaal die term skoolvoorligtingsdiens dat dit hier nie om 'n skoolvak gaan nie, maar om 'n diens wat beperk is tot diegene wat van skoolgaande ouderdom is.

b. Aanbeveling

In die lig van die doel met 'n skoolvoorligtingstelsel as op=voedingshulpdiens in 'n stelsel van onderwys en van die etimo=logiese ontleding van die term voorligting word (in ooreenstemming met die aanbeveling van die Komitee vir Gedifferensieerde Onder=wys en Voorligting insake 'n Nasionale Onderwysstelsel (kyk 53, bl. 193), aanbeveel dat die term skoolvoorligtingsdiens ge=bruik sal word met verwysing na genoemde raadgewende en hulp=verlenende diens wat met betrekking tot jeugdiges gelewer word en dat na die gespesialiseerde persone wat vir hierdie diens verantwoordelik is, as skoolvoorligters verwys sal word.

21.9.2 'n Doeltreffende skoolvoorligtingsdiens

a. Bespreking

Daar is op gewys dat met inagneming van die beperkinge wat die meeste personeelvoorsieningskale noodwendig meebring en ten spyte van die gebrek aan werklik doeltreffende evalueringsmedia,

tesame met die besondere eise wat bemoeienis met blinde kinders aan skoolvoorligters stel, die Sielkundige en Voorligtingsdiens (skoolvoorligtingsdiens) aan die Skool vir Blindes doeltreffend funksioneer. In die lig van die ideële skoolvoorligtingsdiens soos deur die Komitee vir Gedifferensieerde Onderwys en Voor=ligting insake 'n Nasionale Onderwysstelsel (1970) geformuleer, moet egter samevattend op die volgende essensiële fasette van 'n doeltreffende skoolvoorligtingsdiens gewys word:

1. Die doel met 'n skoolvoorligtingsdiens

Die doel met voorligting as 'n diens binne 'n stelsel van onderwys is om 'n hulpdiens te wees waardeur leerlinge ten aansien van onderwys- en beroepsaangeleenthede in die lig van hul persoon=struktuur voorgelig sal word, sodat hulle ooreenkomstig hulle bekwaamheid, aanleg en belangstelling en die beroepsmoontlikhede wat daar vir hulle bestaan, gedifferensieerde onderwys kan ont=vang om sodoende die doel met die onderwysstelsel te kan ver=wesenlik (53, bl. 192).

2. Die aard van 'n skoolvoorligtingsdiens

In die eerste plek moet 'n skoolvoorligtingsdiens 'n opvoedkundige hulpdiens wees. Dit wil sê, die kindbeskouing wat vir die onder=wysstelsel geld, moet ook vir die voorligtingsdiens geld. Die jeugdige (ook die blinde) moet dus as gemoeid te wees met waar=des, as gelykwaardig maar nogtans ongelyk aan ander en as moontlikhei in wording beskou word. Tweedens moet die skoolvoorligtingsdiens daarop gerig wees om ook die onderwyser en die ouer hulpgewend met betrekking tot persoonstruktuur-, onderwys- en beroepsaange=leenthede insake die kind van diens te wees. Voorts moet die skoolvoorligtingsdiens 'n gespesialiseerde diens wees wat deur gespesialiseerde persone gelewer word en dié diens moet die verwerkliking van georiënteerdheid by die jeugdige nastreef sodat hy binne die werklikheid van die lewe sy staanplek sal kan be=paal. Sodanige geïmpliseerde insig wat hy in sy eie gesitueerd=heid moet verwerf, is op selfkennis en op kennis van die lewens=werklikheid gebaseer. Ten slotte moet die voorligtingsdiens nie slegs beskikbaar wees vir jeugdiges wat sekere probleme onder=vind nie, maar moet dit elke jeugdige van sy primêre tot sekon=dêre skoolloopbaan aktief bevoordeel (53, bl. 194-196, 199-201).

3. Kenmerke van 'n doeltreffende skoolvoorligtingsdiens

Op die volgende aspekte van 'n doeltreffende skoolvoorligtings=diens moet gewys word:

(a) Die pedodiagnostiserende aspek van skoolvoorligting is ter sprake wanneer die skoolvoorligter anamnestiese en/of psigometriese gegewens van 'n leerling versamel, inte= greer en interpreteer.

(b) Die raadgewende aspek impliseer dat aan leerlinge, in die lig van hul persoonstruktuur, raad ten aansien van onderwys- en beroepsaangeleenthede gegee word, sodat hulle uiteindelik self op eie verantwoordelikheid be= slissings kan maak.

(c) Die ortopedagogiese aspek is ter sprake waar die skool= voorligter, op grond van pedodiagnostisering, die manifestasie van sekere tekorte by die leerling vasgestel het en herstellend of terapeuties te werk gaan om die leerling te heroriënteer.

(d) Die verwysende aspek is ter sprake wanneer bevind word dat 'n betrokke leerling vir meer uitgebreide en gespesialiseerde pedodiagnostisering, raadgewing en pedoterapie na spesialiste verwys word.

(e) Die inligtende aspek impliseer die verskaffing van feitekennis aan die jeugdige ten aansien van persoon= struktuur-, onderwys- en beroepsaangeleenthede.

(f) Die voorkomende aspek van voorligting het betrekking op pogings om te verhoed dat 'n aanvanklike probleem of uitval veral met betrekking tot onderwys- en persoon= struktuuraangeleenthede sigself as permanente probleem manifesteer.

(g) Die beslissende aspek van 'n skoolvoorligtingsdiens im= pliseer dat die leerling tot die besef gebring moet word dat hy verplig is om hom tot die neem van sekere beslissings te waag (53, bl. 194-203).

b. Aanbevelings

In die lig van die uiteensetting van die taak van 'n doeltreffende skoolvoorligtingsdiens word aanbeveel -

1. dat die skoolvoorligtingsdiens aan skole vir blindes steeds sal poog om aan al die verskillende aspekte van voorlig= ting aandag te gee;

2. <u>dat blinde leerlinge (ook aan die Prinshofskool waar blinde leerlinge verreweg in die minderheid is en die skoolvoorligtingsdiens in die eerste plek op die nood=gesitueerdheid van die swaksiende leerling gerig is) by 'n kontinue program van voorligting en hulpverlening ingeskakel sal word en dat dit nie slegs by wyse van 'n probleemgevalgerigte werkmetode sal geskied nie</u>, en

3. <u>dat noue skakeling tussen die skoolvoorligtingsdiens aan die Prinshofskool en dié aan die Skool vir Blindes be=werkstellig sal word met die oog op die oorplasing van (veral) verstandelik gestremde blinde kinders na die Skool vir Blindes en die moontlike uitplasing van hierdie kinders na die sentrum vir ernstig verstandelik gestrem=de kinders te Worcester (kyk aanbeveling 21.2.1.b.2).</u>

21.9.3 <u>Die opleiding van skoolvoorligters</u>

a. <u>Motivering</u>

Uit die vereistes wat deur die Departement van Nasionale Opvoeding vir aanstelling as onderwysersielkundiges (skoolvoorligters) gestel word, blyk besondere klem op onderlegdheid in Sielkunde gelê te word, terwyl 'n opvoedkundige geskooldheid nie sterk beklemtoon word nie (kyk 14.2.1). Dit is egter noodsaaklik dat die skoolvoorligter as <u>opvoedkundige</u> opgelei moet word om deur raadgewende, pedodiagnostiserende, pedoterapeutiese en voorkomende optrede die doel met die opvoeding, naamlik die heenleiding van die nie-volwassene na volwaardige volwassenheid, na te streef. Voorligting geskied in 'n pedagogiese situasie en met persoonstruk=tuur-, onderwys- en beroepsvoorligting word dan ook pedagogies-georiënteerde voorligting bedoel (53, bl. 200-201). Voorts moet die skoolvoorligtingsdiens die verwerkliking van 'n <u>verantwoorde georiënteerdheid</u> by die jeugdige nastreef sodat hy binne die lewenswerklikheid sy eie staanplek sal kan bepaal. Voorgenoemde impliseer 'n <u>positiewe stellinginname</u> van die kind teenoor die onderwyssituasie en sy toekomstige beroepsituasie, asook 'n aan=vaarding van sy moontlikhede en beperkthede en 'n verantwoordelike implementering van sy moontlikhede en 'n verwerking van sy beperkt=hede.

Wat betref die verskaffing van voorligting aan die blinde kind, kom die skoolvoorligter te staan voor 'n nog groter opgaaf as in die geval van die siende kind. Gesitueerd in die werklik=heid as blinde in 'n gemeenskap van siendes, loop hy hom onder andere in die onderwyssituasie, in sy gesinsituasie en ten aan=sien van sy toekomstige beroepsituasie vas in die beperkinge wat

blindheid hom oplê. Volgens die Vernonkomitee (1972) wat ondersoek ingestel het na die onderwys van gesigsgestremdes in Engeland, is die oorgrote meerderheid onderwysers van gesigsgestremdes van mening dat die voorkoms van affektiewe onewewigtigheid onder hierdie kinders hoog is. Die rede hiervoor word onder andere toegeskryf aan oorbeskerming of verwerping deur die ouers, aan die belewing van vrees en onsekerheid deur die kind as sy gesig met verloop van tyd verswak, asook aan die moontlikheid dat affektiewe onewewigtigheid in 'n mate noodwendig is weens die aard van die gestremdheid (25, bl. 18).

Afgesien van die spesifieke voorligtingstaak van die skoolvoorligter, is dit die taak van elke onderwyser om reeds vanaf die kind se primêre skoolloopbaan ten aansien van aspekte soos persoonlike voorkoms, gesindheid, intermenslike verhoudings, openbare optrede en ander persoonlike aangeleenthede voorligting te gee asook om tydens die onderrig van 'n vak op die toepaslikheid daarvan in die eventuele beroepsituasie te wys. Gevolglik is dit noodsaaklik dat onderwysstudente 'n kursus in voorligting as deel van Opvoedkundige Sielkunde volg sodat wanneer hulle in die onderwyspraktyk staan, hulle met die voorligting van 'n meer algemene aard behulpsaam kan wees. Sodoende word die skoolvoorligter in staat gestel om sy aandag aan gespesialiseerde persoonstruktuur-, onderwys- en beroepsvoorligting te skenk (53, bl. 209).

b. Aanbevelings

In die lig van die taak van die skoolvoorligter om 'n opvoedingshulpdiens te lewer wat sal uitloop op 'n georiënteerdheid van alle jeugdiges ten opsigte van onderwys- en beroepsaangeleenthede (en in ooreenstemming met die aanbevelings in Deel 1 van die Verslag van die Komitee vir Gedifferensieerde Onderwys en Voorligting (53, bl. 205-208), asook van die gespesialiseerde voorligtingstaak van skoolvoorligters aan skole vir blindes wat vereis dat hulle by wyse van deeglike studie onderleg sal wees in die noodgesitueerdheid van die blinde kind, word aanbeveel -

1. dat die opleidingsprogram vir skoolvoorligters voorsiening sal maak vir 'n universiteitsgraad (B.-graad) in skoolvoorligting met Opvoedkundige Sielkunde, Filosofie van die Opvoeding, Didaktiek, Sosiale Pedagogiek, Onderwysorganisasie en -administrasie, Skoolvoorligting en Kliniese Kindersielkunde as vakke, met spesialisering in Skoolvoorligting en Kliniese Kindersielkunde; en die moontlikheid van voortgesette spesialisering op die Magistergraadvlak;

2. dat benewens die teoretiese onderlegdheid wat verwerf moet word, daar ook vir praktiese opleiding aan 'n kinderleidingkliniek voorsiening gemaak sal word, waar die student onder leiding van ervare voorligters praktiese ervaring kan opdoen, en

3. dat van skoolvoorligters aan skole vir blindes verwag sal word om binne 'n sekere tydperk (byvoorbeeld vier jaar) 'n kursus in die opvoeding en onderwys van blindes (byvoorbeeld die Diploma in Buitengewone Onderwys), met spesialisering in skoolvoorligting, sal deurloop.

21.9.4 Die toekenning van skoolvoorligters

a. Motivering

Soos daarop gewys, is skole vir gesigsgestremdes met 'n inskrywings= tal van 109 leerlinge op een onderwysersielkundige geregtig en 'n tweede pos kan toegestaan word sodra die leerlingtal 110 bereik. Wat betref die taak van skoolvoorligters is onder andere gewys op die persoonstruktuurprobleme waaraan aandag gegee moet word; op deeltydse klasonderrig deur skoolvoorligters; op die beson= dere mate van indiwidualisering wat die voorligtingstaak ten opsigte van blindes vereis; op voorligting wat ten aansien van die plasing van blinde leerlinge verskaf moet word (byvoorbeeld ten aansien van die uitplasing van ernstig verstandelik gestremde kinders, die oorplasing van kleuters na die aanvangsklas van die primêre skool, en die oorplasing van leerlinge na Hulpklasse, die Vakafdeling en die Beroepsafdeling); op voorligting ten aansien van vak- en kursuskeuses wat vereis word; op persoons= beelde van kinders wat saamgestel moet word en op beroepsvoor= ligting, beroepsplasing en beroepsverkenning wat deur skoolvoor= ligters behartig moet word (kyk 14.2.2 en 20.2.1 b ). Hieruit blyk die omvangrykheid van hul taak en dienooreenkomstig die wenslikheid van 'n gunstige toekenning van skoolvoorligters aan skole.

b. Aanbeveling

In die lig van die omvattende en intensiewe voorligtings- en hulp= verlenende taak van die skoolvoorligtingsdiens word aanbeveel -

1. dat 'n derde pos van skoolvoorligter toegeken sal word sodra die leerlingtal van 'n skool vir blindes (gesigs= gestremdes) die 200-kerf bereik, en

2. dat die derde pos wat toegeken word, dié van vise-hoof (skoolvoorligter) sal wees, met skoolvoorligting as een van sy take.

21.10 MOTIVERINGS EN AANBEVELINGS INSAKE ENKELE ORGANISATORIESE ASPEKTE TEN AANSIEN VAN SKOLE VIR BLINDES

21.10.1 Die aangeleentheid van sentralisasie

a. Motivering

Daar is op gewys dat die getal blinde leerlinge in die RSA gedurende die afgelope aantal jare (sedert 1964) nie noemenswaardig vermeerder het nie. Voorts dui gegewens en getuienis op 'n soortgelyke tendens in Engeland en België. Gedurende 1971 was die gesamentlike blinde leerlingtal aan die Skool vir Blindes en die Prinshofskool slegs 160 (kyk 1.2 en 15.3). Die gemiddelde aantal blinde leerlinge per klasgroep in die primêre afdeling van die Skool vir Blindes was 7, in die sekondêre afdeling was dit 7 of 8, terwyl daar in die Vak- en Beroepsafdeling gemiddeld 3 blinde leerlinge per opleidingsgroep was (kyk tabel 15.1). Hierdie gegewens dui dan ook op die noodsaaklikheid van sentralisasie indien volwaardige onderwysgeriewe tot die beskikking van blindes gestel wil word.

b. Aanbeveling

Op grond van die getal blinde leerlinge in die RSA word aanbeveel dat tensy daar 'n drastiese vermeerdering in die aantal blinde kinders in die RSA sou plaasvind, die onderwys vir blinde leerlinge gesentraliseer sal bly ten einde volwaardige onderwysgeriewe aan hierdie kinders beskikbaar te stel.

21.10.2 Die ligging van skole (of afdelings) vir blindes ten opsigte van dié vir swaksiendes

a. Motivering

Alhoewel daar in 'n groot mate eenstemmigheid is oor die feit dat dit verkieslik is dat braillekandidate (dit wil sê leerlinge wat noodwendig by wyse van taktuele metodes onderrig moet word) en swaksiende leerlinge (dit wil sê leerlinge wat by wyse van visuele metodes onderrig word en selfs in 'n mate met die lees van gewone druk tereg kan kom) afsonderlik onderrig moet word, is daar verskeie oorweginge ten gunste van 'n praktyk om skole (of afdelings) vir blindes en vir swaksiendes naby mekaar (selfs op dieselfde kampus) op te rig. Oorweginge wat sodanige praktyk

onderskryf, is onder andere die volgende:

1. Die moontlike saamgroepering van grensgevalle (kyk aanbeveling 21.12.3) in dieselfde klaskamer word vergemaklik.

2. Die duplisering van dienste (byvoorbeeld mediese en paramediese dienste, asook die bandopnamediens) en ontspanningsgeriewe word in 'n mate uitgeskakel.

3. Die oorplasing van leerlinge van een skool (of afdeling) na 'n ander word vergemaklik.

4. Die vak- en beroepsopleiding van leerlinge kan in sekere opsigte gekombineer word (byvoorbeeld opleiding in tele=fonie, masjienoperateurswerk asook weef- en breiwerk).

b. Aanbevelings

Op grond van genoemde voordele word aanbeveel dat indien die uitbreiding van onderwysgeriewe ten aansien van gesigsgestremdes genoodsaak word, steeds ernstige oorweging geskenk sal word aan die moontlikheid om enersyds afdelings vir blindes verbonde aan skole vir swaksiendes, en andersyds afdelings vir swaksiendes verbonde aan skole vir blindes daar te stel of uit te brei; of skole vir blindes en skole vir swaksiendes op aangrensende (nabygeleë) terreine op te rig.

21.11 MOTIVERINGS EN AANBEVELINGS INSAKE DIE STRUKTUUR VAN DIE ONDERWYSSTELSEL VIR BLINDES

21.11.1 Skoolpliggrense

a. Skooltoelatingsouderdom

1. Motivering

Daar is gewys op die ontplooiingsagterstand van heelwat blinde kinders wat vir die eerste keer tot 'n skool vir blindes toege=laat word - 'n agterstand wat veral aan pedagogiese verwaar=losing en die onkunde van ouers aangaande die opvoeding en onderrig van hul voorskoolse blinde kinders toegeskryf kan word. Dit word dan ook as noodsaaklik beskou dat blinde kinders eers in 'n voorbereidende klas opgeneem moet word voordat met meer formele onderwys in die aanvangsklas van die primêre skool begin kan word, aangesien die program in sodanige voorbereidende klas veral gerig is op hulpverlening aan kleuters ter bevordering van

hul skoolrypheid en skoolgereedheid. Voorts is daarop gewys dat dit soms gebeur dat ouers hul blinde kinders eers op ses-, sewe- en selfs agtjarige ouderdom vir opname na 'n skool bring (kyk 16.2.1). Dit bring mee dat daar 'n heterogeniteit wat betref ouderdomsgroepering in sowel die voorbereidende klas as die junior klasse van die primêre skool voorkom.

Die opname van 'n blinde kind in 'n skool (veral in die Skool vir Blindes te Worcester) impliseer egter in heelwat gevalle dat die jong blinde kind in 'n koshuis moet tuisgaan. Vir die jong blinde kind is warme ouerliefde en 'n belewing van geborgenheid in die ouerhuis van primêre belang. Dit is dus wenslik dat die kind nie op 'n te jeugdige ouderdom uit die ouerhuis verwyder sal word nie.

In Engeland word blinde kinders in die reël nie onder vyfjarige ouderdom tot skole vir blindes toegelaat nie. Daar word egter wel op verskillende wyses in die noodgesitueerdheid van die voorskoolse blinde kind voorsien. Enkele skole vir blindes in België en Nederland neem wel blinde kinders van driejarige ouderdom op. Aangesien hierdie skole in die reël heelwat nader aan die ouerhuise van die kinders geleë is en skakeling en die band tussen ouers en kind heg gehou kan word, is die opname van hierdie kinders nie so 'n problematiese aangeleentheid as hier te lande nie.

2. Aanbeveling

Op grond van bogenoemde word aanbeveel -

(a) dat aan skole voorsiening gemaak sal word om blinde kinders wat voor of op 30 Junie van 'n betrokke jaar die ouderdom van vyf jaar bereik daardie jaar tot die skool toe te laat, en

(b) dat, met inagneming van die huislike agtergrond van 'n kind, ouers aangemoedig sal word om hul blinde kinders aan die begin van die jaar waarin hulle vyf word, vir opname na 'n skool vir blindes te bring.

b. Skoolverlatingsouderdom

1. Motivering

Daar is gewys op die probleme wat 'n blinde persoon ondervind om hom in 'n nuwe situasie te oriënteer en om 'n selfstandige en selfbeskikkende bestaan te voer (kyk 2.5 en 3.8). Uit onder

andere beperkthede van die blinde persoon in hierdie verband blyk die noodwendigheid daarvan dat die blinde jeugdige sodanig opgevoed, onderrig en opgelei sal word, dat hy (so ver as wat dit moontlik is) nie na skoolverlating met lewens- en beroep=situasies gekonfronteer sal word ten opsigte waarvan hy hom nie kan oriënteer nie.

2. Aanbeveling

In die lig van die probleme wat die blinde persoon ondervind om hom in 'n siende wêreld te oriënteer, word aanbeveel dat die blinde jeugdige die skool mag verlaat aan die einde van die jaar waarin hy sestien jaar oud word, met dié voorbehoud dat die blinde kind nie die skool mag verlaat alvorens hy of sy -

(a) 'n vak- of beroepsopleidingskursus aan die skool voltooi het nie, of

(b) 'n verklaring van die skool ontvang het dat hy of sy so ver gevorder het as waartoe hy of sy in staat is nie, of

(c) die Nasionale Senior Sertifikaat verwerf het en spesi=fieke beroepsvooruitsigte het nie, of tot 'n naskoolse beroepsopleidingsinrigting gaan toetree nie.

21.11.2 Pre-primêre klasgroepe

a. Motivering

Daar is gewys op die heterogeniteit ten aansien van intellektuele vermoëns, kognitiewe, affektiewe en selfstandigheidsontplooiing en selfs ook ten aansien van fisiese ontwikkeling van blinde kinders wat vir die eerste keer tot 'n skool vir blindes in die RSA toegelaat word. Om vas te stel of 'n ontplooiingsagterstand by 'n blinde kleuter aan pedagogiese verwaarlosing, ander op=voedingstekorte of verstandelike gestremdheid toegeskryf moet word, is 'n besonder problematiese aangeleentheid. Dit word dan ook as onontbeerlik beskou dat jong blinde kinders wat vir die eerste keer tot 'n skool vir blindes toegelaat word, aan=vanklik in 'n voorbereidende klas opgeneem sal word wat as evaluerings-, remediërende en voorbereidende tydperk dien, voor=dat met meer formele onderwys in die aanvangsklas van die primêre skool begin word. Gedurende die tydperk wat die jong blinde kind in die voorbereidende klas deurbring, kan tot groter kennis van sy moontlikhede gekom word en kan in 'n mate vasgestel word of hy wel by die opvoedings- en onderwysprogram aan die skool

sal baat.

Die genoemde heterogeniteit van hierdie groep skooltoetreders bemoeilik egter die voorbereidende en evalueringstaak wat 'n besondere mate van indiwiduele aandag vereis. In 'n voorberei=dende klas waarin leerlinge saamgetrek is van wie sommige byna gereed is vir oorplasing na die aanvangsklas van die primêre skool, ander as gevolg van pedagogiese verwaarlosing byvoorbeeld nog nie selfstandige toiletgebruike bemeester het nie of bang is om te beweeg en ander skynbaar ernstig verstandelik gestremd is, word die evaluerings- en onderrigtaak beslis ondermyn. Uit die bogenoemde blyk die noodsaaklikheid van differensiasie ten aansien van die opvoeding en onderrig van pre-primêre blinde kinders.

b. Aanbevelings

In die lig van genoemde heterogeniteit van jong blinde kinders wat vir die eerste keer in 'n skool vir blindes opgeneem word, word aanbeveel -

1. dat by wyse van onder andere die vereiste personeeltoe=kenning vir twee pre-primêre klasgroepe aan sowel die Skool vir Blindes as die Prinshofskool voorsiening ge=maak sal word;

2. dat in die een klasgroep (voorbereidende klas) van elke skool pre-primêre blinde kinders wat binne afsienbare tyd met meer formele werk in die aanvangsklas van die primêre skool sal kan begin, saamgetrek sal word, terwyl pre-primêre blinde kinders wat blyke gee van 'n ont=plooiingsagterstand in die ander klasgroep (as evaluerings- en remediërende eenheid) saamgetrek sal word;

3. dat blinde kinders in die evaluerings- en remediërende eenheid (na gelang van hul vordering) na òf die voor=bereidende klas, òf spesiale klasse (kyk aanbeveling 21.11.4 b ), òf die sentrum vir ernstig verstandelik gestremde kinders (kyk aanbeveling 21.2.1 b) oorgeplaas sal word.

21.11.3 Die verdeling van die onderwys in onderwyseenhede

a. Motivering

Die Komitee vir Gedifferensieerde Onderwys en Voorligting insake 'n Nasionale Onderwysstelsel op Primêre en Sekondêre Skoolvlak

(1970) het onder andere gewys op die wenslikheid daarvan om die onderwys in vier onderwyseenhede te verdeel. Op grond van fisiese ontwikkeling, sosiale aanpasbaarheid en intellektuele ontplooiing, is vier ontplooiingsfases in die lewe van kinders onderskei, naamlik die kleinkinderfase (die grade of substanderds en standerd 1), kinderfase (standerds 2 tot 4); puberteitsfase (standerds 5 tot 7) en die laat-puberteitsfase of adolessensie=fase (standerds 8 tot 10). Hierdie fases is onderskeibaar maar nooit skeibaar nie omdat kinders (leerlinge) op grond van hul indiwiduele andersheid op eie gegewe stadia in hierdie fases verkeer.

Die eenvormige fisiese, sosiale en intellektuele ontwikkelings=peil waarop leerlinge tydens die kleinkinder- en kinderfase verkeer, asook die groot ooreenkoms wat hulle ten aansien van belangstelling toon, dui daarop dat leerlinge in hierdie fases in onderwyseenhede saamgegroepeer kan word. Die kleinkinder=fase vorm 'n natuurlike tydperk van 3 jaar waartydens met formele onderwys in skoolverband 'n aanvang gemaak en waarop geleidelik uitgebrei kan word om in die onderwysbehoeftes van hierdie leer=linge te voorsien, en wat voorts by die opvoedkundige behoeftes van die leerlinge in die kinderfase sal aansluit. Genoemde komitee wys verder daarop dat die mate van verwantskap tussen hierdie twee fases daarop dui dat alhoewel hierdie fases in twee onderwyseenhede (junior primêre skoolfase en senior primêre skoolfase) ingedeel is om die onderwys doelgerig en doeltreffend te laat verloop, hierdie twee skoolfases as 'n eenheid beplan moet word.

In die puberteitsfase openbaar kinders (leerlinge) groot ver=skille ten aansien van fisiese, intellektuele, emosionele en seksuele ryping en ontplooiing. Die woelinge en onsekerheid waarin hierdie leerlinge verkeer, kenmerk die puberteitsfase as 'n oorgangsfase - 'n fase tussen die kinder- en adolessensiefase waartydens die leerling hom losmaak van kindwees en jeugdige volwassene word. Hierdie leerlinge het 'n besondere behoefte aan leiding ten aansien van hul persoonswording, wat impliseer dat die leerling in sy op-weg-wees na volwassenheid toekomsgerig moet wees. Aangesien die puberteitsfase die oorgangsfase van kind-wees na jeugdige volwassene-wees is, moet die onderwys vir hierdie stadium (die junior sekondêre skoolfase) so ingerig word dat dit as oor=gang tussen senior primêre en senior sekondêre onderwys sal dien.

Gedurende die adolessensiefase is die kinders (leerlinge) na al die woelinge en onsekerheid van die voorafgaande fase grotendeels nou meer koersvas. Die leerling beskik nou oor 'n suiwerder

siening van sy eie waarde, van sy plek in die gemeenskap, van homself as toekomswese en van die noodsaaklikheid om homself deeglik te bekwaam vir die taak wat voorlê. Op grond van die psigo-fisiese en intellektuele ooreenkomste met betrekking tot ontplooiingstand wat vyftien- tot agtienjariges vertoon, kan die adolessensiefase as onderwyseenheid (die senior sekondêre skool=fase) onderskei word (kyk 53, bl. 138-144).

b. Aanbeveling

Ooreenkomstig die aanbeveling van genoemde Komitee vir Gedif=ferensieerde Onderwys en Voorligting en aangesien wat betref blinde leerlinge soortgelyke fases onderskei kan word, word aanbeveel -

1. dat die onderwysstelsel vir blindes uit 'n 3-3-3-3 stelsel sal bestaan;

2. dat die primêre onderwysstelsel, dit wil sê van graad 1 (of substanderd A) tot standerd 4 (ses studiejare), beskou word as bestaande uit 'n junior en 'n senior primêre skoolfase, en

3. dat die sekondêre onderwysstelsel as organisatoriese eenheid in 'n junior sekondêre skoolfase (standerds 5 tot 7) en 'n senior sekondêre skoolfase (standerds 8 tot 10) onderskei sal word.

21.11.4 Motiverings en aanbevelings insake differensiasie in studie- en beroepsopleidingskursusse

a. Die noodwendigheid van sodanige differensiasie

Alhoewel alle mense gelykwaardig is, is daar nietemin groot ver=skille tussen hulle in dié sin dat hulle kwalitatief ongelyk is. Soos daarop gewys, openbaar hierdie ongelykheid hom onder andere in verskille ten aansien van aangeleenthede soos verstandelike vermoëns, emosionaliteit, aanleg en belangstelling (kyk 3.2). Waar "blindheid" kinders in 'n spesiale onderwyskategorie plaas, maak dit hul egter nie 'n homogene groep nie; met ander woorde, ten spyte daarvan dat blinde kinders die gemeenskaplike kenmerk besit dat hulle nie kan sien nie, is genoemde kwalitatiewe ongelykheid (soos in die geval van kinders wat almal kan sien) ook kenmerkend van blinde kinders.

Waar die Skool vir Blindes die enigste volwaardige skool vir blindes is, moet die skool as 'n onderwysstelsel in die kleine

beskou word. In Engeland word die kwalitatiewe ongelykheid van blinde kinders gereflekteer in die struktuur van skole vir so= danige kinders wat soortgelyk is aan die nasionale onderwysstruk= tuur vir siende kinders, alhoewel op kleiner skaal. (Daar be= staan byvoorbeeld skole vir verstandelik gestremde blinde kin= ders; skole wat leerlinge voorberei vir naskoolse beroepsopleiding, en skole wat leerlinge voorberei vir toetrede tot universiteite (kyk 15.2.2 a).) Daarenteen moet in die RSA aan een skool (die Skool vir Blindes) vir ernstig verstandelik gestremde blinde kinders (IK onder ongeveer 50), lig tot matig verstandelik ge= stremde blinde kinders (IK ongeveer 50-79), domnormales (IK on= geveer 80-89), asook gemiddelde, bogemiddelde en begaafde blinde leerlinge voorsiening gemaak word (kyk 53, bl. 166). Daar is dan ook gewys op die pogings wat aan die Skool vir Blindes aan= gewend word om die kwalitatiewe verskille tussen blinde leer= linge in ag te neem (byvoorbeeld by wyse van die daarstelling van Aanpassings- en Hulpklasse, (kyk 16.2.2 f en g)), en om in die nood van veral die verstandelik gestremde en domnormale kin= ders aan voortgesette algemene onderwys te voorsien (by wyse van die daarstelling van voortsettingsklasse, aangesien nie vir 'n deurlopende algemeen-vormende onderwysprogram voorsiening ge= maak word nie (kyk 16.2.3 h)), asook op probleme wat in hierdie verband ondervind word.

Waar daar dan nou gepoog sal word om met inagneming van die kwa= litatiewe verskille tussen blinde kinders, 'n wyse van onderwys= voorsiening aan die hand te doen, sal sodanige voorsiening in die lig van die beroepswerklikheid van die blinde persoon moet geskied. Die beroepsmoontlikhede wat daar vir verskillende kategorieë blindes bestaan, moet ten aansien van die beroepsge= rigte onderwys en beroepsopleiding wat aangebied word, in aan= merking geneem word, aangesien dit onverantwoord sou wees om die kind onvoorbereid op die beroepswerklikheid af te stuur. Waar gewys is op die beperkte beroepsmoontlikhede wat vir blindes bestaan (kyk 20.3.1), sal noodwendig dienooreenkomstig beplan moet word.

b. Studiekursus vir lig tot matig verstandelik gestremde blinde kinders

Daar is gewys op die probleme wat aan die Skool vir Blindes in verband met die opname van verstandelik gestremde blinde kinders ondervind word. Onder andere is aangetoon dat ook sommige van hierdie kinders hulle in Aanpassingsklasse (in 1971 was daar twee Aanpassingsklasse waarin 13 blinde en 3 swaksiende leer= linge saamgetrek was) bevind waar hulle aan die hand van ver= skraalde leerinhoude (wat vir standerds in die primêre afdeling

voorgeskryf is) onderrig word en dat in werklikheid drie kategorieë leerlinge hulle in die Aanpassingsklasse bevind (kyk 16.2.2 f ). Ook is gewys op die drie Hulpklasse (waarin gedurende 1971 8 blinde en 20 swaksiende leerlinge saamgegroepeer was) aan die Skool vir Blindes waarin sowel ernstig as lig tot matig verstandelik gestremde blinde kinders opgeneem word voordat hulle na die Vakafdeling vir opleiding in 'n handvaardigheidsrigting oorgeplaas word (kyk 16.2.2 g ). In die lig van die probleme wat deur die opname van ernstig verstandelik gestremde blinde kinders geskep word, is reeds aanbeveel dat vir hierdie kinders (IK onder ongeveer 50) in 'n afsonderlike inrigting te Worcester voorsiening gemaak sal word.

Wat betref die praktyk in sekere oorsese lande is gewys op die daarstelling van afsonderlike skole (of afdelings aan skole) vir onder andere lig tot matig verstandelik gestremde blinde (onderrigbare) kinders in Engeland, België en Nederland, asook op die feit dat 'n vormende onderwysprogram 'n integrerende deel van beroepsopleidingskursusse vorm (kyk 17.3.8 en 17.3.9).

Die lig tot matig verstandelik gestremde kind kan nie in die gewone klasse in die primêre afdeling tereg kom nie en vir hierdie kinders moet dus afsonderlike voorsiening gemaak word. Alhoewel verstandelik gestremd, is hierdie kinders wel onderrigbaar en opleibaar en vir hulle moet dus aan die Skool vir Blindes voorsiening gemaak word. Die leerinhoude wat aan hulle aangebied word, sal egter direk op hul gesitueerdheid in die lewenswerklikheid toegespits moet wees en ooreenkomstig hul bevatlikheidsvermoë en vorderingsmoontlikhede aangebied moet word. Hierdie kinders wat wel tot selfstandige taakaanvaarding en -vervulling gelei kan word; wie se moontlikhede veral op handvaardigheidsvlak verwerklik kan word en wat aan die hand van veral die konkrete tot kennisverowering gebring moet word, sal met opleiding in 'n handvaardigheidsrigting (as beroepsopleiding) 'n begin moet maak sodra die basiese vaardighede en kundighede wat gereedheid daartoe ten grondslag lê, bemeester is.

Aanbevelings

In die lig van genoemde kwalitatiewe ongelykheid van kinders, die heterogeniteit van blinde kinders aan die Skool vir Blindes wat betref hul persoonskwaliteite en die problematiek van die onderwys van lig tot matig verstandelik gestremde blinde kinders word aanbeveel -

1. <u>dat vir lig tot matig verstandelik gestremde blinde kinders so vroeg as moontlik afsonderlike voorsiening aan bestaande skole vir gesigsgestremdes gemaak sal word</u>;

2. <u>dat uitkenning van leerlinge aan die hand van die volgende kriteria en gegewens (indien beskikbaar) sal geskied</u>:

   (a) <u>Skoolvordering</u>;

   (b) <u>prestasies soos gemeet deur gestandaardiseerde skolastiese toetse</u>;

   (c) <u>biografiese gegewens om die leerling se sosio-ekonomiese agtergrond te verken</u>;

   (d) <u>mediese verslag</u>;

   (e) <u>persoonstruktuurondersoek</u>;

   (f) <u>aanlegtoetsresultate</u>, en

   (g) <u>verstandsvermoë</u>;

3. <u>dat aan kinders in hierdie kursus wat uit 'n reeks op=eenvolgende klasse sal bestaan, 'n onderwysprogram aange=bied sal word wat direk en spesifiek op hul lewenswerk=likheid gerig sal wees en wat sal afsluiting vind in 'n senior klas vir ongeveer sestien- tot agtienjariges</u>;

4. <u>dat handvaardigheidsonderrig in hierdie studiekursus sterk beklemtoon sal word (dit wil sê voordat met spesifieke handvaardigheidsopleiding as beroepsopleiding 'n begin gemaak word) en dat van ongeveer dertien- tot veertienjarige ouderdom af met spesifieke beroepsoplei=ding (vakopleiding) in 'n handvaardigheidsrigting begin sal word</u>.

c. <u>Studiekursus vir domnormale blinde kinders</u>

Afgesien van die blinde leerlinge aan die Skool vir Blindes wat vanuit Hulpklasse (verbonde aan die primêre afdeling) na die Vakafdeling oorgeplaas word, is ook gewys op blinde leerlinge wat vanuit die sekondêre afdeling (veral vanuit standerds 6 en 7) na die Vakafdeling vir opleiding in 'n handvaardigheidsrigting (vakopleiding) oorgeplaas word. Hierdie leerlinge wat wel die primêre afdeling suksesvol deurloop het, ondervind probleme om in die sekondêre afdeling tereg te kom (kyk 17.2.1). Daar is

dan ook gewys op probleme wat ten aansien van die onderrig van hierdie kinders in die sekondêre afdeling ondervind word veral wat betref die onderrig van die vakke Wiskunde, Natuur- en Skeikunde en Tik (kyk 16.2.3 b ).

Waar hierdie blinde leerlinge nie daarvoor aspireer en ook nie oor die moontlikhede beskik om die Nasionale Senior Sertifikaat te verwerf nie, is dit onverantwoord om van hulle te verwag om leerinhoude te bemeester wat juis tot die verwerwing van sodanige sertifikaat lei. Daar word dus voor oë gestel dat vir hierdie kategorie blinde kinders, dit wil sê dié wat besondere probleme ondervind om op sekondêre onderwysvlak tereg te kom, na vol= tooiing van standerd 5 in 'n afsonderlike praktiese beroepsgerigte studiekursus voorsiening gemaak sal moet word. Waar hierdie leerlinge egter wel die primêre afdeling kan deurloop, sal op hiérdie vlak steeds vir afsonderlike ortopedagogiese en -didak= tiese hulpverlening (die huidige "aanpassingsklasse") voor= siening gemaak moet word (veral ten aansien van Rekenkunde en die twee amptelike tale). Dié leerlinge wat gedurende hul primêre skooljare vir die eerste keer tot die afdeling vir blin= des toegelaat word, kan dan ook by hierdie klasse vir aanvank= like onderrig in veral braille en tikskrif, ingeskakel word.

Soos daarop gewys (kyk 3.8 en 3.10), ondervind die blinde persoon besondere probleme om hom as selfstandige persoon te oriënteer in 'n wêreld waarin die visuele oorheers en tot selfstandige taakvervulling te kom. Dit is dus belangrik dat in hierdie kur= sus voorsiening gemaak sal word vir etlike jare van vormende onderwys en beroepsopleiding waardeur verseker kan word dat hierdie kinders by skoolverlating wel in die wêreld van die vol= wassene tereg sal kan kom.

Ten slotte moet aan leerlinge wat probleme ondervind om op junior sekondêre skoolvlak (standerds 6 en 7) tereg te kom, ook die geleentheid gebied word om na hierdie praktiese beroepsgerigte studiekursus oor te skakel. Selfs leerlinge wat standerd 8 in die senior sekondêre skoolfase geslaag het en nie aspireer om die Nasionale Senior Sertifikaat te verwerf nie, moet na die praktiese beroepsgerigte kursus oorgeplaas kan word. Hierdie leerlinge wat nie in die domnormale kategorie val nie, sal veral met die oog op spesifieke beroepsopleiding na die senior klas(se) in hierdie studiekursus oorgeplaas word.

Aanbevelings

In die lig van die problematiese gesitueerdheid van die domnor= male blinde kind word aanbeveel -

1. <u>dat hierdie kinders so vroeg as moontlik in die primêre skool geïdentifiseer sal word met die oog op die voorsiening in hul individuele behoeftes (vir kriteria van uitkenning - kyk aanbeveling 21.11.4 b 2 );</u>

2. <u>dat hierdie kinders tot standerd 5 in die gewone klasse sal aanbly en dat by wyse van bekwaamheidsgroepering in aparte homogene klasgroepe, intraklasgroepering, differensiasie in werktempo, ortopedagogiese en -didaktiese hulpverlening en die benutting van geleent=hede vir indiwidualisering verseker sal word dat hulle wel in die skoolsituasie tereg sal kom;</u>

3. <u>dat leerlinge wat nie voldoende voordeel uit die sekondêre onderwysprogram kan trek nie, na voltooiing van standerd 5 (of ook in 'n latere stadium) na 'n praktiese beroepsgerigte kursus oorgeplaas sal word;</u>

4. <u>dat die basiese studiekursus drie jaar sal duur (van standerd 6 tot standerd 8), terwyl voorsiening gemaak sal word vir 'n vierde (standerd 9) en vyfde (standerd 10) studiejaar gesien as spesialiserings- en afrondings=jare;</u>

5. <u>dat afgesien van vak- en beroepsopleiding, ook vir 'n deurlopende, vormende onderwysprogram voorsiening ge=maak sal word, en</u>

6. <u>dat die leerinhoud van hierdie studiekursus ooreenkomstig die persoonsmoontlikhede van en beroepsmoontlikhede vir hierdie kategorie blinde kinders beplan sal word.</u>

d. <u>Onderwysvoorsiening ten aansien van gemiddelde en begaafde blinde kinders op sekondêre skoolvlak</u>

1. <u>Die junior sekondêre skoolfase</u> (standerds 5 tot 7)

Die oorplasing van blinde leerlinge, na voltooiing van standerd 5 of in 'n latere stadium, na 'n praktiese beroepsgerigte studie=kursus impliseer dat van die veronderstelling uitgegaan word dat leerlinge wat die junior sekondêre skoolfase deurloop, oor die algemeen wel aspireer asook oor die moontlikhede beskik om die senior sekondêre skoolfase te deurloop en die Nasionale Senior Sertifikaat te verwerf. Die junior sekondêre skoolfase word dus as <u>oriënterings- en verkenningsjare</u> beskou voordat die leerling in die senior sekondêre skoolfase 'n studierigting oor=eenkomstig sy bekwaamheid, belangstelling en aanleg gaan volg.

Waar die leerlinge egter nog nie 'n spesifieke beroepsgerigte kursus gekies het nie en die leerlinge gedurende die puberteits= fase as "oorgangsfase" 'n besondere behoefte aan leiding ten aan= sien van persoonswording het, word ook die vormende aspek van die onderwys gedurende hierdie skoolfase sterk beklemtoon (kyk 53, bl. 177-178).

Aanbevelings

In die lig van die besondere gesitueerdheid van die kind geduren= de die puberteitsfase (die junior sekondêre skoolfase, dit wil sê standerd 5 tot standerd 7) word aanbeveel -

(a) dat die kurrikulum van die junior sekondêre skoolfase voorsiening sal maak vir vormende onderwys om die leerlinge die geleentheid te gee om kennisinhoude en vaardighede te verwerf wat as basiese werktuie noodsaak= lik is om sin en betekenis aan die lewenswerklikheid te gee;

(b) dat die kurrikulum voorsiening sal maak vir sowel 'n verpligte vormende program as 'n groep verpligte en keusevakke om aan die leerlinge die geleentheid tot verkenning van studierigtinge te bied;

(c) dat al die vakke ongedifferensieerd aangebied sal word, dit wil sê op dieselfde vlak;

(d) dat veral ook in hierdie drie standerds by wyse van onder andere intraklasgroepering en die benutting van geleent= hede vir indiwidualisering gepoog sal word om te verseker dat elke leerling ooreenkomstig sy besondere moontlikhede sal vorder, en

(e) dat leerlinge in die geleentheid gestel sal word om, indien wenslik, na die praktiese beroepsgerigte studiekursus oorgeplaas te word.

2. Die senior sekondêre skoolfase (standerds 8 tot 10)

As finale skoolfase is dit belangrik dat leerlinge wat hierdie senior sekondêre skoolfase betree, ooreenkomstig hul bekwaam= heid, aanleg en belangstelling 'n studierigting sal kies wat aansluiting sal vind by beroepsopleiding wat aan tersiêre op= leidingsinrigtings (of aan die Skool vir Blindes self) aangebied word. Waar dit die geval is dat sommige blinde leerlinge in 'n sekere studierigting besonder goed presteer (byvoorbeeld musiek)

en in 'n ander minder bekwaam is (byvoorbeeld die natuurweten=skappe), is dit sinvol dat hierdie verskille in ag geneem sal word by wyse van differensiasie in studierigtinge en die aan=bieding van vakke op verskillende vlakke. Sodanige praktyk stel die leerling in die geleentheid om sy "sterker vakke" op 'n hoër vlak en sy "swakker vakke" op 'n laer vlak (kruisgroepering) aan te bied. Soos daarop gewys, word in die hersiene universiteits=toelatingsvereistes van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad (GMR) onder andere vereis dat 'n kandidaat minstens drie vakke, insluitende een van die amptelike tale, op 'n hoër vlak moet slaag (kyk 16.2.4 d ).

Die aanbieding van vakke op meer as een vlak (gedifferensieerde sillabusse) stel die leerling in die geleentheid om in elke vak ooreenkomstig sy bekwaamheid vakonderwys te ontvang (kruis=groepering), om in dié vakke wat aansluiting vind by die oplei=ding wat hy op naskoolse vlak gaan deurloop 'n hoë standaard te handhaaf en dra daartoe by dat meer leerlinge standerd 10 kan bereik en slaag. Dit is dus noodsaaklik dat beroepsgerigte onderwys op senior sekondêre skoolvlak aangebied word wat im=pliseer dat die leerling 'n vakkombinasie aanbied wat op 'n spesifieke beroepsrigting dui waarin hy op naskoolse vlak op=leiding gaan ontvang. In die senior sekondêre skoolfase is daar dus 'n klemverskuiwing van algemene onderwys na beroeps=gerigte onderwys.

Wat betref die studierigtinge wat in die senior sekondêre skool=fase aan die Skool vir Blindes aangebied sal word, moet hierdie studierigtinge beplan word in die lig van die naskoolse beroeps=opleidingsmoontlikhede en beroepsmoontlikhede wat daar vir blindes bestaan (dit wil sê sy beroepswerklikheid). Die beroeps=gerigte vakke wat in die verskillende studierigtinge aangebied sal word, moet dus sodanig gekies word dat hulle verband hou met beroepe wat vir blindes toeganklik is. Die studierigtinge wat aangebied sal word, moet ooreenkomstig die aankondiging van die Minister van Nasionale Opvoeding (kyk 16.2.4 c ) uit die volgende gekies word:

(a) Tegniese studierigting;

(b) handelstudierigting;

(c) landboustudierigting;

(d) natuurwetenskaplike studierigting;

(e) geesteswetenskaplike studierigting;

(f) kunsstudierigting (met inbegrip van musiek, drama,

ballet en beeldende kuns,

(g) huishoudkundestudierigting, en

(h) algemene studierigting.

Aanbevelings

Ten aansien van die onderwysvoorsiening aan blinde leerlinge in die senior sekondêre skoolfase word aanbeveel –


(a) dat leerlinge na voltooiing van standerd 7 'n spesifieke beroepsgerigte studierigting sal kies wat deur die kombinasie van vakke in die studierigting aangedui word;

(b) dat hierdie studierigtinge aansluiting sal vind by voortgesette beroepsopleiding wat vir blindes toeganklik is, dit wil sê opleidingskursusse aan tersiêre opleidingsinrigtings en opleidingskursusse wat aan die Skool vir Blindes self aangebied word;

(c) dat die vakke wat in die senior sekondêre skoolfase aangebied word (na gelang van die wenslikheid daarvan wat betref spesifieke vakke) op 'n hoër en standaard vlak aangebied sal word en leerlinge ooreenkomstig hul moontlikhede 'n spesifieke vak op 'n hoër of standaard vlak sal aanbied (leerlinge wat aspireer om by skoolverlating tot 'n universiteit toe te tree, sal noodwendig hul vakke ooreenkomstig die vereistes van die GMR moet kies), en

(d) dat leerlinge in die senior sekondêre skoolfase, veral na voltooiing van standerd 8, steeds in die geleentheid gestel sal word om vir spesifieke beroepsopleiding na die praktiese beroepsgerigte studiekursus oor te skakel.

21.11.5 Diagrammatiese voorstelling van die struktuur van die voorgestelde onderwysstelsel vir blindes



## 21.12 MOTIVERINGS EN AANBEVELINGS INSAKE ASPEKTE VAN DIE ONDERWYSPROGRAM AAN SKOLE VIR BLINDES

### 21.12.1 Motiverings en aanbevelings insake die kurrikula aan skole vir blindes

a. Enkele beginsels wat kurrikulumbeplanning onderlê

Die primêre skool as basisskool is by uitstek die plek waar basiese kennis en vaardighede respektiewelik aangebied en bemeester asook betekenisvolle opvoedingswerk gedoen word. Daarom is dit noodsaaklik dat elke leerling wat enigsins daartoe in staat is, die basiese kennis en kundighede wat op primêre vlak aangebied word, sal bemeester. Op primêre skoolvlak is daar dan ook nie sprake van vakkeuses nie.

Die kurrikulum moet voorsiening maak vir kennisinhoude wat direk en spesifiek kennis aangaande die religieus-etiese, die staats=burgerlike, die estetiese en die kulturele, as komponente van volwassenheid aan die leerling oordra. Met sodanige verpligte vormende program (verpligte vakke as kernkurrikulum) word dan in die verskillende fases van die kind se skoollewe 'n bepaalde vorming en oriëntering beoog.

Leerlinge moet ook in die sekondêre skool in die geleentheid ge=stel word om op grond van hul bekwaamheid, aanleg en belangstel=ling (hul indiwiduele andersheid) 'n kurrikulum te volg wat hulle tot volle ontplooiing sal laat kom. Voorts moet die kurrikulum aansluiting vind by naskoolse beroepsopleiding omdat die leerling in die arbeidsbestel tot sinvolle taakvervulling kom (53, bl. 169, 177-179).

b. Die kurrikula ten aansien van die primêre skool

Wat betref die kurrikula ten aansien van die primêre skool word dit in die lig van voorafgaande as noodsaaklik geag dat aan skole vir blindes voortgegaan sal word met die aanbieding van verpligte nie-eksamen- en eksamenvakke as die basiese, vormende onderwys=program.

Soos daarop gewys (kyk 16.2.2 c ), word die vakke in die grade aan die Prinshofskool in ooreenstemming met die voorskrifte en leerplanne van die Transvaalse Onderwysdepartement aangebied. Indien wenslik, word sekere aanpassings gemaak. Daarenteen volg die primêre afdeling aan die Skool vir Blindes die voorskrifte van die Kaaplandse Onderwysdepartement en ook hier geld 'n beson=dere wendbare benadering. Aangesien blinde kinders aan die Prinshofskool na voltooiing van graad 2 na die Skool vir Blindes

oorgeplaas word, is dit noodsaaklik dat verseker sal word dat daar nie verskille sal wees ten aansien van vakke en sillabusse wat aangebied word nie, ten einde die oorplasing en die her=oriëntering van die leerlinge te vergemaklik.

Aanbeveling

In die lig van probleme wat die oorplasing van jong blinde kind=ders van die Prinshofskool na die Skool vir Blindes kan meebring, word aanbeveel dat by wyse van skakeling tussen hierdie twee skole en koördinering deur die Departement van Nasionale Op=voeding verseker sal word dat die vakke en leerinhoude wat onder=skeidelik in die grade aan die Prinshofskool te Pretoria en die substanderds aan die Skool vir Blindes te Worcester aangebied word, ooreenstemmend sal wees.

c. Kurrikula ten aansien van die studiekursus vir lig tot matig verstandelik gestremde kinders

Daar is op gewys dat die kurrikula wat in die aanbevole studie=kursus vir lig tot matig verstandelik gestremde blinde kinders aangebied word, vir vormende onderwys voorsiening moet maak, prakties gerig en konkreet van aard en in besonder op die lewens=werklikheid van hierdie kinders toegespits moet wees (kyk 21.11. 4 b ). Wanneer hierdie kinders op ongeveer 13-of 14-jarige ouderdom met spesifieke opleiding in 'n handvaardigheidsrigting begin (as voorbereiding vir toetrede tot beskutte werkswinkels vir blindes), moet 'n vormende onderwysprogram steeds 'n integre=rende deel van die kursus vorm. In besonder moet vir sover as wat dit moontlik is aan hierdie kinders hulp verleen word om tot verwerkliking van 'n selfstandige en selfvervullende bestaanswyse te kom.

Aanbeveling

Ten aansien van die afsonderlike studiekursus vir lig tot matig verstandelik gestremde blinde kinders word aanbeveel dat die kurrikula vir die verskillende opeenvolgende klasgroepe uit die volgende vakke saamgestel sal word:

1. Vormende program

Godsdiensonderrig;

Liggaamlike Opvoeding;

Werklikheidsoriënteringsonderrig;

Estetiese Opvoeding (waarby onder andere Kuns, Musiek en

Sang ingesluit is);

Handwerk;

Huisbestuur (die verrigting van huishoudelike take);

Moederkunde en Gesondheidsopvoeding;

Brailleonderrig;

Praktiese Afrikaans;

Praktiese Engels;

Praktiese Rekene;

Geskiedenis (Omgewingsleer);

Elementêre Algemene Wetenskap;

Tik (prakties).

2. Vakopleiding

Opleiding in een of meer van die volgende handvaardigheids= rigtinge -

Rottangwerk;

Brei- en Weefwerk;

Elementêre masjienoperateurswerk;

Elementêre monteerwerk;

Elementêre verpakking, en

Elementêre stoffeerwerk.

d. Kurrikula ten aansien van die studiekursus vir domnormale blinde kinders

In die lig van die opvoedings- en onderwysproblematiek van die domnormale blinde kind is aanbeveel dat hierdie kinders wat nie voldoende voordeel uit die sekondêre onderwysprogram kan trek nie na voltooiing van standerd 5, of moontlik ook in 'n latere stadium van hul skoolloopbaan, na 'n prakties beroepsgerigte kursus (wat oor minstens drie jaar strek en ook vir 'n vierde en vyfde jaar as spesialiserings- en afrondingstydperk voorsiening maak) oorgeplaas sal word. Voorts is aanbeveel dat afgesien van 'n algemeen vormende onderwysprogram, ook vir beroepsopleiding voorsiening gemaak sal word en dat die omvang en die aard van die leerinhoud ooreenkomstig die persoonsmoontlikhede van hierdie kinders en die beroepsmoontlikhede wat vir domnormale blinde

kinders bestaan, beplan sal word (kyk 21.11.4 c ). Soos in die geval van die lig verstandelik gestremde blinde kind, trouens in die geval van alle blinde kinders, moet ook wat betref dom=normale kinders besondere klem op selfstandigheidsontplooing gelê word om hulle sodoende tot selfstandige taakaanvaarding en 'n selfverwerklikende bestaanswyse te lei (kyk 10.2.3 en 10.3.3).

Soos daarop gewys, word die verwerwing van die Nasionale Junior Sertifikaat as 'n vereiste gestel vir opleiding in telefonie en klavierstem- en klavierherstelwerk en word slegs leerlinge wat die Nasionale Senior Sertifikaat verwerf het, tot die Sekreta=riële Kursus wat deur die skool aangebied word, toegelaat (kyk 17.2.2). Blinde leerlinge wat dus na die praktiese beroepsge=rigte kursus oorgeplaas sou word voordat hulle standerd 8 in die senior sekondêre afdeling deurloop het, sal nie vir oplei=ding in telefonie en klavierstem- en klavierherstelwerk kwalifi=seer nie. Dit is dan ook van belang dat die moontlikheid onder=soek sal word om sommige van hierdie leerlinge (dié wat oor die moontlikhede beskik) wel in telefonie, klavierstem- en klavier=herstelwerk en sekere aspekte van sekretariële werk op te lei.

Aanbevelings

Wat betref die studiekursus vir domnormale leerlinge, word aan=beveel dat die kurrikula vir die verskillende standerds (stan=derds 6, 7, 8, 9 en 10) uit die volgende vakke saamgestel sal word:

1. Vormende onderwysprogram

*Godsdiensonderrig;

*Liggaamlike Opvoeding;

*Estetiese Opvoeding (byvoorbeeld Sang, Musiek en Kuns);

Huisbestuur (die verrigting van huishoudelike take);

Moederkunde en Gesondheidsopvoeding;

*Afrikaans (Eerste of Tweede Taal);

*Engels (Eerste of Tweede Taal);

Geskiedenis/Aardrykskunde;

Praktiese Wiskunde;

* Hierdie vakke sal in elk van die verskillende standerds aange=bied moet word.

Algemene Wetenskap;

Tik (prakties), en

Brailleonderrig (na behoefte).

2. Beroepsopleiding (en Vakopleiding)

(a) Handelsrigting (seuns en meisies)

Tik (prakties), insluitende bandmasjientikwerk;

Telefonie (slegs vanaf die vierde jaar van die kursus);

Besigheidsmetodes (prakties), en

Verkoopkuns.

(b) Tegniese rigting

Breiwerk (meisies);

Weefwerk (meisies);

Elementêre masjienoperateurswerk en ligte metaalwerk (seuns);

Elementêre houtbewerking (seuns);

Klavierstem- en klavierherstelwerk (seuns);

Brailledruk- en -skryfwerk, en

Besigheidsmetodes (prakties).

Waar toepaslik, moet sowel werkswinkelpraktyk as -teorie aangebied word.

e. Kurrikula ten aansien van die junior sekondêre skoolfase

In die junior sekondêre skoolfase (standerds 5 tot 7) wat veral as oriënterings- en verkenningsjare beskou word, en waartydens die vormende aspek van die onderwys steeds sterk beklemtoon word, word al die vakke ongedifferensieerd aangebied (kyk 21.11.4 d). In standerd 5 neem alle leerlinge dieselfde vakke, terwyl in standerds 6 en 7 geleentheid tot vakkeuses gebied word ten einde reg te laat geskied aan die oriënterings- en verkenningsinslag van hierdie periode. Leerlinge moet dan ook voorgelig word aangaande die keusevakke wat in standerds 6 en 7 aangebied word, om hul sodoende te lei om vakke te kies wat aansluiting vind by

die studierigting wat hulle beoog indien daar reeds duidelik=heid in hierdie verband verkry is. Die inskakeling van skool=voorligting as diens moet dan ook veral gedurende hierdie skool=periode sterk beklemtoon word.

Aanbevelings

In die lig van bogenoemde word die volgende kurrikula dan vir die verskillende standerds van die junior sekondêre skoolfase aanbeveel:

1. Standerd 5

Nie-eksamenvakke

Godsdiensonderrig;

Liggaamlike Opvoeding;

Estetiese Opvoeding (insluitende Sang, Musiek, Kuns en Handwerk).

Eksamenvakke

Afrikaans ( Eerste of Tweede Taal);

Engels (Eerste of Tweede Taal);

Algemene Wiskunde;

Algemene Wetenskap;

Geskiedenis/Aardrykskunde;

Tik, en

Braille-onderrig.

2. Standerds 6 en 7

Nie-eksamenvakke

Godsdiensonderrig;

Liggaamlike Opvoeding, en

Estetiese Opvoeding (insluitende Sang, Musiek en Kuns).

Verpligte eksamenvakke

Afrikaans (Eerste of Tweede Taal);

Engels (Eerste of Tweede Taal);

Algemene Wiskunde;

Geskiedenis, en

Tik.

Keusevakke

Algemene Wetenskap;

Tegniese oriëntering (Bedryfskennis en Huisvlyt);

Handelsoriëntering (inisiële verkenning van die terrein van die handel);

Aardrykskunde;

Duits;

Latyn, en

Musiek.

Minstens twee keusevakke moet geneem word, terwyl die groepering van keusevakke en die keusevakke wat in 'n sekere standerd en gedurende 'n betrokke jaar aangebied word, deur die behoeftes van die leerlinge in die lig van die eise wat sekere studierig= tinge aan hulle gaan stel, bepaal moet word.

f. Kurrikula met betrekking tot die senior sekondêre skoolfase

Daar is aangetoon (kyk 21.11.4 d ) dat blinde leerlinge na vol= tooiing van standerd 7 in die junior sekondêre skoolfase ooreen= komstig hul aanleg, belangstelling en bekwaamheid 'n beroepsgerigte studierigting moet kies wat op senior sekondêre skoolvlak aange= bied word. Hierdie studierigting moet aansluiting vind by beroepsopleiding wat vir blindes toeganklik is en wat aan ter= siêre opleidingsinrigtings asook aan die Skool vir Blindes self aangebied word. 'n Betrokke studierigting word bepaal deur 'n kombinasie van beroepsgerigte vakke (2 of meer) wat op 'n hoër of standaardvlak aangebied word. Voorts is daarop gewys dat die verskillende studierigtinge 'n gemeenskaplike kernkurrikulum moet hê waarmee 'n bepaalde vorming beoog word.

In die lig van die beroepswerklikheid (kyk 20.3.1) van die blinde moet dus 'n keuse gemaak word uit die 8 studierigtinge op senior sekondêre vlak wat deur die Minister van Nasionale Opvoeding in sy beleidsaankondiging uiteengesit is. Die keusevakke wat in die verskillende studierigtings aangebied word, sal ooreenkomstig die vereistes ten aansien van groepvakke van die Gemeenskaplike

Matrikulasieraad (GMR) met betrekking tot die verwerwing van matrikulasievrystelling en die vereistes van die Departement van Nasionale Opvoeding met betrekking tot die verwerwing van die Nasionale Senior Sertifikaat saamgestel moet word.

Aanbevelings

In die lig van die beroepswerklikheid van die blinde skoolver= later word aanbeveel dat die aanbieding van die volgende vier beroepsgerigte studierigtinge oorweeg sal word -

1. 'n Handelstudierigting;
2. 'n Geesteswetenskaplike studierigting;
3. 'n Natuurwetenskaplike studierigting, en
4. 'n Kunsstudierigting.

Voorts word op grond van die noodsaaklikheid van die aanbieding van 'n kernkurrikulum waarmee 'n bepaalde vorming beoog word en van die goedgekeurde groepvakke wat met bogenoemde studierigtinge verband hou (kyk 99b, bl. 20-22), aanbeveel dat die aanbieding van die volgende vakke oorweeg sal word -

1. Verpligte vormende program

   (a) Nie-eksamenvakke

   Godsdiensonderrig;

   Liggaamlike Opvoeding, en

   Estetiese Opvoeding (insluitende Sang, Musiek en Kuns).

   (b) Eksamenvakke

   Groep A

   Afrikaans (Eerste of Tweede Taal), en

   Engels (Eerste of Tweede Taal).

2. Keusevakke (eksamenvakke)

   Groep B

   Wiskunde (Hoër en Standaardvlak).

   Groep C

   Natuur- en Skeikunde (Hoër en Standaardvlak), en

   Fisiologie (Hoër en Standaardvlak).

Groep D

Latyn (Hoër vlak), en

Duits (Hoër vlak).

Groep E

Geskiedenis (Hoër en Standaardvlak);

Musiek (Hoër en Standaardvlak), en

Bybelkunde (Hoër en Standaardvlak).

Groep F

Bedryfsekonomie (Standaardvlak);

Tik (Standaardvlak);

Handelsreg (Standaardvlak);

Rekenaarwetenskap (Standaardvlak), en

Musiek (spesialiseringsrigting).

Die groepering van vakke in die verskillende studierigtinge en die vlak waarop 'n betrokke vak aangebied moet word, sal bepaal word deur die feit of die leerling matrikulasievrystelling beoog, en of slegs vir die verwerwing van die Nasionale Senior Sertifi=kaat geaspireer word. Met die uitsluiting van die verpligte vakke, kan die volgende groepering van keusevakke in die vier verskillende studierigtinge as voorbeelde voorgehou word:

1. Handelstudierigting (Nasionale Senior Sertifikaat)

   Tik (Standaardvlak);

   Handelsreg (Standaardvlak);

   Bedryfsekonomie (Standaardvlak), en

   Geskiedenis of Fisiologie of Musiek.

   Hierdie vakgroepering vind aansluiting by naskoolse opleiding in sekretariële werk.

2. Natuurwetenskaplike studierigting (Matrikulasievrystelling)

   Wiskunde (Hoër vlak);

   Natuur- en Skeikunde;

   Fisiologie (Hoër vlak), en

Bedryfsekonomie of Geskiedenis of Musiek.

Hierdie vakgroepering vind aansluiting by opleiding in fisioterapie.

3. Geesteswetenskaplike studierigting (Matrikulasievrystelling)

Latyn (Hoër vlak);

Handelsreg;

Geskiedenis (Hoër vlak), en

Fisiologie of Musiek.

Hierdie groepering vind aansluiting by opleiding in die regspleging.

4. Kunsstudierigting (Matrikulasievrystelling)

Musiek (Hoër vlak);

Musiek (spesialiseringsrigting);

Geskiedenis of Tik, en

Duits (Hoër vlak) of Fisiologie (Hoër vlak).

Hierdie vakgroepering vind aansluiting by naskoolse oplei= ding in musiek.

21.12.2 Leerinhoude wat aan blindes aangebied word

a. Motivering

Daar is op gewys dat tydens die opvoedings- en onderriggebeure die besondere gesitueerdheid van die blinde kind - dit wil sê die feit dat hy blind is in 'n wêreld waarin die visuele oorheers - steeds in aanmerking geneem moet word. Die eie werklikheid van die blinde kind mag dus nie afgewys word nie, aangesien dit sou beteken dat sy blindheid ontken word. Van die blinde kind moet dus nie in die eerste plek verwag word om hom soos 'n siende te gedra nie, maar sy besondere moontlikhede en beperkthede moet in ag geneem word (kyk 3.5).

Andersyds is dit die taak van die skool om die blinde kind voor te berei op inskakeling in 'n siende gemeenskap. Alhoewel blind, sal dié kind tot selfverwerkliking moet kom in 'n wêreld waarin dit in 'n groot mate as vanselfsprekend beskou word dat 'n persoon kan sien (kyk 3.4). Daar is dan ook sekere eise, veral ook ten aansien van naskoolse beroepsopleiding en beroepsbeoefening,

waaraan die blinde noodwendig sal moet kan voldoen. Die pro=blematiek van die opvoeding en onderwys van die blinde kind lê dan ook veral daarin dat 'n balans tussen hierdie pole gevind moet word. Vanselfsprekend is hierdie twee moontlikhede nie in alle konsekwensies versoenbaar nie en sal die blinde in sekere opsigte wel in die siende gemeenskap tereg kan kom, terwyl hy in ander steeds op hulpverlening (en toegewings) aangewys sal wees.

Dit kan dan gestel word dat daar gewaak moet word teen 'n benade=ring om die blinde bloot met die siende te laat kompeteer. Die klem moet in die eerste plek val op die moontlikheid van die blinde om binne die grense wat vir hom gestel is (soos daar vir alle mense grense gestel is) diensbaar en selfverwerklikend in 'n beroep in te skakel. Voorafgaande impliseer 'n gerigtheid op die blinde kind as moontlikheid, eerder as om bloot dit waartoe die siende in staat is, vir die blinde as maatstaf voor te hou.

Bogestelde beginsels moet dan veral ook wat betref sowel die leerinhoude wat aan blindes voorgehou word as die eksaminerings=praktyk toegepas word. Wat betref die situasie aan die Skool vir Blindes te Worcester is daarop gewys dat die blinde leer=linge wel besondere probleme ondervind om sekere leerinhoude te bemeester; dat die stadiger werktempo van die blinde tot gevolg het dat onderwysers probleme ondervind om die aanbieding van voorgeskrewe leerinhoude binne die beskikbare tyd af te handel; dat die blinde kind min tyd tot sy beskikking het om vir selfstandige studie in te ruim en dat sekere probleme met betrekking tot die aflê van eksamens deur blinde kinders wel ondervind word. In 'n poging om sommige van hierdie probleme die hoof te bied, word sekere aanpassings ten aansien van leerinhoude wat aan blindes aangebied word, gemaak (insluitende die weg=lating van sekere gedeeltes); word in 'n sekere mate 'n eksamen=gerigte benadering gevolg; vind die eksaminering ten aansien van leerlinge in standerds 6 tot 9 intern plaas (asook ten aansien van enkele vakke op standerd 10-vlak) met eksterne mode=rering deur die Departement van Nasionale Opvoeding en geld sekere toegewings wat betref die aflê van eksamens deur blinde leerlinge (kyk 16.2.3 d , c en e ). Alhoewel daar dus gepoog word om sekere beperkthede van die blinde kind by wyse van ge=noemde prosedures te erken, vind sommige van hierdie maatreëls op nie-amptelike grondslag plaas. Die indruk word gekry dat sommige van hierdie prosedures eerder uit nood gebore is, as wat dit in die lig van die verantwoordbaarheid daarvan, ten volle deurgevoer is.

Wat betref die praktyk in enkele skole vir blindes in oorsese lande, is daarop gewys dat gepoog word om die leerinhoud van

verskillende vakke nie drasties te laat afwyk van dié wat aan skole vir normaalsiendes aangebied word nie om daardeur te ver= seker dat blinde skoolverlaters wel aan die eise sal kan voldoen wat aan naskoolse opleidingsinrigtings, asook in die beroeps= wêreld gestel word. Nogtans word wel gepoog om sekere beperkt= hede van blinde kinders in ag te neem deur byvoorbeeld eksami= nering intern te laat geskied (met eksterne moderering), terwyl aan nie-akademiese sekondêre skole in Engeland die vergunning verleen is om die eksamenvraestelle te baseer op sillabusse wat saamgestel is in die lig van wat 'n besondere skool met die kinders wil bereik (kyk 16.3.3 a en b ).

b. Aanbeveling

In die lig van bogenoemde word aanbeveel -

1. dat leerinhoude wat aan skole vir blindes aangebied word, beplan sal word met inagneming van die noodsaak= likheid daarvan dat die eie werklikheid van die blinde nie ontken mag word nie (sonder noodwendige prysgawe van die standaard van die leerinhoud);

2. dat die eise wat aan naskoolse beroepsopleidingsinrig= tings en in spesifieke beroepe aan die blinde gestel gaan word, steeds by sodanige beplanning in ag geneem sal word, en

3. dat die sillabusse wat voorgeskryf word, die eksamens wat deur blindes afgelê word en die sertifikate wat deur hulle verwerf word, as volwaardig erken sal word met die oog op toelating tot naskoolse opleidings= inrigtings en toetrede tot 'n beroep.

21.12.3 Die saamgroepering van braillekandidate en swaksiende leerlinge (grensgevalle) in die klaskamersituasie

a. Motivering

Alhoewel braillekandidate en swaksiende leerlinge tydens die verkenningsbesoek (1971) aan die Skool vir Blindes te Worcester van standerd 7 tot standerd 10 in dieselfde klasgroepe saamge= groepeer was, sou 'n afsonderlike afdeling vir swaksiende leer= linge binne afsienbare tyd in gebruik geneem word. Volgens informasie wat ingewin is, blyk dat daar oor die algemeen saam= gestem word oor die wenslikheid van 'n praktyk waar braillekan= didate en swaksiende leerlinge wat nie as grensgevalle bestem= pel kan word nie, afsonderlik onderrig word. Die belangrikste

argument ten gunste van sodanige praktyk is dat die benadering in die leersituasie ten aansien van die 2 groepe heel verskil= lend is, aangesien die een groep veral van die taktuele as medium gebruik maak en die ander van die visuele. Aan die Skool vir Blindes word blinde en swaksiende leerlinge tot op standerd 6-vlak reeds etlike jare in afsonderlike klasgroepe onderrig, terwyl slegs twee skole in Engeland en Wallis vir sowel blinde as swaksiende leerlinge voorsiening maak. (Verder bestaan daar 18 spesiale skole vir blindes en 19 vir swaksiendes.) (25, bl. 6.)

Gewigtige argumente word egter aangevoer ten gunste van 'n prak= tyk waar braillekandidate met bruikbare gesigsreste en erg swak= siende leerlinge (grensgevalle, dit wil sê leerlinge wat vol= gens die Snellentoets 'n gesigskerpte van ongeveer 3/60 tot 7/60 het) gesamentlik en by wyse van sowel die taktuele as die visuele as medium, onderrig word. In hierdie verband is onder andere op die volgende gewys:

1. Die saamgroepering van hierdie twee kategorieë leer= linge stel die leerling in die geleentheid om in een leersituasie (byvoorbeeld tydens die aanbieding van Wiskunde) van sy gesig gebruik te maak, terwyl hy in 'n ander (byvoorbeeld tydens onafgebroke leeswerk) van braille gebruik kan maak (kyk 7.2.2 b ). Sodanige benadering impliseer dat die grensgeval nie tot 'n <u>spesifieke medium gedetermineer word nie</u>, maar dat die medium ooreenkomstig die moontlikhede (gesigsvermoë) van die leerling aangewend word.

2. Die "skeidingslyn" tussen blindes en swaksiendes in die middelgroep (dit wil sê kinders wat numeries dieselfde visuele vermoë mag hê) is dikwels baie onseker, veral omdat kinders hul gesig verskillend gebruik. Verder kan die onderwyskundige doeltreffendheid van die visuele vermoë van die gesigsgestremde kind wat 'n "grensgeval" is, in die laaste instansie slegs in die onderwyssituasie doeltreffend geëvalueer word (kyk aanbeveling 21.2.2). Gevalle van <u>foutiewe evaluering</u> van die visuele vermoë van die kind kom dus wel voor, gevolg deur foutiewe plasing as braillekandidaat of swaksiende leerling met gevolglike skadelike implikasies vir die betrokke kind.

3. Die alternatiewe gebruikmaking van visuele en taktuele metodes in die onderrigsituasie aktiveer die braille= kandidaat om steeds te "probeer om te sien" en sodoende <u>op sy bruikbare gesigsreste gerig te bly</u> (kyk 18.2.4).

Ook word die gesigsreste van die braillekandidaat (grensgeval) nie negeer en onteien nie (kyk 16.3.1).

4. Die eise wat in die onderwyssituasie en in sekere beroepsituasies aan die visuele vermoë van 'n persoon gestel word, verskil soms drasties. Dit mag dus gebeur dat 'n kind wat hom in sekere onderwyssituasies op taktuele metodes moet verlaat, in spesifieke beroep=situasies wel van sy gesig gebruik sal kan maak. Verder kan die gesigsreste van braillekandidate ook in ander situasies of in ander opsigte vir hulle van waarde wees, byvoorbeeld ten aansien van persoonlike mobiliteit.

5. Erg swaksiende leerlinge wat in die onderwyssituasie noodgedwonge hoofsaaklik van grootdruk gebruik moet maak, ondervind dikwels probleme om in die beroep=situasie waar grootdruk nie beskikbaar gestel word nie te voldoen aan die eise wat gestel word. Onderlegdheid in die gebruik van braille kan vir hierdie persone van besondere waarde wees.

Uit voorafgaande blyk die besondere betekenis van 'n praktyk waar grensgevalle deur beide taktuele en visuele metodes onderrig word. Daar is egter ook gewys op die gevaar van moontlike verwarring by die primêre skool-leerling indien gepoog sou word om hom gewone druk en braille gelyktydig te laat bemeester (kyk 16.3.1 a ).

Die saamgroepering van grensgevalle impliseer dat gesigsgestremde kinders in drie groepe verdeel word, naamlik -

1. Swaksiende leerlinge wat by wyse van visuele metodes onderrig word. Hierdie leerlinge sal in 'n groot mate met behulp van optiese hulpmiddele nog met gewone druk tereg kan kom, of indien hulle grootdruk gebruik, wel later gewone druk kan gebruik.

2. Grensgevalle (dit wil sê leerlinge met 'n gesigskerpte van ongeveer 3/60 tot 7/60) wat deur middel van beide taktuele en visuele metodes onderrig word.

3. Braillekandidate wat noodwendig op die taktuele as medium aangewys is.

Die moontlikheid van sodanige verdeling in drie kategorieë sal egter onder andere bepaal word deur die aantal leerlinge in die grensgeval-kategorie en die uitkoms op die vraag of die aantal

gesigsgestremde leerlinge drie afsonderlike klasgroepe per stan=derd regverdig.

b. Aanbeveling

In die lig van bogenoemde pedagogiese, didaktiese en beroeps=kundige oorweginge word aanbeveel dat ondersoek ingestel sal word na die moontlikheid om braillekandidate met bruikbare gesigs=reste en erg swaksiende leerlinge (grensgevalle) gesamentlik te onderrig waartydens van sowel taktuele as visuele metodes van onderrig gebruik gemaak sal word.

## 21.13 MOTIVERINGS EN AANBEVELINGS INSAKE BEROEPSOPLEIDING AAN SKOLE VIR BLINDES

### 21.13.1 Voortgesette voorberoeps- en beroepsopleiding aan skole vir blindes

a. Motivering

Afgesien van kursusse in klavierstem- en klavierherstelwerk en telefonie wat aangebied word aan kandidate wat oor die Nasionale Junior Sertifikaat beskik, bied die Skool vir Blindes te Wor=cester ook opleiding in sekretariële werk (die Sekretariële Kursus) en Musiek aan kandidate wat in besit is van die Nasionale Senior Sertifikaat. Verder word die moontlikheid om 'n kursus in programmering aan die skool aan te bied, oorweeg (kyk 17.2.2).

Die feit dat voortgesette beroepsopleiding aan die skool self aangebied word, hou verskeie voordele in waarop gewys moet word:

1. Kontinuïteit word verseker ten aansien van die oorgang van skolastiese opleiding na beroepsopleiding.

2. Die tydperk wat beroepsopleiding (of voorberoepsoplei=ding) deurloop word, dien as oriënteringstydperk wat die oorgang vanuit die beskermende opvoedingsmilieu van die skool na opleiding aan tersiêre opleidingsinrigtings of die beoefening van 'n beroep in die ope arbeid vir die kind vergemaklik.

3. Beroepsopleiding word aangebied deur personeel wat die kandidate reeds vir geruime tyd ken en bewus is van hul moontlikhede en beperkthede. Hierdie persone is ook in die geleentheid om eerstehandse inligting aan=gaande 'n kandidaat in te win, en wel by wyse van

skakeling met skoolvoorligters, onderwysers, die oftalmoloog en koshuispersoneel.

4. 'n Kandidaat kan ten aansien van die keuse van die voor=beroeps- of beroepsopleiding wat hy gaan deurloop, in die lig van 'n persoonsbeeld wat oor verloop van jare van hom opgebou is, voorgelig word.

5. Die blinde skoolverlater wat direk tot die ope arbeid gaan toetree, verlaat die skool as volwaardig opgeleide persoon wat verantwoorde beroepsplasing vergemaklik en die moontlikheid van 'n suksesvolle plasing verhoog.

b. Aanbeveling

In die lig van bogenoemde voordele wat die aanbieding van voorberoeps- en beroepsopleiding aan die skool inhou, word aan=beveel dat voortgegaan sal word om voortgesette voorberoepsop=leiding en beroepsopleiding as faset van die skoolprogram uit te bou.

21.13.2 Die aard van beroepsopleiding wat aan blindes aangebied word

a. Motivering

Daar is aangetoon dat 'n besondere beperktheid wat deur "blindheid" geïmpliseer word, die feit is dat die blinde persoon probleme ondervind om hom in 'n nuwe situasie te oriënteer. Om sy wêreld te eksploreer, te interpreteer en 'n greep daarop te verkry, is die blinde hoofsaaklik op taktuele en ouditiewe verkenning aangewys wat sekere voor-die-hand-liggende beperkinge impliseer (kyk 2.3). Voorts is gewys op die noodsaaklikheid daarvan dat die opvoedings-, onderwys- en opleidingsprogramme wat aan blin=des aangebied word, werklikheidsgerig moet wees om die latere oriëntering van die blinde (ook in die beroepsituasie) te ver=gemaklik en dat sodanige gerigtheid impliseer dat die blinde leerling nie slegs ingelig moet word aangaande dit waarmee hy gekonfronteer gaan word nie, maar daarmee moet omgaan om tot eie kennisname en stellinginname te kom (kyk 3.4).

'n Belangrike beginsel dus wat die beroepsopleiding aan blindes onderlê, is dat die opleiding noue verband moet hou met spesi=fieke eise wat in 'n beroep aan die blinde gestel gaan word. Dit is noodwendig dat ook die blinde beroepsbeoefenaar met vreemde situasies gekonfronteer sal word ten opsigte waarvan hy hom sal moet oriënteer en dat hy daarop voorberei moet word. Voorts is dit egter ook van belang dat gepoog sal word om die moontlik=heid vir die voordoen van sodanige situasies te beperk by wyse

van opleiding wat direk op die voldoening aan eise wat in spesifieke beroepe gestel word, toegespits is. Ook sal die toepasbaarheid in die beroepsituasie van die beroepsopleiding wat hy ontvang het, vir hom as "platvorm" dien wat sy oriëntering in vreemde situasies sal vergemaklik.

Dit is dus noodsaaklik dat noue skakeling deur die skool met die beroepsbestel bewerkstellig sal word om sodoende op die hoogte te bly met veranderende eise wat gestel word in beroepe waarvoor blindes opgelei word. Vir die blinde jeugdige sal dit van besondere waarde wees indien hy 'n gedeelte van sy opleiding in die praktyk self (en tussen siende werknemers) kan geniet. Sodoende sal hy geleentheid gebied word tot eie kennisname van die werksituasie, selfstandigheidsbeoefening, sosiale en beroepsoriëntering en selfevaluering. Die feit dat Worcester redelik ver van die groter sentra geleë is, is egter 'n ernstige belemmering ten opsigte van sodanige moontlikheid.

In verband met die noodsaaklikheid daarvan dat noue skakeling met die beroepsbestel bewerkstellig moet word, moet daarop gewys word dat in Engeland 'n liggaam, genoem die Industrial Advisers to the Blind (IAB) bestaan. Persone wat in hierdie liggaam dien (in 'n deeltydse hoedanigheid), word deur die Staat vergoed en word vanuit verskillende organisasies, staatsdepartemente en tegniese beroepsvelde gesekondeer om daarin te dien. Die taak van hierdie liggaam is onder andere om instansies wat vir die beroepsopleiding van blindes verantwoordelik is, te adviseer aangaande die veranderende eise waaraan blinde beroepsbeoefenaars moet voldoen. Voorts is daarop gewys dat blinde studente as deel van hul opleiding aan naskoolse sentra vir beroepsvoorligting en beroepspotensiaalevaluering in die geleentheid gestel word om op 'n tydelike basis as werknemer in 'n fabriek, winkel of kantoor tussen siende werknemers ingeskakel te word (kyk 17.3.3).

b. Aanbevelings

Op grond van die probleme wat die blinde persoon ondervind om hom ten opsigte van vreemde situasies te oriënteer en die noodwendigheid dat beroepsopleiding noue verband moet hou met die eise wat in spesifieke beroepe gestel word, word aanbeveel –

1. dat skakeling tussen instansies wat met die beroepsopleiding van blindes gemoeid is (in besonder die Skool vir Blindes te Worcester) en die verskillende beroepsektore waar blindes in diens geneem word op 'n vaste grondslag geplaas sal word, ten einde te verseker dat daar

tydens die voorberoeps- en beroepsopleiding van blindes op hoogte gebly sal word met veranderende beroepseise waaraan blindes sal moet voldoen, en

2. dat die moontlikheid ondersoek sal word om as deel van hul beroepsopleiding blinde leerlinge vir sekere tydperke op 'n tydelike basis in die beroepspraktyk in te skakel.

## 21.14 MOTIVERINGS EN AANBEVELINGS INSAKE EKSTRAKURRIKULÊRE AKTIWITEITE AAN SKOLE VIR BLINDES

### 21.14.1 Vryetydsbesteding en die sosiale inskakeling van die blinde kind

a. Motivering

Daar is gewys op die omvattende ekstrakurrikulêre program aan die Skool vir Blindes te Worcester. Hierdie program is onder andere ook daarop gerig om die waarde van deelname aan sinvolle vryetydsaktiwiteite by die jeugdige te bevestig. Nood aan die beoefening van vryetydsaktiwiteite (ook as ontspannings- en sosialiseringsaktiwiteite) is kenmerkend van alle mense en so= danige aktiwiteite is veral van besondere betekenis vir die blinde persoon wat in 'n besondere mate op "voortdurende" intel= lektuele gerigtheid en verwerking in sy daaglikse lewe aangewys is (wat noodwendig vermoeienis meebring), asook in 'n groter mate as die siende aan die moontlikheid van vereensaming bloot= gestel is (kyk 2.3; 2.6; 2.9 en 3.9).

Voorts is daarop gewys dat aan verskeie skole vir blindes in Engeland, België en Nederland die mening gehuldig word dat die sosiale inskakeling van blinde skoolverlaters in die siende ge= meenskap nie aan die "toeval" oorgelaat kan word nie (kyk 18.3.2). Lowenfeld (1967) rapporteer dat 'n toenemende aantal residensiële skole vir blindes in die VSA tot die besef kom dat dit nie alleen hul verantwoordelikheid is om kinders voor te berei op latere sosiale inskakeling in die gemeenskap nie, maar ook om aan so= danige kinders hulp te verleen ten aansien van hul eerste er= varinge in hierdie verband. Met hierdie doel voor oë word senior blinde leerlinge byvoorbeeld in die geleentheid gestel om vir die aanbieding van sekere vakke naburige openbare skole vir siendes by te woon, terwyl hulle nog aan residensiële skole vir blindes ingeskryf is (41, bl. 201).

Dit is dus nodig om die vryetydsaktiwiteite van blinde leerlinge te beplan en daar is op gewys dat onder andere die volgende

aspekte by sodanige beplanning in ag geneem moet word:

1. Die keuse van die kind ten aansien van die wyse waarop hy sy vrye tyd wil bestee, moet gerespekteer word. (Van senior blinde kinders moet ook vereis word om soms hul eie naweekaktiwiteite te beplan.)

2. Vryetydsaktiwiteite wat blindes saam met siendes kan beoefen, sal hul sosiale inskakeling in die siende gemeenskap vergemaklik. (In besonder sal geleenthede vir blinde en siende kinders om mekaar op informele wyse te ontmoet, daartoe bydra dat hulle deur spontane meelewing tot groter begrip en aanvaarding van mekaar sal kom.)

3. Vryetydsaktiwiteite wat die blinde kind na skoolverlating kan voortsit, sal hom goed te stade kom.

4. Vryetydsaktiwiteite wat blinde kinders saam met hul ouers kan beoefen, kan baie beteken ter verstewiging, uitbouing en verinnerliking van die ouer-kind-verhouding.

5. Vryetydsaktiwiteite kan ook so gekies word dat die fisiese ontwikkeling en mobiliteit van die blinde kind deur die beoefening daarvan bevorder word.

6. Vryetydsaktiwiteite kan ook beplan word dat aan blinde kinders die geleentheid gebied word om hul skeppingsmoontlikhede te verwerklik (kyk 3.11).

Ten slotte moet weer eens daarop gewys word dat <u>naweekbesoeke</u> deur blinde kinders by siende maats aan huis, aan blinde kinders die geleentheid bied om op 'n informele en natuurlike wyse persoonlike verkeer met siendes te bewerkstellig (kyk 18.2.3) en dat veral <u>rolbal</u> as ontspanningsaktiwiteit en groepsport, besondere sosialiseringsmoontlikhede inhou (ook met betrekking tot siende persone).

b. <u>Aanbevelings</u>

In die lig van die voorafgaande uiteensetting word aanbeveel -

1. <u>dat genoemde beginsels by die beplanning van die vryetydsaktiwiteite van blindes, in ag geneem sal word;</u>

2. <u>dat die moontlikheid om meer blinde kinders op 'n gereelde grondslag gedurende naweke by siende kinders aan huis te</u>

laat kuier, asook om blinde en siende kinders saam op vakansieuitstappies te neem, ondersoek sal word, en

3. dat die aanbieding van rolbal as sport aan senior blinde leerlinge aan die Skool vir Blindes oorweeg sal word.

21.14.2 Gesigstimuleringsklasse

a. Motivering

Daar is gewys op die gesigstimuleringsklasse wat aan die Skool vir Blindes aangebied word en waarmee beoog word om gesigsgestremdes te help om beter gebruik van hul gesigsreste te maak (kyk 18.2.4). Voorts is aandag gegee aan die betekenis wat die benutting van gesigsreste in besonder vir die braillekandidaat inhou en dat hy die gebruik van sy gesig eintlik as 'n prestasie beskou. Afgesien van die psigologiese waarde wat die gebruik van sy gesigsreste vir die braillekandidaat inhou, kan sy gesigsreste wat betref persoonlike mobiliteit onder andere ook in die beroepsituasie en tydens spel vir hom steeds van waarde wees (kyk 16.3.1). In hierdie verband is dan ook gewys op sekere voordele wat die saamgroepering van braillekandidate en swaksiendes (grensgevalle) in die klaskamersituasie inhou (kyk aanbeveling 21.12.3).

b. Aanbeveling

In die lig van bogenoemde en op grond van die feit dat die gesigsreste van die braillekandidaat nie ontken of onteien mag word nie, word aanbeveel dat braillekandidate (ook dié wat nie as grensgevalle beskou kan word nie) wat oor bruikbare gesigsreste beskik by gesigstimuleringsklasse ingeskakel sal word.

21.14.3 Geleenthede aan blinde kinders om hul skeppingsmoontlikhede te verwerklik

a. Motivering

Die verwerkliking van sy skeppingsmoontlikhede impliseer dat die mens outentiek aan sy menswees gestalte gee; dat hy 'n persoonlike stempel op die wyse van bestaan afdruk. Elke outentieke lewensuiting werk bevrydend aangesien die persoon hom van homself distansieer. Daar is egter op gewys dat die gesitueerdheid van die blinde persoon sekere beperkinge impliseer wat betref die moontlikheid om hom skeppend te verwerklik. Onder andere is daarop gewys dat die ondiensbaarheid van sekere dinge in die

werklikheid vir die blinde, tot gevolg het dat sy gestremdheid op hom teruggewerp word; dat die blinde in 'n besondere mate op die siende aangewys is om sy wêreld vir hom te verduidelik en te verklaar en wat 'n sekere mate van noodwendige konformiteit im= pliseer asook dat sekere terreine waarop die mens homself skeppend kan verwerklik, vir die blinde ontoeganklik is (kyk 2.4 en 2.7). Dit is dus noodsaaklik dat blinde leerlinge die geleentheid ge= bied moet word om hul skeppingsmoontlikhede te verwerklik by wyse van die beoefening van aktiwiteite wat hul in 'n besondere mate tot skeppende deelname leen en vir die blinde toeganklik is.

In hierdie verband moet daarop gewys word dat handwerk en skool= musiek wel as kurrikulêre aktiwiteit aan sowel die Skool vir Blindes as die Prinshofskool aangebied word, dat handwerk ook as opsionele ekstrakurrikulêre aktiwiteit aan senior leerlinge aan die Skool vir Blindes aangebied word en dat beoog word om kunsklasse aan hierdie skool in te stel (kyk 18.2.3). Uit die verkenning van vryetydsaktiwiteite wat aan skole vir blindes in sekere oorsese lande aangebied word, het geblyk dat in 'n mindere of meerdere mate wel aan sodanige vormingsaktiwiteite vir blinde leerlinge aandag gegee word. Onder andere word die bespeling van musiek= instrumente, dans, spraakopleiding, drama en handwerk as vrye= tydsaktiwiteite aangebied. Aan die Chorleywood College vir blinde meisies in Engeland word byvoorbeeld van alle leerlinge verwag om die een of ander musiekinstrument te bespeel (62, bl. 5).

Ten slotte moet weer eens beklemtoon word dat die mens hom op menige terrein van menslike bedrywigheid as skeppende wese kan verwerklik en dat tydens die beoefening van vele aktiwiteite op die soms sluimerende skeppingsmoontlikhede van die kind 'n beroep gedoen kan word. Daar bestaan dus nie in die eerste plek "skep= pende terreine" nie, maar wel skeppende mense.

b. Aanbevelings

In die lig van enersyds die beperkinge wat die gesitueerdheid van die blinde impliseer ten aansien van die geleentheid om sy skeppende moontlikhede te verwerklik, en andersyds die betekenis van 'n persoonlike stempel op die eie bestaanswyse te kan afdruk, word aanbeveel –

1. dat gepoog sal word om soveel blinde leerlinge as moontlik (en nie slegs dié leerlinge wat besondere aanleg in dié verband vertoon nie) by aktiwiteite te betrek wat hul veral tot skeppende deelname leen (by= voorbeeld die bespeling van musiekinstrumente en die

beoefening van ander kunsvorme);

2. dat oorweging geskenk sal word aan die moontlikheid om die onderrig van genoemde aktiwiteite ook as vormende program tydens formele klasperiodes aan te bied (Es= tetiese Opvoeding, kyk 21.12.1), en

3. dat die erkenning van die blinde kind as skeppende wese as fundamentele beginsel in die opvoeding en onderwys van blindes aanvaar sal word (en skeppende aktiwiteite dus nie beskou sal word as tot die beoefening van sekere vakke beperk te wees nie) en gepoog sal word om (onder andere) deur 'n beroep tot selfstandige stellinginname en die uitoefening van persoonlike inisiatief op die blinde kind te doen, die verwerkliking van sy skeppings= moontlikhede as lewenstyl by hom te bevestig.

21.14.4 Huweliks- en geslagsvoorligting aan blinde kinders

a. Motivering

Daar is op gewys dat waar kennis en begrip van geslagsaangeleent= hede by siendes aanvanklik hoofsaaklik visueel verwerf word, die gesitueerdheid van die blinde 'n besondere agterstand impli= seer en dat ontstellende onkunde in hierdie verband by blinde kinders en selfs ook blinde volwassenes gevind is. Die blinde seun en meisie ondervind dan ook besondere probleme om tot 'n sinvolle oriëntering ten opsigte van sy of haar rol as die man= like of vroulike persoon te kom. Afgesien van die verskaffing van inligting ten aansien van die geslagtelike, is die bevesti= ging van die regte gesindheid by die jeugdige blinde in hierdie verband van aktuele belang (dit wil sê 'n beklemtoning van die pedagogiese aspek in teenstelling met bloot die biologiese). Om die regte gesindheid by die kind tuis te bring, vereis veral ook 'n verantwoorde voorlewing deur personeel en ouers van die verhouding tussen die geslagte. Sodanige voorlewing waarmee die kind hom kan identifiseer, is vir die blinde slegs ouditief toeganklik en laasgenoemde onderstreep dus die vanselfsprekende agterstand van die blinde in vergelyking met die siende in hier= die verband (kyk 2.4 en 3.10).

Voorts is genoem dat 'n hoof van 'n skool vir blindes in België geslagsvoorligting nie as nodig ag nie, aangesien blinde leer= linge aan hierdie skool elke naweek en vakansies by hul ouers aan huis deurbring. Aangesien voorligting ten aansien van geslagsaangeleenthede in die eerste plek die verantwoordelikheid van die ouers is, kan dit dan tydens genoemde besoeke deur die

ouers behartig word. Ander skole vir blindes in België bied geslagsvoorligting op 'n geleentheidsgrondslag aan; onder andere tydens godsdiensonderrig en in 'n program van "familieopvoeding", terwyl "opvoedsters" in die koshuise dit ook aanbied. Daaren= teen bied 'n skool vir blindes in Nederland 'n volledige huweliks- en geslagsvoorligtingsprogram aan (kyk 18.3.3).

Aan die Skool vir Blindes te Worcester vind voorligting aangaande geslagsaangeleenthede hoofsaaklik op 'n geleentheidsgrondslag plaas. Oorweging is egter wel geskenk aan die moontlikheid om geslagsvoorligting as 'n faset van die Afrondingskursus (kyk 18.2.2) aan te bied.

Daar word dan aan die hand gedoen dat aan blinde seuns en meisies van ongeveer twaalfjarige ouderdom (die begin van die puberteits= fase, kyk 21.11.4 d) 'n program van huweliks- en geslagsvoorlig= ting met 'n sterk pedagogiese inslag aangebied sal word. Geskikte getroude personeel (moontlik koshuisouers) sal vir die aanbieding daarvan verantwoordelikheid moet aanvaar en sal noodwendig af= sonderlik aan seuns en meisies aangebied moet word. Voorts sal seuns (asook meisies) in die lig van die ontplooiingsfase waarin hul verkeer, saamgegroepeer moet word (of dit kan moontlik in klasverband aangebied word). Wat betref die blinde leerlinge in die studiekursusse vir onderskeidelik lig tot matig verstandelik gestremde en domnormale blinde kinders, kan oorweging daaraan geskenk word om hierdie voorligtingsprogram as 'n faset van die vak Moederkunde en Gesondheidsopvoeding (kyk aanbevelings 21.12.1 c 1 en d 1) aan te bied. Daarenteen kan die aanbieding van hierdie program aan blinde kinders in die junior en senior sekondêre afdelings moontlik as 'n faset van die Afrondingskursus aangebied word (kyk 18.2.2). Soos daarop gewys, sal die peda= gogiese inslag van hierdie program sterk moet spreek en die in= houd daarvan sal duidelik omskryf moet word. Die huweliks- en geslagsvoorligtingsprogram wat aan Bartiméus Christelijk Insti= tuut voor Blinden en Slechtzienden te Zeist (onder leiding van Heslinga en Van der Zwan) aangebied word, kan as waardevolle leidraad in hierdie verband dien. Enkele aspekte wat onder andere in 'n program van huweliks- en geslagsvoorligting aangesny sal moet word, is die volgende: Die verhouding en optrede van die twee geslagte ten opsigte van mekaar; die rol van die man as man vir die vrou, en van die vrou as vrou vir die man; die moontlik= heid van blindheid by die nageslag deur oorerwing en die morele implikasies daarvan; die taak en verantwoordelikhede van die moeder en vader in die huis en fisiologiese aspekte ten aansien van die geslagtelike.

b. Aanbevelings

In die lig van die beperkinge wat die gesitueerdheid van die blinde kind vir hom inhou veral wat betref die moontlikheid om tot 'n sinvolle oriëntering ten opsigte van sy of haar rol as man of vrou te kom, word aanbeveel -

1. dat aan blinde leerlinge vanaf ongeveer twaalfjarige ouderdom 'n program van huweliks- en geslagsvoorligting aangebied sal word;

2. dat die pedagogiese inslag van hierdie program voorop=gestel sal word, en

3. dat verkieslik geskikte getroude persone vir die aanbieding van die program verantwoordelik sal wees.

## 21.15 MOTIVERINGS EN AANBEVELINGS INSAKE BEROEPSVERKENNING, BEROEPSPLASING EN NASORG

### 21.15.1 Die uitbreiding van beroepsmoontlikhede vir blindes

a. Motivering

Gerigtheid op die toekoms is wesenlik aan menslike bestaan. Die blinde kind beleef egter 'n onsekere toekomsverwagting. Hier=die onsekerheid beleef hy (en veral die meer intelligente blinde kind) ook ten aansien van sy beroepstoekoms, veral as hy tot die besef kom dat hy moontlik nie sy beroepsaspirasies sal kan ver=werklik nie weens die beperkte beroepsmoontlikhede wat daar vir blindes bestaan en noodgedwonge moet berus in die keuse van 'n beroep wat wel vir hom toeganklik is. Sodanige situasie kan tot gevolg hê dat die sin en betekenis van sy studie vir die blinde kind verduister word en gevolglik kan sy ywer en gerigtheid ondermyn word (kyk 2.8).

Deur slegs te probeer dink aan 'n beroep wat 'n blinde sal kan beoefen, word tot die besef gekom van die beperkthede van die blinde in hierdie verband. In besonder het geblyk dat die beroepsmoontlikhede vir blinde persone wat standerd 10 suksesvol deurloop en nie beoog om tersiêre opleiding te deurloop nie, uiters beperk is (kyk 20.3.1). Dit gebeur dan ook dat sodanige leerlinge noodgedwonge beroepsopleiding in telefonie of klavier=stem- en klavierherstelwerk moet deurloop en tot een van hierdie twee beroepe moet toetree.

Uit die verkenning van beroepe wat deur blindes in Engeland,

België, Nederland en die VSA beoefen word, blyk dat soortgelyke probleme ondervind word. In die VSA waar blindes wel tot 'n redelike verskeidenheid van beroepe kan toetree, is dit opmerklik dat die meerderheid van hierdie beroepe 'n besonder gespesialiseer= de taak behels. Hieruit kan afgelei word dat by wyse van beroeps= ontleding en -evaluering daarin geslaag is om sekere beroepe sodanig te segmenteer dat blindes wel diensbaar ingeskakel kan word (kyk 20.3.2).

Om dus daarin te slaag om die beroepsmoontlikhede vir blindes hier te lande uit te brei, is dit noodsaaklik dat die samewer= king van werkgewende instansies (en veral ook van staatsdeparte= mente) verkry sal moet word, sodat by wyse van beroepsontleding en -evaluering vasgestel kan word watter take wel doeltreffend deur blindes verrig kan word. In hierdie verband moet weer eens gewys word op die ondersoek wat deur die Suid-Afrikaanse Nasio= nale Raad vir Blindes (SANRB) in samewerking met die Stadsraad van Pretoria uitgevoer word (kyk 20.2.1 d ). Die beroepsplasing= beampte van die SANRB rapporteer dat hierdie ondersoek daartoe gelei het dat verskillende beroepe (of segmente van beroepe) wat deur blindes beoefen kan word, aan die lig gestel is (onder andere beroepe as meterhersteller en -toetser, klagtebeampte, rekenaarassistent, radio-operateur en fotostatiese afdruk= assistent).

b. <u>Aanbeveling</u>

Op grond van die noodsaaklikheid dat beroepsmoontlikhede vir blindes uitgebrei moet word, word aanbeveel <u>dat die mate van sukses wat in hierdie verband by wyse van beroepsevaluering en -ontleding behaal is, onder die aandag van die beherende perso= neel van staats- en semi-staatsinstansies gebring sal word en dat soortgelyke ondersoeke in laasgenoemde werkkringe uitgevoer sal word.</u>

21.15.2 <u>Die moontlikheid van verpligte werkverskaffing aan blindes</u>

a. <u>Motivering</u>

As teenvoeter vir die beperkte beroepsmoontlikhede wat vir blin= des bestaan, word die moontlikheid van verpligte werkverskaffing dikwels geopper. Suksesvolle, verpligte werkverskaffing moet egter aan sekere vereistes voldoen.

Verantwoorde beroepsplasing impliseer dat 'n persoon ooreenkomstig sy beroepsaspirasies en persoonsmoontlikhede in 'n beroep geplaas

word. (Beperkte beroepsmoontlikhede vir blindes bemoeilik natuurlik sodanige plasing.) Om sodanige plasing te bewerk= stellig, vereis onder andere dat werkgewende instansies daarop gesteld sal wees dat blinde werknemers selfverwerklikend, produktief en diensbaar ingeskakel word (kyk 20.2.1 e 2 ). Sodoende word die blinde werknemer as moontlikheid nie misken nie. Om hierin te slaag, is dit nodig dat die werkgewer kennis sal dra van die besondere gesitueerdheid van die blinde; van sy moontlikhede maar ook van sy beperkthede as beroepsbeoefenaar. Sodanige praktyk sal die blinde in die geleentheid stel om by wyse van flinke en bekwame beroepsbeoefening groter vertroue ten aansien van sy diensbaarheid te wek. Die besluit van die Stadsraad van Pretoria om ondersoek in te stel na poste wat deur gesigsgestremde persone gevul kan word, is tekenend van 'n ver= antwoorde prosedure ten aansien van beroepsplasing (kyk 20.2.1 d ).

In sowel België as Nederland, waar wetlik vir die indiensneming van gestremde persone voorsiening gemaak word, word die stelsel nie besonder doeltreffend geag nie en word dit steeds as onont= beerlik beskou dat werkgewers persoonlik in hierdie verband ge= nader moet word (kyk 20.2.2 b ).

b. Aanbeveling

In die lig van voorafgaande besinning word aanbeveel dat prio= riteit steeds gegee moet word aan die selfverwerklikende, produktiewe en diensbare inskakeling van blindes in 'n beroep en dat die moontlikheid om werkverskaffing aan blindes wetlik te verplig, slegs sonder prysgawe van hierdie beginsels oorweeg sal word.

21.15.3 Beroepsverkenning en -plasing deur die Skool vir Blindes te Worcester

a. Motivering

Kennis van die moontlikhede en beperkthede van die voornemende gesigsgestremde beroepsbeoefenaar, van sy beroepsaspirasies en van sy oogkondisie en die beroepskundige implikasies daarvan, is onder andere voorvereistes vir verantwoorde beroepsplasing. Skoolvoorligters aan die Skool vir Blindes is dan ook in 'n besondere gunstige posisie om te verseker dat beroepsplasing op 'n verantwoorde wyse geskied. In die lig van hul intieme kennis van elke kind, van die inligting aangaande die kind wat hulle van ander personeellede inwin en van die evalueringsprogram aan die skool (onder andere word 'n omvattende persoonsbeeld van elke

kind opgebou) kan verseker word dat 'n korrekte plasing gedoen word.

Soos daarop gewys, gee die Skool vir Blindes wel aandag aan beroepsverkenning en -plasing (onder andere deur 'n skoolvoorligter en die skakelbeampte van die skool) en vind daar skakeling plaas met die SANRB, die SABWO en die Departement van Arbeid insake die beroepsplasing van blinde skoolverlaters (kyk 20.2.1 b ). Hierdie diens word egter deur hierdie personeel gelewer as 'n taak bo en behalwe hul gewone daaglikse pligte en verantwoordelikhede en dit sou van besondere waarde wees indien 'n personeellid (byvoorbeeld 'n skoolvoorligter) as 'n belangrike deel van sy pligte aan hierdie faset van hulpverlening aan die blinde skoolverlater kon aandag gee (kyk ook 20.2.2 a ). Alhoewel die relatief afgeleë ligging van die Skool vir Blindes te Worcester probleme sal skep, skep die uitgestrektheid van die land noodwendig probleme ten opsigte van die moontlikheid daarvan om 'n nasionale diens in enige sentrum te sentraliseer.

Daar word dus voor oë gestel dat 'n skoolvoorligter aan die Skool vir Blindes aangewys sal word wat as belangrike deel van sy taak, vir beroepsverkenning en die beroepsplasing van blinde (en swaksiende) skoolverlaters verantwoordelik sal wees. Dit sal dan onder andere die taak van hierdie persoon wees om by wyse van besoeke aan (en briefwisseling met) werkgewende instansies beroepsverkenning te doen; om blinde leerlinge tydens voorlopige besoeke aan werkgewende instansies asook by finale plasing te vergesel; om werkgewers in te lig oor die moontlikhede en beperkthede van die blinde persoon en van 'n spesifieke blinde skoolverlater; om, indien moontlik, nasorgwerk te doen by wyse van persoonlike besoeke (en ook by wyse van briefwisseling); om met die Departement van Arbeid, die SANRB, die SABWO en burgerlike verenigings vir blindes insake die beroepsplasing en nasorg van blinde skoolverlaters te skakel, en om hulpverlening van ander personeel verbonde aan die skool in hierdie verband te koördineer en te beplan.

b. Aanbevelings

Op grond van die waardevolle diens wat die Skool vir Blindes op die vlak van beroepsverkenning en -plasing kan lewer, word aanbeveel -

1. dat die taak van beroepsverkenning, plasing en nasorg aan 'n skoolvoorligter as 'n belangrike faset van sy pligte opgedra sal word (kyk 21.9.4 ), en

2. dat met verloop van tyd (in die lig van die doeltreffend=heid en uitbreiding van hierdie diens) oorweging geskenk sal word aan die daarstelling van 'n pos van beroeps=plasingbeampte aan die Skool vir Blindes.

21.15.4 Beroepsplasing deur die SANRB

a. Motivering

Soos daarop gewys, is sowel die Departement van Arbeid as die SANRB vir die beroepsplasing van blindes (nie noodwendig blinde skoolverlaters nie) verantwoordelik. Om genoemde redes (kyk 20.2.1 c ) doen slegs enkele blinde persone by die Departement van Arbeid om beroepsplasing aansoek en dit is dan ook nie vir dié departement sinvol om beroepsplasingbeamptes te benoem wat spesifiek vir die plasing van blindes verantwoordelik is nie. Daarenteen beskik die SANRB wel oor 'n beroepsplasingbeampte wat onderlê is in die beroepsplasing van blindes, beroepsevaluering en -ontleding doen en wat heelwat blinde persone suksesvol plaas. Dié raad ondervind egter probleme om die pos van beroepsplasing=beampte in stand te hou en hulle beskik nie oor die fondse om 'n assistent-beroepsplasingbeampte aan te stel nie. Die SANRB be=skik ook nie (soos in die geval van die Departement van Arbeid) oor takkantore wat landwyd versprei is en beroepsplasing ver=gemaklik nie, alhoewel skakeling met die SABWO en burgerlike verenigings vir blindes in ander sentra met die oog op beroeps=plasing, wel plaasvind.

b. Aanbevelings

Op grond van die feit dat die SANRB daarin slaag om te spesia=liseer in die beroepsplasing van blindes (onder andere word ook beroepsevaluering en -ontleding gedoen) en in 'n besondere mate kennis dra van die probleme waarmee die blinde beroepsbeoefenaar gekonfronteer word, word aanbeveel -

1. dat die Departement van Arbeid genader sal word om die pos van die beroepsplasingbeampte van die SANRB te subsidieer, en

2. dat die beroepsplasingbeampte van die SANRB direk met die beroepsplasingdienste van die Departement van Arbeid in die verskillende sentra insake die beroepsplasing en nasorg van blindes sal kan skakel.

21.15.5 <u>Die beskikbaarstelling van tegniese hulpmiddels aan blinde beroepsbeoefenaars</u>

a. <u>Motivering</u>

Daar is op gewys dat sekere take wat skynbaar nie deur blinde werknemers verrig kan word nie, soms wel doeltreffend deur hulle verrig kan word, indien sekere hulp aan hulle verleen word. Hierdie hulp behels die beskikbaarstelling van sekere tegniese hulpmiddels en aanpassinge wat gemaak word aan masjiene en ander apparaat waarvan hulle die operateurs is. Sodanige hulpverlening vind in die RSA nie op 'n gevestigde grondslag plaas nie en dit gebeur wel dat blinde persone as gevolg van 'n gebrek aan hulp= verlening (of 'n vertraging ten aansien van hulpverlening) in hierdie verband, nie in 'n sekere beroep geplaas kan word nie, of tereg kan kom nie.

Wat betref die situasie in sekere oorsese lande is gewys op die "Tegniese Departement" van die Royal National Institute for the Blind wat navorsing doen in verband met hulpmiddels wat blinde beroepsbeoefenaars kan help om hul werk doeltreffend te verrig. Ook die Industrial Advisers to the Blind (Engeland) waarna verwys is, ondersoek die moontlikheid om by wyse van aanpassings aan bestaande masjiene, dit vir blindes moontlik te maak om as ope= rateurs in diens geneem te word. Voorts word ook in België en die VSA spesiale voorsiening vir hulpverlening in hierdie verband gemaak (kyk 20.4.2).

b. <u>Aanbeveling</u>

In die lig van voorafgaande word aanbeveel <u>dat die Departement van Arbeid versoek sal word om, in samewerking met die SANRB (en ander belanghebbende staatsdepartemente), die Wetenskaplike Nywerheids- en Navorsingsraad (WNNR) te nader aangaande die moontlikheid om hulp te verleen insake aanpassinge aan masjiene en apparaat en die ontwerp en vervaardiging van hulpmiddels ten einde blindes in staat te stel om hul werk doeltreffend te verrig.</u>

## 22 <u>SLOTOPMERKING</u>

Hierdie studie is daarop gerig om die hele terrein van die op= voeding en onderwys van blinde leerlinge in die RSA in die blik= punt te stel. In besonder is ook die problematiek van gediffer= ensieerde onderwys vir blinde leerlinge aangesny. Knelpunte wat in die lig van die eise van 'n verantwoorde opvoedings- en onderwyspraktyk na vore gekom het, is bespreek en op grond van fundamentele pedagogiese beginsels is aanbevelings gemaak. Die implementering van genoemde aanbevelings sal daartoe bydra om te verseker dat elke blinde leerling ooreenkomstig sy besondere vermoëns in 'n siende gemeenskap tot selfverwerkliking sal kan kom.

## L I T E R A T U U R L Y S


1. AMERICAN FOUNDATION FOR THE BLIND. Facts about blindness. New York, A.F.B., 1970. (Brochure.)

2. AMERICAN FOUNDATION FOR THE BLIND. For your consideration: five careers. New York, A.F.B., 1969. (Brochure.)

3. AMERICAN FOUNDATION FOR THE BLIND. If your client is blind. New York, A.F.B., 1970. (Brochure.)

4. BAUMAN, M.K. The psychological evaluation of blind chil= dren and adults. In: INTERNATIONAL COUNCIL OF EDUCATORS OF BLIND YOUTH, Fourth quinquennial conference, Water= town, Perkins School for the Blind, August 20-27, 1967, pp. 53-69.

5. BEKKER, L.C. Hoofartikel. Rehabilitasie in Suid-Afrika 12(1), Mei 1968: 2-4.

6. BELGIË (Koninkrijk). Ministerie van Nationale Opvoeding en Cultuur. Buitengewoon Onderwijs: Onderwijs voor blinden. Brussel, 1963. (Brochure 2.)

7. BENNETT, J. Fasiliteite en hulpmiddels vir blindes. Rehabilitasie in Suid-Afrika 12(1), Mei 1968: 21-26.

8. BIESENBACH, P.E. Die Blinde-Instituut te Worcester. Stellenbosch, Universiteit van Stellenbosch, 1945. (D.Ed.-proefskrif, deel 1.)

9. BIESENBACH, P.E. Die Blinde-Instituut te Worcester. Stellenbosch, Universiteit van Stellenbosch, 1945. (D.Ed.-proefskrif, deel 2.)

10. BIGOT, L.C.T. Het Kind. Groningen, J.B. Wolters, 1959.

11. BLINDES se reis. Rapport. 25 Maart 1973: 13.

12. BONEKAMP, A. Milieu-moeilijkheden. Haarlem, De Toorts, 1962.

13. BROWN, M.S.C. Measurement of scholastic attainment in England. In: INTERNATIONAL COUNCIL OF EDUCATORS OF BLIND YOUTH, Fourth quinquennial conference, Watertown, Perkins School for the Blind, August 20-27, 1967, pp. 80-85.

14. DE VRIES, A. Het leed van de gezichtsstoornis. In: BARTIMÉUS INSTITUUT VOOR BLINDE EN SLECHTZIENDE KINDEREN. Tussen licht en donker. Laren, Blitz, 1964, pp. 5-8.

15. DE VRIES, D. Mijn weg in de wereld, mijn werk en leven. In: BARTIMÉUS INSTITUUT VOOR BLINDE EN SLECHTZIENDE KINDEREN. Tussen licht en donker. Laren, Blitz, 1964, pp. 60-69.

16. DI FRANCESCO, J. The teaching of music to blind children. In: INTERNATIONAL COUNCIL OF EDUCATORS OF BLIND YOUTH, Fourth quinquennial conference, Watertown, Perkins School for the Blind, August 20-27, 1967, pp. 248-255.

17. DORNER, E. Status of Literacy through Braille in the Federal German Republic. In: INTERNATIONAL COUNCIL OF EDUCATORS OF BLIND YOUTH, Fourth quinquennial conference, Watertown, Perkins School for the Blind, August 20-27, 1967, pp. 170-181.

18. FEDERAL FUNDS. Breakthrough in early education of handi= capped children. American Education 6(1), Jan. - Feb. 1970: 34-35.

19. FEYT, M. Verslag van oorsese studiereis. Worcester, Skool vir Blindes, 1968. (Ongepubliseerd.)

20. GARBE, H. Testing blind children: problems and results. In: INTERNATIONAL COUNCIL OF EDUCATORS OF BLIND YOUTH, Fourth quinquennial conference, Watertown, Perkins School for the Blind, August 20-27, 1967, pp. 45-52.

21. GERICKE, J.S. Sielkundige-pedagogiese aspekte van die ontwikkeling van die visueel gestremde kind. Referaat gelewer by Nasionale konferensie oor die gestremde kind, Pretoria, Universiteit van Pretoria, 27-31 Maart 1967, pp. 95-104.

22. GOURLAY, N. Toetse vir die bepaling van die intelligensie en opvoedbaarheid van die gestremde kind. Referaat gelewer by Nasionale konferensie oor die gestremde kind, Pretoria, Universiteit van Pretoria, 27-31 Maart 1967, pp. 121-127.

23. GOUWS, S.J.L. Die affektiewe nood van die gestremde kind. Referaat gelewer by Nasionale konferensie oor die gestremde kind, Pretoria, Universiteit van Pretoria, 27–31 Maart 1967, pp. 31–39.

24. GOUWS, S.J.L. Die antropologiese-pedagogiese agtergrond van ortodidaktiek. Pretoria, Haum, 1962.

25. GREAT BRITAIN. Committee of enquiry appointed by the Secretary of State for Education and Science in October, 1968. The education of the visually handi= capped. London, Her Majesty's Stationery Office, 1972.

26. HESLINGA, C. On the activities of daily living, especial= ly in connection with residential schools. In: INTERNATIONAL COUNCIL OF EDUCATORS OF BLIND YOUTH, Fourth quinquennial conference, Watertown, Perkins School for the Blind, August 20–27, 1967, pp. 107–117.

27. HESLINGA, K. Het internaat voor blinde kinderen. In: BARTIMÉUS INSTITUUT VOOR BLINDE EN SLECHTZIENDE KINDEREN. Tussen licht en donker. Laren, Blitz, 1964, pp. 34–40.

28. HESLINGA, K. Met vaste hand. Arnhem, Van Loghum Slaterus, 1968.

29. HESLINGA, K. en TIEMAN, G. Blindness and sexuality. Zeist, Bartiméus Institute for the Blind, 1968. (Studiestuk.)

30. HIJMANS VAN DEN BERGH, A.H. Het slechtziende kind en de psycholoog. In: BARTIMÉUS INSTITUUT VOOR BLINDE EN SLECHTZIENDE KINDEREN. Tussen licht en donker. Laren, Blitz, 1964, pp. 81–87.

31. INTERNATIONAL COUNCIL OF EDUCATORS OF BLIND YOUTH. The ICEBY Educator 4(2), June 1971: 1–2.

32. INTERNATIONAL COUNCIL OF EDUCATORS OF BLIND YOUTH. Fourth quinquennial conference, Watertown, Perkins School for the Blind, August 20–27, 1967, pp. VII-IX.

33. JOINT MATRICULATION BOARD. Revised matriculation requirements, approved by the Board at its meetings held in July 1970, January 1971 and July 1971. (Studiestuk.)

34. KAPP, J.A. Die pedagogiese vorming van die dowe kind in affektiewe perspektief. Pretoria, Universiteit van Pretoria, 1970. (D.Ed.-proefskrif.)

35. KERSHAW, J.D. Handicapped children. London, William Heinemann, 1966.

36. KOOYMAN, W.J.J. Physical education for blind children. In: INTERNATIONAL COUNCIL OF EDUCATORS OF BLIND YOUTH, Fourth quinquennial conference, Watertown, Perkins School for the Blind, August 20-27, 1967, pp. 98-106.

37. KRUGER, E.J.J. Ons produktiewe blindes. Rehabilitasie in Suid-Afrika 12(1), Mei 1968: 5.

38. KRUGER, E.J.J. The working blind. In: S.A. BLIND WORKERS' ORGANISATION. 25th Jubilee Brochure. Johannesburg, 1971.

39. KWANT, R.C. Fenomenologie van de taal. Utrecht, Het Spectrum, 1967.

40. LANDMAN, W.A. en Gouws, S.J. Inleiding tot die Funda= mentele Pedagogiek. Johannesburg, Afrikaanse Pers Boekhandel, 1969.

41. LOWENFELD, B. 'n Omvattende program vir blinde kinders en vir die jeug volgens ondervinding in die VSA. Referaat gelewer by Nasionale konferensie oor die gestremde kind, Pretoria, Universiteit van Pretoria, 27-31 Maart 1967, pp. 199-207.

42. LOWENFELD, B. Voorsiening in die behoeftes van die blinde kind. Referaat gelewer by Nasionale konferensie oor die gestremde kind, Pretoria, Universiteit van Pretoria, 27-31 Maart 1967, pp. 173-181.

43. MALLO, M.D. Die Nasionale Heraanpassingskomitee en Beroepsraad. Rehabilitasie in Suid-Afrika 12(1), Mei 1968: 12-15.

44. MYERS, S.O. Blind slow learners. In: INTERNATIONAL COUNCIL OF EDUCATORS OF BLIND YOUTH, Fourth quinquen= nial conference, Watertown, Perkins School for the Blind, August 20-27, 1967, pp. 256-276.

45. NOLAN, C.Y. and DAVIS, C.J. Measurement of scholastic attainment with standardized tests. In: INTERNATIONAL COUNCIL OF EDUCATORS OF BLIND YOUTH, Fourth quinquennial conference, Watertown, Perkins School for the Blind, August 20-27, 1967, pp. 86-92.

46. PAUW, J.C. Mobiliteit en oriëntasie. Referaat gelewer by derde konferensie oor die onderwys van blindes en swaksiendes, Pretoria, Prinshofskool, 23-26 Junie 1969, pp. 123-132.

47. PAUW, T. Die ouer en sy gesigsgestremde kind. Referaat gelewer by derde konferensie oor die onderwys van blindes en swaksiendes, Pretoria, Prinshofskool, 23-26 Junie 1969, pp. 138-148.

48. PEACH, P.P. Die swaksiende persoon in Suid-Afrika. Referaat gelewer tydens die 21ste Tweejaarlikse konferensie van die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Blindes, Johannesburg, 25-27 Oktober 1972.

49. PEACH, P.P. Die vertraagde blinde. Referaat gelewer by tweede konferensie oor die onderwys van blindes en swaksiendes, Worcester, Skool vir Blindes, 12-15 April 1966, pp. 76-84.

50. PRETORIA (Stadsraad). Nuusbrief 11(12), Februarie 1974.

51. PRINSHOFSKOOL. Jaarverslag vir die tydperk 1 Julie 1968 tot 30 Junie 1969. Pretoria, 1969.

52. PRINSHOFSKOOL. Jaarverslag vir die tydperk 1 Julie 1971 tot 30 Junie 1972. Pretoria, 1972.

53. RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING (Suid-Afrika). Instituut vir Opvoedkundige Navorsing. Verslag van die Komitee vir Gedifferensieerde Onderwys en Voorligting insake 'n Nasionale Onderwysstelsel vir die Republiek van Suid-Afrika en vir Suidwes-Afrika. Pretoria, 1970.

54. RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING (Suid-Afrika). Instituut vir Statistiese Navorsing. Opname insake die bevordering van leerlinge. Pretoria, 1970.

55. RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING (Suid-Afrika). Instituut vir Psigometriese Navorsing. Verslag van vergadering insake navorsing ten opsigte van gesigs=gestremdes gehou op 11 Augustus 1971, Pretoria, 1971.

56. RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING (Suid-Afrika). Instituut vir Opvoedkundige Navorsing. Hulpmiddele in skoolse verband. Pretoria, 1972.

57. ROWLAND, W. The attitude of the public towards the blind. Lighthouse Magazine 2, 1970: 9-18.

58. ROWLAND, W. Oorsese studiereis van die skakelbeampte. Referaat gelewer tydens die 21ste Tweejaarlikse konferensie van die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Blindes, Johannesburg, 25-27 Oktober 1972.

59. ROYAL NATIONAL INSTITUTE FOR THE BLIND. The blind in commerce. London, 1970.

60. ROYAL NATIONAL INSTITUTE FOR THE BLIND. The British Talk=ing Book Service for the Blind. London, 1971.

61. ROYAL NATIONAL INSTITUTE FOR THE BLIND. The care of young blind children. London, 1971.

62. ROYAL NATIONAL INSTITUTE FOR THE BLIND. Chorleywood College, for girls with little or no sight. London, 1971.

63. ROYAL NATIONAL INSTITUTE FOR THE BLIND. Condover Hall School, for blind children with additional handicaps. London, 1971.

64. ROYAL NATIONAL INSTITUTE FOR THE BLIND. Education of blind children. London, 1968.

65. ROYAL NATIONAL INSTITUTE FOR THE BLIND. Hethersett, centre for blind adolescents. London, 1965.

66. ROYAL NATIONAL INSTITUTE FOR THE BLIND. How the newly blind may be helped. London, 1971.

67. ROYAL NATIONAL INSTITUTE FOR THE BLIND. National Mobility Centre. London, 1969.

68. ROYAL NATIONAL INSTITUTE FOR THE BLIND. The Parents' Unit. London, 1966.

69. ROYAL NATIONAL INSTITUTE FOR THE BLIND. Report of the Executive Council for the year ended 31st March 1971. London, 1971.

70. ROYAL NATIONAL INSTITUTE FOR THE BLIND. Rushton Hall, Junior School for blind children with additional handicaps. London, 1970.

71. ROYAL NATIONAL INSTITUTE FOR THE BLIND. School of Physiotherapy. London, 1971.

72. ROYAL NATIONAL INSTITUTE FOR THE BLIND. Sunshine Homes. London, 1969.

73. ROYAL NATIONAL INSTITUTE FOR THE BLIND. Worcester College for the Blind. London, 1971.

74. RUYGH, A. Over het psychologisch onderzoek van zeer jeugdigen met ernstige handicaps op het gebied van de geestelijke en emotionele ontwikkeling. Tijdschrift voor Orthopedagogiek 9(4), 1970: 125-130.

75. SKOOL VIR BLINDES, WORCESTER. Verslag 1964. Worcester, 1964.

76. SKOOL VIR BLINDES, WORCESTER. Verslag 1965. Worcester, 1965.

77. SKOOL VIR BLINDES, WORCESTER. Verslag 1966. Worcester, 1966.

78. SKOOL VIR BLINDES, WORCESTER. Verslag 1967. Worcester, 1967.

79. SKOOL VIR BLINDES, WORCESTER. Verslag 1968. Worcester, 1968.

80. SKOOL VIR BLINDES, WORCESTER. Verslag 1969. Worcester, 1969.

81. SKOOL VIR BLINDES, WORCESTER. Verslag 1970. Worcester, 1970.

82. SKOOL VIR BLINDES, WORCESTER. Verslag 1971. Worcester, 1971.

83. SKOOL VIR BLINDES, WORCESTER. Skool vir Blindes. Worcester, (1970). (Brosjure.)

84. SKOOL VIR BLINDES, WORCESTER. Die Skool vir Blindes. Rehabilitasie in Suid-Afrika 12(1), Mei 1968: 41-46.

85. SKOOL VIR BLINDES, WORCESTER. Studiereis van die skool= hoof. Worcester, 1968.

86. SKOOL VIR BLINDES, WORCESTER. Werkwinkel en Tehuise vir Blindes. Rehabilitasie in Suid-Afrika 12(1), Mei 1968: 16-19.

87. SMITH, F.B. Die ondergemiddelde leerling: 'n agtergrond= beskrywing op standerd 6-vlak. Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1971.

88. SONNEKUS, M.C.H. Die leerwêreld van die kind as belewenisswêreld. Stellenbosch, Universiteitsuitgewers, 1968.

89. SONNEKUS, M.C.H. 'n Pedodiagnostiese studie van die ge= stremde kind, met besondere verwysing na sy sintuig= like, motoriese, perseptuele en konseptuele oriëntering. Referaat gelewer by Nasionale konferensie oor die gestremde kind, Pretoria, Universiteit van Pretoria, 27-31 Maart 1967, pp. 129-145.

90. STANDER, G. en SONNEKUS, M.C.H. Inleiding tot die orto= pedagogiek. Stellenbosch, Universiteitsuitgewers, 1967.

91. STANDER, J. The rehabilitation of newly blinded adults. Rehabilitasie in Suid-Afrika 12(1), Mei 1968: 7-11.

92. STEENKAMP, C.J. en VAN RENSBURG, F.A. Vooruitskattings van die bevolking van onderwysinrigtings in Suid-Afrika. Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1972.

93. STRASSER, S. Opvoedingswetenschap en opvoedingswijsheid. 's Hertogenbosch, L.C.G. Malmberg, 1965.

94. STRYDOM, A.E., ENGELBRECHT, S.W.H. en BIEBUYCK, L.J.T. Skoolgaande jeug en vakansietye. Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1972.

95. SUID-AFRIKAANSE BLINDEWERKERSORGANISASIE. 25ste Jubileum=gedenkboek. Johannesburg, 1971.

96. SUID-AFRIKAANSE NASIONALE RAAD VIR BLINDES. 20ste Twee=jaarlikse Verslag, 1968-1970. Pretoria, 1970.

97. SUID-AFRIKA (Republiek). Buitengewone Staatskoerant van die Republiek van Suid-Afrika, 31 Maart 1967. Pretoria, Staatsdrukker, 1967. (Vol. 23, no. 1705.)

98. SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Nasionale Opvoeding. Memorandum insake die aanbevelings van die Komitee van Ondersoek na die Uitbreiding van Onderwysgeriewe vir Blanke Blindes. Pretoria, 1973.

99a. SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Nasionale Opvoeding. Differensiasie. Pretoria (1972). (Studiestuk.)

99b. SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Nasionale Opvoeding. Handleiding aan skole insake gedifferen=sieerde onderwys. Pretoria (1973).

100. SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Nasionale Opvoeding. Omsendbrief SO 1 van 31 Desember 1970. Pretoria, 1970.

101. SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Nasionale Opvoeding. Sielkundige en Voorligtingsdiens. Pretoria (1972). (Studiestuk.)

102. SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Nasionale Op=voeding. Verslag van die komitee van ondersoek na die uitbreiding van onderwysgeriewe vir Blanke blindes in Suid-Afrika en Suidwes-Afrika. Pretoria, 1970.

103. SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap. Die verslag van die komitee oor onderwysgeriewe aan swaksigtige leerlinge. Pretoria, 1958.

104. SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Statistiek. Suid-Afrikaanse Statistieke. Jaarboek. Pretoria, Staatsdrukker, 1972.

105. SUID-AFRIKA (Republiek). Staatskoerant van die Republiek van Suid-Afrika, 12 November 1971. Pretoria, Staats=drukker, 1971. (Vol. 77, no. 3306.)

106. TRANSORANJE-INSTITUUT VIR BUITENGEWONE ONDERWYS. Trans=oranje-Instituut, 25 Jaar oud. Pretoria, 1972. (Brosjure.)

107. UNIVERSITEIT VAN PRETORIA. Fakulteit Opvoedkunde. Jaarboek 1973 (Deel 9). Pretoria, 1973.

108. UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH. Jaarboek 1972. Stellen=bosch, 1972.

109. UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA. Jaarboek 1972. Pretoria, 1972.

110. VAN DER BURGH, C. White blind persons in the Transvaal. Pretoria, Human Sciences Research Council, 1973.

111. VAN DER HOVEN, P.S.N. Die kind in die koshuis. Referaat gelewer by tweede konferensie oor die onderwys van blindes en swaksiendes, Worcester, Skool vir Blindes, 12-15 April 1966, pp. 52-59.

112. VAN DER ZWAN, J.L. De school voor het blinde kind. In: BARTIMÉUS INSTITUUT VOOR BLINDE EN SLECHTZIENDE KINDEREN. Tussen licht en donker. Laren, Blitz, 1964, pp. 18-33.

113. VAN GELDER, L. Ontsporing en correctie. Groningen, J.B. Wolters, 1959.

114. VAN GELDER, L. Een oriëntatie in de orthopedagogiek. Groningen, J.B. Wolters, 1962.

115. VAN PRAAG, H. De kunst van het opvoeden. Hilversum, W. de Haan, 1967.

116. VAN RIJNBACH, H. Bewegingsonderwijs. In: BARTIMÉUS INSTITUUT VOOR BLINDE EN SLECHTZIENDE KINDEREN. Tussen licht en donker. Laren, Blitz, 1964, pp. 41-43.

117. VAN'T HOOFT, F. Het blinde en slechtziende kind, gezien door de zenuwarts. In: BARTIMEUS INSTITUUT VOOR BLINDE EN SLECHTZIENDE KINDEREN. Tussen licht en donker. Laren, Blitz, 1964, pp. 18–33.

118. VAN WEELDEN, J. Blinde kinderen. Groningen, J.B. Wolters, 1961.

119. VAN WEELDEN, J. Over de opvoeding van het blinde kind. Groningen, J.B. Wolters, 1962.

120. VAUGHAN, V.H. Die grensgeval: braille of swartdruk. Referaat gelewer by tweede konferensie oor die onderwys van blindes en swaksiendes, Worcester, Skool vir Blindes, 12–15 April 1966, pp. 104–119.

121. VAUGHAN, V.H. Die onderwys van swaksiendes. Referaat gelewer by konferensie van onderwysers vir skole vir blindes en swaksiendes, Worcester, Skool vir Blindes, 1964, pp. 64–70.

122. VAUGHAN, V.H. Perseptuering en konseptuering by swaksiende kinders. Referaat gelewer by derde konferensie oor die onderwys van blindes en swaksiendes, Pretoria, Prinshof= skool, 23–26 Junie 1969, pp. 11–18.

123. VAUGHAN, V.H. Die struktuur van buitengewone onderwys in Suid-Afrika. Referaat gelewer by Nasionale konferensie oor die gestremde kind, Pretoria, Universiteit van Pretoria, 27–31 Maart 1967, pp. 245–251.

124. VILJOEN, T.A. Koëdukasie. Pretoria, Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing, 1968.

125. VISSER, P.S. 'n Studie van die voorligtingstelsels van die onderwysdepartemente in die Republiek van Suid-Afrika en in Suidwes-Afrika. Pretoria, Raad vir Geestes= wetenskaplike Navorsing, 1970.

126. VLIEGENTHART, W.E. Algemene Orthopedagogiek. Groningen, Wolters-Noordhoff, 1970.

127. VLIETSTRA, N.Y. Onderwysvoorsiening vir die gestremde kind in Nederland. Referaat gelewer by Nasionale konferensie oor die gestremde kind, Pretoria, Uni= versiteit van Pretoria, 27–31 Maart 1967, pp. 115–119.

128. WATERHOUSE, E.J. Report of conference chairman. In: INTERNATIONAL COUNCIL OF EDUCATORS OF BLIND YOUTH, Fourth quinquennial conference, Watertown, Perkins School for the Blind, August 20-27, 1967, pp. 5-14.

129. WEGBROD, O. Schule Borgweg, Blinden- und Sehbehinderten=schule. Hamburg (1971). (Studiestuk.)

130. WILLIAMS, M. The changing concept of intelligence and intelligence testing and the development of the Williams Intelligence Test for visually handicapped children. In: INTERNATIONAL COUNCIL OF EDUCATORS OF BLIND YOUTH, Fourth quinquennial conference, Watertown, Perkins School for the Blind, August 20-27, 1967, pp. 39-44.

131. WITWATERSRANDSE KOLLEGE VIR GEVORDERDE TEGNIESE ONDERWYS. Nasionale Sertifikaat in Kinderversorging aan Inrigtings. Johannesburg, 1973. (Inligtingstuk.)

RGN-PUBLIKASIES SEDERT 1 JANUARIE 1974

## HSRC PUBLICATIONS SINCE 1 JANUARY 1974

'n Volledige lys van RGN-publikasies is op aanvraag verkrygbaar. Eksemplare van publikasies wat uit druk is, kan deur biblioteek=dienste verkry word.

A complete list of HSRC publications is available on request. Copies of publications which are out of print can be obtained through library services.

GESKIEDENIS/HISTORY

Genealogy Publication No. 2/Hiller, V.W./The descendants of Richard and Maria Peacock 1820 Settlers/1974/R3,15

Source Publication No. 2/Brits, J.P./Diary of a National Scout P.J. du Toit 1900-1902/1974/R5,30

INLIGTING/INFORMATION

IN-20/Coetzee, C.J.S. en Caroline Geggus/Tersiêre opleiding buite die universiteit en beroepsgeleenthede/RGN Voorlig=tingsreeks VR-4/1973/R4,35
IN-20/Coetzee, C.J.S. and Caroline Geggus/Tertiary training outside universities and career opportunities/HSRC Guidance Series GS-4/1973/R4,35

IN-21/Geggus, C./Toekennings beskikbaar vir nagraadse studie in die Republiek van Suid-Afrika en in die buiteland 1974/RGN Voorligtingsreeks VR-8/R4,80
IN-21/Geggus, C./Awards available for post-graduate study in the Republic of South Africa and overseas 1974/HSRC Guidance Series GS-8/R4,80

IN-22/Coetzee, C.J.S. en Geggus, C./Opleiding en beroeps=geleenthede vir skoolverlaters voor standerd tien/1974/RGN Voorligtingsreeks VR-3/R1,40
IN-22/Coetzee, C.J.S. en Geggus, C./Training and career opportunities for school-leavers before Standard Ten/1974/HSRC Guidance Series GS-3/R1,40

MANNEKRAG/MANPOWER

MM-50/Meij, L.R. en Strauss, F./Die akkulturasie van die Zoeloe-ondernemer in Kwa-Zulu/1974/R1,85

MM-51/Pelser, J.J./Die invloed van die heersende kulturele milieu op die ontwikkeling van entrepreneurskap onder die Tswana in die distrikte Bafokeng en Mankwe/1974/R2,55

MT-20/Roos, W.L./Projek Talentopname: Navorsingsbevindinge - 1973/1974/R0,65
MT-20/Roos, W.L./Project Talent Survey: Research Findings - 1973/1974/R0,80

MT-21/Smith, F.B./Leerlinge met fisieke gebreke en kwale/ 1974/R1,50

MT-22/Marais, F.A.J./Leerlinge met hartprobleme: 'n Psigo= logies-pedagogiese ondersoek/1974/R1,90

NAVORSINGSONTWIKKELING/RESEARCH DEVELOPMENT

Navorsingsbulletin/Verskyn tien keer per jaar
Research Bulletin/Ten issues per annum

Kwic-index van Navorsingsbulletins, Volumes 1 - 2/1971 - 1972
Kwic-index of Research Bulletins, Volumes 1 - 2/1971 - 1972

RSA 2000 Gesprek met die toekoms/Verskyn twee keer per jaar
RSA 2000 Dialogue with the future/Two issues per annum

OPVOEDKUNDE/EDUCATION

O-17/Strydom, A.E./Die doeltreffende beplanning en benut= ting van skoolterreine vir buitemuurse aktiwiteite Deel een/ 1973/R3,25

O-18/Strydom, A.E./Die doeltreffende beplanning en benut= ting van skoolterreine vir buitemuurse aktiwiteite Deel twee/1973/R6,10

SOSIOLOGIE, DEMOGRAFIE, KRIMINOLOGIE/SOCIOLOGY, DEMOGRAPHY, CRIMINOLOGY

S-27/Rip, Colin, M. en Schurink, W.J./Vryetydsaktiwiteite in 'n kleiner gemeenskap wat aan 'n groot stad grens/1974/ R4,05

S-28/Mostert, W.P. and Malherbe, W.S./Fertility and family planning among Indians in Chatsworth, Durban/1974/R2,80

S-30/Strijdom, H.G. en Smith, H.E./Die sorgbehoewende kind - Deel 1: Agtergrond en vorms van benadeling/1974/R1,75

S-32/Lötter, J.M. en Du Plessis, J.L./Aspekte van die sosio-ekonomiese posisie van die Indiërgemeenskap in Transvaal: Statistiese gegewens/1974/R2,15

STATISTIEK/STATISTICS

WS-9/Van Rensburg, F.A.J./Graduation trends for Whites at South African universities 1956-1972, with projections to 1990/1974/R4,60

WS-12/Soskolne, Colin L./A computerised statistical census relating to university education: A group of science and engineering students, University of the Witwatersrand, 1970/1974/R1,45

TAAL, LETTERE EN KUNS/LANGUAGES, LITERATURE AND ARTS

Rosalie Botha/Bronnegids vir Toneel, Ballet, Rolprente en Hoorspele Nuwe Reeks, deel II 1971 - Source guide for Drama, Ballet, Films and Radio Plays New series, volume II 1971/1974/R4,05

Yvonne Huskisson/The Bantu Composers of Southern Africa - Supplement/1974/R3,15

Loïs Albertyn/Bronnegids by die studie van die Afrikaanse Taal en Letterkunde Nuwe Reeks, deel II (1971)/1974/R3,45

Rosalie Botha/Bronnegids vir Toneel, Ballet, Rolprente en Hoorspele Nuwe Reeks, deel III (1972)/1974/R4,70
Source Guide for Drama, Ballet, Films and Radio Plays New series, volume III (1972)/1974/R4,70

PUBLIKASIES WAT DEUR DIE RGN ONDERSTEUN WORD/PUBLICATIONS SUPPORTED BY THE HSRC

Van der Merwe, F.Z./Suid-Afrikaanse Musiekbibliografie/Tafelberg, 1974

Esterhuysen, M./Gedenkpennings ter ere van President S.J.P. Kruger/Koöperasiepers van SA Bpk., 1973

Verhandelinge van die Klassieke Vereniging van Suid-Afrika/ Proceedings of the Classical Association of South Africa/ ACTA CLASSICA/Volume XVI 1973/A.A. Balkema, Kaapstad

Hunt, K.S./Sir Lowry Cole - A study in Colonial Administra= tion/Butterworth & Co. (SA) (Pty.) Ltd., Durban, 1974

Nuwe Testamentiese Werkgemeenskap van Suid-Afrika/Aspekte van die Nuwe Testamentiese Hermeneutiek (Neotestamentica 4 1970)/RGN Publikasiereeksnommer 35/Universiteit van Pre= toria, 1974

Mouton, D.J./The behaviour of the firm and the problem of restrictive trade practices/HSRC Publication Series Number 44/J.L. van Schaik Ltd., Pretoria, 1974

Oosthuizen, G.C./The great debate: Abortion in the S.A. Context/HSRC Publication Series Number 47/Howard Timmins, Cape Town, 1974

Kruger, D.W./Die ander oorlog - Die stryd om die openbare mening in Engeland gedurende die Tweede Vryheidsoorlog/RGN Publikasiereeksnommer 49/Tafelberg-Uitgewers, 1974

Shaw, E.M. and Van Warmelo, N.J./The Material Culture of the Cape Nguni, Technology Part 2/Annals of the South Afri= can Museum, P.O. Box 61, Cape Town, 1974

Copy no. 38449
R G N
BIBLIOTEEK
H S R C
LIBRARY

ISBN 0 86965 245 1